


ESRA VERSLAG

TUISONDERWYS

Lesings gehou tydens Verbondseminaar 2001,
27 Januarie 2001 AD

# Inhoudsopgawe

**REDAKSIEKOLOM** .......... **5**
Termgebruik .......... 6
**'n Verantwoording van Gereformeerde Tuisonderwys** .......... **7**
1. Tuisonderwys moet gedoen word uit geloof .......... 7
2. Tuisonderwys moet tot eer van God gedoen word .......... 7
3. Tuisonderwys moet nuttig wees .......... 7
4. Ouers moet hulle deur niks laat oorheers nie .......... 8
5. Tuisskolers moet nie medebroeders laat struikel deur hulle dade nie .......... 8
6. Tuisonderwys moet die Godgegewe doel van onderwys nastreef .......... 8
7. Ouers is primêr verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders .......... 9
8. Kinders moet toegerus word om in vandag se komplekse samelewing te funksioneer .......... 9
9. Kinders moet opgroei binne 'n verbondsgemeenskap .......... 9
10. Almal is verplig om hulle gawes tot nut en saligheid van ander aan te wend .......... 9
11. God se gawes moet optimaal gebruik word (rentmeesterskap) .......... 9
12. Gemeentelede moet mekaar se laste dra (Gal.6:2) .......... 10
13. Die unieke talente van kinders moet ontwikkel word .......... 10
**’n Verbondsmatige tuisonderwys-opvoedings filosofie** .......... **12**
Inleidend .......... 12
Die aktualiteit van die onderwerp .......... 12
1. DIE HEILIGE SKRIF .......... 13
2. DIE GEREFORMEERDE TRADISIE .......... 18
3. HISTORIES-OPVOEDKUNDIG .......... 26
4. PRAKTIESE SAKE .......... 32
5. SLOT .......... 34
**Die Gesin as Bousteen vir Tuisonderwys** .......... **39**
Inleiding .......... 39
Wat is die tuiste? .......... 39
Wie is in die tuiste? .......... 39
2. Die kinders .......... 42
3. Waarmee is hulle in die tuiste besig? .......... 47
**Slot** .......... **48**
**'n Tuisonderwysvisie vir Gereformeerde Onderwys** .......... **50**
Tuisonderwys vereis dat die gesin verander .......... 50
Tuisonderwys vereis dat die kerk verander .......... 50
Tuisonderwys vereis dat die staat verander .......... 51
Tuisonderwys is van so 'n aard dat dit in staat is om gesin, kerk en staat te verander .......... 52
Die pad vorentoe vir gereformeerde onderwys .......... 53

**Die geskiedenis en regsposisie van tuisonderwys in Suid-Afrika..................... 57**
Inleidend ........................................................................................................ 57
Tuisonderwys in die Boererepublieke ............................................................... 57
Skool- en tuisonderwys in voor-moderne samelewings....................................... 58
Skool- en tuisonderwys onder die modernisme.................................................. 59
Die "de-schooling" -beweging ........................................................................... 60
Die "tuisskool" -beweging.................................................................................. 61
Die regstryd in die VSA..................................................................................... 61
Die derde golf van tuisonderwys - soeke na gehalte .......................................... 62
Ontwikkeling in Suid-Afrika ............................................................................... 63
Slot ................................................................................................................... 64
Bibliografie ........................................................................................................ 65
**Die fondament en pilare van gereformeerde tuisonderwys ............................... 69**
Verskil tussen reformerende tuisonderwys en ander modelle ............................ 69
Voorbereidende Fase ........................................................................................ 69
Die eerste stutpilaar: dissipline ......................................................................... 69
Maaltyd ............................................................................................................. 70
Slaaptyd............................................................................................................. 70
Algemene opdragte ........................................................................................... 70
Die tweede stutpilaar: Huisbestuur.................................................................... 71
Aanpasbaarheid................................................................................................. 71
'n Laaste woord: Wat dan van leerplanne & 'n jaarprogram? ............................. 71
Transparant 1 .................................................................................................... 73
Transparant 2 .................................................................................................... 74
Transparant 3 .................................................................................................... 75
**Niemand word as 'n nommer gebore - Doop en familie - ................................ 76**
**Skoolplig en Huisskole: Enkele Opmerkings ..................................................... 79**
1. Inleiding ......................................................................................................... 79
2. Die dilemma van die moderne openbare skool ............................................... 79
4. Die akademiese onderlegdheid van huisskoolouers........................................ 81
5. 'n Kritiese ontleding van argumente ten gunste van verpligte skoolbywoning............... 82
6. Ouers is primêr verantwoordelik vir hut kinders se opvoeding......................... 87
7. Samevattend.................................................................................................... 87
**'n Beweging van Hoop ....................................................................................... 90**
Inleidend ........................................................................................................... 90
1. Skrif en staat.................................................................................................... 90
2. Skrif en gesin ................................................................................................... 91
3. Skrif en individu ............................................................................................... 92
Die toekoms - daar is hoop! ............................................................................... 93

**Die Jeugkrisis: Siekte of Sonde? - Opvoeding en Jeugbediening - .................. 94**
INLEIDEND ........................................................................................................ 94
1. Die koms van die 'generasiegaping' ................................................................ 94
2. Die generasiegaping in die kerk ........................................................................ 95
3. Waar lê die probleem? ........................................................................................ 96
4. Hoe om die verlore grond te herwin ................................................................ 97
5. Praktiese voorstelle ............................................................................................ 99
6. Slot ...................................................................................................................... 100
**ESRA BOEKE ....................................................................................................... 102**
1. TUISONDERWYS BRONNE ............................................................................ 102
2. BOEKBESPREKINGS ........................................................................................ 102
3. ANDER OPVOEDKUNDIGE EN ONDERWYSBOEKE OM TE LEES ........................ 118

# REDAKSIEKOLOM

Hierdie uitgawe handel om 'n spesifieke tema, nl. tuisonderwys. In die Skrif word verbondsouers opgeroep om hul kinders in die vrese van die HERE op te voed vir die hele lewe (Deut.6:4-9; Ps.78:1-10; Ef.6:1-4; 2 Tim.3:15-17; ens.), soos dit ook in sy grondslag gevra en bely word in die gereformeerde doopsformulier: *"Belowe u en neem u u voor om hierdie kind, van wie u die vader en moeder is, wanneer hy/sy dit kan verstaan, in die genoemde leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?"* Dit geld nie net vir die opvoeding in die algemeen nie, maar ook vir die spesifieke onderwys wat vandag meestal geskied deur middel van die skoolonderwys, nl. die staatskoolmodel of die privaatskoolmodel. In die verlede en ook in die hede is daar al baie vanuit christelike perspektief aandag geskenk aan die twee laasgenoemde onderwysmodelle, sodat die christenouer en christenonderwyser, volkome toegerus kan word om in teorie en praktyk hul roeping te vervul in hierdie onderwysmodelle.

Die laaste paar dekades is daar egter ook wêreldwyd 'n groeiende belangstelling en terugkeer na die tuisskoolmodel oftewel *tuisonderwys.* In hierdie onderwysmodel, is die ouer nie alleen die primêr verantwoordelike persoon van die kind se onderwys nie, maar is die ouer ook die primêre onderwyser van die kind wat die doel, inhoud en gees van die kind se onderwys bepaal. In die VSA word daar geskat dat daar naby die twee miljoen kinders, en in SA oor die tienduisend kinders, reeds tuisonderwys ondergaan. Tuisonderwys word nie net as 'n opvoedende onderwys oplossing gesien nie, maar ook as een van die primêre instrumente in die herstel van die gesinslewe, wat die basiese bousteen vorm van beide kerk en staat. Daarom, soos in alle onderwysmodelle, as die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daarin bou (Ps. 127:1).


Aangesien daar egter baie onkunde en onsekerheid heers oor tuisonderwys, het die *Instituut vir Christus en Kultuurstudies* besluit om *Verbondseminaar 2001* te wy aan hierdie tema. Ons hoop dat die lesings -en die ander artikels- wat in hierdie tema-uitgawe van die *Esra Verslag* verskyn, vir u as ouer, grootouer, onderwyser, opvoedkundige, belangstellende, ens., van veel nut sal wees. Mag ons almal daardeur verryk word om in gehoorsame liefde ons doopbeloftes na te kom, vir die groei van Christus se Kerk en die uitbreiding van Sy Koninkryk op elke terrein van lewe en denke, sodat aan Hom al die lof en die eer sal gaan.

Verbondsgroete

Slabbert Le Cornu

## Termgebruik

Ter wille van gesprek, word hierdie skematiese uiteensetting gegee. Dit is dus voorlopig en veranderbaar. Met 'opvoeding' word die hele leerproses van die kind, formeel en informeel, vanaf geboorte. Die doel van gereformeerde opvoeding is om God reg te leer ken en te dien volgens sy Woord in die hele lewe. Die taak van opvoeding is opgedra aan die kerk en gesin. Die kerk moet deur die kategese die gelowiges opvoed in die leer van die Skrif (Matt.28:18-20), en deur die kerkrade 'toesien dat die ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied' (Dordtse kerkorde, art.21).




Die' skoolonderrig', d.w.s. die onderwys is die ouers se primêre verantwoordelikheid en taak, wat op verskillende maniere (onderwysmodelle) uitgevoer moet word. Met 'onderwys' word daarom bedoel die formele doelbewuste, beplande, wetenskaplike bestudering en toepassing van opvoeding. Daar kan nie 'n klinkklare onderskeid gemaak word tussen opvoeding en onderwys nie, want alle onderwys is ook opvoeding, maar alle opvoeding is nie noodwendig onderwys nie. Vanselfsprekend is dit dan ook dat daar geen teenstelling gemaak behoort te word tussen opvoeding en onderwys nie. Alle ouers is verantwoordelik vir opvoeding (huisonderrig) van hul kinders in die vrese van die Here, maar het 'n keuse tussen tuisonderwys en skoolonderwys, in die vervulling van die formele onderwys. ' Skoolonderwys' is waar die kind onderwys ontvang by 'n staat-of privaatskool. 'Tuisonderwys' is die onderwys van die kind binne gesins- en familieverband, by die huis. Die term 'onderrig' dui op die handeling wat plaasvind in enige leerproses. 'Tuisskool' dui op die plek van onderrig of onderwys. Soos reeds genoem, is hierdie 'n eie uiteensetting, gebaseer op hoe die verskillende opvoedkundige en onderwysterme oor die algemeen gebruik word. In die lesings wat hierna volg, word hierdie uiteensetting nie slaafs nagevolg nie, en moet die lesers elke artikel se gebruik van die terme lees binne die konteks en raamwerk waarin elke spreker dit gebruik.

# 'n Verantwoording van Gereformeerde Tuisonderwys

*- uitgaande van lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke, te Pretoria -*

## 1. Tuisonderwys moet gedoen word uit geloof

*"De ouder staan in het gezin als dienstknechten van de Heilige Geest, als instrumenten om de kinderen christelik en godzalig op te voeden. Zij hebben hun ambt ontvangen om de kinderen te leiden tot het Christen zijn in zijn volle omvang tot het godsvrucht in heel hun leven. Hun ambt is dus: De kinderen tot hun ambtsdienst te bekwamen."* (Prof. B. Holwerda, *De Betekenis van Verbond en Kerk voor Huwelijk, Gezin en Jeugd,* Osterbaan&LeCointre, 1958)

## 2. Tuisonderwys moet tot eer van God gedoen word

Tuisskool kan tot eer van God gedoen word, mits dit gedoen word uit geloof, vir die doel wat God daarvoor beskik het en volgens die norme van God. Tuisskool kan gedoen word uit geloof, sien punt 1. Tuisskool moet gedoen word tot die doel wat God vir opvoeding beskik het, sien punt 6.

Tuisonderwys moet gedoen word volgens die norme van God

- Daar is min twyfel oor die skriftuurlike legitimiteit van die huis as plek van onderwysaanbieding. Immers ontvang die ouers hulle kinders tuis. Die mees belangrike jare van onderwys (nl. die ouderdom 1 - 7), vind tuis plaas. Die sg. "tuisskoling" is slegs 'n voortsetting van die onderwysproses wat reeds vanaf geboorte plaasvind.
- Die huis, as gesins-konteks, is die God-gegewe struktuur waarin tuisonderwys plaasvind. Vir die gesin het God duidelike organisatoriese en gesagsnorme neergelê. (Vgl. o.a., Ex.20:12, Ef.6:l-4, 1 Tim.3:4) As skeppingsordening is die gesin op haar minste die oord van ek-ontdekking en die ons-ontdekking; van die individualisering en die sosialisering. Die gesin is dus by uitstek die struktuur waarin 'n gesinslid alle ander samelewingsverbande op mikrovlak ontmoet en leer ken.
- In die onderwys heers drie verskillende visies, nl. die leerlinggerigte, die samelewingsgerigte en die vakinhoudelikgerigte visie. Binne gereformeerde verband word 'n geïntegreerde onderwysvisie voor oë gehou, wat bekend staan as "Taakgerigte onderwys". Hierby speel vier dimensies 'n belangrike rol nl. 1) Die vertikale dimensie, 2) die persoonlike dimensie, 3) die sosiale dimensie en 4) die kulturele dimensie.
- As 'n gesin wil kwalifiseer as gereformeerd, behoort so 'n gesin te staan onder opsig en tug van die kerk, waarin die vertikale dimensie binne die tuisskool sy regmatige toetssteen verkry.
- Wat betref die persoonlike dimensie, behoort dit tot die ouer se ampsopdrag om toe te sien dat elke kind op juiste manier omgaan met ontvange moontlikhede en kapasiteite. Die ouer as primer verantwoordelike en eind-verantwoordelike, wat deur die reg daartoe aangespoor word, gaan beslis op baie intieme wyse om, met die eie individualiteit van elk van die kinders.
- In die wese van die gesinstruktuur lê vanweë die verbondsmatige karakter daarvan, reeds opgesluit dat die sosiale dimensie tot ontplooiing kan kom.
- Tuisskool voldoen ook aan die kulturele dimensie vanweë die onderwyskundige aspek, wat die "sekondêre" vlak van onderwys inkorporeer by die primêre vlak van onderwys.

## 3. Tuisonderwys moet nuttig wees

Ons verstaan 1 Kor.6:12a, soos Calvyn dit uitlê, naamlik dat die Korintiërs die Christelike vryheid as 'n ydele voorwendsel gebruik het om hulle vorige losbandigheid te behou. En nou is Paulus besig om God se grenslose vryheid te besing wat ons oproep tot matigheid. Dade

wat uit gehoorsaamheid aan God gedoen word, word deur God geseën. Tuisonderwys het te doen met die kontinuering en verbreding van die reeds begonne opvoedingstaak, en is dus juis deel van God se opdrag tot Godsalige opvoeding. God bring egter self sy heil tot die gesin uit genade - 'n genade wat mense nie kan bestuur nie.

*Hoe groot is, Heer, u seënstrome*
*vir wie opreg van gees*
*wil wandel in u vrees!*
*Hoe groot die vreugde van die vrome,*
*as almal klaar bemerk het*
*die heil wat U bewerk het. - Ps. 31: 15 (berymd)*

### 4. Ouers moet hulle deur niks laat oorheers nie

Hierdie oorweging verwys nie na heersing oor mense nie, maar heersing oor dinge. (Vgl. Calvyn se kommentaar op 1 Kor.6:12b). Aangesien die ouers die primêre verantwoordelikheid het vir die onderwys van hulle kinders, is dit ook hulle verantwoordelikheid om in gehoorsaamheid aan God se onfeilbare woord die plek, die middele en die inhoud van die onderwys te bepaal. Die gegewens waarvolgens ouers hierdie besluite kan neem, is alleen die heilige woord van God. Dit sluit 'n sug na prestasie, ongekwalifiseerde hoe" kwaliteit, gemaksug, tradisionalisme, portuurdruk of losbandigheid ens., uit.

### 5. Tuisskolers moet nie medebroeders laat struikel deur hulle dade nie

Tuisonderwys is nie die gemaklikste keuse nie. Tuisonderwys as sodanig kan nie lei tot sonde nie. Indien daar onrus in die kerke is rondom die onderwerp, behoort die wat verontrus is, ingelig te word. (Calvyn se kommentaar op 1 Kor.8:13). Tuisskool is tot stigting van die naaste en dien die naaste op verskeie maniere, soos bv.:

a) Tuisonderwys wil ouers meer tyd laat bestee aan die opvoeding van hulle kinders. Ouers word meer intens betrek by die opvoedingstaak en die ontwikkeling van die kind. Dit werk mee aan en stel 'n voorbeeld van 'n godsalige gesinslewe, waarin onbaatsugtig diens as Christelike deug by ouers na vore tree.

b) Tuisonderwys bied pragtige geleentheid om te getuig van die heil in Christus en die kragtige werk van die Heilige Gees. Immers is tuisonderwys uit eie vermoë nie moontlik nie.

c) In 'n tyd van gesinsverbrokkeling en fragmentarisering van die *lewe,* toon tuisonderwys die konkrete moontlikheid en haalbaarheid van die gesinslewe. Man, vrou en kinders leef gesinsgeoriënteerd, i.p.v. werk - en -ontspanningsgeoriënteerd.

d) Tuisonderwys, werk mee aan 'n gesonde samelewing, vanweë die bevordering van onderlinge gesinsbetrokkenheid. Die gesin is immers die hoeksteen van 'n gesonde samelewing.

e) Tuisonderwys kweek by ouers nugterheid oor hul opvoedingstaak. Onderwyskundige opvoeding is nie kinderspeletjies nie. Dit spoor aan tot dankbaarheid, waar ouers wel kan tuisskool, asook vir die beskikbaarheid van die gereformeerde laerskool, waar ouers nie kan tuisskool nie.

### 6. Tuisonderwys moet die Godgegewe doel van onderwys nastreef

Die doel van gereformeerde onderwys is om die verbondskind toe te rus "sodat hy God, sy Skepper, reg kan ken, Hom van harte kan liefhê en saam met Hom in ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te prys" (HK, So.3,vr&a 6). Dit word in die tuisskool bereik deur gehoorsaam te wees aan die vele riglyne wat God oor die opvoeding in Sy woord aan ons gee.

## 7. Ouers is primêr verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders

Primêre verantwoordelikheid plaas ouers in die vernaamste posisie met betrekking tot die opvoeding van hulle kinders. Hierdie verantwoordelikheid laat ouers let op die individuele behoeftes van elke kind wat betref die plek, die middele en inhoud van die opvoeding. Tuisskolers sal dan ook die mees geskikte middele en inhoud kies vir elke kind se opvoeding. Verder kan die eenheid tussen godsdienstige en formele vorming in die tuisskool besonder goed tot sy reg kom.

## 8. Kinders moet toegerus word om in vandag se komplekse samelewing te funksioneer

Kinders wat onderrig is volgens die riglyne van Ps.78, is in staat om in moeilike omstandighede te funksioneer, omdat hulle hul vertroue op God stel. Tuisonderwys het in die geskiedenis voorgekom in komplekser sowel as eenvoudiger samelewings. Ook die praktyk in lande soos die VSA het bewys dat kinders wat tuisonderwys ontvang het, baie goed funksioneer op universiteite en in die werksomgewing. Die huisomgewing is juis 'n goeie omgewing om voor te berei vir die komplekse samelewing, omdat 'n gesinslid alle ander samelewingsverbande hier op mikro-vlak ontmoet en leer ken. 'n Tuisskool funksioneer te midde van die werklike komplekse lewe met werklike omstandighede waarmee die kind gekonfronteer en opgevoed word. In die verband is dit ook opmerklik dat daar in Noord Amerika en Europa groot bedrae bestee word aan projekte waarin die sosiale profiel van tuisleerders gesimuleer word.

## 9. Kinders moet opgroei binne 'n verbondsgemeenskap

God gee die verantwoordelikheid van onderrig aan die ouers by die doopvont. Die hoof van die gesin en sy hulp maak beide die doopbelofte voor die hele gemeente. Die gemeente het daarom die taak om toe te sien dat die ouers hierdie belofte nakom, en hulle te vermaan indien hulle hierdie taak nie nakom nie. Gesinne binne die verbond moet hulle onderwerp aan hierdie onderlinge toesig. Tuisskoolouers moet daarom bereid wees om hulle te verantwoord teenoor die gemeente oor hoe hulle besig is om hulle doopbelofte na te kom. Die gemeente moet ook ouers met raad en daad bystaan met die opvoeding van hulle kinders. Kinders moet ook in staat wees om sosiaal goed te kan funksioneer binne die verbondsgemeenskap. Empiriese navorsing oor die sosialisering van tuisleerders het getoon dat hierdie kinders ten minste dieselfde vaardighede ontwikkel as kinders in skole. Dit wil voorkom asof tuisleerders beduidend meer sosiaal buigsaam en sosiaal volwasse is as geïnstitusionaliseerde leerders. Ook in die verband voldoen tuisonderwys daarom aan die vereistes vir gereformeerde onderrig.

## 10. Almal is verplig om hulle gawes tot nut en saligheid van ander aan te wend (HKV&A55)

Die tuisonderwysmodel wil alle ouers se gawes ontgin tot nut en saligheid van die verbondskinders. Tuisskolers organiseer ondersteuningsgroepe, waar ouers hulle gawes met mekaar deel. Daarom behoort ondersteuningsgroepe binne gemeenteverband te funksioneer. Dit is juis die komplekse samelewing wat tuisskool moontlik maak en dit aanmoedig. (Gelet op die beskikbaarheid van geletterde ouers, inligting, tyd, vervoer, elektriese hulpmiddele ens.)

## 11. God se gawes moet optimaal gebruik word (rentmeesterskap)

In die verlede is gevind dat skoolonderwys in die meeste gevalle neerkom op die mees optimale aanwending van God se gawes. In vandag se situasie (met baie tegniese hulpmiddels en ouers wat 'n goeie opvoeding ontvang het) is tuisonderwys dikwels die *mees optimale keuse. Ervaring het getoon dat die tuisonderwys teen baie lae kostes* baie goeie akademiese resultate lewer. Tuisonderwys is ook 'n baie leersame ervaring vir die ouers wat dit uitvoer, en dra by tot 'n baie ryk gesinslewe. Hierdie feite in ag genome, voldoen tuisonderwys aan die norm van goeie rentmeesterskap. Ouers wat tuisonderwys voorstaan is baie dankbaar vir die gereformeerde skool. So 'n gawe mag nie sonder dringende redes

genegeer word nie. Die tuisonderwysmodel vertrek vanuit die beskikbaarheid van die gesin as gawe, met die oog op opvoeding. Hierdie gawe mag ook nie sonder dringende redes genegeer word nie. Dit sal baie jammer wees indien ouers wat die gawe van 'n gesin ontvang het, dit nie mag gebruik om hulle kinders tuis te onderwys nie. Ouers van skoolonderwys het (in die verlede en hede) die vryheid en die erkenning van hulle gesag om te besluit oor die onderrig van hulle kinders. Netso het ouers van die tuisonderwysmodel die vryheid en die gesag om te besluit oor die onderrig van hulle kinders. Daarom hoef daar geen redes te wees waarom 'n kind nie aanmeld by die gereformeerde skool nie, maar daar moet ook goeie redes gegee word waarom 'n kind se onderwys tuis gestaak word.

### 12. Gemeentelede moet mekaar se laste dra (Gal.6:2)

Hierdie hulp kan verskeie vorms aanneem. Ouers kan mekaar help om beter rentmeesters te wees. Ouers kan mekaar met raad en daad bystaan oor praktiese onderwysaangeleenthede. Verder kan middele en kennis met mekaar gedeel word. Die kind kan by bogenoemde betrek word deur formele onderrig asook deur oefening in die deel van *gawes.*

### 13. Die unieke talente van kinders moet ontwikkel word

'n Oorvloed van empiriese navorsing toon duidelik aan dat tuisskool in hierdie opsig volledig reg laat geskied aan die gestelde eis, omdat ouers die kurrikulums kan kies en aanpas om aan die unieke behoeftes van elke kind te voldoen en die onderrig teen 'n pas aan te bied in ooreenstemming met die vermoëns van elke individuele kind.

**Opgestel deur:** ds. Johan Bosman, dr. Michiel Durand, Mnr. Slabbert le Cornu, Mnr. Bouwe van der Eems, Pr. Ing.

Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug. My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie; want dit is 'n lieflike krans vir jou hoof en sierlike kettings vir jou hals. - Spr. 1:7-9

**Slabbert Le Cornu,** is 'n onderwyser en die direkteur van die *Instituut vir Christus en Kultuur Studies* (ICKS). Hy is getroud met Dorothea en hulle het twee kindere.

# ’n Verbondsmatige tuisonderwys-opvoedings filosofie1

*S Le Cornu*

## Inleidend

Die gelowige ouers wat die doopbelofte afgelê het, en die primêre opvoeders is, het basies twee keuses om hul verbondskinders verder te onderwys:[2]

- skoolonderwys: die staatskoolmodel of die privaatskoolmodel, en

- tuisonderwys: die tuisskoolmodel

Die onderwerp vandag, is die tuisskool, en dan meer spesifiek *gereformeerde* tuisonderwys. Die metodiek wat gevolg word in hierdie lesing, is vanuit die konkrete keuse vir gereformeerde tuisonderwys en ’n verantwoording daarvan. Die doel is om dit in ’n algemene opvoedende onderwys filosofie raamwerk uiteen te sit, om te sien waar kan tuisonderwys inpas by gereformeerde denke oor opvoeding en onderwys. Die besinning oor gereformeerde tuisonderwys, sal op die volgende vier vlakke plaasvind:

1. Die Heilige Skrif
2. Die Gereformeerde tradisie
3. Histories-Opvoedkundig
4. Praktiese sake

## Die aktualiteit van die onderwerp

Ons vind dat op opvoedende-onderwys gebied, die tuisskool opsie weer sterk na vore getree het, en dit veral in die laaste paar dekades van die twintigste eeu. In lande soos die V.S.A., Kanada en Australië, is daar alreeds derduisende gesinne besig daarmee, terwyl daar in Suid-Afrika, ongeveer 6000 tot 10 000 mense is wat tuisonderrig gee.[3] Tuisonderwys behels heel eenvoudig dat ouers hul kinders self onderrig in die vakke wat gewoonlik by ’n skool gedoen word. Vir baie is dit of ’n heel nuwe verskynsel, en vir ander dalk ’n heel vreemde verskynsel, aangesien daar groot geword is met die idee dat die onderwys ’n taak is wat alleen deur ’n skool verrig kan word Onder die baie reaksies teen tuisonderwys, wil ek net die twee mees moontlike reaksies noem, veral soos dit kan voorkom in gereformeerde geselskap:

a) *Praktiese afkeuring,* dat tuisskole vir praktiese redes ’nie kan werk nie,' bv., a.g.v. gebrek aan tyd, kundigheid, standaarde, dat die kind dan nie genoeg 'sosialiseer' nie, ens.

b) *Prinsipiële afkeuring,* wat beweer dat tuisskole skuldig is aan 'onverbondsmatigheid', 'individualisme,' 'sektarisme,' 'anabaptisties', ens.

Tuisskolers glo natuurlik dat geen onderwysmodel absoluut en volmaak is nie, en daarom is dit nodig om mekaar te wys op die voor- en nadele van enige onderwysmodel. Die praktiese aspekte soos: gebrek aan tyd, kundigheid, standaarde, sosialisasie, ens., is egter nie net ’n moontlike tuisonderwys problematiek alleen nie, maar dit kan netso maklik -indien nie meer- ook ’n probleem wees van skoolonderwys. Dit is egter die tweede anti-tuisonderwys siening, nl. die prinsipiële afkeuring wat oproep tot ’n diepgaande besinning en verantwoording. Die prinsipiële afkeuring kan daartoe lei dat mense mislei word om te dink dat tuisonderwys in beginsel verkeerd is, en nie gereformeerd verantwoordbaar is nie. Ek wil graag hierdie moontlike misleiding teengaan, deur dit te stel dat in beginsel - skriftuurlik en konfessioneel gesien- dat gereformeerde tuisonderwys, soos gereformeerde skoolonderwys, ook ’n legitieme

[1] Hierdie verantwoording, is ’n uitbreiding en afgeronde verwerking van artikels wat reeds in die *Esra Verslag* verskyn het, aangaande hierdie onderwerp.

[2] Vir die gebruik van verskillende terme, sien p.6 hierbo.

[3] *Die Olielamp: Nasionale Jeugblad van die Vrye Geref. Kerke in S.A.,* Januarie 1999. Bylae tot die *Sake-Beeld* [Jou Geldsake, 25-02-1999], word vermeld dat daar ongeveer 250 privaatskole, en 2000 tuisskole is, wat *geregistreerd* is.

prinsipiële en opvoedkundige keuse vir ouers is om na te volg.

Let wel: hier word nie primêr gepraat oor die rol van die kerk in die opvoeding van die kinders nie. Dit word reeds aanvaar en veronderstel. Kinders van beide tuis- en skoolonderwys moet hul kinders ook saamneem na die eredienste, en stuur na die katkisasie onder leiding van ’n ampsdraer.[4] Die gereformeerde leer wat in die huis en/of skool aan die kind oorgedra word, sluit nie die onderrig van die kerk uit nie, maar versterk en vorm dit verder, sodat dit op elke lewensterrein tot toepassing kan kom (2 Tirn.3:14-17). Vir eers dan ’n Skriftuurlik-verbondsmatige besinning van gereformeerde opvoedende tuisonderwys.

## 1. DIE HEILIGE SKRIF

Die verbondsgemeenskap van Christus -Sy Kerk- word deur die verbond opgeroep om Sy kinders te wees in die hele lewe, in al hul doen en late. Die verbondswoord geld daarom vir die totaliteit van die verbondeling se lewe, in sy roeping, eis en belofte van seëninge of vloekinge (Lev.26; Deut.28; Hebr.12). Deur die doop word ons dus opgeroep om Sy Kerk en Koninkryk te bevorder in alles wat ons doen, dus ook in die uitvoering van die doopbelofte. Die volgende gedeeltes word dan meestal spesifiek gebruik om die gereformeerde opvoedingsdoel -wat vir alle gereformeerde onderwysmodelle geld- te begrond:

- Gen. 1:26-28
- Deut. 6:4-9; Ps. 78:1-10; Spr. 1:7
- Hand. 2:39
- Ef. 6:1-4
- 2 Tim. 3:14-17

In die lig van bogenoemde Skrifgegewens, wil ek u spesifiek na verskeie kommentatore se verklaring op, Deuterónomium. 6:1 -9 en Psalm 78, aangesien dit die twee gedeeltes uit die Skrif is, wat die meeste na vore gebring word, in die toepassing op opvoedkundige-onderwys verband.

Deutonómium 6 en Psalm78

*Dr. James B. Jordan,* in sy kommentaar op Rigters (2:6-3:6), verduidelik dat Israel se mislukking in Kanaän, basies daaraan te wyte is, dat hul nie die geloof oorgedra het aan die volgende geslag nie. Dan gee hy ’n kort verklaring van Deut.6;4-9,20-25, wat ek puntsgewys opsom:

a. vers 4: God is die een en enigste God en dus die Verbondskoning van Israel. Dit moet hulle hele lewe bepaal.

b. vers 5: Israel moet daarom vir God liefhê met hul hele hart, siel en krag, dus hulself en hul hele bestaan moet hul in God se teenwoordigheid deurbring.

c. vers 6: Dit beteken verder dat God se Wet op hul hart geskrywe moet wees (Jer.31:33). Dit is nie een of ander magiese gebeurtenis wat met bekering plaasvind nie, maar dit is iets wat elke dag al hoe meer moet toeneem (Jos. 1; Ps. 1.)

d. vers 7: bogenoemde word dan ook verduidelik in hierdie vers, aangesien daar gewys word dat dit die wet 'ingeskerp' moet word in jou kind, die hele dag lank. Daardeur word die kind geleer dat ongeag wat hy doen, enige gedagte wat in sy verstand is, deur God se wet regeer moet word, en dit sluit die huis in (gesinsmoraliteit), en die poorte (die 'sosio-politieke' lewe). Dan, volgens verse 20-25, word hul daarop gewys dat hul nie die wet van God nie, maar ook die dade van God moet ken. Dit moet hul laat besef dat die wet na die verlossing uit Egipte gegee is, as die dankbaarheidsreël van

[4] Sien Calvyn se kommentaar op Matt.28:18-20.

> hul hele lewenswyse.[5]

In *Calvyn* se kommentaar op Deut.6:1-9, 20-25, bevestig Calvyn beide die taak van die volk as geheel, asook die vader as hoof van sy gesin, in die verbondsopvoeding van die nageslag:

> "I pass over what I have already explained, viz., that he taught nothing of himself, but was the faithful interpreter of God; and also that he commands the doctrine to be handed down to their posterity, so that it may never be lost ... Afterwards He enjoins that constant conversation should be held about it with their children, **in order that fathers should diligently attend and apply themselves to the duty of instruction.** ... And when thy son asketh thee. The sole point which Moses urges in these verses is [v.20-25], that the people should testify their gratitude by obeying the Law, and that the same religion, which he commands the fathers to teach, should descend to their posterity."[6]

Calvyn verduidelik ook dat verse 7-9, ons oproep tot 'n lewenswyse van opvoeding. Dit is nie iets wat net 'formeel' plaasvind by die skool, of katkisasie nie, maar die hele lewe [sit, staan, lê, huis, pad, poorte, ens.] moet in diens van God wees, en volgens God se wet geleer word: "But still, by the expression 'talk of them,' Moses does not urge the people to empty talkativeness, to which many are too much inclined, but he would have them severally thus establish themselves and be teachers of each other."[7]

Op Ps.78:3-8, lewer Calvyn die volgende kommentaar:

> ... the Psalmist ... said that he would speak of great and hidden matters, and what he now adds, that his subject is a common one, and such **as is transmitted front one age to another by the father to the son.** If it was incumbent upon the fathers *to* recount *to* their children the things here spoken of, these things ought, of course, to have been familiarly known to all the people, yea, even to those who were most illiterate, and had the weakest capacity.... What is to be principally observed is, that all fathers are not here spoken of indiscriminately, but only those who were chosen to be God's peculiar people, and to whom the care of divine truth was intrusted.... We will not conceal them from our posterity, implying, that what we have been taught by our ancestors we should endeavor to transmit to their children. By this means, all pretense of ignorance is removed; for it was the will of God that these things should be published from age to age without interruption; so that being transmitted **from father to child in each family,** they might reach even the last family of man.... He declares, that the father's were not led to instruct their children in these truths under the mere impulse of their own minds, but by the commandment of God ... The decree then is this, that the fathers being instructed in the doctrine of the law themselves, should recount, as it were, from the mouth of God, to their children, that they had been not only once delivered, but also gathered into one body as his Church, that throughout all ages they might yield a holy and pure obedience to him as their deliverer. ... In this verse [v.6], the Psalmist confirms what he had said concerning the continued transmission of divine truth. It greatly concerns us to know, that the law was given not for one age only; but **that the fathers should transmit it to their children,** as if it were their rightful inheritance, in order that it might never be lost, but be preserved to the end of the world. This is the reason why Paul, in 1 Timothy 3:15, asserts that "the Church is the pillar and ground of the truth;" by which he does not mean that the truth of itself is weak, and stands in need of foreign supports, but that God extends and diffuses it **by the instrumentality of his ministers,** who when they faithfully execute the office of teaching with which they are invested, sustain the truth, as it were, upon their shoulders. Now, the prophet teaches us, that it is our bounded duty to use our endeavors that there may be a continual succession of persons to communicate instruction in divine truth It is said of Abraham before the law was written, Genesis 18:19, 'I know him, that he will command his children and his household after

[5] *Judges: God 's War against Humanism* (Tyler, Texas: Geneva Ministries, 1985), p.26,27.
[6] *The Comprehensive John Calvin CD-ROM* (Ages Digital Library, 1998). Beklemtoning bygevoeg.
[7] Ibid

> him, and they shall keep the way of the Lord to do justice and judgment;' and after his death, this was enjoined upon the patriarchs as a necessary part of their duty. No sooner was the law delivered, than God appointed priests in his Church to be public masters and teachers. He has also testified by the prophet Isaiah, that the same is to be observed under the New Testament dispensation, saying, "My Spirit that is upon thee, and my words which I have put in thy mouth, shall not depart out of thy mouth, nor out of the mouth of thy seed, nor out of the mouth of thy seed's seed, from henceforth and for ever." **In the passage before us, however, a particular injunction is given to the fathers on this point — each of them is enjoined diligently to instruct his own children,** and all without distinction are taught, that their exertions in transmitting the name of God to their posterity will be most acceptable to Him, and receive his highest approbation. By the words, that the children to be born should arise, is not denoted a small number of individuals; but it is intimated, that the preachers of divine truth, by whose efforts pure religion may flourish and prevail for ever, will be as numerous as those who are born into the world.[8]

Uit Calvyn se kommentaar. kan die volgende afgelei word:

a. die volk - vandag die kerk - moet toesien dat die verbondsnageslag die geloof ontvang en verder oordra, en

b. dat die vaders in die gesinne elkeen in hul huise hul kinders in die geloof moet onderrig,

c. en dus beide die kerk en die gesin betrokke is en moet wees in die opvoeding.

*Dr.J. Ridderbos* skryf in sy verklaring op Deut.6,: "vs.7 vraagt dat zij aan hun kinderen leren, vgl.vs.20w., en dat ze er overal en te allentijde ... over spreken; dit dient ook wel voor het onderrichten der kinderen, maar is hiertoe niet beperkt ...,"[9] en by Ps.78:l,2 word gewys dat die verbondsvolk in beide sy gesamentlikheid (as volk) én afsonderlikheid (as persone) aangespreek word: "De dichter richt zich tot Israel ('mijn volk': liefdevolle uitspraak), dat hij eerst in het enkelv., daarna in meerv. aanspreekt, zonder dat dit een wezenlijk verschil maakt (al kan men zeggen, dat in eerste geval op de voorgrond treedt de gedachte aanhet volk als eenheid, in het tweede die aan de afzonderlijke personen)."[10] God spreek deur Sy verbond ons aan in gesamentlike gemeenskaplike én afsonderlike persoonlike verband. Die een aspek mag nooit teenoor die ander gestel word nie, maar versterk mekaar juis.

*Ds. W.H. van der Vegt,* skryf daarom tereg:

> "De doop waarmee ge gedoopt zijt, is maar niet uw doop. Het is onderschei dingsteeken dat ge draagt is 't teeken, dat duizenden bij duizenden met u dragen. Zoo staat ge niet alleen. Ge leeft met elkander. Ge strijd met elkander. Ge overwint met elkander. Krachtens uw doop zijt ge opgenomen in de gemeenschap der heiligen. ... Want de doop is het heilig teeken, waarmee, van de dagen der Apostelen af tot nu toe, die ééne groote gemeenschap der heiligen is saamverbonden die God vergadert uit alle geslacht en taal en volk en natie. **Men** meene **nu niet, dat als we zoo onzen doop verstaan, de enkeling geheel wordt opgelost in de gemeenschap en er voor persoonlijk geloofsleven geen plaats overblijft** De doop neemt het persoonlijke allerminst weg. Integendeel: het geeft het zelfs een zeer bijzonderen nadruk. ... 't Leven in de gemeenschap sluit het persoonlijke leven des gelofs allerminst uit. Integendeel, het sluit dit juist in. Zoo is het zelfs tot op den jongsten dag en daarna.... Wanneer ge uw doop verstaat, zult ge beide op harmonische wijse weten saam te verbinden. **Persoonlijk**

---

[8] Ibid, beklemtonings bygevoeg.

[9] *Korte Verklaring der Heilige Schrift: Het Boek Deuteronomium,* deel 1 (Kok - Kampen), p. 124.

[10] *Commentaar op het Oude Testament: De Psalmen, deel 11,*42-16 (Kok-Kampen, 1958), p.291. Sien ook Dr. N.A. van Uchelen, *Prediking van het Oude Testament: Psalmen, deel 2,* 41-80 (Nijkerk: Callenbach, 1977), p.280 e.v.; Dr. A. Noordtzij, *Korte Verklaring der Heilige Schrift: Het boek der Psalmen, deel 2,*71-150 (Kok-Kampen, 1925), p.36e.v.; Prof. M.E. Tate. *WordBiblical Commentary: Psalms 51-100,* nr.20 (Dallas:WordBooks, 1990), p.277e.v.

**leven zal't gemeenschapsleven sterken. En't gemeenschapsleven 't persoonlijk leven."[11]**

*S.R. Driver,* verklaar op Deut.6:3, "... the Writer's thought passes from the nationto the individual Israelite."[12] Die gelowige word dus in beide 'kerk' en 'gesins' verband (want dit is waar die 'individu' hom bevind), verbondsmatig aangespreek. Israel word aangespreek as God se volk, en sy volk bestaan - in reël - uit verbondsgesinne, volgens God se skeppingsorde.[13] Netso, geld die roeping en plig vir verbondsopvoeding en onderwys, vir beide die volk (kerk) en die gesin, ook vandag.

*Ds. C. Vonk* wys in sy verklaring van Deut.6:7, daarop dat verse 20-25 hierdie gedeelte duideliker verklaar. In vers 20-25 verklaar hy dat die vaders hul seuns moet antwoord op sy vrae oor wat die 'gebooie, insettinge en verordeninge' beteken [vers 1]. Dit dui op die vader se opvoeding van sy kind, maar dit sluit nie die volksverband uit nie: "Op de vraag 'waarom' za de vader moeten verhalen wat Jahweh gedaan heeft in Egypte. Vreselijke dingen tegen de Egyptenaren, heerlijke dingen voor 'ons'. Let op dat 'ons.' Daarin horen we weer de solidariteit en eenheid der kerk."[14]

Maar wat beteken nou hierdie klem op beide kerk en gesin, op beide gemeenskaplike en persoonlike lewe, vir die opvoeding en onderwys?

*Prof. Dr. J. Waterink* skryf dat daar in sy jare ŉ hewige stryd was oor die beste metode van onderwys, waarin die mense verdeel het in twee kampe, nl. indivividualisme en sosialisme. Hy maak dan die volgende betekenisvolle opmerking: "Waar nu in het leven de organische eenheid tusschen individu en gemeenskap door ons wordt erkend, bevorderd en als ideaal, kan menige tegenstelling door de moderne onderwijsleer gemaakt, door ons niet worden aanvaart."[15]

*Ds. Joh. Francke* skryf ook: "Het gaat daar in de verbondsgemeenschap om 'allen en een iegelijk (uitdrukking uit den Catechismus, o.a. in Zondag 21, antw.55, in overeenstemming met onder meer Handel.2:1-12, waar, 'allen' en 'een iegelijk' ook vaak afwisselen). De bloedverbondenheid is geheiligd, dus opgeheven in de verbondsgemeenschap."[16]

*Dr. H. Bavinck,* skryf tereg: "In het licht Gods zien wij het licht... De tegenstelling van humanisme en realisme, van individualisme en sosialisme, die anders in al haar scherpte blijft bestaan, wordt in het Christelijk ideaal der opvoeding volkomen verzoend. ... In het Christelijk opvoedingsideaal is elke tegenstelling in beginzel versoend, van man en vrouw, van heer en dienstknecht, van persoonlijkheid en gemeenschap, van verstand en hart, van school en leven, van schoonheid en nuttigheid, van ontwikkeling en beschaving des gemoeds, van patriotisme en kosmopolitisme. Want de vreeze des Heeren is het beginsel van alle wijsheid. De godzaligheid is tot alle dingen nut. En de Christendom en humaniteit zijn één."[17]

Dus, ŉ ware bybelse verbondsbeskouing oor die opvoedende onderwys, beklemtoon dus nie die 'gesamentlike' ten koste van die 'afsonderlik' nie, of ook andersom nie. Beide moet verbondsmatig gehandhaaf word. Die grondslag van hierdie gelyke handhawing vind ons in die triniteitsleer, waarin ons bely dat God 'een God in drie Persone,'is.[18] Die Geloofsbelydenis

---

[11] *Het Verbond der Genade bij Calvijn* (Aalten: De Graafschap), p. 127-130. Beklemtonings bygevoeg.

[12] *International Critical Commentary: Deuteronomy* (Edinburgh: T&T Clark, 1902), p.89.

[13] Sien dr. J. van Bruggen se artikel.

[14] *De Voorzeide Leer,* deel lc, (Barendtrecht: Drukkerij Barendrecht, 1966), p.498, 502. Sien ook p.434 waar Ds. Vonk, met verwysing na prof.Horwerda, verwys na die 'historische eenheid der *kerk.'* [let wel: kerk, nie 'onderwys' nie] en dan opmerk: 'geen individualisme , maar letten op de samenhang der geslachten!'

[15] *Christelijke Encyclopaedie voor het Nederlandsche volk,* deel 4, Prof. Dr F.W. Grosheid red. (J.H. Kok - Kampen), p.416.

[16] *De Kerk en het Sociale Vraagstuk* (1949 ), p.79, 80.

[17] *Paedagogische Beginselen* (Kampen: J.H. Kok, 1917), p.49,50.

[18] *Nederlandse Geloofsbelydenis,* art.8,9.

van Athanasius vat dit soos volg saam: "En in hierdie Drieheid is daar nie eerste of laaste nie, nie meeste of minste nie, maar al drie Persone het gelyke ewigheid en is heeltemal aan mekaar gelyk, sodat in alle opsigte, soos hierbo gesê is, die Eenheid in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid geëer moet word."[19] Hierdie ewige eenheid en verskeidenheid vorm die grondslag van die tydelike eenheid en verskeidenheid wat ons orals in die skepping vind.[20] Die deurwerking van die triniteitsleer, soos dit spesifiek van belang is vir opvoeding en onderwys, moet nog gedoen word.[21]

Hierdie handhawing sien ons ook aangaande die verbondsverkeer in die gemeente. HK, Sondag 21, soos dit spesifiek in die gemeentelewe moet uitwerk:

> Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?
>
> Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam én elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend."

Soos ons dus gesamentlik en afsonderlik aan Christus deel het, so moet ons -gesamentlik én afsonderlik- mekaar kan help met ons verskillende gawes, ook soos dit van toepassing kan wees op die opvoedende onderwys.

*Prof. D.L Christenson,* in sy verklaring van Deut.6:6-9, maak die volgende belangrike opmerking: "These words (i.e. the book of Deuteronomy) are to be known by every adult memoer of the community, and they are to be taught diligently to their children. Nothing is more important to the future of God's people than the communication of 'these words.' "[22]

Wat hier belangrik is, om op te merk vir die opvoedingstaak, is dat elke lid van die gelowige gemeenskap, vandag die kerk, die woorde van God moet ken. Dit is dan ook die bedoeling van vers 5: "en hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees." Dit beteken dus dat elke ouer die woord van God moet leer ken, bestudeer en elke dag oordink(Jos. 1:8; Ps. 1:2; Ps. 119; Matt. 4:4; 5:17-20; Kol. 3:16; 2 Tim.3:14-17, ens.), sodat hulle dit aan hul kinders kan oordra, deur woord én daad.. Vanselfsprekend, sluit dit die predikant en onderwyser se taak nie uit nie, maar dit vervang nie die ouers se primêre verantwoordelikheid én taak om dit ook eerstens aan hul kinders oor te dra nie. Die tuisskool is dus uiters geskik vir die toepassing van hierdie bevel. Ons sal vandag moet erken dat in baie gevalle, verbondsouers verwag dat die skool nie net vir hul kinders se algemene onderwys sal sorg nie, maar die kerk ook al hul godsdienstige onderrig ook sal oorneem.

*Ds. Joh. Francke* skryf reeds in die 1940/50's, die volgende: "Ach, wat is er van de heilige werk der huiscatechisatie ook in onze gezinnen overgebleven? En wat doet de kerk nog om tot dit goede en heilige werk op te wekken en te vermanen? Is het bijv. wel een belangrijk punt van gesprek op huisbezoek? Het wordt hoog tijd, dat wij dit besluit van de Dordtse Synode met alle kracht gaan uitvoeren! Want hier ligt het fundament van het christelijke leven in gezin en school en kerk,... Zonder de huts-cateschisatie kunnen de school- en de kerk-catechisatie onmogelijk vruchtbaar zijnen aan hun doel beantwoorden... En daarom pleiten wij ervoor, dat de ouders, ernst gaan maken met hun doopbelofte hun kinderen te onderwijzen"[23]

---

[19] *Artikels* 25-27.

[20] Sien die volgende werke i.v.m. hierdie onderwerp: C. Van Til, *Defense oftheFaith* (Phillipsburg: P&R Company, 1967), p.25-28; RJ. Rushdoony se twee werke: *The One and the Many* (Fairfax, V. A., 1971); *Foundations ofSocial Order* (Fairfax: Thoburn Press, 1978), p.83-95.

[21] 'Met de belijdenis van God drieëenheid staat en valt het gansene Christendom, de geheele bijzondere openbaring. Zij is de kern van het Christelijke geloof, de wortel aller dogmata, de substantie van het nieuwe verbond... In dien naam worden wij gedoopt...' H. Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek* (Kampen: Kok, 1928), deel II, p.300,301.

[22] D.A. Hubbard, G.W. Barker (ed.), *WordBiblical Commentary: Deuteronomy 1-11,* vol. 6A (Dallas, Texas: Word Books, 1991), p.143.

[23] *De Kerk en het Sociale Vraagstuk* (Haarlem: Uitgave van Vereniging 'Mannenbond op Geref.

Aangesien daar uit die aard van opset van die tuisonderwysmodel, ŉ baie nouer vervlegting is van opvoeding en onderwys, en dus ook van die plek van die godsdienstige onderrig daarin, daarom dwing en dring dit jou as verbondsouer soveel meer, om student van die Woord te bly en dit direk aan jou kinders oor te kan dra. Die tuisonderwysmodel help daarom, om die ouers weer opnuut bewus te maak van hul eie verantwoordelikheid t.o.v. die verbondsonderrig van hul kinders.

Opsommend

In beide skrifgedeeltes (Deut.6:I-9 en Ps.78:I-9) word die woorde 'julle' én 'jy' gelyktydig gebruik. Daar word van die geloofsgemeenskap gepraat: 'Hoor, o Israel..'; maar ook oor die individue en gesin in daardie geloofsgemeenskap: 'jy en jou kind en jou kindskind" [v.3]. Die verbondsvolk hef dus nie die verbondsgesin op nie, en netso staan die verbondsgesin nooit los van 'Israel' as volk/kerk nie. Gereformeerde tuisonderwys moet en behoort daarom midde in die lewe van die gemeente plaas te vind en nie in stryd of in afsydigheid daarteenoor te staan nie. Ware gereformeerde tuisonderwys moet ek kan dus waarlik verbondsmatig besig wees. In die 'Verantwoording van Gereformeerde Tuisonderwys', word daar daarom tereg gestel: "As ŉ gesin wil kwalifiseer as gereformeerd, behoort so ŉ gesin te staan onder opsig en tug van die kerk"[24]

Uit behandelde Skrifgedeeltes is dit dus duidelik dat die ouers die primêre opvoeders van hul kinders is, opvoeders binne die verbondsverband van die kerk. Dit sluit ook nie die onderrig uit wat ook deur ander plaasgevind het nie, bv., deur profete, priesters, leerskole, ens., nie, maar vorm juis die fondament daarvan. Beide die gesin én die volk, d.w.s. ook die kerk en gesin het ŉ taak het ten opsigte van die onderrig van ons verbondsnageslag, maar die een moet nie die ander een se taak wil oorneem nie. Uit hierdie [en ander] skrifgedeeltes vind dus die verantwoording van gereformeerde tuisonderwys plaas, soos dit ook plaasvind met ander gereformeerde onderwysmodelle. Daarom, vanuit ŉ Skriftuurlike oogpunt, kan ŉ prinsipiële afkeur van die tuisonderwysmodel nie slaag nie, en is dit juis in lyn met die Skriftuurlike eis om ons kinders in die verbond op te voed. Daarom kan ons met prof. ND Kloosterman van Mid-America Reformed Theological Seminary, se woorde konkludeer.

> Until recently, most classroom teachers have seen themselves as ftmctioning in loco parentis-in the place of the parents. Parents remain accountable, though they have delegated to trained educators certain tasks (not the responsibility) connected with their child's nurture. This explains why Christian parents who nowadays engage in home schooling are not thereby "breaking covenant" with the Christian community-or the Christian day school. **Such a mode of nurture lies fully within their God-given responsibility.**[25]

Vervolgens word gelet op tuisonderwys, vanuit die gereformeerde tradisie.

## 2. DIE GEREFORMEERDE TRADISIE

Hier word spesifiek gelet op a) die Doopsformulier, en b) die Dordtse Kerkorde, artikel 21

> *Ten derden, of ghy niet belouet ende voor u neemt, dit Kindt (als 't tot sijnen verstande komt) daerin nae u vermoghent' onderwysen?* - Oorspronklike Doopsformulier van Datheen, Heidelberg, 1566[26]

> *Ten derden, of ghy niet belooft, ende voor u neemt (insonderhheyt de Ouders) dit kind (of dese kinderen) alst tot synen verstande comt, daerin, na u vermoghen t' onderwysen?* - Verkorte Doopsformulier van die Nasionale Sinode van Dordrecht,

Grondslag), p.286,288.

[24] Sien bl.7 hierbo.

[25] Beklemtoning bygevoeg. Sien die volgende webblad, vir die artikel waaruit die aanhaling gekom het: www.MessiahNYC.org

[26] V.E. d'Assonvile, *Die Gereformeerde Doopsformulier* (Mamix: Potchefstroom, 1981), p. 103.

1578[27]

*Ten derde, of gij niet belooft en u voorneemt, dit kind, als het tot zijn verstand zal gekomen zijn, waarvan gij vader of getuige zijt (of: deze kinderen, als zij tot hun verstand zullen gekomen zijn, een iegelijk het zijne, waarvan hij vader of getuige is), in de voorzeide leer leernaar u vermogen te onderwijzen, of de doen en te helpen onderwijzen?* - Die Rutgerteks (1897) wat deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik is tot met die eerste Afrikaanse vertaling, 1936[28]

*Ten derde: Belowe u en neem u u voor om hierdie kind (Mnders), van wie u die vader en/of moeder is, wanneer hy (sy/hulle) dit kan verstaan, in die genoemde leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?* - Gereformeerde Doopsformulier van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afika, 1936[29]

a. Die Doopsformulier

Die doel van hierdie gedeelte, is nie om die hele 'genoemde leer' vir u uiteen te sit nie, maar enkele historiese en prinsipiële punte na vore te bring, wat belangrik is vir die besinning van ouers se keuse t.o.v. 'n onderwysmodel: hoe en waar ons kinders opvoeding en onderwys gaan ontvang.

Met die toepaslike bespreking van die derde vraag van ons gereformeerde doopsformulier, wil ek enige moontlike misverstande oor die tuisonderwysopsie uit die weg te ruim, sou dit nie 'n 'gereformeerde opsie' kan wees nie. Uit die bespreking sal hopelik bevind word dat die doopsformulier ons geensins bind om 'n sekere onderwysmodel te moet volg nie, maar dat die bindingskrag van die doopsformulier lê in die inhoud en berydenis van die 'genoemde leer,' dat dit in beginsel die ouers se verantwoordelikheid is om dit te doen, met die nodige hulp, bystand en delegeering van sekere take [nie oorgawe van verantwoordelikheid nie] na buite die gesin [kerk, opvoedkundiges, skole, ens]. Soos dit reeds behoort te blyk, sal ons 'n onderskeid moet maak tussen die vorm van onderwys [bv. by die huis en/of skool] en die inhoud [die 'genoemde leer', naamlik die hele Skrif soos bely deur in ons belydenisskrifte].

Die Skrif is ewigdurend en ononderhandelbaar, maar die vorm waarin dit oorgedra, kan verskil volgens tye en omstandighede.

Daar is egter wat deur groot misverstand, die doopbelofte wil gebruik om tuisonderwys as 'n ongeldige gereformeerde opsie af te skryf. Daar word dan beweer, daar staan mos duidelik genoeg:' na vermoë te onderrig en laat onderrig.' Dus, as jy nie jou kind 'laat' onderrig nie, d.w.s. na 'n spesifieke adres stuur nie, dan is jy besig om die 'verbondsband' tussen gesin, kerk en skool te verbreek, wat weer op sy beurt gelyk aan 'verbondsindividualisme' is. Maar is hierdie afleidings korrek, en verstaan ons werklik wat die doopsformulier beteken? Ander mense beweer: natuurlik kan en moet jy jou kind in die 'genoemde leer' onderrig, maar dit is nie van toepassing op 'onderwys' nie, maar op die algemene opvoeding. So egter, word myns insiens, onnodig, die 'genoemde leer' wetens of onwetens onderwerp aan die natuur/genade teenstelling van die Roomse godsdiens en filosofie. Op hierdie twee aspekte, wil ek in hierdie afdeling let.

<u>Die veranderinge van die eerste teks tot met die teks wat ons vandag het</u>

Die volgende gedeeltes van ons hedendaagse uitgawe [1936], het nie in die oorspronklike uitgawe verskyn nie [1566]:

- die eksplisiete noem van die vader en/of moeder.
- dit wat onderwys moes word, is nouer omskryf, nl. 'genoemde leer.'

[27] *Ibid,* p.108.
[28] *Ibid,* p. 112,113.
[29] *Die Berymde Psalms en Skrifberymings* (Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, 1992 [1976/1936]), p.593.

- die laaste paar woorde, naamlik 'laat onderrig' is bygevoeg.

Daar is goeie [en minder goeie] historiese redes vir al die veranderinge, waarop nie nou in diepte ingegaan kan word nie.[30] Net kortliks die volgende agtergrond. In die tyd van die Reformasie was daar 'n hewige stryd teen die Anabaptisme [wat nie geglo het aan die kinderdoop nie!], en daarom is kinders so vinnig as moontlik gedoop. Omdat 'n moeder nie altyd volkome herstel het nie, of selfs siek was, het 'n getuie saam met die vader by die doopvont verskyn. Die woorde 'te doen en te helpen onderwijzen' is daarom ingevoeg [vermoedelik na die 1578 uitgawe, maar dit is nie bewysbaar dat die Sinode van Dordt dit gedoen het nie], ter wille van die getuies wat dan ook opgetree het. Dr. Wielenga is van mening dat hierdie woorde dan meer historiese, as praktiese betekenis het, want, sê hy: "getuigen in den zin, waarin ze in ons formulier bedoeld zijn, nl. als assistenten (helpers) voor de ouders, komen zoo goed als nooit voor. Wel treden getuigen op in plaatz van, nimmer naast de ouders. Het is daarom een beslist anachronistische (in verskil van tijdsomstandigheden wortelende) fout, wanneer de woorden of getuige in ons formulier blijven bestaan, en niet minder wanneer door den dienaar de woorden en te helpen onderwijzen worden meegelezen. Deze woorden toch zijn ingevoegd met het oog op de assisteerende getuigen. Een vader helpt niet onderwyijzen, maar hij onderwijst zelf of doet onderwijzen. Het zij daarom aan een komende synode, die de liturgie herzien zal (wanneer zal zij dagen!) aanbevolen."[31]

Dr. Wielenga wys dan ook daarop dat die ouers, kragtens die bloedband die eerste verantwoordelikes is en die mees natuurlike opvoeders is. Die ouers word in die 'ambt van Godswege' ingestel en die ouers beloof om getroue onderwysers vir hul kinders te wees. Dr. Wielenga erken dat daar 'n verskil is tussen opvoeding en onderwys, en dat daar 'n onderskeid heers,: "maar al wordt in de derde doopvraag niet met zoovele woorden van het breedere en verder reikende opvoeden gesproken, toch mogen wij dit begrip niet buitensluiten, [en dan belangrik, skryf hy:] Als opvoedende onderwijzers worden zij hier publiekelijk en officieel over dit te doopen kind in het ambt gesteld."[32]

<u>Hierop wil ek graag twee opmerkings maak</u>:

1. Soos dr. Wielenga tereg opmerk, word die 'breë onderwys' nie in die derde doopsvraag eksplisiet bedoel nie, maar word verwys na die 'voorzeide' of 'genoemde' leer wat in vraag twee van die doopsformulier as volg gedefinieer is: "die leer van die Ou en die Nuwe Testament, wat in die Artikels van die Christelike geloof saamgevat is [d.w.s. die Drie Formuliere van Eenheid]..." Dit is egter dan juis in die konteks van die hele Bybel, en meer spesifiek die kultuurmandaat en die Evangelie mandaat, dat die doopbelofte verstaan moet word. Wie van die doop praat, praat ook van die Verbond en die verbond geld vir ons hele lewe. Dit is dan ook die bedoeling en implikasie van die verbondsonderrig, volgens Deut.6:6-9. In die Skrif , en daarom ook in ons gereformeerde belydenis, wat ons glo volgens die 'ware en volkome leer is,' is daar geen plek vir 'n teenstelling tussen Skriftuur en natuur nie, geen dualisme tussen natuur en genade nie. In NGB artikel 2 -wat deel is van die genoemde leer- bely ons dan ook die eenheid én onderskeid tussen die kennis van God uit die natuur/geskiedenis en die kennis van God uit die Heilige Skrif. Die 'genoemde leer' impliseer dus onontkombaar dat daar geen teenstelling is tussen 'opvoeding' en 'onderwys' nie. Ons kan daarom -en moet daarom' 'n definitiewe onderskeid maak tussen die 'genoemde leer' [die Skrifleer] en die 'natuurteer' [bv. tale, gesk., wisk., biol., ens.], maar ons moet ook wys op hul afhanklikheid en eenheid, want, soos Deut.6:4 -die fondament van ons geloof- ons leer, God is Een, en Hy het een skepping daargestel, en een Openbaring daaroor gegee, naamlik Sy Woord, waardeur ons soos 'n bril kyk [Calvyn], om alles reg te verstaan en te interpreteer.

Dit is myns insiens nog een van die groot voordele van tuisonderwys, dat die gespanne

[30] Sien die bronne wat in hierdie gedeelte na verwys word vir verdere inligting. Vir 'n kort opsomming: V.E. d'Assonville, *Die Gereformeerde Doopsformulier* (Potchefstroom: Marnix, 1981), p.78-80.
[31] *Ons Doopsformulier* (Kok: Kampen, 1920),p.265
[32] *Ibid,* p.264.

onderskeid [en selfs skeiding en teenstelling] tussen 'opvoeding' en 'onderwys'[33] pragtig opgelos word in tuisskoolsituasie, aangesien die twee aspekte heel geleidelik saamloop. Soos een berugte tuisskoolouer dit stel: "Ek kan nie insien dat daar 'n verskil is tussen gewone en belangriker dinge[34] om (my kinders) te leer nie. Vir my is alles baie belangrik. Buitendien hou ek daarvan om met my kinders te praat, ek kan dan net so wel praat oor Magelaan of Dingaan of Barentz of die tussentoestand of die uitverkiesing of die verskil tussen konduksie en konveksie, wat nie verwar moet word met die verskil tussen konkaaf en konveks nie." Dus, uit hierdie voorbeeld is dit duidelik dat 'skoolgaan' in die onderwysopset, baie meer natuurlik kom sodat die hele lewe 'n leerskool word, en nie net spesifieke tye van die dag of jaar noodwendig nie.

Dr. R. J. Rushdoony som dit verder goed op, nl. dat die lewe van die gelowige, ook in die opvoeding en onderwys, een is, as hy skryf:

> The Bible, as Cornelius van Til nas potnted out, does not give us the multiplicity of facts which make up mathematics, paleontology, physics, biology, or any other subject, but it does give us 'the truth about all facts.' It declares all facts to be God-created, God-governed, and God-serving facts. The Bible is basic to all of education because it gives the meaning of all facts and the purpose of education.[35]

Tereg, moet ons dus nie te veel in die doopbelofte of hierdie vraag probeer inlees nie, maar ons moet onthou dat die gereformeerde leer, toegepas moet word in die hele lewe, orals waar die gelowige betrokke is. Leer én lewe! Totius skryf daarom, reeds in sy tyd: "En wat is die oorsaak van hierdie wantoestand (kerkverval - SLC)? Dit dat ons Gereformeerde waarhede soos groot brokke vaste kos in ons geestelike maag lê maar onverteer is en nie in ons lewensbloed en lewenskrag omgesit word nie; en daar maak ons soos een wat te veel geëet het: ons sit en slaap in plaas van te dink en te handel."[36]

Laat ek duidelik bynoem, dat daar nie gepoog word om die plek vir 'skoolonderwys' in die doopsformulier te ontken nie, maar probeer ek dit net in die regte verhouding en perspektief stel, soos uit die volgende woorde van dr. Wielenga blyk, as hy skryf oor die woorde 'na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?':

> ... Daar staat verder: naar u vermogen te onderwijzen ofte doen onderwijzen (de woorden en te helpen laten wij op vroeger aangegeven gronden weg). In deze woorden ligt het beginsel van het HET CHRISTELIJK ONDERWYS uitgedrukt. De vader is self de van God geordineerde onderwijzer en de moeder de natuurlike onderwijzeres van het hun geschonken zaad. Maar, waar eigen onvermogen uit oorzake van gebrek aan tijd of krachten duidelik is, moet naar een inrichting of organisatie uitgezien, waar die

[33] Dit sal vrugbaar wees om 'n studie te doen na hierdie skeiding/onderskeid tussen opvoeding en onderwys, en in hoe 'n mate dit 'n oorlewering van skolastiese denke is, wat deur Dooyeweerd en volgelinge deur die sogenaamde 'soewereiniteit in eie kring', in 'n christelike raamwerk probeer verplaas is.

[34] Klaas Schilder skryf in 'n ander konteks: "En bovendien de onderscheiding zelf van hoofdwaarden en minder belangrijke is dwaas, onwetenschaplijk, vervlakkend en misleidend. - Want de waarheid is een kleed, dat uit één stuk geweven is. De één waarheid hangt met de andere onlosmaklijk saam. Wie één dogma loslaat, verwrikt en ontwricht alles en komt straks tot een geheel nieuw 'leergebouw'. Wie scherp en logisch denkt, zal altijd weer de eene stelling uit de andere opbouwen en dus ook die twee tegelijk blijven vashouden. Of- die twee tegelijk schrappen uit zijn geloofsleer -. Om slechts een voorbeeld te noemen: over de kinderdoop wordt door alle 'broeders' niet gelijk gedacht. Dat is maar een kwestie van ondergeschikt belang voor hen. Toch zal voor wie nadenkt, de vraag van den kinderdoop op het allemauwst verbonden blijven aan die andere kwestie: hoe de kinderen der gelovigen te beschouwen zijn; hoe de Kerk in de Schrift wordt voorgesteld; wat het wezen is van de Kerk; wat de beloften zijn van het verbond? En hier raken we onmiddelijk weer aan de hoofdzaken." (Aangehaal deur JF Munnike Ing. In *Het Historische Fundament der Kerk,* Oosterbaan & Le Cointre, Goes, 1972, p.24.)

[35] *The Philosophy of the Christian Curriculum* (Vallecito: Ross House Books, 1985), p.44.

[36] *Versamelde Werke,* deel II (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1977),p.370.

gedoopte kinderen in en overeenkomstig de voorzeide leer worden onderwezen.[37]

Dr. Wielenea bevestig; hierdeur:

1. dat in die woorde 'doen onderwijzen' [Aft.: 'laat onderrig'], die beginsels van christelike onderwys vasstaan. Dr. J.G. Woelderink bevestig dit ook, as hy skryf: 'De invoeging van het doen onderwijzen heeft echter nog groote beteekenis in verband met het onderwijs, dat tegenwoordig ieder ouer aan zijn kinderen moet laten geven. Dit onderwijs behoort evenzeer zich te kenmerken door onderwerping aan de Heilige Schrift als het onderwijs, dat men zelf thuis aan zijn kinderen geeft."[38]
2. Die vader en moeder, is die eerste verordineerde en natuurlike onderwysers, wat hulle kinders christelike onderwys moet gee, d.w.s. opvoedende onderwys, en
3. eers as dit duidelik blyk dat die ouers nie die vermoë het om die onderwys te behartig nie, a.g.v.:
   - gebrek aan tyd, en/of
   - gebrek aan kragte [kundigheid?],
4. dan alleen word daar na die volgende onderwysopsie gekyk, in dr. Wielenga se woorde: 'naar een inrichting of organisatie' waarvan die christelike skool die allereerste is,' om in die plek van die ouer, die onderwys te gee. Dit moet 'n christelike skool wees wat vanuit die ouers uitgaan en nie vanuit die staat of enige ander organisasie nie.

DUS: met die aflegging van die doopbelofte, moet elke ouerpaar afsonderlik, in die midde van die gemeenskap van die heiliges, hul 'eie vermoë' ondersoek en bepaal, of hul hul kinders self gaan onderwys en in hoe 'n mate hulle ander hulpmiddels [soos bv. die skool] gaan gebruik om hul kinders op te voed. Waar daar ouers is wat wél oor die 'vermoëns' beskik om self ook 'skoolonderwys' te gee, dan is dit geensins in stryd met die gereformeerde doopsformulier nie, maar juis loodreg in lyn daarmee, solank al die onderwys wat die ouers gee (soos dit ook vir die skool geld), geskied 'in en overeenkomstig de voorzeide leer.' Daardeur word ook die eenheid met die kerk gehandhaaf, aangesien die 'voorzeide leer' [en alles wat dit behels, bv, erediens, doop, nagmaal, ens.] die verbondsband vashou tussen die gesin en kerk.

Hierdie spreker sal die eerste wees om te erken dat daar tuisskole kan wees wat 'individualisties' en 'onverbondsmatig' wil wees, en heeltemal los en selfs in stryd met die kerk van Christus wil staan, maar dit beteken nie dat die misbruik van 'n model die gebruik daarvan ophef nie. Daar is ook skoolonderwys wat in stryd is met die 'genoemde leer', maar dit beteken nie dat die ware gereformeerde skoolonderwys nou opsigself verkeerd is nie. Die gevare van afdwaling van die ware leer, is by tuisonderwys en skoolonderwys moontlik, omdat by albei begenadigde sondaars betrokke is! Daarom moet albei onderwysmodelle vra of hul in hul onderwysfilosofie, onderwysinhoud, onderwysmetode, onderwysorganisasie, onderwysdissipline, ens., waarlik 'in en overeenkomstig de voorzeide leer' besig is om onderrig te gee en te laat gee.[39] Ons is dus nie ten gunste van'ongereformeerde' tuisonderwys wees nie, netsoos ons nie ten gunste van 'ongereformeerde' skoolonderwys is nie. Daarom moet ons as gereformeerdes, mekaar bind o.g.v. Skrif en belydenis, wat betref die 'genoemde leer', maar nie oor die onderwysmodel waar hierdie onderwys moet plaasvind nie.

Ten einde, behoort ware verbondsmatige tuisonderwys, juis in samewerking te wees met mede-gelowiges van 'n ander onderwysmodel. Sodoende word die ware eenheid en verskeidenheid van die geloof gehandhaaf Vir albei modelle se ouers behoort dit dan ook

[37] *Ons Doopsformulier,* p.275.

[38] *Het Doopsformulier* ('S-Gravenhage: Uitgeverij Guido De Bres, 1938), p.362.

[39] Sien ook Douglas Wilson se rigtinggewende hoofstuk, 'The Home School Altemative,' *inRecovering the Lost Tools ofLearning: An Approach to Distinctively Christian Education* (Wheaton: Crossway Books, 1991), p.123-130. Alhoewel ek nie met al sy argumente en konklusies saamstem nie, bied dit 'n goeie vertrekpunt vir verdere besinning aangaande die onderwerpe wat hier genoem word.

belangrik te wees om hul kinders na die kerk-katkisasie te stuur, sodat die kinders ook daar verder onderrig sal word in die gereformeerde leer, o.g.v. die fondamente wat reeds gele word by die huis.[40] Dr. Wielenga skryf daarom ook tereg: "De ouders moeten bedenken, dat het catechetisch onderwijs van den leeraar voor een deel is de volbrenging van hun doopbelofte."[41] Mag tuisskool-ouers ook hierdie oproep getrou navolg!

**b. ARTIKEL 21 van die Dordtse Kerkorde**

> *De ouders zullen als herders van hun gesinnen om hun kinderen in de vreze des Heeren te vormen, vermaand worden hen niet te zenden naar scholen o} welke ander inrichtingen ook waarin zij zouden kunnen worden bedorven of gedrenkt met schlechtheid van leven of leer ...*- Sinode van Antwerpen, 1565[42]

> *Die kerkrade moet oral toesien dat daar goeie onderwysers is, wat die kinders nie net leer lees, skryf en in tale en vrye kunste onderwys nie, maar hulle ook in die godsaligheid en in die Kategismus onderwys* - Dordtse Kerkorde, 1618-19[43]

> *Die kerkrade moet toesien dat die ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied.* - wysiging deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke in S.A., 1967[44]

**Die herformulering**

Die Sinode van 1964 het "besluit dat die artikel herformuleer moet word om alle misverstand uit die weg te ruim, ... [want die] bedoeling was nie dat die kerk skole moes oprig, onderwysers aanstel en beheer nie, maar dat die owerhede wat seggenskap oor die skole gehad het, dit moontlik moes maak vir ouers om hulle taak teenoor hulle kinders te vervul. Daar is in artikel 21 nie gekies vir owerheidskole of kerkskole nie. Van die kerke is verwag om toe te sien, deur aandrang by die owerhede, dat daar skole is waarheen gelowige ouers ooreenkomstig die besluit van Antwerpen 1565, hulle kinders kan stuur."[45]

Ds. Joh. Jansen wys egter daarop dat die Hervormers 'Gereformeerde overheidsscholen' ten doel gehad het, aangesien die kerk en staat toe saamgewerk het. Dit was daarom nie die taak van die kerk om skole te stig of onderwysers aan te stel nie maar die skole het van die owerheid uitgegaan. Die kerk se taak was om slegs toesig te hou op die skriftuurlike en konfessionele karakter van die skole, ook in die gewone onderwys.[46]

Vandag beklemtoon ons opnuut -en daarom ook om enige misverstand uit die weg te ruim- die roeping en taak van die ouers om te sorg vir christelike onderwys. In die lig van die besluit van Anwerpen (1565), en die herformulering, lê die klem op die ouers wat moet toesien dat skoolonderrig 'in die vrees van die Here' geskied. Die bedoeling van die kerkorde, in sy oorsprong en sy hedendaagse formulering, is nie om een 'skoolmodel' te verkanoniseer as die enigste onderwysmodel nie, maar is daar om te wys op die plek en rol van die kerkraad, ten opsigte van die ouers se taak in die onderwys.

Prof. Bouke Spoelstra skryf daarom tereg: "Onderwys as sodanig is nie die taak van die kerk (as gemeente o.l.v. die ampte) nie. ... Die kerklike toesig gaan oor elke Christen-onderwyser van die kinders in die gemeente ... Kerkrade moet waar nodig met die besture van die skole

---

[40] "De catechese ... zijn een functie van de kerk ... catechese is het onderricht van de christelijke gemeente aan haar leden, speciaal aan de jongeren, om hen toe te rusten tot een verantwoord leven in de wereld als mondigen leden van Christus' kerk." - Dr. R. Bijlsma, *Kleine Catechetiek* (Nijkerk: Callenbach), p.7,11.
[41] Ibid, p.275.
[42] Dr. G.P.L. van der Linde, *Die Kerkorde: 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde* (Potchefstroom: PTP Publikasies, 1983), p.85.
[43] Ibid, p.85
[44] Ibid, p.85
[45] Ibid, p.86
[46] *Korte Verklaring van de Kerkorde* (Kok-Kampen, 1952), p.92-95.

op 'n gepaste en waardige wyse skakel wanneer die eer van die Here dit eis of regstreekse Skrifbeginsels in gedrang kom (art.28). Die gelowige (reeds die ouers al) moet oor die karakter van die onderwys toesig hou en mag nie toelaat dat die kind verwar word deur skoolonderrig wat hom van sy huis en godsdiens vervreem nie. ... die nuwe bewoording [stel] die taak van die kerkraad duidelik... op die beginsel dat die ouers en nie die kerk nie, vir die opvoeding van die kinders verantwoordelik is. Die bewoording stem ooreen met die doopformulier en die Skrif (Pred. 12:13; Ef.6:4)."[47]

Artikel 21 verplig dus die ouers tot skoolonderrig in terme van Skrif en doopbelofte. Ouers het die vrymoedigheid om dan te besluit of hulle hul kind tuis of by 'n skool gaan onderrig of laat onderrig. Hier is dus geen sprake dat die kerkraad [of die skoolbestuur, of die ouers as groep] vir en namens 'n ouerpaar kan besluit waar en wie hul kinders gaan onderwys nie. Daarom skryf prof. Spoelstra ook tereg: "Die ouers is daarom nie net natuurlik nie, maar in die besonder voor die Here verantwoordelik vir die behoorlike opvoeding van hulle kinders. Die kinders behoort nie aan die staat, kerk of die gemeenskap nie en is ook nie los individue wat eers later hulle godsdienstige keuse moet maak nie."[48]

Hierin sny prof. Spoelstra enige staatistiese, kerkistiese, sosialistiese en individualistiese 'verbonds' idees af, wat moontlik mag heers onder die gereformeerde volk se opvoedingsfilosofie en praktyk. Die gesin as die primêre opvoedings instituut, staan sentraal in die opvoeding en onderwys van die kind, maar nooit individualisties los van kerk en staat nie, maar juis in die midde daarvan as die fondament van die totale samelewing, want die 'kind moet in sy totaliteit opgevoed word."[49]

Hier is dit belangrik om ook die kerkregtelike kenner, prof.dr. F.L. Rutgers - in lengte aan te haal, vanuit sy *Kerklijke Adviezen.*[50]

Op die volgende vraag; '*Is iemand, die zijn kind naar de Openbare School zendt, verkiesbaar tot diaken?*', antwoord hy dat daar wel uitsonderings kan wees, soos bv. woonplek, gesondheid van die kind, en 'in vele andere omstandigheden meer' waarin die ouers self moet beslis aangesien 'die daarvoor van Gods wege geroepen en aan Hem verantwoordelijk zijn.' Dr. Rutgers wys tereg daarop dat sulke broeders wel ernstig vermaan moet word tot Christelike skool onderwys, maar dat daar geen dwang daartoe mag wees nie, want dit kan ook wel die Christelike onderwys skade berokken. Elke geval moet afsonderlik beoordeel word, want daar kan goeie onderwys wees op 'n christelike skool, wat nie noodwendig vir alle kinders goed sal wees nie, en daarom 'dat zijne ouders allereerst hebben letten," wat vir hul kind die beste gaan wees. Dus, die ouer het die finale gesag [onder God], om te besluit wat die beste is vir hul kind, nie die kerk, staat of gemeenskap nie. Alleen wanneer dit blyk dat die ouers teen die Christelikheid van die skool opsigself is, en die kind wil losmaak van die godsdiens, dan word dit natuurlik 'n heel ander geval.

'n Volgende vraag, waarop dr. Rutgers antwoord gee, lui soos volg: "*Is een predikant, die zijn kind niet naar de Christelijke school in zijne woonplaats zendt, censurabel? "* Hierin kom dr. Rutgers se standpunt, nog duideliker deur, en ek haal hom so volledig as moontlik aan:

> In uw skrijven van 28 Oct.1.1. deelt ge mij mede, dat ge door uwen kerkeraad, onder leiding van een ouderling die tevens voorzitter is van het bestuur der Christelijke school, word lastig gevallen, omdat ge, ter wille van de opvoeding uwer kinderen, dezen niet meer' ter schole zendt op de genoemde school, maar naar de Christelijke school voor M.U.L.O. te Y: dat men daarover 'schuldbelijdenis' van u verlangt; en dat zelfs gedacht wordt over uitstel van de a.s. Avondmaalsviering, wegens de beroering, die door het boven vermelde in de gemeente zou zijn verwerkt. En over een en ander vraagt ge dan

[47] *Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering: Handboek by die Kerkorde* (Hammanskraal: HTS van die Gereformeerde Kerke in S.A., 1989:p.l30,131.
[48] Ibid,p. 129.
[49] Ibid, p. 129.
[50] (Kok-Kampen, 1921), p.136-140. Beklemtonings hieronder bygevoeg.

> mijn gevoelen. Ik moet eerlijk zeggen, dat die heele geschiedenis mij volkomen onbegrijpelijk is. Ik sou er nog iets van begrijpen, wanneer ge uw kinderen van de Christelijke school hadt afgenomen en gezonden hadt naar de openbare school te X zelf; ofschoon **ook in zulk een geval de zaak ter beslissing staat aan de ouders, aan wie God in de opvoeding de zorg en de verantwoordelijkheid heeft toevertrouwd.** Dit zal nu wel doorgaans medebrengen, dat de Christelijke ouders hun kind naar een Christelijke school zenden. Maar het kan toch ook voorkomen, en het komt inderdaad soms voor (waarvan ik onderscheidende gevallen weet), dat de ouders, om gegronde en oorwegende redenen, zich van Godswege geroepen voelen hun kind naar eene openbare school te zenden. De kerkeraad kan en moet hen daarover dan zeer zeker aanspreken, maar ten slotte moet hij in de beslissing der ouders berusten, de verantwoordelijkheid op hunne conscientie leggende; zelfs al kunne de ouders niet alle redenen mededeelen. **Het zou een onverantwoordelijk misbruik van macht zijn, en dus tot groote schade voor het rechte kerkelijk opzicht, indien zulk geval de kerkeraad nog verder teen de ouders zou willen procedeeren.** Maar hier geld het nu, me eene verwisseling van Christelijke school met eene openbare, maar de verwisseling van de eene Christelijke school met de andere, die ook Christelijk is. Hoe kan daaruit nu ooit eene formeele kerkeraadszaak gemaakt worden, en zelfs geëischt worden dat over die handeling, door verkeerde voorstelling, eenige beroering gaf in de gemeente, dan zou het de roeping der opzieners zijn, de geheel ten onrechte bezwaarde gemeenteleden beter in te lichten. Maar hoe kan een kerkeraad er toe komen, die beroering zoo sterk mogelijk in de hand te werken en te vermeerderen, door te besluiten dat daarom zelfs de Avondmaalsviering zou zijn uit te stellen? Ik kan mij niet voorstellen, dat er in uwe Classe ééne kerk zijn zal, die in deze zaak van het schoolgaan uwer kinderen uwen kerkraad zou bijvallen. ... Het is echter te hopen, allereerst voor de stichting der gemeente in X zelf, dat er geene kerklijke procedure uit volgt. En daarom zou ik in het algemeen raden, zoo zacht mogelijk te spreken en te handelen met de B.B. die nu eenmaal uit te gaan van de onderstelling, dat zij inderdaad gedreven worden door ijver voor het Christelijk schoolonderwijs, al ontbreekt hier aan den ijver het rechte verstand.

Dr. H. Bouwman, wat hoogleraar was aan die Teologiese Skool, te Kampen, skryf

ook:

> De regel dient te zijn, dat de school uitgaat van de ouders. Naar de ordinantie Gods rust de volle taak der opvoeding allereerst op de ouders. Al heeft ook de gemeenschap, waarin wij leven, de kerk, de maatschapij en de staat een roeping om de opvoeding van het kind zoo te leiden, dat het kind straks een waardige plaats kan innemen in den levenskring, waarin het geroepen wordt op te treden, deze zorg mag aan het opvoedingsrecht der ouders ten kort doen. Tot de vele hulpmiddelen, die den ouders bepalen wat en in welken geest moet worden onderwezen. Daaruit volgt, dat de school op denzelfden grondslag moet staan als het Christelijk huisgezin, dat wel zeggen, op den bodem des verbonds, en dat er samenwerken moet zijn tusschen school en gezin, tusschen ouders en onderwijzers.[51]

Tot sover, drs. Rutgers en Bouwman.

**Opmerkings:**

Ten slotte, kan die tuisonderwys opsie, daarom ook in terme van artikel 21 van die kerkorde funksioneer, en juis daardeur die eenheid van die verbondslewe bevestig. Die kerkorde skryf dus nie 'n spesifieke onderwysmodel voor nie, maar vereis wel dat ouers hul kinders in die vrese van die Here sal onderwys. Ouers kan dan besluit om die tuisonderwys- of skoolonderwysmodel te volg, en sodoende handhaaf die kerkraad dieselfde toesig oor gereformeerde tuisskolers, as wat dit oor die hedendaagse privaatekool handhaaf, naamlik

[51] *Gereformeerd Kerkrecht,* deel I (Kok-Kampen, 1928), p.520.

oor die ouers wat die skool oprig en die onderwysers se leer en lewe:

... die artikel [beoog] alleen die toesig van die Kerkraad op die ouers... [en] ... Verder het die kerk ook seggenskap oor die onderwysers alleen in soverre hulle lidmate is wie se leer en lewe onder die toesig van die kerkraad staan.[52]

Om dit op te som: "As artikel in die kerk-orde is dit streng beperk tot die reëling van die kerkrade se verhouding tot die skool... [dit]... skryf nie voor om kerkskole te stig, te onderhou en te beheer nie. Dit is dus ook nie die taak van die kerk om ’n stelsel van onderwys uit te werk ofte verwesenlik nie. Die roeping van die kerk is alleen om toesig te hou oor die onderwys ..."

Dus, die kerkraad kan nie een model van onderwys [skoolonderwys] bo ’n ander model [tuisonderwys] verkies of voorskryf nie, maar hou alleen toesig oor die ouers en onderwysers van die twee modelle, volgens die gereformeerde belydenis.

**Dus, o.g.v. die gereformeerde doopsformulier en die Dordtse kerkorde, kan daar nie ’n prinsipiële afkeur wees van die tuisonderwysmodel nie, en kan aanvaar word dat gereformeerde tuisonderwys ook in lyn is, en tuis hoort in die gereformeerde tradisie.** Vervolgens, kyk ons na ’n histories-opvoedkundige perspektief op tuisonderwys.

## 3. HISTORIES-OPVOEDKUNDIG

"Geskiedenis is vir mense wat belangstel in die toekoms." - R.J. Rushdoony

’n Groot fout wat baie keer gemaak word in die debat oor die vraagstuk van of ek my kind gaan onderwys deur tuisonderwys of deur skoolonderwys, is om die plek van onderwys te verabsoluteer as die vertrekpunt en bepaler vir alle beginsels oor 'gereformeerde onderwys'. Prakties beteken dit dat as jy die doopbelofte aflê, jy outomaties ’n spesifieke adres het waarna jou kinders gestuur moet word vir onderwys. So het die verabsolutering van ander instellings ook plaasgevind in die geskiedenis, bv. in die Middeleeue: die kerk, en in vandag se samelewing: die messiaanse staat. As ’n mens egter besin oor die opvoeding in die algemeen, en meer spesifiek oor die onderwysplek as *een aspek* daarvan, dan is daar ten minste vyf aspekte wat beantwoord moet word deur elke verbondsouer t.o.v. onderwys[53]:

Vraag 1: Wat is die <u>fondament en standaard</u> van alle opvoeding en onderwys?

Vraag 2: <u>Wie</u> moet opgevoed word?

Vraag 3: Wat is die gereformeerde opvoedings- en onderwysdoel?

Vraag 4: Watter onderwys <u>inhoud</u> moet ek daarom aan my kind oordra om bogenoemde doel te bereik?

Vraag 5: Watter onderwys<u>metodiek</u> gaan ek volg om hierdie inhoud oor te dra?

Vraag 6: Waar en deur wie (onderwysplek; onderwysorganisasie) gaan my kinders onderwys word?

Vraag 7: Watter gesag en vryheid (onderwysdissipline) moet toegelaat word in hierdie onderwyssituasie?

Die vraagstuk na die onderwys*plek*, alhoewel dus baie belangrik, is dus slegs een aspek van die onderwysvraagstuk wat behandel moet word in die konteks van die ander vier aspekte. Nie tuisonderwys, en nie skoolonderwys is die standaard, bron of vertrekpunt, vir wat alles onder 'gereformeerde opvoeding en onderwys' verstaan moet word nie. Inteendeel, die enigste absolute norm en standaard wat vir altyd dieselfde bly, is die Woord van God en daaraan en daarvolgens moet hierdie vyf vrae beantwoord en in die praktyk gebring word. Dit

[52] G.P.L. van der Linde, *ibid,* p.87.

[53] Vir hierdie indeling, sien prof.dr. JC: Coetzee, *Calvin and the School,* in JT Hoogstra (red.), *John Calvin: Contemporary Prophet* (Philadelphia, Pennsylvania: Presbyterian and Reformed Publishing Co., 1959), p.197-225, sien spesifiek p.213. Sien ook TC Bisschoff en EG Kruger, *Boustene in die Metapedagogiek* (Durban: Butterworth, 2de uitgawe, [1981] 1985).

is dus belangrik dat ondersteuners van beide modelle, sal besef dat die ouer wat die doopbelofte aflê en die onderwyser wat help met die opvoedingstaak, al vyf hierdie aspekte -asook natuurlik praktiese oorwegings- in ag sal moet neem in die rigting van die opvoeding en onderwys van hul kinders.

Verbondsouers het die taak en verpligting om hul kinders op te voed, sodat hulle in hul totale menswees, God sal vrees en dien [2 Tim.3:17] Histories gesien, het die ouers nog altyd die meeste opvoeding en onderwys behartig. Kinders het geleer hoe om in hulle daaglikse behoeftes te voorsien, en is geleer deur vader en moeder. Soos die beskawing, mensheid en kennis al hoe meer uitgebrei het -veral ook die laaste paar eeue- het ouers begin vind dat hul nie alleen die taak van die opvoeding en onderwys kan behartig nie, en daarom is verdere hulp gaan soek. Weldra het ouers saam verenig en ’n gesamentlike opvoeder en onderwyser is verkry en aangestel, en 'daarmede was de [hedendaagse] school geboren."[54]

**Die Reformasie en Staatskole**

Skole het reeds by Israel, die Grieke en die Romeine vanuit die ouers uitgegaan, terwyl in die Middeleeue, skole hoofsaaklik vanuit die kerke uitgegaan het. In die Ode en 14de eeu het daar egter ook skole vanuit die stadsregerings en burgerlike owerhede na vore begin kom met die opkoms van die feodale stelsel. Dit is by die laaste model, waarby die Hervormers en die Dordtse Kerkvaders, ook by aangesluit het, alhoewel hul geglo het aan gereformeerde staatskole. Soos voorheen genoem, het die Hervormers oor die algemeen geglo dat skole vanuit die owerhede opgerig en beheer moet word. Daarmee het hulle nie die ouers se verantwoordelik vervang nie, want hulle het nogsteeds geglo dat:"... die opvoeding van die kind moet uitgaan van die ouers as die natuurlike deur God gestelde en aangewese opvoeders, maar dat die ouers hierdie taak van hulle mag [let wel: nie moet nie!] oordra aan ander beroepsmanne, en vroue-,onderwysers, wat in alle opsigte in die plek van die ouers mag [nie moet nie!] staan, in gees en rigting, in opvoedingsplig en -reg."[55]

Die Hervormers se pleit vir owerheidskole was prinsipiël-prakties van aard: Hulle wou graag hê dat die hele volk in beide geestelike en natuurlike sake weer opgevoed word, sodat elkeen hul Bybel kan lees, verstaan en gehoorsaam in die hele lewe. Dit is sterk te betwyfel indien enige van die Hervormers vandag nog sou gepleit het vir ’n staatskoolmodel, vir die opvoeding van ons verbondskinders.[56] In hulle tyd -in die reformasielande- was daar ’n eenheid tussen kerk en staat, d.w. s. dat albei instellings afsonderlik op sy eie terrein God se Woord gehoorsaam het, maar ook in eenheid met mekaar daarin saamwerk het. NGB artikel 36 bevestig ook hierdie eenheid, wat dus ook gevolge vir die opvoedingsorganisasie gehad het. Die Hervormers het dus geglo dat beide gesin, kerk en staat ’n rol te speel het in die opvoeding: "Die Beginsel van die Hervorming eis dat die onderwys en opvoeding moet uitgaan van die huis, maar dat die staat en die kerk daarby betrokke is."[57]

Luther word baie maal voorgehou as die groot voorstander van 'publieke of staatskole', sou dit vir hom die beste oplossing wees. Mark A. Noll, skryf egter: "the reformers placed great emphasis on the family's role in education. Indeed, as we have seen, Luther called for state-supported Christian education only after noting the reasons why parents were not fulfilling their educational responsibilities." Daar is egter verskil van mening onder gereformeerde opvoedkundige denkers oor Luther se standpunt. Dr. J. Woltjer skryf as volg:

> Opnieuw trad op den voorgrond het natuurlijke en door Gods Woord voorgeschreven beginsel, dat alle opvoeding en onderwijs van de ouders, van het huisgezin, behoort uit te gaan. 'Het recht' zegt Luther 'der ouders over hunne kinderen komt van God af ... De

[54] Bouwman, *ibid,* p.518. Sien ook: J. Veenstra, *Opvoeden doen we samen* (Goes: Oosterbaan & Le Cointre, 1985), p.9-36.

[55] Prof. dr. J.C. Coetzee, *Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde* (Johannesburg: Perskor, 1977), p.178.

[56] Sien Mark A. Noll se artikel: *The Earliest Protestants and the Reformation of Education,* in die Westminster Theological Journal, Vol.43 #1 p.97-131,Fall 1980.

[57] Ibid, p. 179.

> Staat as zoodanig of ook der Overheid komt het onderwijs niet toe en evenmin aan de Kerk: ook dat beginsel huldigt de Reformatie. Wel schijnt daartegen te strijden Luthers schrijven aan de burgemeesters en raadsleden van alle steden Duitschlands om Christelijke scholen op te richten en te onderhouden. En toch rechtvaardigt dat schrijven zelf ons beweren. Want nadat Luther de noodzakelijkheid der opvoeding en van het onderwijs der kinderen heeft betoogd, gaat hij dus voort: Ja, zegt gij, dat alles is tot de ouders gezegd, wat gaat zulks de raadsheeren en overheid aan? *Dat is rechtgesproken;* ja, maar hoe, indien de ouders zulks niet doen ? Wie moet het dan doen? Moet het daarom achterwege blijven en de kinderen veronachtzaamd worden? Hoe zal zich daar de overheid en de raad verontschuldigen, dat hun zulks niet zou betamen? De overheidschool is dus slechts een surrogaat, meer niet. Beter dat de overheidscholen opricht, dan dat de jeugd in't geheel niet wordt onderwezen en verwildert. Onder de oorzaken, waarom ouders niet zelf hunne kinderen onderwijzen, noemt Luther onverschilligheid, gebrek aan middelen, aan tijd en aan bekwaamheid. 'Er behooren bepaalde lieden daarvoor te wezen, die kinderen goed en behoorlijk onderwijzen en leiden moeten.' 'De nood dwingt er toe, gemeenschappelijk meesters voor de kinderen te houden, tenzij dan dat ieder voor zich zelf er een houden wilde. Maar dat zou den gemeenen man te zwaar vallen' ... Uit alles wat Luther over het onderwijs schreef en met hem de andere hervormers, blijkt echter genoegzaam, dat ook naar hunne meening, waar door ouders en particulieren voldoende voor het onderwijs gezorgd werd, de overheid er zich niet mede te bemoeien had.[58]

Hierteenoor, skryf dr. J. Waterink dat hy hom nie in geheel kan verenig met dr. Woltjer se uiteensetting nie. Volgens hom het Luther se hele betoog aan die burgermeesters juis daaroor gegaan om dat die oprigting van skole die owerheid se taak is. Hy skryf verder, dat vir Luther,

> 'de grond voor het bestaan van de scholen gelegen is in de maatschapij en in de staatsorde. En daarom komt ook aan de geestelijke en wereldlijke overheid het regiment in de school toe.... Blijkt uit dezen gedagtegang reeds, dat wij Luther moeilik kan annexeren voor 'de school an de ouders'... Naar onze opvatting is Luhter in zijn beschouwing over den staat zoowel in zijn verhouding tot de kerk als in zijn verhouding tot de school niet consequent geweest. Veel van de ellende, die het latere protestantisme beleefd het door de inmenging van de overheid inzake de richting van het onderwijs, vindt mede haar oorsprong in de wijze, waarop men in den tijd van de reformatie de overheid rechten en plichten in schoolzaken toekende. Het is hier nog niet de plaats voor een thetische uiteenzetting omtrent deze verhouding. Wel willen we nadrukkelijk erop wijzen, dat ook de Calvinistische reformatie althans in hare uitwerking en in haar optreden' in de historie de juiste verhoudingen niet heeft gezien."[59]

Uit eersgenoemde se betoog aangaande Luther, kan ons leer dat die ouers verantwoordelik is vir onderwys en nie die owerheid of kerk nie, en uit laasgenoemde se betoog, dat juis wanneer ouers hul verantwoordelikheid versaak het, of oorgegee het aan die burgerlike owerheid, dan het dit op die langtermyn slegte gevolge gehad.

So sien ons dat die Dordtse Sinode van 1618/9, die onderwys opgedra het aan huis, kerk en staat, en daarom moes daar ook huis-, skool-, en kerk-katkisasie wees. Die staat doen die oprig en onderhouding, die kerk moet toesien dat die onderwys Christelik is, en die ouers moet die kinders skool toe stuur en toesien dat hulle lesse gedoen is. Hierdie organisasie van die opvoeding en onderwys deur die hervorming -naamlik ʼn gereformeerde staatskool- het dan later ook in Nederland sy plek gevind en is na Suid-Afrika oorgeplant in 1652.

Baie belangrik, stel prof. J.C. Coetzee dit dat die skool [as opvoedings-hulpmiddel], toe eers [m.a.w. in die reformasietyd en daarna] ʼn betreklike selfstandige bestaan verkry het: die skool "staan apart van en naas die staat, kerk en die huis as ʼn vierde instelling van die samelewing

[58] *Wat is het doel van het Christelijk Nationaal Onderwijs?* (Kampen: Kok, [1910] 1936), p.58-60.

[59] *Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek: De Geschiedenis de Paedagogiek,* deel Ha (Zutphen: GJA Ruys, 1932), p.543-548.

met 'n eie taak."[60]

Dus, hier kry naas die drie Goddelik-verordineerde instellings [gesin, kerk en staat], die skool 'as vierde instelling' sy plek in die *moderne* samelewing. Hoewel 'n baie belangrike instelling, soos bv. die universiteit wat in die Midddeleeue onstaan het, moet dit onthou word dat dit nie 'n goddelik-verordineerde instelling is nie, maar 'n hulp-instelling is, wat as verlengstuk, as hulpmiddel, vanuit die gesin uitgaan. Dit moet nie langs nie, maar onder en in diens van die gesin staan. Die gesin is dus die natuurlike en Goddelike verordineerde instelling vir die opvoedende onderwys van die verbondskind, met die skool as hulpmiddel vir die gesin.

Prof. Dr. H. Bavinck skryf daarom tereg dat die onderwysers [en dus die skool]: "... nemen de plaats der ouders in, die onbekwaam of buiten staat zijn, om aan hunne kinderen het nodige onderwijs te verschaffen ..."[61] As ons dus begin om te vra oor die onderwys van my kind, dan begin ons by ons as verbondsouers se 'vermoë', en daarna vra ons na die hulpmiddels. Dit is 'n aspek wat baiemaal agterweë gelaat word deur verbondsouers in hul besinning oor gereformeerde onderwys.

Om die raad van prof. Rutgers te volg, sal elke gesin sy eie omstandighede in ag moet neem ,en voor God moet uitmaak, waar hul kinders opgevoed gaan word, en dat dit nie iets is wat 'n kerkraad [of 'n skoolbestuur] kan voorskryf nie.

Uit hierdie geskiedenis, en soos dr. Waterink ons op gewys het, blyk dit dus dat ons opnuut moet besin oor die verhouding opvoedende onderwys, t.o.v. gesin, kerk en die burgerlike owerheid. Ten einde is my eie standpunt soos volg:

- die ouers is verantwoordelik vir die oprigting, taak en instandhouding van die onderwys,
- die kerk is verantwoordelik vir die handhawing van die opsig en tug oor die ouers, kinders en onderwysers volgens 'die genoemde leer', en
- die burgerlike owerheid is verantwoordelik vir die handhawing van die nodige wet en orde in die samelewing, 'sodat ons (gesin en kerk) 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid,' en sodoende ook ons doopbeloftes kan nakom in opvoeding en onderwys.

**Verval van die onderwys**

Ongelukkig het die onderwys -veral in die twintigste eeu- al hoe meer los en selfs teen gesin en kerk begin funksioneer, en dit geld vir baie skoolonderwys. Sodoende is die onderwys taak so verakademiseer en verinstitusioneer, dat die onderwys net 'n taak van sekere 'experts' geword het. Ja, natuurlik glo ons dat God 'n verskeidenheid van gawes skenk, ook vir die onderwys, maar dit moet nie ten koste van gesin en kerk wees nie. Ons moet egter eerlik wees en erken dat 'onderwys' in baie aspekte 'n 'gesinsvreemde' onderwerp geword het.

Prof. OJ van Schalkwyk skryf dan ook 'n boekie met die titel: *Ouerbetrokkenheid by die Onderwys,* waarin hy duidelik sy misnoeë met die huidige 'ouerbetrokkenheid' wys, maar ook waardevolle 'riglyne vir 'n verantwoordeliker bedeling' gee.[62]

<u>Hier volg 'n paar opmerkings daaroor</u>: Prof. van Schalkwyk wys daarop dat ouers hoofsaaklik alle besluitneming, organisering en uitvoering van die onderwys self behartig het, maar soos die lewenswerklikheid al hoe meer ontplooi het en 'beskawingsontplooiing' toegeneem het, het die onderwys meer gespesialiseerd geraak sodat meer take ook van buite die huis gedoen

[60] Ibid, p. 179.

[61] Paedagogische Beginselen (Kok-Kampen, 1917), p. 16.

[62] Pretoria: NGKB, 1983. Die skrywer van hierdie artikel onderskryf nie alle beginsels en riglyne wat deur prof. van Schalkwyk deurgee word nie. My hoofkritiek, is dat hy aan alle instellings 'mede-seggingskap' in die onderwys wil gee. My standpunt is dat alhoewel alle instellings beïnvloed word en belang het in die onderwys, nie almal noodwendig seggenskap daarin het nie. Die ouers het alle seggenskap, maar relatief onder God, volgens Sy Woord. Slegs God het absolute seggenskap. Hierdie boekie is beskikbaar teen R30-00 [fotostate] by *Esra Boeke.*

is. Geleidelik is die onderwys in allerlei verskillende fasette verdeel en onder verskillende instellings volgens take ingedeel, sodat ons ten einde die hedendaagse onderwysstelsel het, wat ons vandag ken.[63] Wat was die gevolge hiervan? Hy skryf:

> Die ouer wat die primêre opvoeder en leermeester van sy kind is, het as gevolg van die beskaafwording van die wêreld geleidelik sy regmatige aandeel daarin verloor. In plaas daarvan dat die beskawingsproses - wat altyd orde, veredeling, verdieping en verbetering op die oog het - die ouer se taak en verantwoordelikhede in die opvoedende onderwys uitgebou en verdiep het, het dit net die teenoorgestelde veroorsaak. Die ouer is al meer uitgeskuif en besit vandag feitlik geen inspraak of seggenskap in sy eie sake nie. In plaas van dat die beginsel gehoorsaam is ... het die mens in sy ongehoorsaamheid en blindheid om God se skeppingsordinansie te erken en eerbiedig, teen-natuurlik sy eie reëlings getref en so die ware opvoeder van die kind geleidelik uitgeskakel. In sy haas om homself te verryk (materialisme) en sy ekonomie te laat groei, het die mens die wesenlike lewenswaardes wat veral na vore kom uit 'n rustige en ware geestelike ontmoeting tussen opvoeder (ouer en onderwyser) en kind laat verlore gaan ... En ons sit met die resultate ...
>
> Die taak wat by die ouer alleen moes gebly het maar wat hy as gevolg van beskawingsontplooiing noodwendig moes 'verdeel', het totaal uit sy hande geraak. In plaas van beskawingsbloei en -vooruitgang, sit ons vandag in die ware sin van die woord met beskawingsverval; wat heil moes wees, het in onheil ontaard. En dit omdat die ware opvoeder se wil, wense en begeertes nie ook volledig gereken word nie. Vandag is hy slegs betrokke by die minder wesenlike sake van die onderwys [sport, administrasie, busse bestuur, klere verkope, fondsinsameling, ens?] en het hy ook totaal verleer wat hom te doen staan. ... Die meeste ouers reken dat die heel belangrikste deel van hul opvoedingstaak afgehandel is die dag wanneer hulle kind by die skool ingeskryf is. Bly daar dan nog vir hom iets oor om te doen? Het hy nog enige eise en seggenskap oor wat daar met sy kind gaan gebeur? Kan hy nog enige eise stel of kan en moet hy maar 'n onbetrokke toeskouer word?... Die kern van die probleem is egter dat ouerbetrokkenheid in die onderwys in die Republiek van Suid Afrika nog glad nie tot sy reg kom nie. *...*[64]

Uit bogenoemde is dit duidelik afleibaar, dat in die gewone gang van sake, 'privaatskole' baie beter en doeltreffender 'ouerbetrokkenheid' bewerkstellig, as jou 'staatskole,' terwyl tuisonderwys natuurlik jou mees doeltreffende en beste ouerbetrokkenheid kan wees.

Nadat prof. van Schalkwyk op die volgende probleme/oorsake van swak ouerbetrokkenheid wys, naamlik:

i. die burokratiese struktuur van die onderwys neem die inisiatief weg van die plaaslike vlak, terwyl alles op die sentrale vlak bedryf word,

ii. die staat bepaal die beheer, beleid en praktyk van die onderwys, en

iii. Die ouergemeenskap ken oor die algemeen nie hul hul 'ouerreg' ten opsigte van die kind-in-die-onderwys nie; word die volgende baie belangrike oorsaak vir die probleem van ouerbetrokkenheid genoem , wat veral vir ons besinning oor tuisonderrig belangrik is. Prof. Van Schalkwyk skryf:

> Die onderwys word eerstens as 'n te gespesialiseerde saak waarvoor professionele kennis en kundigheid nodig is, beskou. Die vraag is of dié beskouing prinsipieel geregverdig kan word. Beskik die ouer as die natuurlike en primêre opvoeder nie oor genoeg kennis, kundigheid en aanvoeling om as 'n volwaardige vennoot 'n betekenisvolle bydrae te kan maak nie? As gevolg van dié beskouing het ouerbetrokkenheid geleidelik vervlak tot enkele nie-problematiese terreine soos toesig

[63] Ibid, p. 8,9.
[64] Ibid, p. 9,10.

> oor fisiese geriewe en aanbeveling van applikante vir vakatures, terwyl ouers weinig inspraak in die wesenlike sake te lewer het.[65]

Hier word die kundigheid van baie ouers tereg erken, ook vir wesenlike sake [bv. opvoedingsfilosofie, kurrikuluminhoud, aanbieding, ens?]. Gesien in die lig van die tuisskool-opsie, wil ouers dan ook weer betrekke raak in die wesenlike sake van hul kinders se onderwys, d.w.s. om ook hul kinders se kurrikulum en die aanbieding daarvan, self te doen en dit nie noodwendig te 'laat' doen nie. Dit beteken ook wel dat nie alle ouers dit sal kan regkry nie, en daarom glo ek juis ook aan die 'na vermoë" te onderrig en te laat onderrig beginsel vir die onderwys. Die feit dat sekere ouers dit dus nie kan doen nie, verhoed egter nie dat daardie ouers wat dit wel kan doen, om dit te doen nie. Ons moet dit juis aanmoedig, omdat dit die verbondsgemeenskap juis ten goede kan wees.

As 'n mens verder ook die hedendaagse tegnologiese ontploffing in ag neem, word baie dinge vir 'n gesin - en veral vir groot gesinne! - weer moontlik om self te doen, want wat a.g.v. die 'beskawings-ontploffing' 'onmoontlik' geword het, word nou weer deur die 20ste-eeuse tegnologiese en wetenskaplike ontploffing weer 'moontlik'. Al die huisbehore, soos bv. yskas, wasmasjien, mikrogolfoond, stofsuier, ens., – om nie eens die rekenaar, internet, fotostaatmasjien te noem nie! - maak dit vir die tuisteskepper moontlik om meer as een taak te verrig, teen 'n vinniger tempo.[66] Verder, wat die 'kundigheid' betref van die ouers en spesifiek die vrou [wat natuurlik die meeste 'amptelike' onderrig sal gee in 'n tuisskool], kan opgemerk word dat die gemiddelde huisvrou reeds 12 jaar 'skoolondervinding' [12 grade!] het, plus dat baie reeds, ook nog grade of diplomas op universiteit/technikons behaal het. Tydens die reformasie in die 16de eeu het die hervormers juis gepleit vir 'volksopvoeding', sodat die mense in die algemeen weer geletterd kan wees, hul Bybels kan lees en sodoende ook mekaar kan opvoed Vandag se ouers is baie meer geletterd as ons voorgangers, wat dit vir hul weer baie meer moontlik maak om self tuisonderwys te gee, as bv. vier eeue gelede.

Vir eeue het Rome die lidmaat en die gesin as 'onkundige leke' behandel. Die reformasie het daardie binding, deur die genade van die Here gebreek: "Ook bij de Reformatie bleef het godsdienstig onderwijs op den voorgrond staan. Calvijn bijv. dringt krachtig op het stichten van scholen aan, omdat onkunde eenebondgenoote van het pausdom is en het onderwijs een machtig wapen biedt in den strijd tegen de Roomsche dwalingen; het onderwijs aan de kinderen had voor ten doel, om de waarheid zuiver en onvervalscht in de kerk bewaard te doen blijven. Daarom trok de kerk de belangen van dat onderwijs zich ook ten zeerste aan."[67]

Mag hierdie breek van die valse skeiding/teenstelling tussen priester en leek; kundige en onkundige nog verder verbreek word. Ons glo mos aan die 'koningskap-, priesterskap- en die profeetskap van alle gelowiges." Mag God ons krag gee om ook hierdie kerklike reformasie van die 16de eeu, te laat deurwerk op die 21ste eeuse opvoedingsfilosofie en praktyk, beginnende by die gesin, want: "Het huisgezin is toch en blijft het opvoedingsinstituut bij uitneemendheid ... Geen school, geen kazerne, geen kinderhuis, geen rijksopvoedingsgesticht kan het huisgezin vervangen of vergoeden."[68]

Ons moet onthou dat ons voortdurende reformatore moet wees, en nie soos 'konserwatiewes,' moet vasklou aan die verlede net omdat 'ons-dit-nog-altyd-so-doen' nie. God se Woord bly vir ewig, maar die vorme waarin die onderwys voortkom [staatskole, privaatskole, tuisskole] kan na gelang van tyd **wissel of verskil.** Verbondsmatige tuisonderwys, is dus nie revolusionêr nie, **omdat dit** juis in gehoorsaamheid aan die Skrif en gereformeerde belydenis wil funksioneer **binne die** gemeenskap van die gelowiges, tot groei van Christus se Kerk, en **tot**

[65] Ibid, p. 13.
[66] Vir hierdie insig, dank aan my pragtige lesende-hardwerkende vrou. Sy beveel die boeke van Mary Pride sterk aan vir alle tuisteskeppers, in die besonder: *All the Way Home: Power for your Family to be its Best,* beskikbaar by Esra Boeke.
[67] H. Bavinck, ibid, p.96.
[68] *Het Christelijk Huisgezin* (Kampen: J.H. Kok, 1908), p.138, 139.

**uitbreiding van** Sy Koninkryk.

**Opsommend**

Deur die geskiedenis, het gelowiges verskillende onderwysmodelle gebruik om hul kinders te onderwys, soos wat die omstandighede dit baiemaal bepaal het. **Daarom, kan tuisonderwys nie o.g.v. opvoedkundig-historiese redes of tradisies prinsipieel afgekeur word nie, in is dit juis in lyn met die verantwoordelike omgaan met die keuse waar en deur wie ons kinders onderrig gaan word.** Vervolgens sal daar in die volgende afdeling gekyk word na sekere praktiese sake wat 'n rol kan speel in die besluitneming vir tuisonderwys.

## 4. PRAKTIESE SAKE

### 4.1. Kundigheid en praktyk

Dus, as ouers weer ook die onderwystaak op hulself wil neem, dan is dit wonderlik, en moet ons vra hoe ons daarmee kan help? As 'n gekwalifiseerde onderwyser met bietjie ervaring binne en buite skole, kan ek eerlik sê dat die sogenaamde 'kundigheid' van die onderwysberoep, in die meeste gevalle deur enige ma of pa met matriek, baasgeraak kan word [veral wat laerskoolvlak betref]. Studies het bewys dat kinders in tuisskole, wat deur moeders opgevoed word en wat slegs matriek het, netso en in baie male beter presteer as kinders in institusieskole [sien die volgende webblad vir navorsingsresultate oor tuisskoling: http://pestalozzi.org/homehelp/navorsing.html.

Ons het ongelukkig van die onderwysberoep een of ander 'hoër-heilige' beroep gemaak, wat net deur sekere 'experts' gedoen mag word, maar myns insiens kan ons almal 'onderwysers' wees, veral ouers. Moet my asb. nie misverstaan nie, natuurlik sal daar soos in enige vakgebied, sekeres wees wat meer in diepte 'n saak bestudeer en waarvan ons die vrugte goed kan gebruik, en sal sekere ouers meer weet as ander ouers oor sekere vakke, maar daar waar die 'tyre die teer slaan', m.a.w. in die algemene praktiese pedagogiese situasie by die huis, glo en is ek oortuig dat die gemiddelde ouer [wat die drie ABC's[69] van die lewe het] netso, en in baie gevalle baie beter onderwys kan bied as in skoolonderwys. Verder, die toenemende opvoedkundige en tegnologiese ontwikkelinge van die afgelope paar dekades, maak dit vir die ouer Al hoe meer moontlik om verbondskinders tuis te onderrig. Totius skryf tereg,

Ons kan gerus sê dat ons beste kerkmanne nou nog diegene is wat nooit 'n staatskool gesien het nie, maar net geleef het uit dit wat van vader of moeder geleer is, aangevul deur die onderrig in lees en skryf, wat van die huisonderwyser ontvang is. En daardie werk seën God nou nog. Ons beste katkisante kry ons uit die huise waar vader en moeder in staat is om hulle kinders 'n Gereformeerde opvoeding te gee. Ja, selfs die aanwesigheid van 'n nie so slegte staatskool kon in hierdie opsig die gebrek van die ouers nie aanvul nie.[70]

Hieruit kom nog 'n belangrik punt na vore: 'n tuisskool beteken nie dat net pa of ma al die onderwys moet doen nie. Daar kan wel uitsonderlike gevalle wees waar 'n ouer alles kan aanbied, maar die belangrikheid is wel, dat dit hoofsaaklik deur die ouers gedoen word wat dan aanvullende hulp soek waar nodig... net soos alle onderwys by skoolonderwys, nie net deur die onderwysers gedoen word nie, maar ook gehelp word deur die ouers en ekstra klasse wat deur ander kundiges aangebied word.

4.2. Die gesin as basis vir sosialisering

Totius skryf weereens:

Die geskiedenis bewys dat as die huisgesin gesond is, beide kerk en staat bloei. Die huisgesin is die bron van die menslike samelewing. Gee ons dus gereformeerde huisgesinne, en die

[69] A = alfabet; B= Bybel; C= calculus (wiskunde)

[70] *Versamelde Werke,* deel 2 (Kaapstad: Tafelberg, 1977), p.372.

Gereformeerde Kerk sal bloei. Anders gaan ons gewis ʼn donker toekoms tegemoet.[71]

Hieruit is dit duidelik, dat die gesin die basiese bousteen van die samelewing is en nie die skool -soos die humanisties-empiristiese filosoof, Dewey- dit bv. wou hê nie. Die skool is, soos dr. J. Woltjer dit geskryf het, ʼn hulpmiddel vir die ouer in sy opvoedingstaak. Dus, die gesin wat trou is aan sy roeping van Gen. 1:28 en Matt. 28:18-20, is ʼn baie beter pedagogiese ruimte en voertuig om die kind te 'sosialiseer' vir sy roeping en taak hier op aarde, op elke lewensterrein.

Tuisskoolouers is meestal godsvresende vaardige, roepingsbewuste mense, wat glo die gesin en nie die skool nie, is die primêre bousteen van beide kerk en staat, van waaruit die kind opgevoed word om as koning, priester en profeet sy plek op elke lewensterrein ANTITETIES vol te staan. Die tuisskool kind kom met verskillende mense en ouderdomme in kontak, binne en buite die gesin, maar wel meestal in gesinsverband. Waarom is dit sogenaamd "beter' om dit in skoolverband te doen? Daar is geen legitieme rede daarvoor nie

Bavinck skryf tereg dat onderwys nie die geheel van die opvoeding is nie, en beperk onderwys tot die kenvermoë deur waarneming, verstand, rede, ens., wat dan deur oefening ontwikkel word. Met vandag se skole wat basies 'alles' aanbied: van werklike onderwys tot kultuuraktiwititeite, uitstappies, sport, sokkies, toere, naskoolse sorg, ens., kan die vraag kom: waarvoor is die huise dan nog nodig? Die antwoord is natuurlik: waar moet die kinders dan eet en slaap? Maar daarvoor is ook al ʼn antwoord uitgedink: koshuise!.

Verder, kan die vraag gevra word: hoe toets ʼn mens nou werklik of ʼn kind 'sosiaal' aangepas is. Is die groep [ongeag of dit nou die Nuwe S.A., die 'volk' of selfs die kerkgemeenskap is] die norm of standaard? Myns insiens moet ons kinders geleer word om roepingsbewus te wees en bybels te dink op al hierdie genoemde terreine, en nie die meerderheid of die minderheid te volg in wat verkeerd is nie [Ex.23:l-3; 2 Kor. 10:5,6].

Ons samelewing is al hoe meer gebaseer op individualisme, en nie meer op verbondsgesinne wat as deel van die gemeenskap van die heiliges funksioneer nie, en daarom moet ons waak met die stelling om die kind op te voed om in ons samelewing te funksioneer. In studies wat in die VSA gedoen is, is uitgewys dat die kinders en ouers van tuisskole op geen manier ʼn agterstand het op die kinders en ouers van gewone skole nie, en dit sluit goeie christelike privaatskole in. Inteendeel, in die meeste gevalle is die kinders sosiaal, intellektueel en moreel beter daaraan toe in tuisonderwys as in skoolonderwys.

Omdat tuisskole nog nie so oud is in S.A. nie, veral nie onder gereformeerdes nie, daarom dink ek moet ons voorlopig versigtig wees om nog voordat ons die Vrugte' daarvan gesien het, of dit goed of sleg is, finale uitsprake daaroor te maak. In die VSA is die meer as miljoen kinders wat nou al tuisskool ondergaan, ʼn groot seën vir die christendom en opvoeding in daardie land.

Dit sal dus goed wees as ouers, kerke, opvoedingsinstansies, ens. ook die nodige aandag skenk aan die tuisonderwys opsie, en dit erken as ʼn mede-opsie in die keusebesluit oor wie en waar gaan my kinders geskool word. Dit is verder my siening dat die tuisonderwys ook ons kerk- en volkslewe ten goede sal wees, deur die gesinsbande sterker te maak.

Tuisonderwys bevorder groter verantwoordelikheid by die ouers vir die kind se opvoedingsontwikkeling en is natuurlik ook finansieel meer haalbaar aangesien salarisse, skoolgeboue, ens., nie benodig word nie. Ouers kan ook groter en beter individuele aandag verskaf aan hul kind se behoeftes terwyl elke kind ook op sy eie tyd kan vorder, sonder om ander kinders terug te hou. Ouers, en veral moeders sal ook daardeur gedwing word om studente te bly van beide God se Skriftuur en Natuur, ʼn taak wat baiemaal aan die predikant en onderwyser oorgelaat word.

Moeders se rolle as tuisteskeppers en opvoeders van hul kinders word dan ook opnuut beklemtoon en herwaardeer, want tuisonderrig vereis harde werk, baie studies en opoffering,

[71] *Ibid,* p.373

maar die resultate daarvan is baie geseënd. Ten einde kan ŉ ouer alleen die wet van God aan hul kinders voorhou, as dit reeds in hul eie harte en lewens is (Deut.6:6), en kan ouers ook beter gesag en dissipline handhaaf oor hul eie kinders. Die metodes van tuisonderrig, wat meer selfstandige studies vereis van die kind, berei hul ook beter voor vir naskoolse opleiding.

Verder het toetse in die V.S.A. bewys dat tuisskoolkinders gouer volwasse word, makliker sosialiseer en meer verantwoordlik is as kinders in gewone skole [sien die MA Sc. proefskrif van Thomas C. Smedley: *The Socialization of Home School Chitdren: A Communication Approach,* Radford University, May, 1992).

Verder, kan ook genoem word dat die veeleisende eise van kerkaktiwiteite, skoolaktiwiteite en samelewingdruk, die gesin versplinter het in individualisme, waar elke lid van die gesin sy eie program en agenda het om te volg en sodoende by mekaar verby leef. J. Veenstra, direkteur van die gereformeerde basisskool 'De Rank' te Emmen, Nederland, beskryf hierdie verval soos volg:

Desondanks speel die skool ŉ groot rol in die opvoeding van die kind. Hierdie rol kan so groot word dat die skool ŉ opvoedingsinstituut word en die gesin dan aftakel tot ŉ hotel, waar die kind slegs eet en slaap... Nou aan die einde van die twintigste eeu, waar die huwelik en gesin al meer onder politieke en maatskaplike druk kom, is die besinning van die plek en taak van die gesin en skool van groot belang.[72]

Ons sal dus vandag onsself duidelik moet afvra of ons nog as ouers besig is om ons kinders in die verbond groot te maak (deur ook die hulp van die kerk en skool te gebruik), en of ons daardie taak nie dalk weg gedelegeer het na ander persone en instansies nie.

Tuisonderrig kan ŉ instrument wees om die lewe van die huisgesin in die verbond weer in sy regmatige plek te herstel, in diens van Christus se Kerk en tot uitbreiding van Sy Koninkryk oor die hele aarde (Jes.59:21).

**Dus, o,g.v. praktiese sake soos kundigheid en sosialisering, hoef die tuisonderwys opsie nie noodwendig afgekeur te word nie, en is dit juis ŉ haalbare en praktiese verantwoordelike opvoedkundige en onderwyskeuse.**

Daarom, in die antwoord op waar en hoe ek my verbondskind opvoed, is tuisonderwys ŉ verantwoordbare gereformeerde opsie wat deeglike oorweging verdien, veral vir die oorweldigende praktiese voordele daarvan in die hedendaagse onderwys- en samelewings opset in Suid-Afrika.

Gereformeerde tuisonderwys is en wil nie individualisties besig bly los of in stryd met kerk en volk nie, en wil dus ook nie in isolasie van die kerk en samelewing geskied nie, maar wil juis die samewerking van verbondsouers binne die gemeenskap van die gelowiges optimaal stimuleer, met die oog die vorming van ŉ gereformeerde opvoedingsvisie en leefwyse.

Soos met gereformeerde skoolonderwys, moet gereformeerde tuisonderwys se opvoedende-onderwysdoel, onderwysinhoud en onderwysmetode bepaal word deur ons gereformeerde verbondsbeskouing gebaseer op die Skrif en belydenis, asook die geloof, karakter en lewensbeskouing van die onderwysers/ouers wat daaruit moet voortvloei. Laat ons daarom versigtig en ingelig wees in ons keuses aangaande onderwysmodelle.

## 5. SLOT

Meeste tuisskool ouers sal wel in die praktyk van hulp [wil en kan] gebruik maak, buite die huis, maar dit maak nie daarvan dat dit nie meer tuisonderwys is nie. Net soos ŉ skool nie ŉ tuisskool word sodra een van die kinders se ouers daar skool gee nie, netso verander ŉ tuisskool nie in ŉ gewone skool as dit ook mense buite die huis gebruik vir sekere dele van die onderwys nie.

Ten einde beteken dit dat baie ouers gebruik gaan maak van beide modelle, en daarom het

[72] *Opvoeden doen we samen* (Goes: Oosterbaan & Le Cointre, 1985), p.9.

ons as gereformeerdes 'n roeping om albei se gereformeerde identiteit en kwaliteit te ontwikkel, handhaaf en uit te bou.

Ek wil eindig deur die sewe opvoedkundige-onderwys vrae wat ek gestel het hierbo, te probeer beantwoord. Soos reeds genoem, is dit hierdie vrae wat die identiteit en kwaliteit van gereformeerde onderwys gaan bepaal, vir beide tuisonderwys en skoolonderwys wat gereformeerd wil wees en bly. My antwoorde is as volg:[73]

**Vraag 1:** Wat is die fondament en standaard van alle opvoeding en onderwys?

**Antwoord:** *Die Heilige Skrif, nl. die hele Skrif alleen (sola et tota Scriptura) is die fondament en standaard van alle opvoeding en onderwys.*[74]

**Vraag 2:** Wat is die gereformeerde opvoedings- en onderwysdoel?

**Antwoord:** *Sodat die mens volkome toegerus kan word, om God Drie-enig te eer en te dien volgens Sy Verbondswoord op alle terreine van lewe en denke, in verhouding tot sy naaste.*[75]

**Vraag 3:** Wie moet opgevoed word?

**Antwoord:** *Die mens in sy totaliteit, wat geskape is na die beeld van God, geroep is om die aarde te bewoon, bewerk en bewaak, wat in sonde geval het, en in Jesus Christus - uit genade deur die geloof alleen - herstel word om God te eer.*[76]

**Vraag 4:** Watter onderwys inhoud moet ek daarom aan my kind oordra om bogenoemde doel te bereik?

**Antwoord:** *Skriftuur en natuur, soos ons geleer word in NGB artikel 2. Dit behels kennis van God, die mens en die skepping in sy eenheid en verskeidenheid, d.w.s. sy totale omvang. Dit omvat die hele skepping en die Woord waardeur ons na die hele lewe moet kyk.*[77]

**Vraag 5:** Watter onderwysmetodiek gaan ek volg om hierdie inhoud oor te dra?

Antwoord: *'n Spesifieke metodiekkan nie verabsoluteer word nie. Die metodiek moet in lyn wees met die antwoorde van vraag 1 en 2, en moet suksesvol vraag 3 kan oordra. Die metodiek kan ook verander en aangepas word na gelang van die ouderdom en ontwikkelingvan die leerder. Aangesien Christene 'mense van die Boek en Woord is,' is dit wel nodig dat die opvoeding en onderwys 'woordgesentreerd' is, i.p.v. 'visueelgesentreerd'. Hier sal ek 'n 'ABC metodiek' wil voorstel, nl. 'n kurrikulum en metodiek wat as basis het, en gesentreer is om die kundigheid en vaardighede van tale A=alfabet, Bybel (B=Bybel), en getalle* (C=calculus)[78]

**Vraag 6:** Waar en deur wie (onderwysplek; onderwysorganisasie) gaan my kinders onderwys word?

**Antwoord:** *Alle ouers is en bly verantwoordelik om hul kinders op te voed, ook deur die onderwys. Die onderwystaak kan selfverrig word (tuisonderwys), of gedelegeer word*

---

[73] Sien die boekelys by die *Esra Boeke* afdeling.

[74] Sien NGB artikels 2-7,25; WCF, hfst.l:6; L. Berkhof&C. Van Til, *Foundations for Christian Education: Addresses to Christian Teachers* (Phillipsburg, New Jersey: P&R Pub. Co., 1990); A. Janse, *Het eigen karakter de Christelijke School* (Kampen: Kok, 1935).

[75] *Het Verbond der Genade bij Calvijn* (Aalten: De Graafschap), p.162. Sien ook Bavinck, *ibid,* p.30; WG van der Schyf, *Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys* (Jhb.: Afrikaanse Persboekhandel, 1969).

[76] GF Pels, *Het kindbeeld gewogen* (Goes: Oosterbaan&Le Cointre, 1986); GH Clark, *The Biblical Doctrine of Man* (Jefferson, Maryland: The Trinity Foundation, 1984).

[77] RJ Rushdoony, *The Philosophy of the Christian Curriculum* (Vallecito, CA: Ross House Books, 1985); A. Janse, *Opvoeding en Onderwijs: Verzamelde Artikelen* (geen publikasie inligting nie)

[78] D Wilson se *Recovering the Lost Tools of Learning: An Approach to Distinctively Christian Education* (Wheaton, Illinois: Crossway Books, 1991); en *Repairing the Ruins: The Classical and Christian Challenge to Modem Education* (Moscow, Idaho: Canon Press, 1996).

*(skoolonderwys).*[79] *In die beantwoording van hierdie vraag, moet ook gelet word om die verhouding gesin, kerk en staat t.o.v. opvoeding en onderwys.*[80]

**Vraag 7:** Watter gesag en vryheid (onderwysdissipline) moet gehandhaaf word in hierdie onderwyssituasie?

**Antwoord:** ŉ *Handhawing volgens God se geregtigheid én liefde, van toepassing in die opvoedings- en onderwyssituasie. Dus, God se wet en evangelie moet as basis dien vir liefdevolle en regverdige toepassing van gesag en vryheid. Die dissipline en roede moet dus regverdig en liefdevol toegepas word.*[81]

Mag ons enigste en ware Leermeester, Jesus Christus ons in alle wysheid en waarheid lei (Kol. 2:3, 8), sodat ons ook in die opvoeding en onderwys aan sy wil gehoorsaam sal wees. Mag ouers binne die raamwerk van die gemeenskap van die heiliges, mekaar se hande vat, om sodoende gereformeerde onderwys in sy geheel te kan bevorder.

Laat John Perry se skrywe vir ons ŉ waarskuwing wees:

*Once again, as these dedicated Christian parents take a stand for what is biblically sound, they are castigated for being to 'radical' by not only secular society... but also, sad to say, their own churches.*[82]

Laat ons juis in die tye wat ons lewe, ons oë gefokus hou op die God van die verbond, en van Hom al die wysheid vra om die regte keuses te maak vir ons verbondsnageslag. Laat ons mekaar help en ondersteun, vir die bevordering van gereformeerde onderwys, ongeag die model wat my broeder en suster gekies het, en laat ons mekaar aanhou bind aan Skrif en belydenis.

**Ten einde, hoop ek dat ek dit bv u kon tuisbring dat:**

- **God die ouers as die primêre opvoeders aangestel het,**
- **wat wel hulpmiddels [bv. die skool] kan gebruik, maar dit mag nooit hul eie verantwoordelikheid wegneem nie.**
- **Indien ouers die onderwystaak self wil verrig, is dit ook nie in stryd met die Skrif of die gereformeerde tradisie nie, en**
- **kan dit ook opvoedkundig histories verantwoordbaar wees,**
- **ook in die praktiese sake van die alledaagse opvoeding en onderwys.**

Ten einde, kan ons saamstem met die woorde van Donald van Dyken,[83] wanneer hy skryf:

One further development today is pregnant with promise for the future, and that development is **homeschooling and Christian schools.** If you are attracted to this movement, you have grasped **an essential covenant concept,** whether or not you believe in infant baptism as the historie church has. For the covenant concept teaches that God sets apart children of believers and on the foundation of nis promises expects **the covenant home and church to nurture them in bis Word and** ways.... As you have gone through the trails of homeschooling or setting up a Christian school, you have found and appealed to God's promises about your children. The evidence, then, is that believers are leaving decaying mainline churches; others are disillusioned with the circus atmosphere of many modern evangelical churches, Both are returning to find union with the doctrine, worship, and God-ordained order of the historie

[79] CJ Klicka, *The Right Choice: Homeschooling* (Gresham: Oregon: Noble Pub. Associates, 1995); J. Veenstra, *Opvoeden doen we samen: over de eigen plaats en taak van gezin en school* (Goes: Oosterbaan&Le Cointre, 1985); SL Blumenfield, *Is Public Education Necessary?* (Biose, Idaho: The Paradigm Company, 1985.

[80] Sien die tabel op bl.6.

[81] JJ Du Toit, *Vryheid en Gesag in die Opvoeding: Histories en Krities* (Pretoria: JH De Bussy, 1954); JR Fugate, *What theBible says about Childtraining* (USA: Full Quart Press, 1998).

[82] W. O. Einwechter (ed.), *Explicitly Christian Politics* (Pittsburgh: Christian Statesmen Press), p.209.

[83] Predikant en kategeetkundige van die *Orthodox Christian Reformed Church,* Sunnyside, Washington, VSA.

church. Paradoxically yet biblically, as believers are turning to the past, they are also looking to the future. They are thinking generationally. **The hearts of the fathers are returning to their children** (Mal. 4:6).[84]

Hieruit blyk, dat vir gereformeerde tuisonderwys én skoolonderwys, nie die verval van morele, akademiese, kulturele, ens., standaarde (alhoewel baie belangrik) nie die primêre redes behoort te wees om hul te onttrek aan hoofstroom onderwys nie, maar die verbondseis om in die hele lewe - d.w.s. ook in die opvoeding en onderwys - konsekwent getrou te wees aan die doopbelofte, soos dit verwys na die Skrif en belydenis vir die hele lewe.[85]

Mag ons Here Jesus ons genadig wees, en weer op die regte paaie van die Skrif, spesifiek Deut.6; Ps.78; die doopsformulier en die kerkorde lei, sodat ons in alles, weer kinders vir Hom sal opvoed, wat Sy Naam en eer in alles vooropstel. Die vraag bly egter: Is ek en jy, in die omstandighede waarin ons nou verkeer, bereid om die offers te bring vir ons verbondsnageslag, en vir die groei en uitbreiding van Christus se kerk en koninkryk? Ten einde, moet ons almal erns maak met die volgende woorde van proff. Bavinck en Van Til, waarmee ek afsluit:

"Toch, hoe droef dit alles ook zij en welke inspanning het ook kosten moge, om op te roeien tegen den stroom van den tijd, Christenen mogen hun gedrag niet laten bepalen door den geest der eeuw, maar hebben zich te richten naar den eisch van Gods gebod."[86]

"Christ has assigned to his followers the task of breaking down the works of darkness everywhere. These works must be broken down *absolutely.* The soldiers of Christ must give no quarter to the enemies of Christ. And as they are on their daily search-and-destroy mission, this mission must begin with the daily cleansing of their own hearts."[87]

[84] *Rediscovering Catechism: The Art ofEquipping Covenant Children* (Phillipsburg, New Jersey: P&R Pub. Co., 2000), p.6,7.
[85] Ds. van der Vegt skryf tereg: 'Het leven van een Christen is - of men't woord noem of niet - een leven in het verbond. Alle verhoudingen van het Christenleven zijn daarin geordend. Alle vormen en verbanden van het Christelijk samenleven zijn er in begrepen. Daarom is er geen arbeid en arbeidsterrein, dat buiten het verbond valt. Ook het terrein van't Christelijke onderwijs is verbondsterrein', ibid., p. 144,145.
[86] *Ibid. p. 184.*
[87] In William White, Jr., Van Til. *Defender of the Faith* (Nashville, 1979),p.202.

**Welgeluksalig is elkeen wat die HERE vrees, wat in sy weë wandel! Die opbrings van jou hande sal jy sekerlik eet; gelukkig is jy, en dit gaan met jou goed! Jou vrou is soos ’n vrugbare wingerdstok binne-in jou huis; jou kinders soos olyfboompies rondom jou tafel. Kyk, so sal sekerlik geseën word die man wat die HERE vrees. Mag die HERE jou seën uit Sion, dat jy die voorspoed van Jerusalem mag aanskou al die dae van jou lewe! En dat jy jou kindskinders mag aanskou! Vrede oor Israel! - Ps.128**

**Dr. MC Durand,** is ’n algemene chirurg en lektor verbonde aan die Universiteit van Pretoria, asook die stigter van die *Stigting van Etiese Medisyne.* Hy is getroud met Riemke en hulle het vyf kinders.

# Die Gesin as Bousteen vir Tuisonderwys

*Dr MC Durand*

## Inleiding

Niemand sal dit kan ontken nie: Die tuiste is onontbeerlik vir tuisonderwys. Sonder ŉ tuiste sal geen tuisonderwys moontlik wees nie. Sonder kinders in die tuiste sal daar ook geen tuisonderwys kan wees nie. En sonder ouers in die tuiste sal daar ook nie tuisonderwys kan wees nie. Inderdaad, sonder tuiste, sonder ouers, en sonder kinders sal die gesprek oor tuisonderwys nie veel sin maak nie.

Maar wat sou die tuiste wees?

Wie vind ons in die tuiste?

En wat op aarde is hulle mee besig?

Met hierdie vrae wil ek in hierdie referaat besig wees.

## Wat is die tuiste?

Dit is moeilik om voor te stel of daar n adres is wat vandag so ontken word as die adres van die tuiste. Ons ken die adres van die huis. Ons ken die posadres. Ons ken selfs die straatadres. Maar hier gaan dit oor die tuisadres. Waar is jou tuiste? Die adres van die tuiste is meer as die plek waar die posbus staan. Die tuiste is beslis meer as die plek waar n versameling bakstene met sement gebou is.

Die tuiste is daar waar jy eie kan wees, daar waar jy behoort. Die tuiste is daar waar jy graag wil wees. Die tuiste is waar jy welkom is. By jou tuiste vra niemand wat maak jy hier, en hoekom het jy na ons gekom nie. By jou tuiste word jy eerder gevra hoekom gaan jy en wanneer kom jy weer terug. By jou tuiste word jy met totsiens gegroet en nie met vaarwel nie. Die tuiste is daar waar die gesin is, en nie net daar waar die gesin bly nie. Die tuiste is daar waar die gesin besig is. Ja, dit is hier by die tuiste waar die kinders kan behoort. Dit is hier waar die kinderseëning ontvang kan word. Dit is hier waar die ouers met die kinders besig kan wees. Dit is hier waar die kinders gevoed en opgevoed kan word. In die gesin word die kind se naam gegee, en vra niemand na sy naam nie. Dit is hier waar ŉ kind ŉ taal het, voordat hy dit kan praat. Dit is hier waar ŉ kind aan ŉ familie kan behoort, voordat hy dit weet. Dit is hier waar ŉ kind deel van ŉ volk is, sonder dat hy dit hoef te omskryf. Dit is hier waar ŉ kind aan ŉ volk kan behoort, voordat hy weet wie ook daaraan behoort. Ja, dit is in die hierdie gesin waar die kinders kan behoort.

Wanneer hierdie tuiste die tuiste van gelowige ouers met hul kinders is, dan is hierdie gesin ook deel van ŉ kerkgemeenskap. Hierdie tuiste sal nie buite die heilige vergadering van die kerk wees nie. Hierdie tuiste se deure sal vir hul broeders en susters in die geloof oop wees. In hierdie tuiste sal die gesin vreugde hê om hul godgegewe gawes met die gemeente te deel. In hierdie tuiste sal die gesin die laste van die gemeente help dra waar dit nodig is en waar hulle kan. Hoe heerlik is dit dat die tuistes van gelowige gesinne in die gemeente nie van mekaar geskei, vervreemd of geïsoleer is nie. Saam met die ander tuistes van gelowiges is die adres van die tuiste ook ŉ kerklike adres.

## Wie is in die tuiste?

In die tuiste waar die tuisonderrig gegee kan word vind ons die gesin, naamlik die ouers en die kinders.

## 1. Die ouers

### *Die huwelik deur God geskep*

ŉ Tuiste wat nie funksioneer nie, sal nie oop wil wees vir die kinderseëning nie. ŉ Tuiste wat nie funksioneer nie, sal ook nie tuisonderwys kan gee nie. Indien ons van die kinderseëning en tuisonderwys sin wil maak, sal ons eers sin moet maak van die huwelik. God skep die mens in ŉ huweliksverhouding. Die normale toestand van die mens is om getroud te wees. Die huwelik is' n geskape werklikheid en die outeur daarvan is God. Die mens is beslis nie die maker van die huwelik nie. Die mens het nie deur sy waarneming van die natuur of van homself die noodsaak of die moontlikheid van die huwelik afgelei nie. Nog minder is die huwelik die onvermydelike gevolg van die mens se fisiologie.

Indien die mens die outeur van die huwelik was, sou dit miskien vir die mens moontlik gewees het om die reëls daarvan te kon uitdink, en sou dit vir hom moontlik gewees het om die wese daarvan volledig te kon omskryf.

Maar nou is God die outeur van die huwelik en Hy het ons nie aan onsself of die natuur oorgelaat om die huwelik uit te werk nie. Hy openbaar die wese van die huwelik aan ons vir sover dit vir ons nodig is om te weet. Hy gee aan die mens Sy eise en reëls ten opsigte van die huwelik. Die doel van die huwelik het God ook nie by ons verby laat gaan nie. God het die mens, man en vrou, na Sy beeld geskep (Gen. 1:27). Die mens is as man en as vrou die beelddraers van God Die mens moet aan die ampte wat God hulle opgelê het as man en as vrou gehoorsaam wees. Nadat Adam sy opdragte van God spesifiek en duidelik ontvang het, naamlik om die tuin van Eden te bewerk en te bewaak (Gen. 2:15), is dit God (en nie die afleiding van Adam uit die natuur nie) wat sê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ŉ hulp maak wat by hom sal pas (Gen. 2:18).

Die doel van die huwelik is om die kultuuropdrag wat God aan die mens gegee het, beter te kan doen. Die kultuuropdrag waarmee Adam besig was kan hy, danksy Eva, beter doen. Dit sal ons daarom nie verras wanneer ons in die tuiste van gelowiges die gesin sou vind waar hulle besig is om te werk nie.

Nie net vind ons die sin van die huwelik in die kultuuropdrag van die mens nie, maar die kultuuropdrag van die mens gee ook sin aan die kinderseëning en die kinderopvoeding.

### *Die huwelik wesenlik seksueel?*

Daar is diegene wat meen dat die huwelik wesenlik ŉ seksuele verhouding behels. Waar sou enigiemand daaraan kom? Waarom sou iemand die kern van die huwelik, naamlik die werk van die mens, met die seksualiteit van die mens vervang? Is hierdie spitsvondigheid dalk uit die natuur afgelei? Weliswaar blyk die verhouding tussen mannetjie en wyfie in die natuur om dikwels wesenlik ŉ seksuele verhouding te wees.

Die natuur is egter ŉ slegte leerboek vir die huwelik van die mens. Alhoewel die ongerepte natuur van seksualiteit leer, leer dit nie net van heteroseksualiteit nie, dit leer ook veral van aseksualiteit en homoseksualiteit (terloops, die minste wat die natuur ons natuurlik leer is onanie). Nog minder leer die natuur ons van enige getrouheid tussen mannetjie en wyfie (behalwe miskien by die Kaapse strandwolf). Die natuur leer ons verder van harems, van seisoen afparing, en van groot groepe sonder seksuele grense.

Ook ons eie seksualiteit is ŉ slegte leermeester vir die huwelik. Deur die waarneming en ondervinding van ons eie seksualiteit sal ons nie by die huwelik soos dit deur God geskape was, kan kom nie. Ons eie seksualiteit sal ons nie kan bring tot ŉ heteroseksuele, monogame en permanente huwelik nie.

Alhoewel die seksualiteit ŉ gawe van God aan die mens in die huwelik is, alhoewel die seksualiteit sy grense en betekenis in die huwelik vind, is die seksualiteit nog die begronding, nog die doel, nog die wese, nog dié kenmerk, nog dié onderwerp van die huwelik. Slegs die huwelik wat uit die natuur afgelei word, sal die huwelik tot hierdie vlak probeer verskraal.

### *Die huwelik wesenlik emosioneel?*

Die doel van die huwelik is ook nie om die emosionele behoefte van die mens te versadig nie. Die oorsprong en die einde van die huwelik is nie om die alleenheid van die mens op te los met ŉ saamheid nie. Die doel van Eva was nie eerstens om Adam geselskap te hou nie. Verklap die vertroue wat daar soms in die vermoëns van die sielkundige gestel word vir die oplossing van huweliksprobleme, nie die veronderstelling dat die huwelik eerstens uit die psige van die mens ontstaan het nie? Indien die verstand met sy interessante kortikale funksie die fundasie en wese van die huwelik was, sou die neuroloë en die neurochirurge die beste beskrywers en bewakers van die huwelik gewees het.

Indien die psige van die mens die begronding van die huwelik was, wat sou ons dan sê van mense wat nie wil trou alvorens hulle die behoefte vir die huwelik ontwikkel het nie? Wat sou die oplossing wees vir die diegene wat ten spyte van die huwelik met een vrou, steeds alleen is? Wat sou die oplossing wees indien die huwelik te veel aanvulling bied?

Die Skrif maak dit duidelik dat dit nie Adam was, wat op grond van sy ontdekte behoefte en eensaamheid by God om ŉ vrou aansoek gedoen het nie. (Dit klink eerder soos die vraag van Frankenstein se monster.)

Dit beteken egter nie dat man en vrou nie na mekaar ŉ emosionele behoefte mag hê nie. Dit beteken nie dat die man en sy vrou nie oor mekaar bly mag wees nie. Dit beteken nie dat die liefde tussen man en vrou nie besonder is nie. Maar God leer ons deur Sy Woord dat die oorsprong van die huwelik nie op die emosie van die mens gegrond is nie. God het die huwelik nie geskep omdat die mens eerstens emosioneel alleen was nie, maar omdat die mens eerstens in sy werk alleen was, en dit was nie goed nie, en daarvoor was die hulp wat God geskape het.

### *Die verhouding tussen man en vrou word deur God voorgeskryf*

Die man is die hoof van sy huis. Hy het sy ouers verlaat en sy vrou aangekleef. Hy is verantwoordelik vir die stigting van hierdie nuwe eenheid en bousteen van die gemeenskap. Sy gesin sal nie meer deel van sy vader se gesin wees nie. In hierdie gesin ken die huwelik sy grense en ken die kinders hul ouers (vergelyk Gen.2:24).

Die bestaan én die funksionering van die gesin sal in hierdie tuiste bousteen van beide die gemeenskap en die gemeente wees. Die gesin is as gesin besig met die werk waarvoor God die mens op aarde gestel het. Naamlik om die aarde te bewerk, te bewaak en te onderwerp. Die mens moet dit wat God in die skepping geplaas het, ontgin en ontplooi. En die gesin sal ook hiermee besig wil wees.

*Die natuur leer ons nie van die verhouding tussen man en vrou nie* Weer eens is ons gelukkig nie oorgelaat aan die waarneming uit die natuur om die verhouding tussen man en vrou uit te werk nie. Indien ons wel aan die natuur oorgelaat was, watter dier sou ons as voorbeeld kon dien? Sou die krag en die sterkte van die leeumannetjie ons beïndruk? Die leeumannetjie wat nou en dan ŉ lastige welpie doodbyt? (Terloops die grootste rede vir sterwing van welpies is nie siektes en jakkalse nie, maar leeumannetjies wat hulle doodbyt.) Wat van die brutaliteit van die spinnekopwyfie? Wat van die dominansie van die groot aapmannetjie? Wat van die leierskap van die hiënawyfie? (Hiënawyfies is ook bekend vir hul homoseksuele voorkeure.)

Ons kan dankbaar wees dat God ons in Sy Woord leer wat die verhouding tussen die ouers is: Die man is hoof van sy gesin: Hy is lief vir sy gesin en sy is aan hom onderdanig(Ef.5:22-25; lPet.3:l). Die krag van die man is nie die begronding van sy heerskappy nie. Dit is slegs in die natuur en in die chaotiese huwelik waar die krag van die man ook die begronding van sy heersing is. Slegs wanneer die gevalle natuur van die man nie beheers word nie, sal die heersing van man in sy krag begrond word

***Die psige van die man en vrou leer ons ook nie van die verhouding tussen man en vrou nie***

Ek gaan nie in oor hoe die huweliksverhouding nie gegrond kan word op die psige van die mens nie. Die perversie van so 'n verhouding sal buitendien vir my te moeilik wees om te beskrywe.

Die Bybelse huwelik staan teenoor die huwelik wat uit die natuur, die seksualiteit of die psige van die mens saamgeflans is. Die Bybelse huwelik beskryf' n eenheid wat deur God eerstens geskep is, waarin die man, die vrou en die kinders tot hul verskeie rolle en take geroep word. Die ander modelle bied die teendeel. Naamlik die verskeie persone wat uit hul eie waarnemings en emosies 'n eenheid wil vorm indien hulle daarna voel of indien dit onvermydelik was. Dit is slegs in die huweliksverhouding tussen man en vrou wat op die Bybel gegrond is, wat die tuiste kan wees vir die kinders waar die tuisonderwys kan gebeur. Dit is slegs die Skrif wat alles voldoende beskryf, naamlik die huwelik van die ouers, die ontvanging van die kinderseëning en die taak tot die onderwysing van die kinders kombineer. Hierdie verskeidenheid van take kan nie uit die natuur, die seksualiteit of die emosies van die mens afgelei word nie.

## 2. Die kinders

***Die kinders: 'n effek van seksualiteit?***

Die seksualiteit van die mens is onvoldoende om die verhouding tussen man en vrou in die huwelik te verduidelik. So ook is die seksualiteit van die mens onvoldoende om die ontvangs van kinders te verduidelik. Die seksualiteit van die mens verklaar nie die rede of die doel van kinders nie.

Indien die huwelik eerstens 'n seksuele verhouding was, sal die kinders nie veel meer as 'n toevallige effek van hierdie seksualiteit kan wees nie. Die hoeveelheid van kinders sal maar 'n aanduiding wees van die risiko van "onbeskermde" seksualiteit. Die kinders sal maar die dierlike gevolg van die ongerepte natuurlikheid van die seksualiteit wees. Die kinders sal maar daardie stukkie natuurnoodwendige ontnugtering wees van die andersins heerlike natuurgawe van seksualiteit. Die kinders sal 'n lastige poets wees wat die natuur op mense bak wat te veel natuurlik was.

Die ontvangs van die kinders, die aantal kinders en die opvoeding van kinders sal nie sinvol beskou kan word in 'n beskouing wat die huwelik tot 'n seksuele verhouding verskraal, of wat die huwelik uit die natuur wou aflei nie. Indien die huwelik eerstens 'n seksuele verhouding sou wees, dan sou ons nie eens uitsluitsel kon hê of daar kinders hoegenaamd moes wees nie, wat nog te sê hoeveel kinders daar moes wees.

***Die kinders 'n bestanddeel van die ouerlike emosies?***

Indien die emosie van die mens die antwoorde op die groot vrae oor die huwelik sou kon bied, waar op aarde sou die kinders in hierdie psigiese raamwerk ingepas het? Indien die alleenheid en die behoefte van die ouers die rede, of die raamwerk, of die inhoud, of die doel van die huwelik is, hoeveel kinders sal dan kan inpas by hierdie netwerk. Miskien een of miskien twaalf?

Indien die huwelik nie sy motief begrond in die opdrag van God tot die huwelik nie (behalwe natuurlik vir diegene wie die gawe van selibaatskap ontvang het, 1 Kor.7:7-9), waarom sou daar gehoor gegee word aan God se opdrag tot vermeerdering (Gen. 1:22,28; 8:17; 9:1,7; 35:11). Indien die emosie die oorsprong en die rede van die huwelik is, hoe sal besluit word om kinders te ontvang. Wat sal ons vir iemand sê wat wel kon trou om die emosionele behoefte na 'n vrou te bevredig, maar geen emosionele behoefte na kinders het nie. Wat sal ons vir iemand sê wat wel die huwelik wou gehad het omdat sy 'n vrou-tipe is, maar omdat sy nie die ma-tipe is nie, wil sy geen kinders hê nie? Wat sal ons vir iemand sê wat met die eerste kind al sy behoeftes vir 'n kind versadig het, en nou geen behoefte na ander kinders het nie? Wat sal ons vir iemand sê wat treur omdat hy net vier kinders het en sy behoefte na meerdere

kinders nog nie uitgeput is nie?

Hiermee word nie bedoel dat die gehoorsaamheid aan God se opdrag tot die vermeerdering sonder emosie, die blydskap en behoefte sal wees nie. Wat wel hier bedoel word is dat die emosie, die blydskap en die behoeftes nie bo die gehoorsaamheid aan God se eise gestel moet word nie, maar daaronder gestel moet word.

***Die kinders is die seëning van die Here***

Die kinders in die huwelik kan ons nie verstaan uit die seksualiteit van die ouers nie, behalwe om hulle as sekondêre byprodukte te sien. Die kinders in die huwelik kan ons verder ook nie verstaan uit die ongerepte natuur nie. Indien die ongerepte natuur ons iets van kinders kan leer, sou dit ons slegs van buite-egtelike kinders geleer het. Die natuur sou ons van kinderversorging sowel as van kindermoord geleer het. Die kinders kan ook nie na behore begryp word uit die emosionele behoeftes van die ouers nie, behalwe dat hulle die objekte van die ouers se emosionele behoeftes en vervulling is.

Die kinders in die huwelik van gelowiges kan slegs na behore verstaan word wanneer ons daaraan dink dat die kinders die seëning van God is. Natuurlik is die seëning van God nie sonder sy skepping van die natuur en die emosies van die mens nie. Indien ons bedink dat kinders die seëning van God is, sal ons beter antwoorde kan kry op die verskeie vrae rondom die kinderkwessie; Naamlik óf ons kinders wil ontvang, hoeveel kinders ons wil ontvang, en wat ons met hulle moet doen.

Hoe heerlik is God se verbond. Hoe heerlik is Sy beloftes. Hierdie beloftes wat eers volkome hierna sal wees, maar beslis hier en nou al geskenk word. Beloftes van seëning. Seëninge wat God ons belowe en wat ons van Hom mag vra en kan ontvang. Seëninge wat ons nie verdien nie, en steeds volgens Sy wysheid aan ons geskenk word Dit maak ons veral dankbaar. Want hoogmoed baar selde dankbaarheid, maar die besef van onverdienste bring ootmoed en nederigheid en dit maak die dankbaarheid oorvloediger.

Die Here gee ons die seëning van 'n goeie oes en ons kan Hom daarvoor dank. Die Here gee ons die seëning van 'n inkomste en ons kan Hom daarvoor dank. Die Here skenk aan ons vrede en ons kan Hom daarvoor dank. Die Here gee ons vyand in ons hand en ons dank Hom daarvoor. Die Here gee ons die kinderseëning en sal ons Hom nie daarvoor ook dank nie?

Dit is tog jammer dat 'n geslaagde veldslag dikwels aan die gehalte van die troepe en die wapens toegeskryf word Nog 'n groter absurditeit is dit wanneer die veldslag, wat nie aan die gehalte van die troepe en wapens toegeskryf kan word nie, wel aan die lot, die kans of die risiko toegeskryf word. Dit is so jammer wanneer 'n goeie oes slegs aan die regte hoeveelheid reën op die regte tyd toegeskryf word Net so jammer is dit om die goeie inkomste tot die vermoëns van die werker te beperk. Nie so jammer is dit wanneer die kinders nie as die direkte seëning van God gesien word nie. God beloof die kinderseën aan sy gelowige dienaars. God sal nie lieg nie (Lev.26 en Deut.28). Sal dit moontlik wees dat 'n gelowige ten spyte van die opdrag tot vermeerdering, nie hierdie seëning van God sou verwag nie?

***Hoeveel kinders is die seëning van die Here?***

Dit is 'n belangrike saak. Dit is so 'n belangrike saak dat dit nie net vir die tuisskoling belangrik is nie maar ook vir institusieskole belangrik is. Die onderwerp van die hoeveelheid kinders is veral belangrik vir elke institusie skool, want ons hoor van geen tuisonderwysers wat hul werk al verloor het omdat die kinders minder geword het nie. Maar ons hoor wel van institusieskool onderwysers wat hul werk al kwyt was vanweë die vermindering van kinders. Die kinders is ook belangrik vir die gemeente. Ons het al gehoor van kerke wat leegloop omdat die kinders minder word (gewoonlik word as verweer genoem dat die kinders na die charismatiese kerke oorgeloop het, of word daar gesê dat in die stedelike gebiede die kinders in elk geval minder is).

Dit staan vas dat sonder kinders daar geen onderwys sal wees nie. Indien daar iets sou wees wat onderwys kan vermeerder, dan is dit die vermeerdering van kinders. (Terloops in die VSA

het die tuisonderwysgesinne drie tot vier keer meer kinders as gesinne wat nie tuisonderwys gee nie.)

As daar ’n man is wat as voorbeeld uitstraal van ’n persoon wat sy natuur kon beheer het.

As daar ’n man is wat as voorbeeld uitstraal van ’n persoon wat enige dierlike gedrag vermy het.

As daar ’n man is wat ’n toonbeeld is van iemand wat die verantwoordelikheid van sy dade gedra het.

**Dan was dit Onan.**

Ja Onan, wat ’n uitnemende beheer oor sy natuur.

As daar enige iets van Onan gesê kan word, dan is dit dat ons by hom geen dieregedrag gevind het nie. Ja Onan, een van ’n handjie vol mense wat so duidelik en direk die verantwoordelikheid vir hul dade gedra het. Onan, aan wie die Here die doodstraf vir sy dade bedien het. Onan wat gekeer het dat Tamar swanger geword het met ’n toekomstige mens as ’n inwoner op die aarde, ’n gruwel wat gelykstaande is met die afdrywing van die vrug van die baarmoeder (Calvyn, kommentaar op Gen. 38).

Maar laat ons nou vir eers nie verder oor die vermyding van kinders praat nie, laat ons eerder verder oor die vermyding van voorbehoeding praat. Sou dit beteken dat indien iemand wat nie voorbehoeding gebruik nie, hy nie sy natuur kan beheer nie, of dat hy hom soos ’n dier gedra, of dat hy nie sy verstand gebruik nie en nie verantwoordelik handel nie. Is die vermyding van voorbehoeding ’n wandaad wat ’n mens voor God skuldig kan maak?

***Is mense wat nie voorbehoeding gebruik nie soos diere?***

Soms moet diegene wat met vreugde, onbevrees en onverhinderd die kinderseëning van God wil ontvang, die lastering hoor dat hulle gedrag met die van ’n dier ooreenstem.

Maar kan dit waar wees. ’n Ruk gelede het my hond my die verrassing van ’n werpsel van 8 klein hondjies besorg. My buurman was die vader van twee dogters. Wat was die verskil tussen my hond en die buurman? Vir sommige sal die antwoord voor-die-hand-liggend wees; Die mens het twee kinders en die dier het ’n werpsel van agt. Vir my was die antwoord nie so eenvoudig nie: want wat is die verskil tussen die mens en die dier? Die makliker antwoord is natuurlik dat die dier nie ’n gees het nie (vir die trichotomiste) of nie ’n siel het nie (vir die dichotomiste). Die res van die antwoord is dat die mens nie soos die dier net aan die natuurnoodwendige onderwerpe is nie. Verder het die mens die wete dat daar ’n toekoms is. Die mens se verstand is dikwels beter as ’n dier sin, en die mens moet verantwoording doen vir sy dade.

***Is slegs mense wat nie voorbehoeding gebruik nie, onderworpe aan die natuurnoodwendige?***

Wie is aan die natuurnoodwendige onderworpe, diegene wat voorbehoeding gebruik óf diegene wat nie voorbehoeding gebruik nie? Want in beide gevalle kan gesê word dat daar die natuurnoodwendige ’n rol speel. Diegene wat voorbehoeding gebruik sal noodwendig die natuurlike kanse vir swangerskap verminder. Terwyl diegene wat voorbehoeding nie gebruik nie noodwendig die natuurlike kanse vir swangerskap vermeerder. Dit wil nie blyk of die gebruik van voorbehoeding al dan nie, die mens losmaak van sekere natuurnoodwendige gevolge nie.

Miskien word met die vergelyking dat diegene wat nie voorbehoeding gebruik nie, soos diere is, bedoel dat hierdie mense nie hul drange in beheer kan hou nie. Ons sien dan juis by Onan ’n voorbeeld van merkwaardige beheersing van sy natuur (trouens sy beheersing van sy natuur het eerder op die onnatuurlike neergekom). Nou, elke man wie se vrou swanger was sal weet dat daar beheersing en bedagsaamheid moet wees nie net voor die bevalling nie, maar ook beslis daarna.

Buitendien is die werklike beheersing nie eintlik die getrouheid in die huwelik nie? Is die werlike beheersing nie die beteueling van die oë, die gedagtes nie? Is dit nie die beheersing wat die monogamie en die permanentheid van die huwelik meebring nie? Sou werklike beheersing nie die vermyding van die teennatuurlike geslagsverkeer insluit nie? Wat sou eerder die beheersing van die eie natuur ondermyn: die gebruik van voorbehoeding of die vermyding van voorbehoeding? Meeste sosioloë is dit eens dat losbandigheid eerder toegeneem het sedert die algemene ingebruikneming van voorbehoeding. Word dierlike geslagtelikheid nie eerder geken aan die verkragting, die harem en die rondlopery nie, as wat dit geken sou word aan die vermyding van vrugbaarheid nie? Sluit dierlike geslagtelikheid werklik in om met vreugde die kinderseëning uit die hand van God te verwag (al is dit die meervoud van kinders)?

***Is onverstandigheid die kenmerk van mense wat nie voorbehoeding gebruik nie?***

O ja, wat van die verstand? Soms word mense wat met vreugde, onbevrees en onverhinderd die kinderseëning uit die hand van God verwag, gewaarsku dat hulle ook hul verstand moet gebruik. Met hierdie aanmerking sou dan geïmpliseer word dat verstandige mense moet weet dat hulle veronderstel is om minder kinders te kry.

Die verstand van die mens is beslis belangrik. Met die verstand van die mens kan hy soveel dinge ontdek, weet en uitwerk. Die mens het veral meer kennis oor die waarneembare dinge. Ons sien sterre wat in die verlede te ver was om te sien. Ons sien selle van die verlede te klein was om te sien. Die mens het oor die afgelope eeue meer kennis oor voortplanting ingesamel. Ons weet hoe om kinders meer te maak. Ons kan ovulasie stimuleer en ons kan in proefbuise bevrugting doen. Wat ons veral maklik kan doen is om kinders minder te maak. Ja, die mens kan sonder om sy natuur te beheers met die minste moeite kinders minder maak (in teenstelling met Onan met sy uitnemende beheersing).

Hierdie vermeerderde kennis oor vrugbaarheid maak die volgende vraag by die mens onvermydelik: Moet die mens sy kinders nou meer of minder maak? Moet die mens nou een kind, twee, drie, of twintig kinders hê? Wanneer ons die besluit van die hoeveelheid kinders in ons eie hande wil neem kan ons nie die vraag van die hoeveelheid kinders vermy nie. Dit lastige vraag is nou: Hoe gaan ons uitwerk hoeveel kinders moet ons maak? Die minimum kinders? Met ander woorde, so min as moontlik kinders dat iemand hom nie sal verwyt dat hy nie sy plig doen nie? Wat van net soveel kinders as wat nodig is om die emosionele behoefte te bevredig? Wat van net soveel kinders as wat nodig is om die bevolking op' n nul groei te hou, daar is tog immers nie plek op aarde vir al die mense nie?

Wat van die maksimum kinders? Met ander woorde, so veel as moontlik kinders. Seuns en meisies word aangemoedig om so gou as moontlik in die huwelik te tree. Daar word gefrons op diegene wat nie aktief planne maak vir die huwelik sou gou na puberteit as moontlik nie. Daar mag selfs 'n verbod op borsvoeding wees aangesien dit die maksimum kinders minder kan maak (terloops die maksimum kinders van een vrou is 74). Ons praat nie eers van die mediese "hulpmiddels" nie, byvoorbeeld in vitro bevrugting, induserings van meervuldige ovulasies, surrogaat moederskap en gameetdonors nie.

Min mense sal vandag met enige van bogenoemde twee uitgangspunte saamstem. Wat sou die oplossing wees? Wat van die optimale kinders? Sou die optimale kindergetal nie die mooi oplossing vir die absurde minimum of maksimum pogings wees nie?

***Die enigste probleem is net hoe om die optimale getal kinders te bereken?***

Sou die rykdom van die gesin bepalend wees? Wat indien iemand se rykdom juis sy kinders is? Sou die gemoedstoestand en die temperament van die ouers bepalend wees? Wat van die politiek van die dag? Wat van die gawes van die ouers? Wat sou die faktore wees? Die verskeidenheid van faktore waarom die kinderseëning vermy word, is altyd verstommend. Daar was 'n studie na die redes van die krimpende kindergetal in Suid Afrika gedoen. En dit is bevind dat enige rede as rede kon dien waarom ouers nie kinders wil hê nie. Die mees algemene redes vir die krimpende kindergetal was die ouderdom van die moeder met die huwelik, die beroep van die vader (ongeskoolde arbeiders het 4 maal en geskoolde

ambagsmanne het 2 maal soveel kinders as professionele vaders), en die inkomste van die gesin (hoe meer die inkomste was, hoe minder die kinders). Dit alles het neergekom op die graad van vernietiging van die gesin en die emansipasie van die vrou (naamlik, om met haar gawes buite die gesin besig te wees).

Dit wil nie voorkom of die gemiddelde ouerpaar se redes tot kindervermindering geldig is nie. Die faktore wat geldig is vir kinder vermindering is ook nie in die Skrif beskikbaar nie. Die vraag bly nog steeds wat is die faktore?

***Miskien is die non-funksionering van die gesin die eintlike oorsaak?***

Wat sê die Bybel? Ons vind in die Bybel die opdrag tot vermeerdering? Maar hoeveel is die vermeerdering? *Die antwoord is dat die mens soveel moet vermeerder sodat die* mens op die aarde moet wemel. Maar hoeveel is wemel? Een mens per vierkante kilometer, of ŉ duisend mense per vierkante kilometer? Sou die getal van die mens beperk word tot die vrugbaarheid wat God aan die aarde geskenk het, of sal die vrugbaarheid wat God aan die mens geskenk het die bepalende faktor wees? Sal die vrugbaarheid van die aarde nie juis na vore kom na mate die mens sy werk doen nie (die mate van die mens se werk word ook bepaal deur die hoeveelheid van die mens)? Gee die Skrif enige plek vir ons die opdrag om die kindergetal te verminder? Ek het so ŉ verwysing nog nie gekry nie. Ek het wel die voorbeeld van Onan teengekom.

Behalwe dat die Skrif vir ons die duidelike opdrag tot vermeerdering gee, en geen opdrag vir die vermindering nie, is dit net so duidelik dat die Skrif met die kindergetal omgaan as die seëning van God. Dat die kindergetal die seëning van God is, verander die saak oor die verstand. Die bekeerde verstand sal kan verstaan dat aan God se opdrag tot vermeerdering gehoor gegee moet word. Die vermeerderde kennis oor die vrugbaarheid sal die moderne mens ook beter in staat stel om aan hierdie opdrag gehoor te gee. Maar indien die hoeveelheid van kinders die seëning van God is, kan die krag van die menslike verstand hom in staat stel om die hoeveelheid van kinders te bepaal? Is dit die krag van die soldaat wat die oorwinning besorg het? Is dit die waaksaamheid van die wagter wat die veiligheid behou het? Die gehoorsame arbeid mag geseën word. Maar sluit die gehoorsaamheid van die mens die hantering van sy eie seëning ook in?

Die poging om die kinderhoeveelheid, naamlik die seëning van God in eie hand te wil neem, sal ŉ daad van onbegrip wees. Dit sou ŉ onbegrip van die seëning van God aandui. Buitendien kan die mens nooit voldoende verstand en begrip van die seëning van God bekom nie. (Die mens kan wel verstand en begrip vermeerder oor die geskape dinge wat God seën.)

Kan die mens ooit genoeg verstand hê om te weet tot watter stryd God hom in sy lewe gaan oproep? Kan die mens ooit weet hoe groot die vyand gaan wees wat God voor hom gaan bring? Kan die mens ooit weet hoeveel kinders nodig is om die skepping ten volle te ontplooi en die voltooi? Sal ons ooit insig kan hê hoeveel werk op aarde nog gedoen moet word? Weet die mens wat die mate van sy seëning of sy kastyding moet wees?

Sal die mens ooit die verstand kan hê wat die mate van God se genade moet wees en hoe daardie genade in sy lewe gestalte moet kry? Weet enige mens wat die toekoms nodig het, wanneer hy nie eens behoorlik weet wat hy nou nodig het nie? Sal die mens ooit weet hoeveel uitverkorenes nog nodig is om die getal volledig te maak voordat die wederkoms sal gebeur?

Kinders is die seëning van God. God seën na Sy welbehae en wysheid. Die weerhouding van die kinderseën is die kastyding van God ook na Sy welbehae en wysheid. Sal ons ooit die insig hê om die weet hoeveel seëning en kastyding ons nodig het? Kan die mens werklik die seëning van God in sy eie hande neem?

Diegene wat wel meen dat die mens se verstand voldoende is om die kindergetal te bepaal, het nog nie na vore gekom met die metode van hul bepaling nie. Die groot kindergetalformule bly steeds uitstaande.

Dit is wel interessant dat die verstand en die effek van die verstand parallel is met die afname

van die kindergetal. Die toename in geleerdheid van die ouers, die toename in die beroepstatus van die man, en die toename van inkomste is omgekeerd eweredig aan die hoeveelheid kinders. Dit wil my voorkom dat die mens sy verstand gebruik om vir homself "beter" te doen, en deel daarvan is om sy kinders minder te maak. Dit wil nie vir my voorkom dat die mens sy verstand gebruik om die seëning van God te verstaan, asook die beperkheid van sy insig daarin te verstaan nie.

Is onverstandigheid nie miskien die kenmerk van die mense wat wel voorbehoeding gebruik nie?

***Is onverantwoordelikheid die kenmerk van mense wat nie voorbehoeding gebruik nie?***

Indien daar te veel kinders is, mag dit net so wees dat daar nie genoeg geld is om die "goeie" of die "nodige" dinge vir die kinders te gee nie. Met hierdie stelling word ŉ sekere aanname gemaak. Die aanname word gemaak dat God se seëninge nie in harmonie is nie. God seën met kinders, maar Hy seën nie die vrug van die land en die vrug van die vee nie, ook nie die bakskottel en die mandjie nie.

Indien die mens nie oppas nie en sy seëninge nie reg beplan en bestuur nie, sal sy seëninge maklik tot vloek word. (Miskien is dit onvermydelik die geval. Dit wil my voorkom dat indien die mens die seëning van God in sy eie hande neem, dat dinge maklik skeef kan loop.)

Die seëning wat seëning is, kan nie terselfdertyd ook kastyding wees nie. God sal tog nie die gelowiges teister met seëninge nie?

Wanneer dit goed gaan met die goddelose, is dit om hulle vir ewig te verdelg (vergelyk Psalm 92 en 73.) Dit is by die goddelose waar self die goeie ook dien as vloek. Dit is slegs die goddelose wie nie die werklike seëning van God ontvang nie. Dit is slegs by die goddelose waar alles tot sy vervloeking dien. Dit is die goddeloses wie se kinders terselfdertyd ook te veel en ŉ verpesting sal wees. Dit is by die goddeloses waar selfs die kinders tot die vernietiging van hul ouers sal voeg. Maar dit is nie eerstens die kinders wat die verdelging veroorsaak nie. Dit is eerder die goddeloosheid van die mens wat die toorn van God op die hals gehaal het.

Die mens dra die verantwoordelik vir sy dade. Dit is beslis (soos Onan duidelik ŉ voorbeeld van is). Die mens is ŉ redelike en sedelike wese en daarom sal God van hom rekenskap van sy dade eis. God het die mens nie die verstand gegee om oor die optimale hoeveelheid kinders te besluit nie, nog het God aan die mens die eis gestel om sy vrugbaarheid te verminder nie. Die mens sal wel verantwoording moet doen hoekom hy die seëning van vrugbaarheid van die hand gewys het.

Dit is die tuiste waar ouers ŉ verhouding het wat deur God regeer word en nie deur hul eie emosies en seksualiteit of afleidings uit die natuur geregeer word nie. Dit is die tuiste waar ouers kinders met vreugde, onbevrees en onverhinderd van God verwag en ontvang het, met ander woorde in nederigheid van God ontvang het, naamlik erkennend dat hulle verstand nie die toekoms en die potensiaal van die aarde kan oorsien nie. Dit is hierdie tuiste van gehoorsaamheid, nederigheid en gebed waar tuisonderwys kan gebeur.

## 3. Waarmee is hulle in die tuiste besig?

Voordat ons iets oor die tuisonderwys gaan sê, moet ons eers iets weet van die doel van die kinders.

***Die doel van die kinders***

Waarom wil die Here kinders op aarde hê? Ons verstand sal nie ten volle weet nie. Maar dit beteken nie dat ons sonder enige antwoord op hierdie vraag sit nie: Dat God die skepping goed geskep het, beteken nie dat Hy dit klaar geskep het nie. Die mens, die beelddraer van God op aarde, sal die skepping voltooi. Die mens het die taak om die skepping nie net te ontplooi en te ontgin nie, maar hy moet ook die skepping aan die orde wat God gestel het, onderwerp.

Hierdie voltooiing van die skepping gebeur deur die opeenvolgende geslagte. Ons weet ook dat seuns soos pyle in die hand van ’n held is. Dit maak die man wat sy pylkoker daarmee gevul het, bly. Hy sal nie beskaamd staan in die poort wanneer hy met sy vyand spreek nie (Ps. 127). Kinders is daar om die belydenis van die Naam van God in die toekoms, tot met die wederkoms, te dra

***Daarom die tuisonderwys van die kinders***

Die seksualiteit van die huwelik sal ons nie veel kan help met die onderrig van die kinders nie. Nie eens in die ongerepte natuur is die seksualiteit van diere genoeg om die versorging van die werpsel te verklaar nie. Ook sal die emosies van die ouers onwaarskynlik voldoende vir die onderwys van die kinders wees. Dit is God wat beveel dat die kinders onderrig moet word. Daarom sal ons die kinders onderrig. Ons sal hulle nie eerstens onderrig omdat ons emosioneel daardeur bevredig word nie. Ons sal hulle nie onderrig, eerstens omdat ons katte gesien het wat hulle kleintjies leer om muise te vang nie. Ons sal ons kinders leer om God te vrees en Hom te dien met ons hele lewens, in die hele wêreld en in alle terreine. Ons sal hulle vertel van al God se dade en wonders. Ons sal ons kinders leer om dit ook vir hulle kinders te leer. Die tuisonderwys sal nie slaag in ’n gesin waar daar nie ’n tuiste is nie. Die tuisonderwys sal nie slaag waar die ouers nie in nederige gehoorsaamheid, met die hoop en verwagtinge op die seënende hand van God besig is nie.

## Slot

Dus, indien iemand my sou vra waarom ek ’n tuiste het. Dan is die antwoord eenvoudig: omdat God my die opdrag daartoe gegee het. Indien iemand my sou vra waarom ek nie die kindergetal beperk nie. Dan is die antwoord eenvoudig: omdat ek nie my eie seëning beter as God kan bepaal nie. Indien iemand my sou vra waarom ek my kinders onderwys wil gee, dan is die antwoord omdat God my die opdrag daartoe gegee het. Indien iemand my vra waarom ek my kinders spesifiek tuis wil onderwys gee, dan is die antwoord eenvoudig: omdat ek geen rede sien waarom ek daarmee moet ophou nie.

Mag ons weer die plig en seëning van ’n gehoorsame huwelik en gesinslewe erken!

**Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. - 2 Tim.3:14-17**

**Bouwe van der Eems,** Pr. Ing., is 'n stelselingenieur verbonde aan *Dimension Data i-Commerce Services.* Hy is getroud met Debbie en hulle het vyf kinders.

# 'n Tuisonderwysvisie vir Gereformeerde Onderwys

*B van der Eems, Pr.Ing.*

Tuisonderrig is 'n onderwerp wat die geneigheid toon om ooral warm debatte te ontlok, met sterk uiteenlopende standpunte. Die rede hiervoor is dat tuisonderrig van so 'n aard is dat dit kan veroorsaak dat ons samelewings-beskouing radikaal verander. Hierdie stelling wil ek bewys deur die volgende stellings te maak en hulle te begrond:

1) Tuisonderrig vereis dat die gesin verander.
2) Tuisonderrig vereis dat die kerk verander.
3) Tuisonderig vereis dat die staat verander.
4) Tuisonderrig is van so 'n aard dat dit in staat is om gesin, kerk en staat te verander.

Gegee dat tuisonderrig in staat is om die samelewing fundamenteel te verander, word daar aangetoon hoe gereformeerdes die pad vorentoe in die onderwys behoort te benader. Indien dit waar is dat tuisonderrig in staat is om die samelewing fundamenteel te verander, dan behoort dit duidélik te wees dat hierdie onderwerp belangrik is om te bespreek.

## Tuisonderwys vereis dat die gesin verander

Die veranderinge in ons samelewing, het oor die laaste eeu nie die gesin onaangeraak gelaat nie. Die staat het die taak van onderwys en welsyn (versorging van oueres en gestremdes) op hom geneem. Dit, tesame daarmee dat gesinne kleiner geword het, het daartoe gelei dat daar van die taak van die huisvrou byna niks oorgebly het nie. Die (minimalisering) van die taak van die huisvrou het daartoe gelei dat vroue oor die laaste dekades al hoe meer buite die huis begin werk het. Wanneer alle gesinslede buite besig gehou word, neig die huis na 'n hotel en die gesinslewe in die kortstondige ontmoetingsplek van vreemdelinge in die hotel. Aangesien die grootste deel van die tuisonderrig meestal deur moeders gedoen word, vereis tuisonderwys dat moeders nie meer buite die huis kan werk nie. So help en stimuleer tuisonderwys moeders weer toenemend om hulle godgegewe taak as versorgers van die gesin vervul.

Omdat die volle taak van die onderrig nie slegs op die moeder kan rus nie, moet vaders ook aktief betrokke raak daarby. Dit lei dikwels daartoe dat vaders ten minste weer voorgaan in die huisgodsdiens in die gesinne waar dit verval het. Wanneer vaders aktief betrokke raak, moet hulle ook toenemend leiding gee, en begin hulle meer en meer hul godgegewe taak as hoof van die huis vervul. Die vader kan dan ook vakke vir die kinders aanbied wat die moeder nie kan doen nie, en moet dan ook sodoende student van God se Woord en natuur bly. Die moderne macho-idee van die afwesige pa, word dus ook teengewerk deur tuisonderwys.

## Tuisonderwys vereis dat die kerk verander

Kerke reageer verskillend op tuisonderwys.

1) In sommige kerke word beide die skoolonderwys en die tuisonderwys as legitieme onderwysmodelle aanvaar, en word beide aangemoedig, sowel in die samewerking tussen die twee modelle.
2) In sommige kerke word uitgesproke of onuitgesproke 'n voorkeur verleen aan die skoolmodel. Hierdie voorkeur kan op morele of praktiese gronde gebaseer wees. Gedrag wat afwyk van hierdie voorkeur kan verskillend beskou word:
   i) Dit kan as 'n sensurabele sonde beskou word, en ouers wat tuisonderwys gee word onder die tug geplaas totdat hulle hul kinders weer in 'n skool plaas.
   ii) Dit kan as 'n miserabele sonde beskou word. Dan word ouers wat tuisonderwys gee vermaan daaroor, maar daar word nie tot tug oorgegaan nie.
   iii) Ouers wat tuisonderwys gee kan beskou word as onvolwassenes in die geloof, en

hulle word geduldig verdra totdat hulle tot die volwasse insig kom dat die skoolmodel die beste is. In hierdie tyd word hulle gereeld vriendelik opgeroep om die meer volwasse siening oor onderwys te aanvaar.

Ongeag die aard van die voorkeur (prakties of moreel), kan daar verskeie gevolge verwag word as daar in die kerk 'n voorkeur is vir die skoolonderwysmodel.

i) Tuisonderwys is 'n moeilike taak. Dit verg meer insette van die ouers as van ouers wie se kinders na 'n skool gaan. Ouers wat die keuse vir tuisonderwys gemaak het, het daarom ook ondersteuning nodig in die uitvoering van hierdie taak. Indien die ouers geen ondersteuning vanuit die kerklike gemeenskap ontvang nie a.g.v. die voorkeur vir die skoolmodel, dan kan dit gebeur dat hierdie ouers teleurgesteld word oor die gemeenskap van heiliges, aangesien hulle geen ondersteuning kry vanuit hierdie gemeenskap vir iets wat hulle baie na aan die hart lê, naamlik die onderwys van hulle kinders nie.

ii) Indien ouers geen ondersteuning ontvang vanuit die kerklike gemeenskap nie, is hulle aangewese op die ondersteuning van ander ouers wat tuisonderwys gee binne die kerk. Dit kan lei tot die vorming van 'n groep ouers binne die kerk wat mekaar ondersteun in die taak. Indien die kerk bly voorkeur gee aan die skoolmodel, dan lei dit lei tot polarisasie binne die kerk. Hierdie polarisasie maak dit moeilik vir beide ouers wat tuisonderwys gee en die skoolonderwys steun, en die onderwysers wat tuisonderwys steun om hartlik saam te werk.

iii) Die verskille wat daar in die kerk is oor tuisonderwys, bly nie slegs beperk tot tuisonderwys nie, aangesien hierdie verskille veroorsaak word deur dieperliggende verskille rondom gesin, kerk en staat.

Die teleurstelling in die gemeenskap van heiliges, die polarisasie in die kerk en die dieperliggende verskille kan nie op die langtermyn staties bly nie. Dit moet op die langtermyn lei tot die verandering van die ouers of die verandering van die kerk. As tuisonderwys op die langtermyn voortbestaan binne 'n kerk wat 'n voorkeur vir die skoolmodel het, kan dit daarom nie anders as om te lei tot 'n verandering in die kerk nie. In die verband skryf Andrew Sandlin heel insiggewend: *"Recognize both the concerns of these Christians, as well as the genuine Christianity they practice. Until you are willing to come to termswith the Christian home schooiers, you will beforced to come to terms with the continued exponential success oftheir movetnent."*

## Tuisonderwys vereis dat die staat verander

Die doel van staatsonderwys is om die staatsideologie aan die volgende generasie oor te dra. Die hoof van Michigan Universiteit se departement van Opvoeding, sê dit in soveel woorde: *"Public schools, after all, are the institutions where we inspire our children. Where we help to shape their lives and transmit ethical values. Public schools are the hub of our communities. A sanctuary for our youth. They are a testament to our society's most tightly heldideals ofdemocracy andopportunity. Like cathedrals of the past, public schools are the resonant influence in our culture, in our daily lives."* In Suid-Afrika is die situasie dieselfde. In 'n debat oor tuisonderrrig oor die radio het prof. Penny Heyns van die Universiteit van Witwatersrand 'n voorkeur uitgespreek vir skole, aangesien die demokratiese waardes van ons land daar beter aan kinders oorgedra word.

Aangesien die waardes van ouers aan kinders oorgedra word tydens tuisonderwys, en nie die van die staat nie, is die humanistiese staat nie ten gunste van tuisonderwys nie. Dit probeer eerder om tuisonderwys te onderdruk. In sommige lande met 'n humanistiese staat het ouers dit na 'n lang en moeisame stryd reggekry om die vryheid te verwerf om tuisonderwys te mag gee. Die VSA is hiervan 'n goeie voorbeeld. Samuel Blumenfeld beskryf die situasie soos volg: *"Achieving educational freedom has not been easy, but with the help of the Home School Legal Defense Association, home schooiers have been able to assert their parental rights to educate their children in accorrdance with their own beliefs.*"

Die feit dat ouers in so 'n land die vryheid verwerf het om tuisonderwys te mag gee, beteken egter nie dat die staat van gedagtes verander het oor onderwys nie. So 'n staat is nog steeds nie ten gunste van tuisonderwys nie, maar laat dit slegs onwillig toe. Solank die staat humanisties bly, sal dit aanhou om tuisonderwys te probeer onderdruk, tensy ouers bly veg vir hulle regte. Wanneer ouers in 'n land die vryheid verkry het om tuisonderwys te gee, is dit daarom nog steeds nie 'n oplossing vir die probleem om die vryheid vir tuisonderwys op die langtermyn te verseker nie. Die enigste langtermynoplossing is dat die staatsideologie verander moet word in 'n ideologie waarvolgens die staat hom volgens die Bybel moet beperk tot regspraak en landsverdediging, en die verantwoordelikheid vir onderwys oorlaat aan die ouers.

### Tuisonderwys is van so 'n aard dat dit in staat is om gesin, kerk en staat te verander

Daar is reeds aangetoon dat tuisonderwys die gesin eenvoudig dwing om te verander. Indien tuisonderwys 'n lawwe modegier is wat gaan oorwaai met die verloop van tyd, dan hoef kerk of staat niks te doen om dit te onderdruk of af te keur nie, aangesien dit vanself sal oorwaai. Indien dit 'n sinvolle alternatiewe onderwysmodel is, dan sal dit bly groei, ondanks die teenstand wat dit ondervind van kerk of staat. Inteendeel, die teenstand wat ondervind word sal eerder 'n louteringseffek hê op die groep ouers wat tuisonderwys gee, 'n hegte groep mense skep wat hoogs gemotiveerd is oor die saak, goed georganiseerd is en mekaar ondersteun. Die ontstaan van so 'n groep mense sal verder aanleiding gee tot die verdere groei van tuisonderwys.

Op grond van die tendense wat waargeneem word in lande soos die VS A, die VK en Suid-Afrika, is daar geen aanduidings daarvoor dat tuisonderwys neerkom op 'n lawwe modegier nie. Daar is egter baie aanduidings dat tuisonderwys besig is om te groei ondanks teenkanting van staat en kerk. In die VSA is daar byna 2 miljoen kinders wat tans tuisonderwys ontvang, en die getalle bly groei, hierdie kinders is tans besig om in die universiteite te beweeg, waar hulle voorkeur geniet weens hulle oor die algemeen bogemiddelde akademiese prestasies en hulle hoë morele standaarde. Soos tuisonderwys groei in kerk en staat, lei dit tot die ontstaan van 'n groep mense met sekere eienskappe wat oorwegend verskil van die groter groep waarin hulle leef.

Die eienskappe is soos volg:

a) Die boustene van hierdie groep is gesinne, waar die humanistiese staat oorwegend bestaan uit 'n losse groep individue.

b) Die onderlinge bande binne die gesin is baie sterk, omdat ouers wat tuisonderwys gee, oorwegend meer betrekke is by hulle kinders as ouers wie se kinders buite die huis onderwys ontvang. Ook die kinders binne die gesin is meer betrekke met mekaar.

c) Daar is hegte bande tussen die gesinne wat tuisonderwys gee, omdat hulle mekaar moet ondersteun in 'n omgewing wat dikwels negatief is teenoor tuisonderwys. Die gesinne kom ook dikwels bymekaar vir uitstappies of vir die sosialisering van die kinders.

d) Hierdie groep is georganiseerd in formele en informele organisasies soos bv. die tuisskoolvereniging, plaaslike ondersteuningsgroepe, e-pos besprekingsgroepe en 'n regsfonds.

e) In gesinne waar tuisonderwys gegee word, word daar oorwegend meer onafhanklik gedink oor allerhande sake, aangesien ouers wat 'n keuse gemaak het vir tuisonderwys bewys het dat hulle bereid is om te kies vir iets wat nie algemeen aanvaar word in die samelewing nie, en dat hulle bereid is om die keuse ook uit te leef.

f) Ouers wat tuisonderwys gee is gemotiveerd en entoesiasties oor dit wat hulle doen, aangesien hulle self gekies het om dit te doen en die resultate van hulle werk kan sien.

g) Gesinne waarin tuisonderwys gegee word, is gemiddeld groter as die gemiddelde gesin, omdat die groter betrokkenheid binne so 'n gesin spreek van 'n positiewe houding teenoor kinders. So 'n houding lei dikwels daartoe dat ouers dikwels meer kinders wil

hê. Verder is daar in so 'n gesin nie 'n noemenswaardige verband tussen die hoeveelheid kinders en die koste van onderwys nie. In die VSA is die gemiddelde grootte van die gesin waarin tuisonderwys gegee word 5, wat heelwat groter is as die gemiddelde van hul samelewing.

h) Ouers wat tuisonderwys gee skroom nie om verantwoordelikheid te aanvaar nie, aangesien hulle reeds bewys het dat hulle die verantwoordelikheid van onderwys op hulle te neem, (en nie aan die kerk of staat oor te laat nie).

Wanneer daar 'n groep mense ontstaan in die kerk of die staat wat bestaan uit sterk gesinne met sterk onderlinge bande (a,b,c), wat goed georganiseerd is (d), waar daar onafhanklik gedink word (e), wat gemotiveerd is (f), sterk groei (g) en bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar, dan kan dit nie anders dat hierdie groep mense toenemend invloed gaan uitoefen nie, as gevolg van hulle eensgesindheid en effektiewe aktiwiteit.

Ons lewe in 'n tyd waarin die staat in 'n krisis verkeer. Oor die laaste eeu het die staat allerhande take op hom geneem wat nie sy verantwoordelikheid is nie, soos onderwys en welsyn. Die kostes van die uitvoering van hierdie take het egter meer gestyg as wat die inkomste van die staat gestyg het, en daarom het meeste Westerse state die laaste dekades begrotingstekorte gehad, wat gefinansier is deur lenings. Hierdie lenings het oor die jare gelei tot enorme groot hoeveelhede staatskuld, tot so 'n mate dat die rente op staatskuld een van die grootste items op die staatsbegroting is. Indien die staat finansieel wil oorleef, lei bg. situasie onvermydelik daartoe dat die staat van sy take gaan afskaal deur middel van privatisering. Soos wat die staat ook toenemend terugtree uit die onderwys, skep dit 'n geleentheid vir mense met 'n alternatiewe onderwysmodel om toenemend diensbaar te wees wanneer hulle reeds 'n onderwysmodel geïmplementeer het wat baie goedkoper is, en wat oor die algemeen beter resultate lewer. Diensbaarheid vermeerder invloed

## Die pad vorentoe vir gereformeerde onderwys

Die opvoeding van kinders is die taak van die ouers. Hierdie is 'n morele opdrag, en nie 'n praktiese insig nie. Ongehoorsaamheid aan hierdie opdrag is daarom moreel verkeerd. Die wyse waarop ouers hierdie morele opdrag uitvoer is 'n praktiese saak. Hulle kan dit doen deur saam met ander gereformeerde ouers 'n skool te stig. So 'n daad is moreel reg, solank die onderwys aan hierdie skool onder toesig van die ouers bly, en die waardes van die ouers aan die kinders oorgedra word. Daar is egter die gevaar dat sekere omstandighede die skoolmodel toenemend moreel problematies maak. Hierdie omstandighede is soos volg:

a) As ouers onbetrokke raak, en die onderwys al hoe meer aan die skool oorlaat, kan dit gebeur dat die onderwys by die skool nie volgens die waardes van die ouers geskied nie, maar volgens die van die onderwysers. Omdat die mens van nature lui is, is dit 'n baie moeilike taak om te verseker dat ouers altyd by die skool betrokke bly.

b) As die gereformeerde skool baie groot word, en veral wanneer leerlinge oor vêr afstande na die skool aangery word, raak dit al hoe moeiliker vir ouers om toesig te hou oor die onderwys en dinge te verander as hulle probleme ervaar. Wanneer die skool 'n groot professionele korps van onderwysers het, kan die onderwysers al hoe minder 'n noodsaak ervaar om ouers te konsulteer oor allerhande sake. So dryf die skool en die ouers uitmekaar.

c) Wanneer ouers onbetrokke raak of skole groot word, lei dit daartoe dat slegs 'n klein groepie professionele mense aktief onderwys gee en worstel met die probleme daarvan. Dit lei daartoe dat daar min kragte is om die probleme op te los.

d) As die staat deur middel van onderwysersopleiding, subsidies en akkreditasie invloed oor die gereformeerde skool uitoefen, is dit moeilik om gereformeerde onderwys wat in terme van identiteit en kwaliteit radikaal verskil van die staatskole, te handhaaf.

Ook die tuisskoolmodel loop die gevaar om moreel problematies te word onder sekere omstandighede.

a) As ouers 'n sillabus met volledig uitgewerkte lesse gebruik wat afkomstig is van 'n ander kerklike agtergrond, kan dit gebeur dat hulle onbewustelik waardes aan hulle kinders oordra, wat in stryd is met hulle eie waardes.

Op 'n praktiese vlak kan geen van die onderwysmodelle voorgehou word as die beste model vir alle kinders nie. Die skoolmodel is nie optimaal geskik vir alle kinders nie, aangesien dit nie buigbaar genoeg is vir kinders wat ondergemiddeld of bogemiddeld presteer nie. Tuisonderwys is nie geskik vir alle kinders nie, aangesien daar byna altyd ouers sal wees wat nie in staat is om hulle kinders self onderwys te gee nie. Dit is opvallend dat skole en tuisskole mekaar se swak punte kan aanvul, om sodoende daaraan mee te werk dat gereformeerde onderwys in die breë optimaal bevorder word. Die twee modelle kan mekaar soos volg aanvul:

a) As die onderwysers by die skool daaraan meewerk dat 'n gereformeerde sillabus met volledige lesplanne opgestel word, kan dit gebruik word om te help dat ouers wat tuisonderwys gee, gereformeerde onderwys gee. Dit kan ook gebruik word om die kwaliteit van die onderwys aan die skool te handhaaf en die onderwysproses daar meer effektief te maak.

b) Ouers wat tuisonderwys gee, is nie noodwendig van plan om alle kinders vir alle grade tuis te onderwys nie. Dikwels is dit vir sekere kinders beter om onderwys vir sekere grade by 'n gereformeerde skool te ontvang. Ouers wat hulle kinders self onderwys gegee het, sal graag baie betrokke wil wees by die onderwys aan die skool, en so verskaf tuisonderwys ouers aan die skool wat baie betrokke wil wees. Dit is empiries aangetoon dat ouerbetrokkenheid een van die belangrikste faktore is wat die sukses van onderwys bepaal.

c) As baie gereformeerde ouers tuisonderwys gee, sal dit verhoed dat gereformeerde skole onnodig groot word.

d) As baie ouers tuisonderwys gee, lei dit daartoe dat 'n groter groep mense aktief gereformeerde onderwys gee, en worstel met die gesamentlike probleme daarvan.

e) Omdat tuisonderwys radikaal verskil van die tradisionele skoolstelsel, kan die vars idees van ouers wat tuisonderwys gee baie nuttig wees om die skoolstelsel te verbeter.

In 'n artikel met die titel "Covenant Education in the Twenty-first Century" gee Doug en Ingrid Dahl insig in hoe die pad vorentoe behoort te lyk. Die toekoms van onderwys is nie geleë in tuisonderwys of Christelike skole in hulle huidige vorm nie. Hulle noem twee sake wat noodsaaklik is om 'n langtermyn toekoms te bewerkstellig vir Christelike onderwys:

1) Die kerk moet bely dat die stuur van kinders na staatskole neerkom op die offer van kinders aan afgode, soos wat dit beskryf word in Lev. 18:21 en Deut. 18:10, wat sonde is. Die kerk moet gereformeerde onderrig sien as 'n morele verpligting en nie 'n voorkeur wat slegs gekies word deur die ryk of meer toegewyde lidmate nie.

2) Die kerk moet verkondig dat die opvoeding van kinders die verantwoordelikheid van die ouers is, wat nie aan 'n instituut oorhandig kan word nie.

3) Al die talente binne die gemeenskap van heiliges moet aangewend word om te verseker dat alle kinders verbondsonderwys ontvang. Geen ouer mag deur omstandighede gedwing word om hul kinders na 'n staatskool te stuur nie.

Gegee alles wat tot dusver gesê is, sien ek die pad vorentoe vir gereformeerde onderwys soos volg:

1) Die kerk behoort dit as haar roeping te sien om toe te sien dat alle ouers hulle verbondskinders 'n gereformeerde opvoeding gee tot op die ouderdom dat hulle belydenis aflê. Daarom behoort sy ook te verkondig dat dit immoreel is dat die staat betrokke is by

onderwys, en dat gereformeerdes daarom nie gebruik mag maak van die onderwys wat deur die staat gegee word nie.

2) Aangesien onderrig in die eerste plek die taak van ouers is, behoort die kerk positief te wees oor die tuisonderwys en dit aan te moedig, aangesien dit neerkom op gehoorsaamheid aan die doopbelofte op 'n direkte wyse. Indien Sy 'n voorkeur het vir die skoolmodel kan dit verdeeldheid in die kerk bring en ook die vooruitgang van gereformeerde onderwys in die breë belemmer

3) Prof. Woltjer sien die plek van die gereformeerde skool soos volg: *"In dit doel der school ligt haar wezen opgesloten, 't welk dus hierin bestaat, dat zij de plaats of de inrichting is, waar een ander deel van de taak der ouders overnemende, voor loon hunnen kinderen onderwijs geeft in die kundigheden, die de ouders zelf heen zullen behoren te leren, indien de omstandigheden het gedoogden. De school is dus inderdaad slegs een noodhulp, die practisch, wegens den aard der menselijke samenlewing en de steeds voortgaande verdeling van den arbeid, onontbeerlik moest worden."* Op dieselfde wyse roep die huweliksformulier manne op om self hulle gesinne te versorg, maar sien ook toe dat daar diakens is wat die gesinne versorg wanneer die manne dit nie kan doen nie. Aangesien tuisonderwys nie voorgehou kan word as die onderwysmodel wat almal moet volg nie, moet die kerk toesien dat daar 'n gereformeerde skool is, sodat geen ouer 'n verskoning kan aanvoer dat hy sy kind nie 'n gereformeerde onderwys kan gee nie.

Opsommend kan gesê word dat die kerk moet toesien dat daar gereformeerde skole is, sodat dit nie kan voorkom dat sommige verbondskinders nie gereformeerde onderwys ontvang nie, en tegelykertyd moet ouers opgeroep word om hierdie taak sover moontlik self te behartig, omdat die harmonieuse samewerking van gereformeerde skole en tuisskole die onderwysmodel is wat gereformeerde onderwys die beste dien.

4) Die kerk behoort toe te sien dat daar 'n onderwysmodel ontwikkel word waarin tuisskole en gereformeerde skole op so 'n wyse saamwerk dat onderwys die taak van die ouers bly, waar die gereformeerde skool die noodhulp bly in diens van die ouers, waar die gereformeerde skool geen bande met die staat het nie en waarby die verskeidenheid van gawes in die gemeente aangewend word.

   Prakties kan dit soos volg uitgewerk word. Die gereformeerde skool kan diensbaar wees aan ouers deur sy sillabus en lesplanne beskikbaar te stel aan ouers. Ouers wat hierdie materiaal gebruik vir tuisonderwys kan weer op hulle beurt diensbaar wees aan die skool deur te help om die materiaal te verbeter en uit te brei. Wanneer die materiaal ook beskikbaar gestel word aan ouers en skole buite die kerkverband, van waaruit die gereformeerde skool uitgaan, dan funksioneer die materiaal ook as 'n middel waardeur die leer van die kerk versprei word.

Indien daar in die kerkgemeenskap bogenoemde onderwysmodel ontwikkel is, sal haar lidmate diensbaar kan wees aan die samelewing wanneer die oomblik aanbreek dat staatsonderwys totaal inmekaar stort. Deur diensbaarheid kan haar lidmate so die samelewing beïnvloed en op die wyse haar taak van evangelisasie ook nakom.

**Hulle wat opvoed, bepaal die agenda van die toekoms. - Gary De Mar**

**Leendert van Oostrum,** was stigtersvoorsitter van die *Vereniging vir Tuisonderwys,* en is tans voorsitter van die *Pestalozzi Trust regsfonds vir Tuisonderwys,* asook president van die *Nasionale Koalisie van Tuisskolers.* Sy M.Ed. verhandeling was getiteld: *Die Didaktiek en Etiek van Tuisonderwys.* Hy is getroud met Karin en hulle het drie kindere.

# Die geskiedenis en regsposisie van tuisonderwys in Suid-Afrika

*IJ van Oostrum*

## Inleidend

Ter inleiding wil ek graag duidelik maak dat ek hier praat oor die geskiedenis, maar sonder dat ek 'n geskiedkundige is. Ek praat ook oor die reg, maar sonder dat ek 'n regsgeleerde is. My kundigheid lê op die gebied van tuisonderwys. Ek kyk dus na die geskiedenis en na die reg vanuit die gesigspunt van die tuisonderwys.

Dit is wel so dat God my die voorreg gegee het om enkele belangrike elemente van die geskiedenis van die tuisonderwys self mee te maak. Daardeur is ek in staat om te getuig van Sy handewerk soos ek dit op die gebied van tuisonderwys kon ervaar. Dit is verder so dat ek soms deur 'n universiteit betaal word om senior regstudente te onderrig oor die reg op tuisonderwys. Daardeur kan ek getuig van Sy genade om ook in die reg van die land beskerming te voorsien vir gesinne. Tog bly die fokus van my perspektief die tuisonderwys, en dit is belangrik om in gedagte te hou dat die dinge wat ek meedeel oor die geskiedenis en die reg in daardie teken staan.

Agtergrond

Wanneer 'n mens tuisonderwys in historiese perspektief beskou, is dit nodig om 'n bepaalde wanvoorstelling uit die weg te ruim: Mense praat dikwels van "tradisionele onderwys" as hulle "skoolonderwys" bedoel. Tuisonderwys sou dan nie tradisioneel wees nie. Dit word voorgehou as iets nuut en ongetoets - iets wat homself nog moet bewys. Skoolonderwys, daarenteen, word dan voorgehou as die histories bewese model - die opvoedingsmilieu wat die "tradisionele" norm daarstel vir die onderwys van kinders.

Hierdie persepsie is natuurlik foutief. Histories gesproke is tuisonderwys die onderwysmodel met verreweg die langste tradisie. Dit is die onderwysmodel wat oorwegend gebruik is deur al die groot samelewings van die verlede, insluitende die Bybelse, die Romeinse, die Europese en die Amerikaanse tot maar sowat honderd jaar gelede. Ook in Suid-Afrika was tuisonderwys die norm tot 'n eeu gelede, nie net onder die swart volke nie, maar ook onder die wit groepe, en veral die Afrikaner.

Dit is bekend dat groot leiers soos Paul Kruger maar weinig skoolonderwys ontvang het. Hy kon hom desnieteenstaande handhaaf in die hoofstede van Engeland en Europa. Maar ook die intellektuele reus, Jan Smuts, is grootliks deur sy moeder onderrig en het op die ouderdom van dertien vir die eerste maal die binnekant van ŉ klaskamer gesien. Toe het hy binne twee jaar sy matriek verwerf en voortgegaan om een van die voorste regstudente te word wat die Universiteit van Cambridge in die 18de eeu gelok het. Die Afrikaanse digter, Leipoldt, het geen skool bygewoon nie, maar is hoofsaaklik deur sy sendelingvader onderrig totdat hy by die mediese skool ingeskryf is om 'n geneesheer te word.

In die Engelssprekende deel van die bevolking het verskeie prominente mense ook slegs tuisonderwys ontvang, 'n Besonder interessante geskiedenis is die van Mary Kingsley. Sy het nooit enige formele onderwys ontvang, behalwe klasse in Duits wat sy gebruik het om haar vader ('n navorser aan die Universiteit van Cambridge) met sy werk te help. Ná die dood van haar ouers het sy stoksielalleen - met haar Victoriaanse rok en sambreel - ontdekkingstogte in onverkende dele van Wes-Afrika gedoen. Dikwels het sy lede van kannibaal-stamme as draers gebruik en sy het belangrike bydraes tot die antropologiese navorsing oor die mense van die gebied gelewer. Kingsley het ook monsters van die fauna en flora van die gebied versamel vir die Britse museum. Sy is dood aan die tifuskoors nadat sy Boerekrygsgevangenes in Simonstad verpleeg het tydens 'n epidemie.

## Tuisonderwys in die Boererepublieke

Terwyl tuisonderwys aan die orde van die dag was, was die geletterdheidsyfer vir die Boerebevolking in die ou republieke hoog. Ou Dr Andrew Murray was 'n Skot wat in die 1860's

vanuit Bloemfontein die lidmate van die NG-Kerk in die hele Transvaal en Vrystaat bedien het. Hy moes die hele gebied deurreis om mense te doop, te trou en te katkiseer. In sy verslae oor sy werk spreek Murray sy groot verbasing uit oor die feit dat hy selde of ooit 'n jongmens teëgekom het wat nie bekwaam kon lees, skryf en reken nie. Hy was verbaas, want in albei republieke was daar tot nog toe geen enkele skool nie. Die ouers het hul eie kinders geleer.

In ander pioniersgebiede soos die VSA vind ons dieselfde verskynsel - 'n hoe" persentasie geletterdheid is gehandhaaf in bevolkings wat geen toegang tot skole gehad het nie. Kom ons kyk dus na die verskynsel van skole en verpligte skoolbywoning teenoor tuisonderwys.

## Skool- en tuisonderwys in voor-moderne samelewings

Vir die duisende jare van die menslike geskiedenis is verreweg die meeste kinders deur hul ouers opgevoed. Hulle het bloot met hul ouers saamgeleef en is betrek by die daaglikse aktiwiteite van die ouers. Daardeur het hulle alles geleer wat nodig was om te funksioneer in die samelewing waarin hulle geleef het. Selfs die oudste samelewings waarvan ons weet het egter naas tuisonderwys, ook skoolonderwys gehad. Ook Israel het die profeteskole gehad - dit was egter meesal op die vlak wat ons vandag naskoolse onderwys sou noem, bedoel vir jong volwassenes. (Samuel se geskiedenis was nie van hierdie aard nie. Dit kom vir my voor asof sy posisie saam met Eli eerder die was van 'n kind wat in die gesin van Eli opgeneem is, soos met die vakleerlingstelsel wat in die Middeleeue en die Renaissance sy hoogtepunt bereik het.)

Die funksie van skole in die antieke samelewings was hoofsaaklik soos die van die profeteskole van Israel - om 'n baie klein deel van die bevolking op te lei om bepaalde funksies in die samelewing te verrig wat nie deel was van die algemene kultuurbedrywighede van die bevolking nie. Hulle moes bepaalde buitekulturele vaardighede leer, soos om die godsdienstige en historiese kennis van die volk te memoriseer en te bewaar, om te lees en te skryf vir 'n rol as priesters, wat dikwels ook die skrywers en klerke van die regeerders was, om die meer gevorderde wiskunde te bemeester wat sedert Babilonië nodig was vir die voorspelling van astronomiese verskynsels soos sonsverduisteringe e.d.m. Vir hierdie buitekulturele funksies is 'n klein persentasie van die kinders of jongmense in die samelewing in skole opgeld. Al die ander het bloot in vakleerlingskap by hul ouers of ander volwassenes grootgeword - anders gestel, hulle het tuisonderwys ontvang. Dit was 'n vakleerlingskap vir die lewe, en het veel meer behels as bloot die aanleer van bepaalde vaardighede. Die ouer, en soms die vakmeester in die rol van 'n ouer, het met sy hele lewe vir die kind 'n voorbeeld gestel. Dit het die godsdiens, etiek, ekonomie, finansies, gesondheid en higiëne, voedselproduksie en -verwerking, menseverhoudings, bestuur, en elke ander aspek van die lewe ingesluit.

Daar was wel ook uitsonderinge waar samelewings skoolonderwys vooropgestel het. Dit kom voor asof die Griekse burgery in die algemeen heelwat meer van skole gebruik gemaak het as die meeste ander samelewings. Dit het egter nie gegeld vir die werkers- en slaweklasse nie. Die gebruik het in ongeveer 200 voor Christus ook oorgespoel na Romeinse adel. Die Romeinse samelewing was egter baie sterker op die gesinslewe ingestel as die Griekse, en skole is dikwels beskou as nog 'n vorm van Griekse dekadensie wat vermy moes word as 'n mens kon.

Ons weet wel van ten minste drie voormoderne samelewings waar verpligte skoolbywoning ingestel is. Die Spartaanse stadstaat het alle kinders as staatseiendom in skole grootgemaak onder omstandighede van wrede dissipline wat 'n roemlose einde gehad het as 'n toeriste-aantreklikheid vir Romeinse besoekers. Die Inka-samelewing het soortgelyke reëlings gehandhaaf - met soortgelyke gevolge, en die Joodse samelewing in Jerusalem het ongeveer 'n eeu na Christus, in die laaste jare voor die finale verstrooiing, ook skoolplig ingevoer. Met enkele uitsonderings was daar dus, in die voormoderne samelewings, hoofsaaklik twee soorte onderwys -tuisonderwys, wat gefunksioneer het as 'n vakleerlingskap vir die lewe, en skoolonderwys wat bestem is vir 'n baie klein elitegroep wat buitekulturele vaardighede moes bemeester.

## Skool- en tuisonderwys onder die modernisme

Teen ongeveer 1800 het die industriële revolusie en die opkomende modernisme sy merk op die samelewings van Europa reeds goed begin maak:

a) Die mark vir baie huisbedrywe is vernietig deur massaproduksie. Arbeid is geskei van die gesin, en baie van die funksies van die gesin is, in die voetspoor van die arbeid, mettertyd geïnstitusionaliseer.

b) Daar het 'n dringende behoefte ontstaan vir groot getalle mense wat vaardighede besit wat nie in daardie stadium deel van die algemene kultuur was nie -geletterdheid, die vermoë om masjinerie te bedryf en noukeurige meganiese instruksies te volg en vele meer. In die groter geheel, was daar die noodsaaklikheid vir 'n bevolking wat nie meer soos in die voormoderne samelewing individualisties optree nie, maar wat aanpas in prosesse en stelsels wat hulleself nie kon of hoef te verstaan nie. Dit het vaardighede vereis soos absolute stiptelikheid, en ongekwalifiseerde onderhorigheid. Sonder groot getalle werkers met hierdie vermoëns kon die industrieë nie funksioneer nie.

c) Groot getalle kinders is sonder meer onder haglike omstandighede in fabrieke en myne in diens geneem vir harde fisiese arbeid wat nie vaardigheid vereis het nie. Hierdie verskynsel het, veral in Engeland, sosiale protes uitgelok. Daar was egter weinig alternatief vir kinderarbeid, want tuis was daar in elk geval niemand om hulle te versorg nie - albei ouers moes van kinderversorging vrygestel word vir die arbeidsmark. Een van die reaksies op die protes was dus om skole in die werkplek in te rig, waar die jonger kinders bepaalde ure per week onderrig moes ontvang -daardeur is die monde van die kritici in 'n mate gesnoer. Baie van hierdie "skole" was egter niks meer nie as bewaarplekke waar kinders die "skooltyd" onder toesig verbygesit het. Baie van die "onderwysers" was self ongeletterd.

Die industriële samelewing het dus die ou idee van die skool geneem, wat in die voormoderne samelewing ontwikkel is vir die aanleer van geselekteerde vaardighede deur 'n gekeurde elite met 'n bewese aanleg vir die gegewe rigting. Hierdie instelling is nou in die bres gewerp wat geskep is deur die krisis van 'n sosiale revolusie. Die skool as instelling was egter nie geskik vir die nuwe eise wat aan hom gestel is nie. Hy moes wel nuwe vaardighede aan kinders leer, maar dit was nie meer aan 'n klein groepie geselekteerde kandidate nie. Nou moes die massas onderrig word in vermoëns wat hul ouers nie gehad het nie. Maar daar het 'n nuwe funksie bygekom - om kinders bloot van die straat te hou omdat die gesin as versorgingstruktuur vir 'n groot deel van die dag of selfs glad nie meer gefunksioneer het nie. In die werkersklas was albei ouers besig om lang skofte te werk. In wat die Engelse op hul sonderlinge manier die "leisured classes" noem, wou die ouers vry wees vir sosiale verpligtinge.

Daar het ook 'n derde funksie bygekom. Met die opkoms van die demokrasie en die idee van sosiale gelykheid het die onderwys 'n politieke funksie gekry. Veral in die ou samelewings van Engeland en Europa moes kinders opgevoed word om hierdie beginsels te onderskryf, en hulle moes die vermoëns verwerf om hulle te uitvoer te bring. Maar daar was ook groot sosiale omwentelinge en verskuiwings in die pioniersamelewings. In die VSA, byvoorbeeld, moes die ou Puriteinse Amerika miljoene Roomse en Joods immigrante absorbeer, en die skool het die funksie gekry om die Puriteinse ideale by die kinders van hierdie mense in te skerp.

Universele skoolplig teenoor tuisonderwys

Al hierdie dinge het druk veroorsaak om skoolplig in te stel. Pruise was waarskynlik die eerste staat in Europa sedert Sparta wat skoolbywoning verpligtend gemaak het - in ongeveer 1720. Dit het ongeveer 150 jaar geduur voordat ander Europese lande skoolplig begin instel het, maar toe het dit vinnig gegaan en binne die volgende vyftig jaar was skoolbywoning verpligtend vir die meeste kinders in Europa, Noord- en Suid-Amerika, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika.

Met die instelling van universele skoolplig was daar egter skielik ook 'n nuwe klas in die samelewing - skoolkinders. Hier was miljoene kinders, die volwassenes van die volgende geslag, wat buite die gesinskring blootgestel is aan beïnvloeding deur elkeen wat toegang tot

hulle kon kry. Skielik het elkeen met 'n agenda 'n rede gehad om die onderwys van kinders te probeer beïnvloed. Soos hulle deur die eeue gedoen het, het kerke die skole gesien as arbeidsveld. Maar ook vegters vir vroueregte, vir die afskaffing van slawerny, vir die opheffing van die armes, vir sosiale geregtigheid en vir sosiale gelykheid, vir ekonomiese bevryding en elkeen met 'n ideaal of ideologie het nou met gretige oë na skole gekyk as sendingveld om hul politieke toekoms te verseker. Regerings het vroeg reeds belang gestel. Een van die verskille tussen demokraties verkose regerings en elke ander vorm van regering is dit: Elke demokraties verkose regering het 'n intense belang daarby om te verseker dat die volgende geslag kiesers ook vir hom sal stem. Teen die 1950's was die skoolstelsel in enige ontwikkelde samelewing een van die mees invloedryke elemente. Dit was dikwels een van die grootste begrotingsitems. Amper geen kerk het dit oorweeg om sy gemeentekalender op te stel sonder om die skoolprogram te raadpleeg nie. Amper geen industrie of onderneming, en beslis geen nooddiens nie, kon dit waag om sy produksieskedules of diensroosters op te stel sonder verwysing na die skoolprogram nie. Die ganse gasvryheidsbedryf, lug-, spoor- en padvervoernetwerk, insluitende verkeersafdelings en polisiemagte se bedrywighede deur die jaar is in groot mate bepaal deur die vasstelling van die skoolkalender. Dorp-uitleg, die eiendomsbedryf, en voorsiening vir spitsverkeer in stedelike gebiede moes die ligging en die rooster van skole en die gepaardgaande "school rush" in berekening bring.

Die onderwysmetodiek word grootliks gedryf deur ŉ Skinneriaanse-behaviorisme, wat die leerhandeling wil meganiseer en so ook die onderrighandeling. Onder leiding van Skinner word die visie vir skoolonderwys een waar die onderwys grootliks geoutomatiseer is, met behulp van meganiese onderrigmasjiene en allerlei onderrigmedia. Die openbare skoolstelsel was een van die belangrikste fondamente van die modernisme, en een van die grootste invloede op die lewe van elkeen in 'n modernistiese samelewing. Ook in Suid-Afrika word universele skoolplig vir wit kinders as die norm aanvaar. Die skoolstelsel vir blankes word progressief gesentraliseer - kleiner skole word gesluit en kinders word oor groot afstande per bus vervoer of in koshuise opgeneem.

Tog het tuisonderwys in hoeke en gate voortbestaan. Dit is feitlik oral aanvaar as 'n alternatief tot skoolbywoning vir kinders wat aan chroniese en veral aansteeklike siektes gely het, of wat baie ver van skole gewoon het, of wat weens fisiese of geestelike gestremdheid as "onopvoedbaar" geklassifiseer is. In uitgestrekte gebiede in veral Australië en Kanada word afstandonderrigstelsels bedryf wat kinders toelaat om by die huis te leer met behulp van leerprogramme, aangevul met radio en later TV. Ook in Europa, egter, voorsien regerings onderwysmateriaal vir rondreisende kinders soos die kinders van rivierbootbemannings ("schipperskinderen") of diplomate. In Suid-Afrika word tuisonderwys ook op hierdie gronde "toegelaat". Dit is egter algemeen aanvaar dat skoolonderwys die norm is, en tuisonderwys die alternatief wat slegs by hoë uitsondering aanvaarbaar is.

### Skool- en tuisonderwys in die na-moderne era

In die 1960's het die modernisme begin kraak. Die eerste tekens van die na-moderne samelewing begin deurskemer, en dit begin by die jeug en die onderwys. Studente in Europa kom in opstand teen swak onderwys en soos 'n veldbrand versprei dit regoor die wêreld en na skole. In die proses word al meer en meer bevraagteken, en nie slegs die onderrigmetodes aan universiteite nie. Baie gou word die mees fundamentele norme van die modernistiese samelewing bevraagteken, na gelang die betrokke kultuur. Godsdienstige, sosiale en seksuele norme word bevraagteken en op groot skaal oorboord gegooi. Ekonomiese aannames en ideale, die kuns, musiek en die ganse kultuur van 'n vorige geslag word met minagting verwerp en die werksetiek word onder groot spanning geplaas. In die praktyk spoel die revolusie oor na burgerregte, vroueregte en internasionale verhoudinge. In die onderwys word ook alles bevraagteken - veral die behaviorisme kom onder skoot uit allerlei rigtings.

## Die "de-schooling" -beweging

In Engeland stuur 'n paar honderd gesinne hul kinders bloot nie meer skool toe nie. Amper deur die bank is hierdie gesinne sosiaal en polities linksgesind, en hul doel is om die Engelse

klassestelsel af te breek deur die skool as draer daarvan te ondergrawe. Hiermee tref een van die eerste groot ironiese teenstellings ons: Een van die groot doelstellings van die openbare skoolstelsel as sosiale projek was juis om sosiale gelykheid te bevorder. Nou blyk dit egter dat baie mense - met goeie gronde - vind dat dit juis sosiale verskille verskans. Hierdie groep is egter ook pedagogiese revolusionêre. Hulle beoefen 'n onderwysbenadering wat hulle "de-schooling" noem. Dit is daarop gerig om in elke opsig die teenoorgestelde van die skool te wees. Handboeke, oefeninge, en enige vorm van dwang word by die venster uitgegooi. Kinders word niks geleer tensy hulle eksplisiet vra om dit te leer nie. Verder word die kinders bloot betrek by die lewens van die ouers en word gaandeweg ingelyf by al die aktiwiteite waarmee die ouers hulle besig hou. Mettertyd word hulle ook al meer en meer verantwoordelik gehou vir hulle aandeel aan die huishouding en die ander aktiwiteite, insluitende ekonomiese aktiwiteit.

In die "de-schooling" - beweging vind ons baie sterk die idee van kinders wat 'n vakleerlingskap onder die leiding van hul ouers deurloop, en wat leer uit die eise wat hul werklike omgewing aan hulle stel. Enkele hofsake word teen sulke gesinne ingestel omdat die kinders nie skole bywoon nie. Die wet in Engeland en Wallis bepaal egter dat ouers verantwoordelik is om hul kinders van onderwys te voorsien "in a school or otherwise", en die vervolging meesal slaag nie daarin om te bewys dat die kinders nie onderwys ontvang nie. Die eerste moderne tuisonderwysorganisasie word gestig en, na aanleiding van die bewoording van die wet, kry dit die naam "Education Otherwise".

Die "de-schooling" - benadering word ook in enkele skole toegepas, waarvan Summer Hill in Cornwall die bekendste is. (Daar is tans 'n skool met dieselfde naam, wa dieselfde onderwysmetodes gebruik, naby Nelspruit in Mpumalanga.) Die beweging spoel oor na die VSA en elders, maar bly daar ook klein en relatief onbekend. Enkele onderwyskundiges soos John Holt neem egter kennis daarvan en vind dat dit baie van hul eie vrae oor die skoolonderwys beantwoord.

## Die "tuisskool" -beweging

Teen die sewentigerjare ontstaan in die VSA 'n heeltemal onverwante beweging, Weens 'n beslissing van die Amerikaanse Hooggeregshof in die sestigerjare word godsdiensonderwys sowel as godsdiensbeoefening progressief uit die openbare skole in die VSA geweer. Klein groepe Christenouers kom hierteen in opstand. Hulle verwyder hul kinders uit skole en begin om hulle tuis te leer volgens hul eie oortuigings. Hierdie gesinne volg 'n heel ander onderwysbenadering as die de-schoolers. Vir hulle is skoolonderwys die "tradisionele" onderwysmetode, en die enigste rede waarom hul kinders nie skole bywoon nie, is hul godsdienstige oortuigings. Ooreenkomstiglik, gebruik baie van hulle heel konvensionele onderwysmetodes wat so veel as moontlik soos skoolonderwys ingerig is. Onder leiding van 'n gerespekteerde onderwyskundige, Dr Raymond Moore, ontwikkel hier egter ook 'n alternatiewe benadering oor onderwys. Moore behoort aan die Adventistekerk en implementeer baie van daardie kerk se beginsels oor gesonde lewenswyse in sy werk. Dit sluit in die idee dat kinders eers veel later aan formele onderwys blootgestel moet word as wat gebruiklik is, en dat hulle ook in alle opsigte by die algemene bedrywighede van die gesin en die gemeenskap betrek moet word onder leiding en met die begeleiding van die ouers. Ook hier word die ou gedagte van 'n vakleerlingskap dus weer sigbaar.

## Die regstryd in die VSA

Teen die laat sewentigerjare begin die onderwysowerhede in die Amerikaanse deelstate met mag en mening teen tuisonderwys optree. Kinders is van hul ouers verwyder en in pleegsorg of inrigtings geplaas. Groot getalle ouers het boetes betaal of tronkstraf uitgedien. In een geval, in die tagtigerjare, is 'n vader in Utah in die teenwoordigheid van sy tien kinders deur die polisie doodgeskiet. Die gevolg was dat die tuisskoolgemeenskap ondergronds gedwing is, maar nogtans bly groei het. Die ouers het egter ook begin organiseer. Moore het, met sy gesag by die owerheid, baie gesinne uit die moeilikheid gehelp. Die Rutherford Insitute, in organisasie wat regshulp verskaf om gesinsregte te beskerm het baie gesinne te hulp gesnel

en die eerste akademiese werk oor die regte van tuisskolers teen die middel tagtigerjare die lig laat sien. In 1984 het Mike Farris, 'n prokureur, die Home School Legal Defense Association (HSLD A) opgerig en Dr Chris Klicka aangestel as die eerste regsgeleerde om hom voltyds aan tuisonderwyssake te wy.

Ten spyte van sy naam, funksioneer die HSLDA bloot as 'n soort regsversekering. Gesinne betaal $100 per jaar en is dan geregtig op regsverdediging indien hulle met die owerheid sou bots. Die organisasie self is egter opgerig as 'n Christelike organisasie met 'n duidelike doel om tuisonderwys en die verwante godsdiens- en gesinsregte te verdedig. Hierdie eenvoudige reëling het egter die deurslag gegee -genoeg fondse is gegenereer om groot hofsake te voer waar die grondwetlike en ander regsbeginsels rakende tuisonderwys deur die hoogste howe uitgeklaar is. Die sukses van hierdie aksie kan gesien word in die feit dat daar in 1984 slegs vier deelstate in die VSA was wat tuisonderwys "toegelaat" het. Teen 1992, egter, was tuisonderwys moontlik in elke deelstaat en gebied van die VSA. Dit beteken nie dat tuisskolers nie daar probleme ervaar nie - baie van die wetgewing is steeds onredelik beperkend, en word voortdurend in hofsake getoets. Ook probeer onderwyservakbonde en ander wat meen dat hulle 'n belang het voortdurend om meer beperkende wette, regulasies of prosedures te laat instel.

Die regsgedinge het 'n groot behoefte aan navorsing oor tuisonderwys laat ontstaan - dit was nodig om howe te voorsien van geldige en betroubare inligting oor die resultate en gevolge wat van tuisonderwys verwag kan word. Betroubare navorsing het dan ook algaande getoon dat kinders in tuisonderwys ten minste net so goed, en waarskynlik beter daaraan toe is as hul eweknieë in institusionele onderwys. Verder is bevind dat kinders wat volgens "de-schooling"-beginsels opgevoed word dieselfde vlak van vermoëns bereik as kinders wat volgens tuisskoolbeginsels opgevoed word en dat albei groepe waarskynlik beter presteer as kinders in skole. Daar was dus twee vroeë golwe in die hedendaagse tuisonderwysbeweging: die "de-schooling" -beweging gevolg deur die tuisskoolbeweging wat spesifiek deur godsdienstige oorwegings gemotiveer is. Teen die laat tagtigerjare sien ons egter 'n derde golf.

## Die derde golf van tuisonderwys - soeke na gehalte

Dit het reeds sedert die sestigerjare geblyk dat daar ernstige probleme in die skoolonderwys is. Die een groot beleidsverandering na die ander is probeer. Teen 1984, egter, het 'n presidensiële kommissie in die VSA hul verslag uitgebring oor 'n ondersoek na die onderwysstelsel. Hulle het die verslag onder die titel "Nation at Risk" laat verskyn. In hul opsomming, verklaar die kommissie dat die toestande in die Amerikaanse onderwys sodanig is dat, as dit die gevolg sou wees van optrede deur 'n buitelandse moondheid, dit sonder meer as 'n daad van oorlog beskou sou moes word Hierdie verslag is maar een teken van 'n algemene en groeiende ontevredenheid met die modernistiese skool as onderwysmodel. Die modernistiese skool was 'n poging om die ou voormoderne eliteskool te neem as oplossing vir die krisis wat die opkoms van die industriële era gebring het Dit moes nie net bepaalde, buitekulturele vermoëns by geselekteerde kinders tuisbring nie. Dit moes toeganklik wees vir die massa, en dieselfde model moes voldoen aan die vereistes van almal. Verder moes dit 'n bewaarplek wees vir kinders wie se ouers elders besig is en moes ook as geleier dien om die heersende staatsideologie by kinders in te prent.

Nou is daar egter 'n veelseggende ontwikkeling: Al daardie vermoëns wat aan die begin van die industriële revolusie buitekulturele vermoëns was, is intussen in die algemene kultuur van alle ontwikkelde gemeenskappe opgeneem. Hulle is dus nie meer buitekultureel nie. U kan dit nagaan: Die inhoud van enige algemeen aanvaarde skoolkurrikulum, tenminste tot Graad 9, bevat weinig of niks wat mense nie in die daaglikse lewe teëkom nie. Dit is dus die vermoëns wat kinders by uitstek kan leer deur bloot te deel in die lewens van hul ouers en gesin. So 'n afleiding sou natuurlik in ooreenstemming wees met die bevindinge wat aandui dat kinders wat "de-schooling" ontvang net so goed ontwikkel as kinders wat formeel gestruktureerde onderwys kry - tuis of in skole. Die implikasie hiervan is dat die skool sy bestaansrede as

*onderwysinrigting* grootliks verloor het. Die funksies van die skool wat oorbly is die bergingsfunksie - om kinders te versorg terwyl hul ouers elders ekonomies of sosiaal besig is, en die propaganda-funksie - om die heersende staatsideologie by kinders in te prent.

Die derde golf van tuisskolers is dus mense wat hul kinders huis toe bring hoofsaaklik omdat hulle oortuig is dat hulle 'n beter opvoeding tuis kan ontvang as by die skool. Hierdie rede is, in die VSA sowel as in SA, tans die mees algemene rede wat deur ouers aangegee word as hulle gevra word waarom hulle tuisonderwys vir hul kinders verkies.

## Ontwikkeling in Suid-Afrika

In Suid-Afrika het die drie golwe van die hedendaagse na-moderne tuisonderwysbeweging ietwat anders verloop as elders. Tot met die grondwetlike oorgang van 1994 is tuisonderwys in elke vorm deur die SA regering teengestaan. Ook hier is ouers gevonnis, en het sommige tronkstraf uitgedien. Dit was egter teen 1990 duidelik dat baie ouers van plan was om hul kinders tuis te leer, selfs al moes hulle ondergronds gaan.

Hierdie groep was feitlik deurgaans godsdienstig gemotiveer. Met die suksesvolle pogings om voorsiening te maak vir tuisonderwys in die SA Skolewet, het die getal tuisskolers dramaties toegeneem. Vandag word die meerderheid tuisskolers hier, soos in die VSA, gemotiveer deur die begeerte om hul kinders van beter onderwys te voorsien. Tuisonderwys in Suid-Afrika staan wel op vaste grond, maar dit beteken geensins dat daar regsekerheid vir tuisskolers is nie. Die rede hiervoor is dat die huidige owerheid geen plan gehad het om ooit vir tuisonderwys voorsiening te maak nie.

Uitvoerige voorleggings aan die Hunterkommissie en die Gautengse wetgewer (waar die latere SA Skolewet sy toetslopie gehad het) is sonder meer van die tafel gevee. Die owerheid was vas van plan om, soos die Hunterkommissie aanbeveel het, die beleid van die vorige regering oor tuisonderwys voort te sit. Dit was slegs nadat duisende tuisskolers in die VSA en elders aan die SA ambassadeurs in daardie lande geskryf het, dat die onderwysowerheid gehoor wou gee en in die SA Skolewet voorsiening maak vir tuisonderwys. (Die SA regering was in 1995 nog sensitief vir die Amerikaans openbare mening, in die verwagting dat groot geldskenkings uit daardie oord sou kom. Dit is nou nie meer die geval nie.)

Die opstellers van die SA Skolewet het uiteindelik wel in 1996 voorsiening gemaak vir tuisonderwys, nadat sekere wysigings op aanbeveling van tuisskolers aangebring is, hoewel die wet aansienlik verskil van wat tuisskolers sou wou sien. In tuisonderwys-wetgewing is daar drie basiese modelle:

a) Die vertrouensmodel. In Engeland en etlike ander jurisdiksies word aanvaar dat ouers hul kinders behoorlik opvoed, net soos daar aanvaar word dat ouers hul kinders behoorlik voed. Indien die owerheid of enigeen anders meen dat 'n bepaalde kind nie behoorlik opgevoed (of gevoed) word nie, rus die las op die persoon wat die bewering maak om 'n hof te oortuig dat die ouers hul kinders verwaarloos. In sulke jurisdiksies hoef ouers nie eens die staat in kennis te stel dat hulle tuisonderwys doen nie, en hoef hulle ook nie bewys te lewer van die resultate nie, tensy hulle voor 'n hof gedaag word.

b) In verskeie dele van die VSA, {Canada en elders word 'n kennisprosedure gebruik: Ouers moet die owerheid in kennis stel dat hul kinders tuisonderwys sal ontvang. Daar kan ook van die ouers verwag word om met tussenposes bewys te lewer dat dit wel so is.

c) In ’n baie klein getal jurisdiksies wêreldwyd, word 'n "toestemmingsprosedure" gebruik. In hierdie geval is ouers se keuse van tuisonderwys onderhewig aan goedkeuring deur die owerheid. Die owerheid kan dan ook bewyse vra dat die onderwys voldoen aan neergelegde standaarde, en kan 'n registrasie intrek. Die Suid-Afrikaanse bepalings oor tuisonderwys val in hierdie kategorie.

### Wetgewing in Suid-Afrika en probleme met die toepassing daarvan

Artikel 51 van die SA Skolewet bepaal dat ouers by die provinsiale onderwysdepartement kan aansoek doen om 'n kind te registreer vir onderwys by die kind se eie huis. Die

onderwysdepartement moet die aansoek goedkeur indien hulle tevrede is dat die registrasie in die kind se belang is en dat:

a) Die onderwys van die kind waarskynlik sal ontvang:

   i. sal voldoen aan die minimumvereistes van die kurrikulum in openbare skole; en

   ii. die standaard daarvan nie minderwaardig sal wees aan die standaard van onderwys in openbare skole nie.

b) Die ouer sal voldoen aan enige ander redelike vereistes wat die onderwysdepartement mag stel.

Die grootste probleem wat tans ervaar word is dat die onderwysdepartemente self nie weet wat die minimumvereistes van die kurrikulum of die standaard van onderwys in openbare skole is nie. Die gevolg is dat tuisskolers deurgaans gekonfronteer word met verskynsels soos die volgende:

a) Onderwysamptenare pas nie die bepalings van die wet toe nie, maar vervang dit met ander bepalings wat hulle wel kan toepas, of wat bepaal wat die wet sou bepaal het indien hulle dit geskryf het.

b) Die beleid en prosedure wat toegepas word wissel van provinsie tot provinsie, van amptenaar tot amptenaar en van week na week.

c) Onderwysamptenare is uiters traag om beleid en prosedures op skrif te stel. Daarom verkies amptenare dit dat aansoekers met hulle oor die telefoon praat, of hulle op kantoor kom besoek. Op daardie wyse is daar geen rekord van enige eise wat die amptenaar stel of enige beloftes wat aan die aansoeker gemaak word nie.

Die oorhoofse gevolg van die situasie is dat beide amptenary en tuisskolers in voortdurende onsekerheid verkeer oor die wetlike regte en verpligtinge van die gesin. Amptenare stel feitlik deurgaans onregmatige eise aan tuisskolers, wat dikwels teen die belang van die tuisleerders blyk te wees. Hierdeur kom gesinne dan in konflik met die owerheid, wat potensieel groot skade vir die gesin kan veroorsaak. In die lang termyn, egter, is die reg van ouers om tuisonderwys vir hul kinders te kies deeglik verskans in die SA Grondwet en/of die intemasionale instrumente van menseregte. Dit nodig vir tuisskolers is om hierdie verskanste regte af te dwing en daarom het 'n groot getal gesinne hulself in verskillende verenigings georganiseer in 'n regsfonds op die been gebring om die groot koste van sulke aksies te befonds.

## Slot

Die meriete van tuisonderwys is gevestig deur duisende jare se menslike ervaring en word bevestig deur onlangse navorsing. Histories blyk dit dat skoolonderwys 'n alternatiewe vorm van onderwys is wat vir bepaalde doeleindes aangewend kan word. Onder die modernisme het skoolonderwys 'n hoogbloei beleef wat heel moontlik tans ten einde loop. Dit lyk baie moontlik dat tuisonderwys sal herleef as vakleerlingskap vir die lewe, wat vir die meeste kinders die beste opvoeding sal gee. In Suid-Afrika verskil die situasie nie baie van ander lande nie. Die grondwet, internasionale instrumente van menseregte, en statutêre reg beskerm tuisonderwys. Ongelukkig is amptenare dikwels nie in staat om die wet behoorlik toe te pas nie. Dit veroorsaak veel potensiële en werklike konflik tussen tuisskolers en die owerheid. Om hierdie konflik te hanteer het tuisskolers verenigings gestig wat ook deur 'n regsfonds ondersteun word.

## Bibliografie

Afrika-Handves oor die Regte en Welsyn van die Kind. *African Charter on the Rights and Welfare of the Child.*

Afrika-Handves van Mense- en Volkeregte. *African [Banjul] Charter on Human and Peoples'Rights.*

Aiex NK 1994. *Home schooling and socialization ofchildren.* ERIC Digest ED 372 460.

Alternative Learning Exchange 1997. *A.L.E. Alternative Learning*

Anderson E 1995. *Unschooling Undeftned.* [www document] URL http://www.midnightbeach.com/hs/undefine.htm

Ankerberg J & Branch C 1993. *Thieves oflnnocence: protecting our children front New Age teachings and occult practices.* With

Avner J 1989. Home schooiers: a forgotten clientèle? Education in the library for the unconventionally educated. *School libraryJournal.* Vol 35 No 11 July 1989 pp 29-33.

*B. (R.) v. Childrens Aid Society of Metropolitan Toronto* 1995. Richard B. and Beena

B. (Appellants)v. Children's Aid Society of Metropolitan Toronto. Suprème Court of Canada File No 23298 27 January 1995.

Battles CA 1996. *Marylandhome schoolform and 'impossble demands'.* (Letter to the editor) Education Week 4 December 1996. [www document] URL http://www.edweek.org/

Bray E 1996. The South African Bill of Rights and its impact on education. *South African Journal of Education.* Vol 16 No 3 August 1996 pp 150-158.

Brembeck CS 1975. The social functions of education. *Encyclopoedia Britannica* 15 edition 6:413-417.

Bunday KM 1996a. *Homeschooling is growing worldwide.* [www document] URL http://198.83.19.39/School is dead/ homeschool growth.html

Bunday KM 1996b. *What Effect Does School Attendance Have on the Crime Rate? [www* document] URL http: //www, concentric. net/ -kmbundav/School makes crime.html

Burton CB 1986. *Children's Peer Relationships.* ERIC Digest. ED 265 936.

Cachalia A, Cheadle H, Davis D, Haysom N, Maduna P & Marcus G 1994.

*Fundamental rights in the new constitution: An overview of the new constitution and a commentary on Chapter 3 on fundamental rights.* Cape Town: Juta.

Chatham-Carpenter AD 1992. *Home vs. public schooiers'relationships: differences in social networks.* Paper presented at the 78 annual meeting of the speech communication association, Chicago, 29 October - 1 November 1992. ERIC document reproduction service ED 361 784.

Common RW & MacMullen M 1986. Home schooling...a growing movement. *Education Canada.* Vol 26 No 2 Summer 1986 pp 4-7.

De Groot J 1988. *Vonnis in Hoger Beroep van de arrondissementsrechtbank te Zutphen, meervoudige kamer voor strafzaken, in de zaak tegen Jan de Groot.* 10 Juni 1988.

Dobson L 1996. The fight for home schooling rights in Japan. *Home Education Magazine.* November-December 1996 [www document] URL http://www.home-ed-press.com/HEM/HEM136.96 clmn news.htm

Duvenhage SCW 1973. *Die opstandige student.* Potchefstroom: Pro Rege.

Electronic Busing Program 1997. *Nechako Electronic Busing Program,* [www document] URL http://www.e-bus.com/home.htm

Galloway RAS 1995. *Home schooled adults: are they ready for college?* Paper presented at the annual meeting of the American Educational Research Association. San Francisco 18-22 April 1995. ERIC document reproduction service ED 384 297.

Gauteng 1995. Proclamation No. 117: School Education Act, 1995 (Act No. 6 of 1995) *Provincial Gazette Extraordinary: The Province of Gauteng.* Vol 1 No 113 8 December 1995.

Grondwet van Suid-Afrika 1996. *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* Wet 108 van 1996.

Gunter CFG 1981. *Aspekte van die teoretiese opvoedkunde (met spesiale verwysing na die skool).* Stellenbosch: Universiteits-uitgewers.

Holt J 1971. *The underachieving school.* Harmondsworth: Penguin.

Hunter *et al* 1995. *Report of the Committee to review the organisation, govemance and funding of schools.* Pretoria: Department of Education. 31 August 1995.

Intemasionale Verbond op Burgerlike en Politieke Regte. *The United Nations International Covenant on Civil and Political Rights.*

Intemasionale Verbond op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte. *The United Nations International Covenant on Economie, Social and Cultural Rights.*

Klicka CJ 1995a. *The rightchoice: the incredible failure of public education and the rising hope of home schooling. An academie, historical, practical, and legal perspective.* With supplementary chapters by Greg Harris. Revised edition. Gresham, Oregon: Noble Publishing Associates.

Klicka CJ 1995b. *Home schooling in the United States: a legal analysis.* Paeonian Springs, Virginia: Home School Legal Defence Association. Revised June 1995.

Lewis N & Reinholdt M (editors) 1966. *Roman civilisation Sourcebook I: The Republic.* New York: Harper & Row.

Luthuli PC 1981. *The philosophicalfoundations of black education in South Africa.* Durban; Butterworths.

Manasco B 1996. Factory-like schooling may soon be a thing of the past. *Reason.* July 1996 pp 20-25.

Manganyi NC 1973. *Being-black-in-the-world.* Johannesburg: Spro-Cas/Ravan.

Marx K 1976. *Capital. Voll.* (TranslatedbyBenFowkes.)Harmondsworth: Penguin

Mayberry M 1989. Home-based education in the United States: demographics, motivations and educational implications. *Educational review.* Vol 41 No 2 1989 pp 171-180.

Meintjes A 1997. *Meintjesfamily imprisonment for home schooling children.* Letter from André andBokkie Meintjes to Dr CJ Klicka February 1997. Copy in possession of the author.

Metcalfe M 1996b. Getuienis deur die LUR vir onderwys in Gauteng voor die parlementêre portefeuljekomitee oor onderwys in die Nasionale Parlement. 3 September 1996. Aantekeninge gemaak deur en in besit van die skrywer.

Meyer L 1997. *Homeschooling in Holland,* [www document] URL http://mcs.nl/ ale/home-liz.html 11/4/97.

Moore RS & Moore D 1986. *Better late than early. A new approach to your child's education.* Camas WA: Reader's Digest Press.

Nederlandse Jurisprudentie 1980. *Cassatie in belang der wet; leerplicht en bezwaren tegen de richting van het onderwijs,* pp. 605-610.

Pestalozzi JH 1915. *How Gertrude teaches her children: an attempt to help mothers to teach*

*their own children and an account of the method.* (Translated by LE Holland and FC Turner). London: George Allen & Unwin.

Ray BD 1992a. *Marching to the beat of their own drum: A prof Ie of home education research.* Paeonian Springs, Virginia: Home School Legal Defence Association.

Suid-Afrikaanse Grondwet, Wet Nr 108 van 1996.

Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet Nr 84 van 1996.

Universele Verklaring van Menseregte. *Universal Declaration of Human Rights.* Adopted by UN General Assembly Resolution 217A (III) of 10 December 1948.

Van Oostrum L 1996. Home schooling - a fundamental right. *Frontiers of Freedom.* A publication of the South African Institute of Race Relations. Issue No 10 Fourth Quarter 1996 pp 20-21.

Van Oostrum L 1997. The state of home schooling in South Africa: Where are we now, and how did we get there? *Home Schooling News.* A publication of the Association for Home Schooling. Vol 2 No 1 January 1997.

Van Peursen CA 1987. *Cultuur in stroomversnelling.* Leiden: Martinus Nijhoff.

VN Konvensie op Kinderregte. *United Nations Convention on the Rights of the Child* 1989.

**Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder - dit is die eerste gebod met 'n belofte - sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde. En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here. - Ef.6:1-4**

**Ina Opperman,** is 'n tuisteskepper en is ook voltyds besig met tuisonderwys. Sy is getroud met Gustav, en hulle het drie kinders.

# Die fondament en pilare van gereformeerde tuisonderwys

*I Opperman*

Tuisonderwys ... Die hart sê *jy moet!* Die kop vra: *Hoe?* Hoe doen mens dit? Waar begin mens? Die woord *tuisskool* laai 'n wavrag op jou af. Genoeg om oor te struikel! Soek 'n hoek om in weg te kruip! Sit 'n donkerbril op en hoop die gevoel verdwyn! Miskien is dit hoe u voel na al die gesprekke oor die *waaroms* van tuisonderwys.

Die spontane beweging na tuisonderwys het hom oor die afgelope 20-30 jare oor 'n breë front gemanifesteer in die res van die wêreld, maar ook meer onlangs in SA. Dit omvat Montessouriskole, wat glo in die ongehinderde ontwikkeling van die kind -humanistiese modelle - 'n wye spektrum van evangelies Christelike modelle en ook enkele gereformeerde tuisonderwysmodelle. Ons verkies die term reformerende huisonderrig, omdat reformasie nie 'n statiese toestand is nie.

## Verskil tussen reformerende tuisonderwys en ander modelle

Elke huisskool veronderstel ‘n ma wat tuis is. Dis redelik vanselfsprekend. Dit vra moontlik ook finansiële opofferinge, minder luukshede. Maar verder lyk dit of byna alle modelle geakkommodeer kan word sonder ander noemenswaardige ingrype in die gesin se leefwyse.

Hierin verskil die reformerende huisskool opsigtelik. Om waarlik te reformeer, beteken 'n aanpassing op elke front van die gesinslewe. Die hele lewenstyl moet onder 'n vergrootglas bekyk word, hervorm word. Anders word die huisskool 'n teenstrydigheid (antitese) met die res van die gesinslewe. Die gesinslewe moet juis 'n verlengstuk wees, die praktiese begronding, van dit wat in die huisskool bevorder word. Kies u dus die gereformeerde tuisskoolmodel, moet u die keuse konsekwent uitvoer. Doen u dit nie, sal die kinders gou insien dat die waardes wat u probeer bevorder, vals voorkom. Hierdie geloofskomponent is onontbeerlik. Dit is die hart en fondament van die gereformeerde huisskool.

## Voorbereidende Fase

Tuisonderrig is 'n groeiproses. Vra uself gerus af: *Wat is ons gesin se korttermyn, medium en langtermynvisie?* Een van die heerlike voordele van tuisskoling is die plooibaarheid daarvan. Die huisskool kan soos 'n stukkie klei gevorm en aangepas word by unieke gesinsomstandighede. En 'n tuisskoolmodel kan binne dieselfde gesin gewysig word na gelang van gesinsomstandighede wat verander. Daar is dus nie *een* korrekte werkbare model wat aan alle gesinne voorgeskryf kan word nie.

'n Huisskool het ook nie 'n definitiewe beginpunt nie. As u versiende is, begin u reeds met die beplanning wanneer die kinders nog babas is. En dit is die beste, 'n Mens besluit nie vandag jy gaan tuisonderrig, bestel 'n klomp boeke, koop 'n lessenaar of twee en more het jy 'n huisskool nie. Die gesin moet verkieslik in die huisskoolgedagte en die praktiese uitvoering daarvan ingroei. Maar dis nooit te laat om te begin nie.

## Die eerste stutpilaar: dissipline

*Hoe vroeg kan ek my kind leer lees? Wanneer stel ons hom aan "akademiese " vakke bloot?* Dit is vrae wat die meeste ouers kwel. Maar rig maar eers 'n belangrike stutpilaar op alvorens die res van die tuisskool ontwikkel word. Hierdie pilaar het 'n naam: dissipline. En die beste voorbereiding begin sodra jou kind die verskil tussen *ja* en *nee* kan verstaan. Dan begin die allernoodsaaklike taak om die kind te lei om sy ouers te gehoorsaam.

*Waarom hoort hierdie beginsel spesifiekby Gereformeerde tuisonderrig? Geld dit nie in elk geval in die verbondsgesin nie?* Sonder onvoorwaardelike en onmiddellike gehoorsaamheid is tuisonderrig op die lange duur nie werklik moontlik of bevredigend nie. Tuisonderrig kan onhoudbaar word as die gehoorsame ouer sy eiewillige rebelse kinders moet smeek of selfs omkoop om hulle samewerking te verkry.

Die groot vraag is net: *Hoe leer kinders dan om gesag te gehoorsaam? Hoe kry ouers dit reg*

*dat hulle kinders hulle gehoorsaam?* Die antwoord is eenvoudig: Deur ferm, liefdevol en konsekwent te wees rondom drie rigtinggewende sake: maaltyd, slaaptyd en algemene opdragte.

## Maaltyd

Kos word blitsig 'n magtige wapen teen ouerlike dissipline. My kind moet van meet af geleer word om te eet wat voorgesit word. As pap ingeskep is, mag hy nie twee happies eet, dan op brood aandring en onmiddellik later 'n appel gryp en twee happe daaruit neem, terwyl ons as ouers alles gelate toelaat ter wille van die vrede nie. Ons kan nie God dank vir die kos en net daarna kla dat ons dit nie wil hê nie, of dat ons nie daarvan hou nie, of dat dit nie lekker is nie.

## Slaaptyd

Bedtoegaantyd is 'n groot verklikker van wie die hef in die hand het; hoe betrokke die vader by sy kinders is; hoe effektief die dissipline is. Besluit saam oor 'n geskikte tyd. Hou daarby. Gaan kamer toe saam met die baba, gee aan hom aandag totdat hy rustig slaap of tevrede alleen sal agterbly. Druk deur. Moenie aarsel nie. 'n Heen en weer geskarrel kamer toe maak dat die kind jou nooit sal glo as jy sê dit is slaaptyd nie.

En pa's moet maar inspring en help. Twee se kragte en uithouvermoëns is beter as een. Die vader se bors is 'n mobiele bed - verskaf sekuriteit en 'n brug tussen die bekende en die onbekende wanneer mens op besoek is in 'n vreemde huis. 'n Ferm maar besliste vaderhand op die lyfie bring 'n wriemelende mensie uiteindelik tot bedaring as hy sien dat hy nie die geduldige deursettingsvermoë kan ontkom nie.

Probleemgedrag wat ontstaan rondom bedtoegaantyd is heel dikwels direk toe te skryf aan onvoldoende aandag van die ouers of inkonsekwente optrede. Die kind kan nie daarvoor gestraf word nie. Die ouers moet verantwoordelikheid hiervoor aanvaar. Dit vra opoffering om verskoning te maak by jou gasheer of gaste en jou te onttrek om jou kinders tot ruste te bring, maar dis tot almal se beswil.

## Algemene opdragte

Formuleer algemene opdragte eenvoudig en duidelik. Buk af. Kry jou kind se aandag deur hom op sy naam aan te spreek. As hy op die eetkamertafel geklim het, moenie sê: *Dis nie mooi om op die tafel te klim nie.* Hy's klaar daar! Sê: *Andries, klim dadelik van die tafel af!* Dis 'n ondubbelsinnige opdrag. As hy nie dadelik reageer nie, tel hom ferm af, met 'n raps op die boudjie. Deur volgehoue konsekwente optrede moet ons kinders geleer word om onmiddellik gehoorsaam te reageer..

'n Klein kindjie kan 'n ligte vinger-tik ontvang. As hy luidkeels begin skree, of homself op die grond neergooi, wys hy dat hy beheer verloor het. Tel hom op, hou hom vas tot hy tot bedaring kom, sonder om op hom te begin skree. Hy sal jou nie hoor nie. Jou kind mag ook nie weet dat hy jou ontstem met sy reaksies nie. Bly kalm en praat ferm. En dring aan op onmiddellike reaksie.

Dit help dus nie as my Andries op drie of vier kan lees of skryf of somme maak, of selfs die name van Bybelboeke kan opnoem, of 'n tweede taal begin aanleer en hy verstaan nie die verskil tussen *ja* en *nee* in sy eie taal nie. Dus, dissipline. En aandag. Van dag een af. Wees vasbeslote, al kos dit baie moeite en nog meer trane. Doen dit sonder om kras te wees. Maar duld geen teëpratery, geen versuim. Die gouste om *n kind te bederf, is om hom sy sin te gee - om hom toe te laat om verkeerd op te tree, sonder om hom te tugtig. Moenie van u kinders afgodjies maak nie. God mag later die wangedrag van hierdie selfde afgode gebruik om ons deur smart van ons dwaasheid te oortuig. Leer om vir u kinders "nee" te sê!

Doen dit terwyl u biddend Sy genade oor u kinders afsmeek: "Stort jou hart uit soos water voor die aangesig van die Here, hef jou hande op na Hom, ter wille van die lewe van jou kinders" (Klaagliedere 2:19). Soleer kinders om Bybelse gesag te respekteer. Ons handhaaf ouerlike verantwoordelikheid en gesag, *omdat* God dit beveel. Dis in gehoorsaamheid aan Hom dat ons ons kinders lei en tugtig. Ons is nie slegs besig om ongewensde gedrag te beheer nie.

Ons moet dus ook voortdurend arbei om ons kinders te leer dat hulle eerstens onder die onmiddellike gesag van God staan. Dit beteken dus beheersing van die eie wil. Onderwerping aan Sy wil. Dit lei ook later in die huisskool na aanvaarding van ouer broers of susters se afgewentelde gesag en leiding en hulp (vyfde gebod).

Algaande leer ons kinders dan ook die eerste beginsels van selfregering. As kinders gelei word om hulle gees te beheers, sal hulle toegewyd en geduldig werk aan opdragte, selfs al voel hulle nie lus daarvoor nie. "Hardly anything can be more important in the mental training of a child than bringing him to do what he ought to do, and to do it in its proper time, whether he enjoys it or not. The measure of a child's ability to do this becomes, in the long run, the measure of his practical efficiency in whatever sphere of life he labors".

Die hoofdoel in al ons pogings is om kinders te lei sodat hulle denke, gedrag en keuses deurdrenk is met Bybelse beginsels. Vir ouers wat so 'n missionêre siening het ten opsigte van hulle kinders, is tuisonderrig nie slegs 'n opvoedkundige alternatief nie. Dit is ook uiteindelik 'n saak van gehoorsame onderwerping aan God se wil vir die hele gesin. Dit kan ons net doen deur die eerste pilaar: dissipline, stewig op te rig.

## Die tweede stutpilaar: Huisbestuur

Ons het reeds gesê dat gereformeerde tuisonderrig jou lewe verander... letterlik! Dit gaan julle hele lewenstyl beïnvloed. Wees dus gereed om soms drasties jul lewenstyl by die werklikheid van die tuisskool aan te pas. Dit sal 'n impak hê op elke aspek van die huislike lewe, kerklike betrokkenheid, ontspanningstyd, volwasse sosiale omgang en kinders se vriendskappe. Dit sal veral 'n uitwerking hê op die bestuur van die huishouding.

Die tweede pilaar wat dus opgerig moet word, is doeltreffende huisbestuur. Ma's en Pa's: Daar's niks *deeltyds* of *sommersó* omtrent die tuisskoollewenstyl nie. Indien ons hoop om effektief te wees (om die *regte* ding te doen) en bekwaam te wees (om dinge *reg* te doen) in ons huisskoolloopbaan, moet ons ordelik raak.

Daarom is organisasie en roetine die geheime krag wat verhoed dat 'n huishouding in duie stort. Ons kinders moet, nes onsself, 'n gesonde Bybelse werksetiek en die beginsels van diensbaarheid prakties aanleer. Ons het dus 'n werksprogram opgestel. Ons noem dit ons gesinstake. Dit behels ongeveer drie halfuur-sessies per dag. (Transparant; Voorbeeld: Andries, eetkamermat.) Later weet die kinders wat van hulle verwag word en die gesinslede begin stadig maar seker soos geoliede ratte funksioneer. Sonder die gesin se samewerking in ons huishouding, sal ons tuisskool nie kan oorleef nie.

'n Huisbestuurprogram is 'n ontladingsmeganisme. Dit stel jou in staat om drie konstante bronne van spanning te hanteer: *goeters* wat vuil word en ophoop; *inligting* wat opstapel en geliasseer moet word en onderbrekings, klein en groot krisisse, wat so meedoënloos kan wegvreet aan kosbare huisskool*tyd*.

## Aanpasbaarheid

Wees maar bedag daarop dat die lewe altyd onvoorspelbaar is - jou program *sal* disintegreer, die huisskoolkarretjie se wiele *sal* by geleentheid afval, en die huis *sal* soms lyk soos 'n ongelukstoneel. As die basiese struktuur egter gebou is, is dit altyd makliker om die reis weer voort te sit. 'n Antwoordmasjien en 'n duidelike boodskap aan vriende dat besoeke soggens taboe is, werk uiteindelik. Maar hou aanpasbaarheid in gedagte. As almal moeg en lusteloos is, is 'n verandering van spyse of 'n uitstappie dalk net die regte ding. Maar ter wille van die huisskool se oorlewing volg ons gesin 'n dagroetine.

## 'n Laaste woord: Wat dan van leerplanne & 'n jaarprogram?

'n Oorgeorganiseerde kurrikulum is een van die hoofredes waarom die huiskool-karretjie se enjin soms vasbrand. Veral as dit gepaard gaan met onderrigstrategieë wat te veeleisend vir beide ouer en kind is. Miskien probeer baie ouers te slaafs 'n gestandaardiseerde leerplan en onderwysmetodieke van tradisionele skole naboots. Dit kan spanning en frustrasie tot gevolg hê.

Indien die fondament van die huisskool, *die geloofskomponent,* daar is, en die twee pilare, *dissipline* en *huisbestuur* stewig staan, kan elke tuisskool werklik sy eie nommerpas keuses maak ten opsigte van leerplan en metodiek. Dan kan die huisskool 'n minder formele leerplan volg sonder dat die opset geleidelik verval in wanorde.

Ons praat egter van persoonlike ondervinding as ons sê dat ons kinders, nes ons, in sonde ontvang en gebore is. Te veel vryheid en informaliteit kan selfs 'n pligsgetroue hoërskoolleerling se beste voornemens kelder. Ons almal baat by bepaalde grense en spertye.

En weet wat jy hierdie week, maand, kwartaal of jaar wil bereik. "Run your race with patience". Beweeg voetjie vir voetjie vorentoe. Moenie alles al die eerste dag probeer regkry nie. "Line upon line, and precept upon precept, here a little and there a little, must be our rule".

Gereformeerde tuisonderrig is 'n bediening aan ons kinders. Daarvoor het ons waarlik hope geduld, liefde, lydsaamheid, en 'n groot dosis genade nodig om te kan slaag. Pak die reis aan in die geloof.

## Transparant 1

**DAGROOSTER**

**Tyd en Program**

5:30 Persoonlike gebed. Gesig was, aantrek, beddens opmaak. Vader & kinders draf. Moeder: ontbyt voorberei

6:30 Ontbyt

7:00 Huisgodsdiens

7:30 Gesinstake

8:00 Skool

10:30 Pouse

11:00 Skool

12:30 Moeder & Dogters: middagete voorberei

13.00 Middagete

13:30 Rus

14:00 Gesinstake

14:30 Individuele program Selfstudie & Buitemuurs

16:30 Koffie & gesinsontspanning

18:30 Aandete voorbereidings

19:00 Aandete & gesinstake, kinders bad; Moeder & dogter Oefenfiets

20:00 Graad 11: selfstudie Persoonlik Bybelstudie

## Transparant 2

The Ups and Downs of Home Management

A. Home management Uppers:

Five ways to stay UP on top of it all:

1. Putting Up

   *What:* Messes — *When:* As you go

   *Examples:* *dishes*<br>*Arts & crafts*<br>*Study areas*

2. Picking Up

   *What:* Things — *When:* Daily

   *Examples:* *Put away toys*<br>*Empty dishwasher*<br>*Make beds*<br>*Pick up rooms*<br>*Organize kitchen*

3. Cleaning Up

   *What:* Dirt — *When:* Weekly

   *Examples:* *Vacuum and dust*<br>*Collect and take out trash*<br>*Mop floors*<br>*Wash and Iron*<br>*Change bedding*

4. Keeping Up

   *What:* Information — *When:* Monthly

   *Examples:* *Bills, finances*

   *Clipping & filing*

   *Home school papers*

5. Catching Up

   *What:* Organization — *When:* As needed

   *Examples:* *libraries*<br>*Closets*<br>*Storage areas*

©*The Wholehearted Child Handbook,* p. 122

## Transparant 3

The Ups and Downs of Home Management

B. Home management Downers:

Five ways to get DOWN from it all

1. Lying down

   *Why?* Laziness

   *What to do:* Get going. Get organized

   We live in a leasure-oriented society, but home schooling is hard work. There's not much room for taking it easy.

2. Winding down

   *Why?* Inactivity

   *What to do:* Get healthy. Get fit.

   Whether you're overweight, undernourished, or out of shape, you need good food and exercise to keep going.

3. Slowing down

   *Why?* Overcommitment

   *What to do:* Get free. Get realistic.

   When too much gets on the calendar, everything on the calendar starts slowing down. Put your calendar on a diet.

4. Falling down

   *Why?* Weariness

   *What to do:* Get rest. Get help.

   Home education can leave you physically, spiritually and emotionally weary. It is not an easy life.

5. Getting down

   *Why?* Hopelessness

   *What to do:* Get counsel. Get support

   Circumstances and Satan can such the hope right out of you. But there is always hope - God is able.

©*The Wholehearted Child Handbook,* p. 123

## Niemand word as 'n nommer gebore - Doop en familie -

*dr. J. van Bruggen*[88]

By die doop word die naam van Jesus uitgeroep oor die gelowige: hy of sy kom onder die aktiewe sorg van 'n nuwe Heer. Die man of vrou is egter geen nommer, losstaande van alle voorafgaande en volgende nommers. Hy of sy is 'n kind van ouers en dikwels ook self weer ouer van kinders. So het God gewil dat mense, gemaak na sy beeld sou wees. Geen losse individue die met 'n sekere reëlmaat op aarde neergelaat word nie, maar kinders wat in die moederskoot gedra word en gebore word in 'n gesinsverband. Hoe geskend hierdie verband soms ook mag wees, tog bly elke mens 'n kind, 'n afstammeling na geboorte.

In die Bybel sien ons dan ook dat God self manne en vroue behandel as kinders in die mensegeslag. Wanneer hul toerekeningsvaatbaar geword het, stel Hy hul sekerlik persoonlik verantwoordelik vir hul dade: die sonde van die vaders kan nie toegereken word aan de kinders, maar ook kan die sonde van die kinders nie toegereken word aan die ouers nie (Deut.24:16; verg. 2 Kon. 14:6). God neem mense één vir één ernstig op. Tog sien Hy hul ook as familie van mekaar en so bly Hy hul behandel. Wanneer 'n koning in Israel van God afdwaal, reken God hom dit persoonlik toe, maar daarby bly nie buite beskouing dat die man deur die voorbeeld van sy vader beter kon geweet het en dus ekstra skuldig staan (1 Kon. 15:3,11,26; 2 Kon. 16:2).

In die Ou Testament blyk dit heel duidelik dat God in Israel met die ouers ook die kinders aanneem. *Die* Joodse ouers hoef nie hul kinders te behandel as heidene nie. Aan die jonges mag hul die teken van die besnydenis gee op die agtste dag: hul kinders hoort daarby! Die volk van God is in die Ou Verbond geen volwasse-gemeente nie, maar 'n egte volk met ouers en kinders wat saam voor die HERE mag verskyn. Dit gee die ouers ook 'n besondere verantwoordelikheid vir die kinders. Josua bring dit onder woorde, wanneer hy homself verantwoordelik sien vir homself en sy gesin: "Ek en my huis, ons sal die HERE dien!" (Josua 24:15b). Hy laat sy kinders nie aan hulself oor nie, maar neem hul saam in die dien van die God van Abraham en van sy nageslag.

Wanneer die Israeliete hul kinders in 'n latere, afvallige tyd soms opoffer aan die afgode, sê die HEER: "U het *my* kinders geslag en verbrand" (Eseg. 16:21). Die God van Israel omarm mét die ouers, ook hul kinders. Die ouers word dan ook verplig om hul kinders te koester en hul as kinders van Hom op te voed.

Dit ontslaan hierdie nuwe generasie nie van hul eie verantwoordelikheid nie. In die tyd van Jeremia en Esegiël dink die jongeres dat hul kan kla dat hul die slagoffers is van die sonde van hul ouers: "Die vaders het suur druiwe geëet en die tande van die kinders het stomp geword" (Jer.31:29; Eseg. 18:1-2). Maar dan antwoord die HEER sy onderdane: "Elkeen sal vir sy eie ongeregtigheid sterwe; elkeen wat die suur druiwe eet, se tande sal stomp word" (Jer.31:30) en "Alle siele is van My, sowel die siel van die vader as die van die seun: die siel wat sondig, die sal sterf" (Eseg. 18:4).

Verander God se houding en strategie nou, na die koms van Jesus? Gaan Hy van een nasie oor op geloofsgemeentes, van gesinne na individue? Die leerlinge van Jesus het in elke geval wel die neiging gehad om die aksent te lê op die volwassenes: kinders behoort volgens hul nog nie daar by te wees wanneer die Meester sy mense leer met wonders en woorde nie. Toe ouers eenkeer met die kleintjies op die arm by Jesus wil kom, probeer die leerlinge dit dan ook te verhinder. Dit gaan hier om die heel klein kinders wat nie self tot die orde geroep kon word nie, maar waarvoor die ouers nog heeltemal verantwoordelik was. Lukas noem hul 'babas of peuters' (Luk. 18:15). Jesus self wil die kinders van hierdie ouers egter wél ontvang: want aan sulke kinders (wat deur geloof tot Hom gebring word) behoort die hemelryk (Mark. 10:14). Hyself is immers die Christus wat die ryk bring en daarvan die koning is. Dit is dan ook

[88] Oorgeneem en vertaal uit *Het diepe water van de doop* (Kampen: Kok, 1997), p.59-65. Dr. J van Bruggen is hoogleraar in Nuwe Testament, aan die Teologiese Universiteit (Broederweg), te Kampen.

maar nie net alleen 'n gebaar van vriendelikheid wanneer Jesus sy arms om hierdie klein kinders slaan en hul op sy arm tel nie. Hy doen meer: Hy seën hulle (Mark. 10:16). Die seën van die hemelse Koning rus op die kleintjies wat deur hul ouers gelowig tot Jesus gebring word. Die ouers het immers met ernstige bedoelings gekom: "Dat Hy hul die hande sou oplê en bid" (Mat. 19:13).

Teen hierdie agtergrond kan ons ook begryp hoe Paulus spreek oor die kinders. Hy haal hul posisie aan by 'n gedeelte oor die huwelik waar slegs één van die ouers gelowig geword het. Hoe beskou God nou die ongelowige eggenoot? Val hy of sy geheel buite sy liefde? Wil Hy niks te doen hê met die ongelowige man of vrou van die gelowige nie? Paulus deurbreek geheel hierdie angstige gedagtegang, wanneer hy verklaar dat God wel iets te make het met die ongelowige eggenoot: hy is nie 'n verwaarloosde individu nie. God wil Hom oor die man of vrou ontferm via die vrou of man wat gelowig geword het. Wanneer dit nie so sou wees nie, sou dit beteken het dat die kinders van die gelowige onrein sou wees. Die apostel reken daarop dat sy lesers dit seker nie geglo het nie. Blykbaar was hul lank daarvan oortuig dat God hul ook op 'n besondere wyse inlaat met die kinders van iemand wat gelowig geword het. Hy het nie 'n nommer onder die heerskappy van die nuwe Heer geplaas nie, maar 'n vader of 'n moeder en by die roeping word die kinders nie aan die kant geskuif nie. Daarom sê Paulus dat die kinders 'geheilig' is (1 Kor.7:14). Dit beteken nie dat hul sonder sonde is nie. Dit beteken wel dat hul met die gelowige vader of moeder nou mag hoort by die gemeente aan wie die brief geskryf word: "Die geroepe heiliges, saam met almal wat die naam van onse Heer Jesus Christus aanroep" (1 Kor. 1:2). Die jong kinders is nie heilig omdat hul self al die naam kan aanroep nie, maar omdat hul vader of moeder dit doen. Hulle het mét die vader of moeder saamgekom, toe die in diens getree het by die nuwe Heer en in sy naam is. So word sy heilig genoem en by die gemeente van die heiliges gereken.

Daarom word ouers in die gemeente ook nie aangespoor om hul kinders by hul opgroei tot die christendom te beweeg nie, maar hul word aangespoor om die kinders op te voed as reeds behorende tot die gemeente van die gelowiges. Paulus het dit een keer as volg onder woorde gebring: "En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here." (Ef. 6:4). Die kinders word ook self op hul beurt, nie as buitestaanders aangespreek nie, maar as jongeres wat lewe onder die bewind en die sorg van die Heiland. So skryf dieselfde apostel elders: "Kinders, julle moet julle ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik" (Kol. 3:20). Ook in die Nuwe Verbond behandel God die mense nie as nommers nie, maar as ouers en kinders. En Hy roep vaders en moeders ook werklik met hul kinders.

Dit alles het sy grond in die belofte van die evangelie. Daarmee rig God hom tot die gelowiges en hul kinders. So sê Petrus dit tot die Jode in Jerusalem op die Pinksterdag: "Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is" (Hand. 2:39). Die apostel dink dan aan die belofte van Joel, dat die Gees van die HEER uitgestort sou word oor oues en jonges, oor seuns en dogters wat sal profeteer. Die profeet Joel het die belofte van Pinkster by voorbaat gegee aan ouers en kinders: saam sal hulle die gawe van die Gees ontvang (Hand. 2:38b).

Hierdie verbinding van ouers en kinders lê in die verlengde geskiedenis van Israel, maar dit geld ook vir christene wat uit die volke geroep word. So dra 'n engel dit aan die gelowige Romein Cornelius oor, om Petrus te laat haal uit Joppe om: "woorde tot jou te spreek waardeur jy en jou hele huis gered sal word" (Hand. 11:14). Wie weet of daar nie klein kinders tot die gesin van Cornelius behoort het nie, maar dit maak nie 'n groot verskil nie: die belofte omsluit sy hele huis ongeag die samestelling daarvan. Op dieselfde manier sê Paulus ook sonder enige beperking vir die tronkbewaarder waarvan hy die presiese gesinssamestelling nie eers ken nie: “Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin" (Hand. 16:31), Net die tronkbewaarder word hier aangespreek: hy (enkelvoud) moet glo. Aan daardie geloof is ook vir sy gesin 'n belofte van behoud verbonde. Hierdie tronkbewaarder is vir God nie 'n nommer, 'n eenling nie, maar 'n vader van 'n huisgesin.

By die skepping maak die Here die mens tot die begin van 'n familie met 'n huwelik en kinders.

Wanneer God hierdie mens kom verlos van sonde en dood, herken ons Hom aan dieselfde huisstyl. Mense is verantwoordelik vir hul eie geloof, maar sy ontvang die belofte van behoud vir homself en sy kinders. So menslik en sosiaal is die evangelie van Maria se seun.

# Skoolplig en Huisskole: Enkele Opmerkings

*Prof. G.J.J. Louw*[1]

## 1. Inleiding

Hoewel die skool as instituut 'n relatief nuwe instelling is, het die idee gaandeweg ontstaan dat onderwys nie buite die skool kan plaasvind nie en dat die skool die alleenreg op onderwys het (Boss en Wurtz, 1994: 273). Daarby skyn dit of sowel die oorgrote meerderheid van die algemene publiek as talle opvoedkundiges aanvaar dat 'n kind 'n formele skool moet bywoon om hom behoorlik voor te berei om sy plek in die moderne, gekompliseerde en tegnologies gevorderde samelewing vol te staan. Hierdie opvattings laat onmiddellik vrae soos die volgende ontstaan wat vir die onderhawige gesprek uiters relevant is: Is die bywoning van 'n skool inderdaad die enigste en mees doeltreffende wyse om 'n kind toe te rus om sy plek in die samelewing behoorlik vol te staan, of sou dieselfde oogmerk ook langs ander weë bereik kon word? Behoort skoolbywoning überhaupt verpligtend te wees?

Die noodsaak dat grondig oor hierdie en dergelike vrae nagedink word, blyk onder andere daaruit dat al hoe meer mense wat ten nouste met die onderwys gemoeid is (veral die afgelope twee dekades of wat) ernstige bedenkinge het oor die skool as onderwysinstelling, en ook nie skroom om die skool openlik en heftig te kritiseer nie. Die feit dat meer as die helfte van die onderwysers in die VS A nie weer die onderwys as beroep sou kies nie, is reeds 'n aanduiding van die ontevredenheid met die moderne openbare skool (Kailin, 1994:174). Ten einde enigsins fundamentele en sinvolle antwoorde te kan verstrek op die vrae wat hierbo geopper is, behoort allereers gelet te word op die dilemma waarin veral die moderne openbare skool hom bevind. Voortvloeiend daaruit word die huisskool of huisgebaseerde onderwys as alternatief vir die moderne skool aan die orde gestel. Teen die agtergrond daarvan word enkele van die vernaamste argumente ten gunste van verpligte skoolbywoningkrities ontleed.

## 2. Die dilemma van die moderne openbare skool

Daar kan sekerlik verskillende redes vir die kritiek op die skool aangevoer word. In hoofsaak kom dit egter daarop neer dat daar in talle moderne openbare skole kwalik nog enige sprake van outentieke opvoeding en onderwys is.

In die eerste plek word dit al duideliker dat die skool wat oorspronklik deur ouers in die lewe geroep is, nie werklik meer die belange van ouers verteenwoordig of dien nie. Veral openbare skole word in die huidige tydsgewrig deur die staat gemanipuleer om, onder die dekmantel van 'n skeefgetrekte persepsie van demokrasie, die egaliseringsideologie te bevorder soos onteenseglik blyk uit die volgende uitspraak "...public formal schooling represents coercion, repression of individuality, and conformity to the whims of the majority" (Knowles, Muchmore & Spaulding, 1994: 241). Die uiteindelike oogmerk daarmee is egter die bevordering van eenheidstate as 'n tussenstap om 'n nuwe, genivelleerde wêreldorde te vestig (cf Gatto, 1994: 276).

Om daarin te ken slaag, moet ouers se aandeel in hul kinders se opvoeding onder verdenking geplaas word en vervreemding tussen ouergemeenskap en skool bewerkstellig word. As eerste stap in die proses is ouers deur sogenaamde kundiges onder die indruk gebring dat hulle nie (langer) in die moderne, vertegniseerde samelewing in staat sou wees om hul kinders se opvoeding te behartig nie (Ballmann, 1989:19). Die taak moes liefs aan die eksperte (in die skool) oorgelaat word. Dit het daartoe gelei dat die skool in toenemende mate verantwoordelik vir kinders se opvoeding geword het (cf Boss en Wurtz, 1994: 270-271).

Die volgende stap was om te verseker dat die staat volle beheer oor onderwys en opvoeding verkry en dat die skool 'n dienskneg van die staat word. Beheerrade as verteenwoordigers

[1] Oorgeneem uit die *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* red. Prof. EJ van Niekerk, 34ste Jaargang, 1ste en 2de Kwartaal (Bloemfontein, Publikasie van die VCHO, 1998), p. 195-213. Prof. Louw is verbonde aan die Fakulteit Opvoedkunde, Unisa.

van ouers, het hier te lande kragtens nuwe wetgewing weinig indien enige mag om oor sake soos toelatingsbeleid, onderrigmedium (taal) en die aanstelling van onderwysers te beslis (cf Bester, 1997:11).

Aangesien beheerrade aanstellings moet maak uit 'n lys van oortollige onderwysers wat deur die minister van onderwys bepaal word (Van der Westhuizen, 1997:2), kan die prosedure daartoe lei dat nie die bes gekwalifiseerde onderwysers nie, maar onderwysers met veel swakker kwalifikasies aangestel moet word. Met hierdie en dergelike maatreëls word ouers vir alle praktiese doeleindes gestroop van alle gesag en beheer oor hul kinders se onderwys.

Gaandeweg het die besef egter begin deurdring dat talle probleme wat in die openbare onderwysstelsel ondervind word, juis spruit uit die wanopvatting dat onderwys slegs die staat se verantwoordelikheid is en dus geheel en al deur die staat beheer moet word. Die gevolg is dat 'n toenemende aantal ouers openbare skole die rug toekeer, omdat hulle nie langer genoeë neem met die minderwaardige rol wat aan hulle toegeken word in die onderwys en opvoeding van hul eie kinders nie.

'n Verdere bron van kritiek op die openbare skool sentreer om die gehalte en die doeltreffendheid van onderwysers (Malkova, 1989. 33). Hoewel groot getalle onderwysers deeglik opgelei en as meesters van hul vak beskou kan word, word daar deesdae al meer bedenkinge gekoester oor (aspirant) onderwysers se bekwaamheid en hul vermoë om doeltreffend te onderrig. In Houston in die VSA kan 62% onderwysers byvoorbeeld nie 'n standaard leestoets slaag nie, terwyl onderwysers wat A- en B-simbole op kollege/universiteit behaal het, as funksioneel ongeletterd geklassifiseer is. Met verwysing na hierdie en dergelike voorbeelde verklaar Ballmann (1989: 35): "The incompetence of many public school teachers is a national disgrace." Wat die voorsiening van hoëgehalte onderwys betref, is daar ook hier te lande genoeg rede tot kommer. In die RSA is daar talle onderwysers wie se hoogste skoolkwalifikasie standerd agt (graad 10) of standerd tien (graad 12) is!

Hoewel algemeen aanvaar word dat leerlinge beter presteer in kleiner klasse, sal die afdanking van duisende tydelike onderwysers (cf Pretorius, 1997:6; Van der Westhuizen, 1997:2) die reeds hoë onderwyser-leerlingverhouding in openbare skole in die RSA drasties laat toeneem en leerlinge nog minder individuele aandag ontvang. By ouers, onderwysers en skoolhoofde is daar geen illusie dat hoëgehalte onderwys verder deur die toepassing van die wet ondermyn sal word nie. Daarvan getuig die volgende uitlating van 'n skoolhoof ondubbelsinnig: "You think what we had in the past was gutter education... we're going to miss gutter education" (Oliver, 1997:3).

In die lig van die kritiek op die openbare skool word aan die hand gedoen dat die staat minder outoritêr moet optree en dat onderwys gedeïnstitusionaliseer word (cf Knowles, 1988:82). Dit beteken dat die staat nie so direk by die onderwys betrokke moet wees nie en moet toelaat dat take wat voorheen deur die skool verrig is, deur gesinne, families en klein gemeenskappe behartig moet word (Husen, 1985: 398-402).[2] Dat die standpunt deur steeds meer ouers gedeel word, blyk uit die toenemende aantal ouers in feitlik elke Westerse land wat hulle tot die huisskoolalternatief wend.

Ter wille van 'n behoorlike perspektief op die onderhawige problematiek is dit op hierdie stadium eers nodig dat die begrip *huisskool* kortliks verduidelik word.

### 3. Die huisskool as 'n alternatiewe onderwysmodel

Die moderne huisskool word deur verskeie navorsers nie net beskou as een van die nuutste, opwindendste, mees dinamiese en kreatiewe ontwikkelings op onderwysgebied die afgelope aantal jare nie, maar ook as een van die segmente van onderwys in die VSA wat die vinnigste groei (Colfax & Colfax, 1988: xv; Frost & Morris, 1988: 223). Derhalwe behoort onderwysowerhede en ander belanghebbendes wat daarna streef om aan elke kind optimale onderwysgeleenthede te bied, nie die verskynsel te ignoreer nie (cf Frost & Morris, 1988: 223).

[2] Die belangrike rol van die kerke moet ook in oog gehou word -SLC

Wanneer die begrip "huisskool" bespreek word, moet in gedagte gehou word dat huisskole nie almal op dieselfde wyse bedryf word nie, maar dat 'n verskeidenheid benaderings gevolg (kan) word. Sommige huisskole is byvoorbeeld uiters streng gestruktureer, terwyl ander weer meer buigsaam is.

'n Huisskool verwys gewoonlik egter na 'n opset waar kinders onttrek word aan 'n openbare skool en tuis deur 'n ouer onderrig word. Die onderrig word meestal deur die moeder behartig, sonder dat enige vergoeding daarvoor van die staat ontvang word. 'n Huisskool hoef egter nie net uit die lede van 'n enkele gesin te bestaan nie. As die kinders van twee of drie gesinne onderrig word deur een van die ouers of deur 'n ander ouer wat nie aan enige van die gesinne verbonde is nie, of as studente of ouer broers/susters, (afgetrede) onderwysers of enige ander kundiges uit 'n gemeenskap benut word om bepaalde vakke te onderrig waarvoor die ouers nie self kans sien nie, word steeds van 'n huisskool gepraat (Meighan, 1984:167; Wartes, 1988:45). Binne huisskoolverband kan ook van bandopnames wat byvoorbeeld sekere aspekte van vakke toelig, gebruik gemaak word. Onderrig in huisskole kan ook deur middel van afstandsonderrig verskaf word. In Europa is daar byvoorbeeld verskeie instellings (soos die Worldwide Education Service (WES) in Engeland en die Wereldschool van die IVIO stigting in Nederland) wat onderrigpakkette aan kinders verskaf wat tuis onderrig word.

Waar huisskole nog op verskillende wyses gestruktureer en bedryf (kan) word, is daar een deurslaggewende vereiste waaraan alle huisskole moet voldoen. Dit is dat 'n ouer bereid en in staat moet wees om volle verantwoordelikheid vir die onderwys van sy kinders in 'n huisgebaseerde onderwysopset te aanvaar.

Met inagneming van wat tot dusver aangevoer is, ontstaan die vraag nou in watter mate ouers verplig kan/behoort te word om hul kinders 'n openbare of 'n privaatskool te laat bywoon. In aansluiting daarby kan gevra word waarom ouers wat dit verkies, nie self verantwoordelikheid vir hul kinders se onderwys kan aanvaar deur hulle tuis te (laat) onderrig nie. Daar kan ook gevra word of ouers werklik in staat en voldoende gekwalifiseer is om hierdie omvattende en veeleisende taak suksesvol te kan uitvoer, 'n Verdere vraag wat daarmee verband hou, is in watter mate ouers se akademiese kwalifikasies huisskoolkinders se prestasie/sukses beïnvloed. In die volgende paragraaf word korfliks op hierdie sake ingegaan.

## 4. Die akademiese onderlegdheid van huisskoolouers

Wat hierdie aangeleentheid betref, moet eerstens in gedagte gehou word dat ouers normaalweg ten volle verantwoordelik is vir die totale ontwikkeling van hul kinders gedurende die eerste ses jaar wat as die mees kritieke tydperk in 'n kind se lewe beskou kan word. In aansluiting daarby wys Thomas (1994: 132), wat veral in "conversational learning" gedurende die vroeë kinderjare geïnteresseerd is, daarop dat kinders op geen stadium van hul lewe so 'n ryk leeromgewing sal ervaar as gedurende die vroeë kinderjare nie. Die hoeveelheid kennis wat kinders in die tyd opdoen, is volgens Thomas (1994:132) fenomenaal. Dit is in ooreenstemming met die bevinding van kindersielkundiges dat 'n kind reeds op ongeveer 5-jarige ouderdom sowat die helfte geleer het van alles wat hy gedurende sy ganse lewe sal leer.

Ten aansien van die vraag of huisskoolouers (akademies) bevoeg is om hul kinders behoorlik te onderrig, behoort ook daarvan kennis geneem te word dat verskeie navorsers van mening is dat die akademiese kwalifikasies van onderwysers (en dus ook van huisskoolouers) glad nie so deurslaggewend is vir leerlinge se akademiese prestasie nie (cf Tompkins, 1991: 316,317). Voorts behoort ook weer kennis geneem te word van wat vroeër aangevoer is oor die powere prestasie van onderwysers in die VSA in toetse wat afgelê is en die gebrekkige kwalifikasies van talle onderwysers in die RSA. Uit die literatuur blyk dit egter dat huisskoolouers oor die algemeen in elk geval goed gekwalifiseer is en oor beter akademiese kwalifikasies as ander ouers beskik. Op grond van sy navorsing in die verband, verklaar Wartes (1988:47) dat dit nie te regverdig is om van huisskoolouers te vereis dat hulle 'n bepaalde vlak van naskoolse opleiding moet hê nie. Net in een van die 50 state in die VSA, naamlik Michigan, word vereis dat 'n gesertifiseerde onderwyser verantwoordelik moet wees

vir tuisonderrig (Klicka, 1991: iii). Hoewel 'n huisskoolouer dus nie noodwendig self in staat hoef te wees om bepaalde vakke aan sy eie kind(ers) te onderrig nie, moet hy nougeset toesien dat hulle so goed moontlik onderrig word. In die verband behoort dit beklemtoon te word dat ouers binne huisskoolverband oor die algemeen uiters toegewy is aan hul opvoedings- en onderwystaak en daarom gesteld is op onderrig van hoogstaande gehalte en op die handhawing van hoë akademiese standaarde. Die voortreflike akademiese prestasie van huisskoolkinders (cf par. 5.2.1) behoort egter finaal enige bedenkinge oor ouers se vermoë om die taak suksesvol te kan uitvoer, die nek in te slaan.

Teen die agtergrond van die voorgaande moet duidelikheid verkry word oor die vraag of daar in 'n sogenaamde moderne demokrasie waarin oënskynlik soveel klem gele word op die vryheid en die regte van die individu, hoegenaamd enige wetlike of morele regverdiging vir verpligte skoolbywoning kan wees.

## 5. 'n Kritiese ontleding van argumente ten gunste van verpligte skoolbywoning

Om die vraag te beantwoord wat aan die einde van die vorige afdeling geopper is, is dit nodig om kortliks veral twee argumente wat algemeen in sogenaamde liberale demokrasieë aangevoer word om verpligte skoolbywoning te regverdig, te ontleed.

### *5.1 Verpligte skoolbywoning in belang van die samelewing*

Die eerste argument lui dat 'n mens verplig mag word om iets te doen, selfs al sou jou burgerlike vryhede daardeur geskend word, as die samelewing wesenlik daardeur bevoordeel word. Hierdie argument is gebaseer op die aanname dat skoolbywoning noodsaaklik is om gelykheid in die samelewing te bevorder en om jong mense te help om eendag hulle plek as volwaardige burgers in 'n demokratiese samelewing vol te staan (Boss en Wurtz, 1994: 266; Hiley, 1996: 20; Tompkins, 1991: 311). Deur kinders te verplig om 'n skool by te woon waar hulle blootgestel word aan 'n wye verskeidenheid van denkbeelde, word, volgens die argument, verseker dat die toekomstige burgery goed ingelig, redelik en verstandig sal wees en in staat sal wees om weloorwoë besluite te neem in belang van die samelewing as geheel. In aansluiting daarby word aangevoer dat verpligte skoolbywoning meer gelyke onderwysgeleenthede bewerkstellig wat tot die voordeel van die ganse samelewing strek, aangesien veral kinders wat voorheen benadeel sou wees, sodoende opgehef word en toegerus word om magsposisies in die samelewing te beklee.

Uit die bostaande is dit dus duidelik dat opvoeding en onderwys ooreenkomstig 'n bepaalde lewensopvatting ten alle koste voorkom moet word. Om uitvoering te gee aan die staat se filosofie van gelykmaking, moet (openbare) skole sogenaamd neutraal wees en moet leerlinge van verskülende volke, kuiture, godsdienstige oortuigings en etnisiteite eenvoudig in dieselfde skool geakkomodeer word.

#### *5.1.1. Blootstelling aan verskillende denkbeelde*

Ten spyte van die feit dat voorgegee word dat kinders in sogenaamde multikulturele skole blootgestel moet word aan 'n wye verskeidenheid denkbeelde, is daar in openbare skole weinig, indien enige, verdraagsaamheid ten opsigte van die Christelike godsdiens te bespeur. Dit word onder andere bevestig deur uitsprake wat uitdruklik verklaar dat diegene wat Christelike oortuigings huldig, nie meer verwag dat die openbare skool op enige wyse die Christelike godsdiens sal bevorder nie, aangesien dit dalk aanstoot mag gee aan andersdenkende leerlinge. Die heksejag op huisskole om ouers met bepaalde oortuigings te ontmoedig om hulle to't die alternatief te wend, is 'n verdere voorbeeld dat nie alle standpunte gerespekteer of geduld word nie. 'n Sogenaamde standpuntlose standpunt is immers ook 'n standpunt. Halstead (1995: 268) laat hom soos volg oor dié aangeleentheid: "... the claim to be culturally neutral or to be a ground for all cultures, which is sometimes made on behalf of liberalism, is itself a cultural stance. For example, liberalism is hospitable to a wide diversity of sexual lifestyles, but is less hospitable to any cultural group wishing to exert a high level of control over the sexuality of its members."

In die lig van die voorgaande uiteensetting kan met reg gevra word hoe suksesvol verpligte skoolbywoning is ten opsigte van gelykmaking en ten opsigte van die akademiese opheffing van diegene wat sogenaamd voorheen benadeel is.

### *5.1.2 Gelykmaking*

Dit wil voorkom of verpligte onderwys en die daaruitspruitende vermenging van verskillende volke, rasse, etnisiteite kulture en godsdienste eerder verskille beklemtoon as verminder of uitwis (Boss en Wurtz, 1994:267). Waar gemeenskappe dit beleef dat hul identiteit bedreig word, is daar 'n hernieude onverdraagsaamheid waarneembaar, veral waar belangrike onderskeidende kenmerke soos ras en kultuur misken word (Reyhner, 1991:109; Churchill 1996:282). In skole loop dit dikwels op konflik uit. Dit word ook bevestig deur die volgende uitlating van McCarthy (1994:1): "As we approach the midpoint of the 1990's increasingly conflicts in education and society are taking the form of grand panethnic battles over culture and identity." Die uitspraak strook ook met die waarneming van verskeie navorsers dat rassisme nie net algemeen op alle vlakke in die samelewing en in skole voorkom nie, maar dat daar ook 'n intensivering van openlike rassisme dwarsoor die VSA is (Kailin, 1994:169). Die resultaat daarvan is dat die meeste skole in die VSA inderdaad vandag nog meer ongelyk en meer gesegregeerd is as sowat 40 jaar gelede toe integrasie deur die hooggeregshof afgedwing is (Kozol,1991:5)

### *5.1.3 Die opheffing van gekleurde etniese minderheidsgroep*

Aansprake dat die demokratisering van die onderwys en die daarmee gepaardgaande voorsiening van gelyke onderwysgeleenthede die opheffing (upward mobility) van gekleurde etniese minderheidsgroepe in die VSA bevorder, blyk eweneens 'n mite te wees. Een aanduiding daarvan is die disproporsionele mislukking van die leerlinge op akademiese gebied. Kailin (1994: 169-170) wys in dié verband daarop dat "... despite increasing numbers of children of color in our schools ... there are fewer "success" stories today than there were 20 years ago, with African American and Hispanic children having a greater chance of going to prison than to college." Dit is volkome in ooreenstemming met ander navorsers soos Kantrowitz en Rosado (1991:60) se bevinding dat die "mobility of second- and third-generation Hispanic Americans" "strictly downward" is. Waar die kuituur van die huis en die skool verskil, kan die skool eenvoudig nie suksesvol onderwys nie en ken die kind insgelyks ook nie optimaal leer nie (Reyhner, 1991:105).

### *5.1.4 Vervreemding*

Die mislukking op akademiese gebied gaan gepaard met vervreemding van die openbare skool, ten spyte van die feit dat openbare onderwys sogenaamd gedemokratiseer is en openbare skole vir alle leerlinge toeganklik is. Die vervreemding vind veral plaas waar linguistiese en kulturele assimilasie op minderheidsgroepe afgedwing word (Churchill, 1996:284). In die VSA, Brittanje en ook al hierdie lande blyk die vervreemding onder andere uit die toenemende aantal leerlinge wat hulle tot privaatskole en tot huisskole wend. Verdere manifestasies van die vervreemding is die afmetings wat uitsakking, dwelmmisbruik en stokkiesdraaiery onder leerlinge aanneem. Die National Center for Education stel die nasionale uitsaksyfer in die VSA op 27%. In die groot stedelike gebiede styg dit egter tot 40-60%(Loughrey&Harris, 1990:187-188). Tussen 20-50% leerlinge in openbare skole in die VSA draai gereeld stokkies (Pitman, 1987: 285). In die finale instansie kan die vervreemding en die daaruitspruitende uitvalverskynsels daaraan toegeskryf word dat hierdie kinders vanweë die sogenaamde neutrale benadering van multikulturele skole, nie doelgerig begelei word om die sin van die eie bestaan te vind nie. Vir die kinders het die lewe eenvoudig sinloos geword (Pitman, 1987:280). Die sinvolheid van die eie bestaan kan immers nie in 'n kulturele vakuum nie, maar net binne 'n partikuliere kulturele verband beleef word. Die blote wete dat 'n mens tot 'n bepaalde kultuur behoort, is immers noodsaaklik vir sover die belewing van geborgenheid as die soort begeleiding waarsonder outentieke opvoeding nie voltrek en behoorlike volwassenheid nie bereik kan word nie. Juis om hierdie rede gee elke kulturele gemeenskap nie net voorkeur aan sy eie kultuur nie, maar is daar ook by elke gemeenskap 'n

drang om die eie identiteit te handhaaf (Halstead, 1995:25S,260).

*Die* gevolg daarvan is dat verskillende en uiteenlopende eise aan die skool gestel word waaraan die sogenaamde multikulturele skool net nie kan voldoen nie, en derhalwe kennelik misluk in sy opvoedende onderwystaak. Van Galen (1988: 52) kom in die verband presies tot dieselfde gevolgtrekking: "The long held assumption the schools serve children from bread and diverse backgrounds equally well, has been all but discredited." In die lig van die voorgaande is dit dus loutere wensdenkery om te beweer dat verpligte skoolbywoning en die gelykmaking van mense of geleenthede tot die voordeel van 'n samelewing strek.

**5.2 Verpligte skoolbywoning in belang van die individu**

Die tweede argument waarmee verpligte skoolbywoning geregverdig word, is dat 'n mens verplig kan word om die voordele (dienste) van samelewingstrukture te benut as jy wesenlik en permanent benadeel sal word deur nie daarvan gebruik te maak nie (Boss en Wuntz, 1994: 267; Tompkins, 1991: 311-312). Afgesien daarvan dat dit hoogs twyfelagtig is of 'n individu bevoordeel kan word deur verpligte skoolbywoning as die samelewing waarvan hy 'n lid is, nie daardeur bevoordeel word nie, berus die tweede argument ook op die veronderstelling dat ouers wel verkies dat hul kind nie 'n openbare skool bywoon nie, nie in staat is om 'n redelike besluit te neem nie en dat die owerheid dus moet ingryp. Die owerheid sou egter net kon ingryp as bewys kan word dat deur byvoorbeeld nie aan die kind se behoefte en onderwys voldoen word nie en dat die kind as gevolg daarvan wesenlik en permanent benadeel sal word. Dié soort optrede word gewoonlik geregverdig met die argument dat die skool voorsiening maak vir akademiese opleiding van 'n hoë gehalte, beroepsvoorbereiding, en die ontwikkelingvan sosiale enpersoonlikheidsvaardighede (Boss en Wurtz, 1994:267). Daar behoort derhalwe vasgestel te word hoe geldig hierdie aansprake is en hoe huisskole vergelyk met openbare skole ten opsigte van die sake wat so pas genoem is.

***5.2.1 Hoe gehalte akademiese opleiding***

Sedert die middel sewentiger jare, maar veral in die tagtiger jare word feitlik wêreldwyd met toenemende kommer melding gemaak van die agteruitgang in die gehalte van openbare onderwys. Met betrekking tot die onderwysstandaard in die VSA — en dit sou in 'n groot mate ook van die RSA gesê kan word — maak Malkova (1989:33) melding van " a steady downward trend in levels of knowledge, skills and habits in reading, writing, mathematics and science." Hierdie agteruitgang word deur talle belanghebbendes beskou as 'n sigbare manifestasie van die mislukking van die openbare skool. Juis vanweë die openbare skool se onvermoë om hoë akademiese standaarde te handhaaf, word van die heel knapste leerlinge aan dié skole onttrek. In die literatuur word na die verskynsel verwys as "bright flight".

Een van die redes wat aangevoer word in die openbare skool se onvermoë om hoë akademiese standaarde te handhaaf, is die verhoging van die onderwyser-leerling verhouding waarna reeds vroeër verwys is en die nog minder individuele aandag wat leerlinge as gevolg daarvan kry. Daarteenoor hou die hoogs geïndividualiseerde eentot-een onderrig- en leersituasie in die huisskool uiteraard heelwat voordele in, soos dat elke leerling teen sy eie pas kan vorder en onmiddellike, maksimale terugvoering oor sy vordering kan ontvang. Voorts stel huisskole leerlinge in staat om met veel meer vrymoedigheid deel te neem aan die onderrigleergebeure en bied dit ook aan kinders bykans onbeperkte geleentheid tot kreatiwiteit. Wat openbare skole in die algemeen betref, is verskeie navorsers van mening dat die skole juis weetgierigheid, kreatiwiteit, ondernemingsgees, individualiteit en selfstandigheid smoor en strakke eenvormigheid, verbeeldingloosheid en verveeldheid bevorder (Malkova, 1989:41).

Ray (1988:21) skryf dit daaraan toe dat kinders in die skool vinnig leer dat van hulle verwag word om vrae te beantwoord, eerder as om vrae te stel, terwyl kinders by die huis veel meer geleentheid kry om, in ooreenstemming met hul natuurlike geaardheid, vrae te vra. As sodanig is die leeromgewing van die ouerhuis meestal nie so onderdrukkend en beperk soos die van die skool nie (Gatto, 1994). Huisskoolouers maak dan ook daarop aanspraak dat die ouerhuis

die beste toegerus is om 'n kind se akademiese potensiaal te ontwikkel en in spesiale akademiese behoeftes te voorsien. Die aanspraak dat die ouerhuis die beste leeromgewing is, word deur etlike navorsers bevestig (Common & MacMullen, 1986:7).

Wanneer besin word oor die akademiese voortreflikheid van huisskole behoort ook aandag gegee te word aan die beskikbaarheid van onderrighulpmiddele. Hoewel moontlik nie alle huisskole oor al die onderrighulpmiddele van openbare skole beskik nie, is daar weinig, indien enige, bewys dat 'n huisskoolkind se vordering ernstig daardeur benadeel word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat 'n aansienlike aantal huishoudings voldoende gesofistikeerde toerusting soos persoonlike rekenaars, kleurtelevisiestelle, video- en klankopnemers, videokameras, fotostaat- en faksmasjiene het.

In sulke huishoudings is die toerusting oor die algemeen veel meer geredelik tot 'n kind se beskikking as in die skool. Wat die werklike akademiese prestasie van huisskoolkinders betref, moet kennis geneem word van die bevindinge van verskeie navorsers wat die akademiese prestasie van kinders in huisskole en in gewone skole in 'n aantal state in die VSA met mekaar vergelyk het. Die eenparige gevolgtrekking waartoe geraak is, is dat huisskoolkinders minstens net so goed vaar soos leerlinge in gewone skole en ook geen agterstand teenoor sulke leerlinge het nie. Trouens, dit is oor en oor in die een staat na die ander bewys dat huisskoolkinders in dieselfde toetse meestal beter en selfs heelwat beter as leerlinge in konvensionele skole presteer (Ray, 1988: 24; Tompkins, 1991:319).

Op grond van uitgebreide navorsing oor dié saak verklaar Wartes (1988:50) dat hy nie 'n enkele navorsingsverslag teengekom het waarin bevind is dat huisskoolkinders ondergemiddeld presteer nie. Dit wil inderdaad voorkom of huisskoolkinders selfs nog beter presteer as leerlinge in gewone skole hoe langer hulle in huisskole onderrig word (Pitman, 1987; 284). Die sukses wat huisskoolkinders behaal, word veral toegeskryf aan die gemotiveerdheid, erns en toewyding waarmee huisskoolouers hul opvoedingsverantwoordelikheid nakom. Vandaar dat Common & MacMullen (1986:7) kan verklaar dat 'n kind se eie ouers sy beste onderwysers is.

Uit die voorgaande blyk dus dat in die VSA dit eerder kinders in openbare skole is wie se akademiese vordering so wesenlik gekortwiek word dat selfs beweer word dat verpligte skoolbywoning en die moderne openbare skool 'n berekende aanslag op voortreflikheid/uitnemendheid is (Niece, 1983:34; Ballmann, 1989: 29).

### *5.2.2 Beroepsvoorbereiding*

In soverre as wat akademiese opleiding as 'n maatstaf vir beroepsvoorbereiding beskou kan word, behoort dit op hierdie stadium duidelik te wees dat huisskoolkinders ook wat akademiese beroepsvoorbereiding betref, geen agterstand het nie. Anders as in gewone skole waar 'n leerling dikwels 'n beperkte vakkeuse gebied word, het 'n kind in 'n huisskool vir alle praktiese doeleindes 'n onbeperkte vakkeuse en kan hy juis op daardie vakke konsentreer wat besondere waarde het vir die beroep wat hy beoog.

Afgesien daarvan het huisskoolkinders op die gebied van beroepsvoorbereiding minstens in nog twee opsigte 'n voorsprong op leerlinge in gewone skole. Eerstens word suiwer vanweë die opset van die huisskool aan huisskoolkinders groter eise gestel ten opsigte van juis daardie karaktertrekke (soos taak, ten opsigte van juis selfstandigheid, deeglikheid, toegewydheid aan 'n vindingrykheid, ens.) wat van die allergrootste belang is vir die suksesvolle beoefening van 'n beroep.

Tweedens bied die meer buigsame aard van die huisskool veel meer geleentheid tot werklike praktiese oefening in die beoefening van 'n beroep.

### *5.2.3 Sosialisering en persoonlikheidsontwikkeling*

Verpligte skoolbywoning word onder andere daarmee geregverdig dat dit noodsaaklik is om 'n kind sosiale vaardighede te leer (Niece, 1983: 33). In die debat oor huisskole kom die kwessie van sosialisering ook gereeld ter sprake.

Ten opsigte van sosialisering moet egter onderskei word tussen positiewe en negatiewe sosialisering. Sosialisering is positief as dit die kind help om sy volle potensiaal en 'n positiewe selfbeeld (gevoel van eiewaarde) te ontwikkel. Kinders wat in 'n warm, liefdevolle huis grootword en wat deur hul ouers aanvaar word, het normaalweg nie ŉ negatiewe selfbeeld nie. Hulle ondervind ook nie probleme om met mense van alle ouderdomsgroepe te sosialiseer nie. By sulke kinders is daar geen onsekerheid oor hoe hulle behoort op te tree nie, omdat bepaalde waardes pertinent en konsekwent deur die ouers en ander volwassenes in wie se teenwoordigheid heel wat tyd deurgebring word, voorgeleef word.

Common & MacMullen (1986:6) verklaar in die verband dat 'n kind se sosiaal-emosionele ontwikkeling eerder bevorder word deur 'n gevoel van eiewaarde en 'n stabiele waardesisteem, as deur kontak met sy portuurgroep. In aansluiting daarby is dit insiggewend dat op grond van omvattende navorsing bevind is dat huisskoolkinders nie net oor die algemeen minder afhanklik is van hul portuurgroep nie, maar ook 'n veel positiewer selfbeeld het as kinders in gewone skole (Ray, 1988:25; Ballmann, 1989: 72). Dit word veral daaraan toegeskryf dat huisskoolkinders op vertikale en horisontale vlak sosialiseer omdat hulle soveel kontak het met volwassenes en kinders van verskillende ouderdomme.

Negatiewe sosialisering, daarteenoor, wat ten nouste saamhang met horisontale sosialisering, is 'n veel meer beperkte vorm van sosialisering. Dit vind by uitstek in die skool plaas, waar die kind se sosialisering grootliks bepaal word deur sy kontak met ander kinders van sy ouderdom. Die wyse waarop die skool gestruktureer is leen hom dus nie daartoe dat kinders effektief toegerus word met die sosiale vaardighede wat hulle in die wye samelewing nodig sal kry nie. Trouens, Boss en Wurtz (1994:270) beweer selfs dat die skool kinders isoleer van die wyer samelewing.

Indien 'n kind dus in 'n konvensionele skool geplaas word voordat hy die gesin se waardes behoorlik verstaan, kan hy so afhanklik van sy portuurgroep word, dat hulle gewoontes, taal en waardestelsel vir hom belangriker sal wees as die van sy ouerhuis. Wat die aard van hierdie soort sosialisering betref, hoef maar net verwys te word na berigte in die pers, oor die dronkenskap, dwelmhandel, geweld, misdaad, verkragting, onsedelikheid, ens., wat deesdae skynbaar algemeen in openbare skole voorkom.

Die skadelike gevolge daarvan in 'n kind se ontwikkeling blyk volgens Ballmann (1989: 182) daaruit dat kinders wat portuurgroep afhanklik is, 'n swakker selfbeeld het, oor die algemeen meer pessimisties is oor die toekoms, meer geneig is tot antisosiale gedrag, minder verantwoordelik is en minder leierskapshoedanighede openbaar as kinders wat nie van hul portuurgroep afhanklik is nie. Harris (1988:42) se uitspraak dat wysheid en volwassenheid ondermyn word deur kinders van dieselfde ouderdomsgroep saam te groepeer, mag derhalwe nie verontagsaam word nie.

'n Ouer wat dit goed vind om sy kind op 'n beperkte skaal bloot te stel aan bose invloede, loop gevaar om by sy kind die idee te wek dat, as 'n klein bietjie blootstelling goed is, meer blootstelling nog beter is. In die lig van die voorgaande en in ooreenstemming met die Bybel se waarskuwing dat slegte geselskap goeie sedes bederf, beskou Christen huisskoolouers dit as 'n Godgegewe verantwoordelikheid om hul kinders teen bose invloede te beskerm, totdat die Bybelse beginsels by hulle tuisgebring en 'n stabiele waardesisteem ontwikkel is. Hierdie beskerming kan vergelyk word met die kweek van saailinge in 'n kweekhuis, waar die geskikste groeitoestande vir plantjies geskep word. Eers as die plantjies in die kweekhuis sterk en gesond genoeg is, word hulle uitgeplant om later volle wasdom te bereik. Met inagneming van die voorgaande kan verstaan word waarom kategories verklaar word dat openbare skole, soos dit tans is, nie kinders kan toerus om te midde van allerlei, dikwels radikale, veranderinge op talle lewensterreine staande te bly nie. Dit blyk uit die voorgaande dat beide argumente wat in liberale demokrasieë ten gunste van verpligte skoolbywoning aangevoer word ouers se regte ten aansien van hul kinders se opvoeding ernstig aantas of selfs totaal misken. Derhalwe word ten slotte enkele opmerkings oor ouers se aandeel in hul kinders se opvoeding en onderwys gemaak.

## 6. Ouers is primêr verantwoordelik vir hut kinders se opvoeding

Volgens dit wat tot dusver aangevoer is, is daar afdoende bewyse dat huisskoolouers oor die algemeen hul taak op 'n uiters verantwoordelike wyse verrig en in die beste belang van hul kinders optree. Derhalwe is daar geen rede waarom hulle nie ten volle met hierdie taak vertrou kan word nie.

Afgesien daarvan is daar in elk geval by huisskoolouers geen twyfel nie dat ouers in beginsel primêr verantwoordelik is vir en finale seggenskap het oor hul kinders se opvoeding en onderwys. As sodanig is die bedryf van 'n huisskool 'n openbare verklaring van ouers se geloof in die huisgesin as instelling en 'n poging om die ouerlike roeping te vervul. In die lig daarvan word dus 'n hoë premie op die selfstandigheid en outonomie van die huisgesin geplaas ten einde te verseker dat die huisskool ook oor die hoogste mate van outonomie beskik. Vir Christenouers in die besonder is 'n Christelik deurdrenkte opvoeding en die vorming van 'n Christelike karakter op grond van hul doopbelofte 'n Godgegewe verantwoordelikheid, wat nougeset nagekom moet word. Ballmann (1989:17) verklaar in die verband onomwonde: "If a student is taught nothing else save character alone, he will be better prepared for life than those who are taught pure academies but no character."

Die beginsel dat die ouer primer verantwoordelik is vir sy kind se opvoeding, word ook onderskryf in verskeie uitsprake van die Amerikaanse hooggeregshof (Tompkins, 1991). In een van die uitsprake word dit kategories gestel: "The fundamental theory of liberty upon which all governments.., repose excludes any general power of the State to standardize its children by forcing them to accept instruction from public teachers only" (Khan, 1995:95). In die European Convention on Human Rights word nog verder gegaan en word uitdruklik verklaar dat enige funksie wat die staat verrig met betrekking tot opvoeding en onderwys die reg van ouers op opvoeding en onderwys in ooreenstemming met hul godsdienstige en filosofiese oortuigings moet respekteer (Khan, 1995: 94). Hoewel die staat dus voorsiening behoort te maak vir onderwys, mag die staat nie sy burgers verplig om van die diens gebruik te maak as die onderwys nie in ooreenstemming is met die lewensbeskoulike oortuigings van 'n bepaalde kulturele gemeenskap nie. Maatreëls waardeur skoolbywoning verplig word, mag wel daarin slaag om kinders' n skool te laat bywoon, maar kan geensins verseker dat kinders behoorlik en effektief onderrig word of dat hulle leer nie (Niece, 1983: 33). By Boss en Wurtz (1994:272-273) bestaan daar hieroor nie die minste twyfel nie dat:

Mandatory school attendance laws are obsolete, discriminatory, and an unwarranted infringement on children's and parents' rights.

Die staat se belang lê dus eerder in die uitkoms van onderwys en nie soseer in waar en die wyse waarop kinders onderrig word nie.

## 7. Samevattend

Dat die huisskool besondere hoe" eise aan ouers stel, en derhalwe nie 'n maklike uitweg is wat deur alle ouers gekies sal word nie, is gewis. Desnieteenstaande bied dit 'n uitkoms aan ouers vir wie openbare skole vanweë sterk beginseloortuigings of vanweë die ekstreme verpolitisering van die onderwys en die blatante verontagsaming van gesonde onderwys en opvoedingsbeginsels nie aanvaarbaar is nie.

Trouens, daar kan verwag word dat hierdie ouers hulle in toenemende mate tot die huisskool as alternatief vir staatsbeheerde en staatsondersteunde skole sal wend.

In die lig van wat tot dusver aangevoer is, kan verpligte skoolbywoning nie geregverdig word nie en het die staat ook nie die reg om ouers te verhinder om hul kinders tuis te onderrig nie. Die staat behoort dit, inteendeel, so maklik moontlik te maak vir toegewyde en verantwoordelike ouers, in wie se behoeftes openbare skole nie kan of wil voorsien nie, om die huisskool as alternatiewe onderwysmodel te gebruik.

Eerder as om skoolbywoning verpligtend te maak, behoort ouers, soos in Brittanje, daarvoor verantwoordelik gehou te word om toe te sien dat hul kinders geskikte onderwys ontvang, óf

deur hulle 'n skool te laat bywoon, of deur op 'n ander wyse voorsiening daarvoor tee maak.

**7. Bibliografie**

Achilles, C.M. 1996. Students Achieve More in Smaller Classes. Educational Leadership, 53(5): 76-77.

Ballmann, R.E. 1989. The How and Why of Home Schooling. Westchester: Crossway Books.

Bester,C. 1997. Skool in Noorde Sal na Gesprek so Lyk in 1998. Beeld, 19November: 11.

Boss, J,A. & Wurtz, K.D. 1994. Are Mandatory School Attendance Laws Inherently Unjust? The Educational Forum, 58:264-275.

Colfex, D. & Colfex, M. 1988: Homeschoohing for Excellence. New York: Wanner Books.

Common, R. W. & MacMuUen, M. 1986. Home Schooling... a Growing Movement. Education Canada, 26:47.

Churchill, S. 1996. The Decline of the Nationstate and the Education of National Minorities. International Review of Education, 42(4):265-290.

Frost, E.A. & Morris, R.C. 1988. Does Homeschooling Work? Some insights for academic success. Contemporary Education, 59(4): 223-227.

Gatto, J.T. 1994. The Tyranny of Compulsory Schooling. The Educational Forum, 58:276-281.

Halstead, M. 1995. Voluntary Apartheid? Problems of Schooling for Religious and other Minorities in Democratie Societies. Journal of Philosophy of Education, 29(2):257-272.

Harris, G. 1988. The ChristianHome School. Brentwood: Wolgemuth & Hyatt.

Hiley, D.R. 1996. The Democratie Purposes of General Education. Liberal Education, 82(1): 20-25.

Husen, T. 1985. The School in the Achievement Oriented Society. Phi Delta Kappan, 66(6):398-402.

Kailin, J. 1994. Anti-racist Staff Development for Teachers: Considerations of Race, Class, and Gender. Teaching & Teacher Education, 10(2): 169-184.

Kantrowitz, B & Rosado, L 1991. Fall further behind: a Generation of Hispanic-Americans isn't Making the Grade. Newsweek, 19 August:60.

Khan, A.N. 1995. Compulsory School Attendance in Britain. Journal of Law & Education, 24(1):91-102.

Klicka, C. J. 1991. Home Schooling in the United States. A Legal Analysis. Paenonian Springs: Home School Legal Defense Association.

Knowles, J.G. 1988. Parents' Rationales end Teaching Methods for Home Schooling. The role of biography. Education and Urban Society, 21(1): 69-84. ,

Knowles, J.G., Muchmore, J.A. & Spaulding, HW1994. Home Education as an Alternative to Institutionalized Education. The Educational Forum, 58:238-243.

Kozol, J. 1991. Savage Inequalities: Children in America's Schools. New York: Crown Publishers.

Loughrey, M.E. & Harris, MB1990. ADescriptive Study of at Risk High School Students. The High School Journal, 73(4):187-193.

McCarthy, C. 1994. The Politics of Culture: Multicultural Education after the Content Debate. Discourse, 14(2):1 16.

Meighan, R. 1984. Political Consciousness and Homebased Education. Educational Review, 36(2): 165-1 73.

Meighan, R. 1990. Schooling Can Seriously Damage Your Education? Education Now, 2(8): 23.

Meighan, R. sj. Homebased Education Effectiveness Research and some of its Implications. Nottingham: Education New.

Melkova, Z.A. 1989. The Quality of Mass Education. Prospects, 19(1): 33-45.

Niece, R. 1983. Compulsory Education: Milestone or Millstone? The High School Journal, 67(1): 32-35.

Oliver, L 1997. Teacher Cuts: Pupils set to "Relive" 1976. Cape Argus, 2 December: 3.

Pitman, M.A. 1987. Compulsory Education and Home Schooling. Truancy on Prophecy? Education and Urban Society, 19(3): 280-289.

Pretorius, C. 1997. Tydelike Qnderwysers: 31 Desember genoem. Beeld, 4 Desember: 6. Ray, BD 1988. Home schools. A Synthesis of Research on Charactenstics and Learner Outcomes. Education and Urban Society, 21(1): 16-31.

Reyhner, J. 1991. The Challenge of Teaching Teaching Education, 4(1): 103-111.

Themes, A. 1994. Coversational Leaming. Oxford Review of Education, 20(1): 131 -142.

Tompkins, D.E. 1991. An Argument for Privacy in Support of the Choice of Home Education by Parents. Journal of Law & Education, 20(3):301-323.

Van den Westhuizen, C. 1997. ANC Voer Wetsontwerp in Gauteng Deur. Beeld, 21 November: 2.

Van Galen, JA. 1988. Ideology, Curriculum and Pedagogy in Home Education. Education and Urban Society, 21(1): 52-68.

Wartes, J. 1988 The Washington Home School project. Quantitative measures for Morming policy decisions. Education and Urban Society, 21(1):42-51.

# 'n Beweging van Hoop

*A Theron*

## Inleidend

Selde was daar in die media en regeringskringe soveel selfvoldane krete van gelukwensing soos na die matriekuitslae in Desember verlede jaar. 57,9% van die 585 075 matrieks het geslaag, 9% meer as die vorige jaar. 'n Meegevoerde kommentator skryf: "Dis die beste nuus nog! Daar is waarlik hoop vir ons land!" Uitbundig vertel vele kenners hoe die wenstreep nou in sig is, Suid-Afrikaners moet net vasbyt en ophou mor en kritiseer.

'n Verskrikte burgery wat besig is om in anargie en ellende te versink, sal seker enige nuus aangryp wat belowe dat beter dae nou voorlê. Maar watter waarborg bied die feit dat sowat 332 000 jongmense minstens 50% in 'n eksamen behaal het, werklik? Robert Mugabe van Zimbabwe het nie minder nie as ses universiteitsgrade. {Mail and Guardian, 15 Februarie 2000} Is dit grond vir optimisme oor daardie land se toekoms? Suid-Afrika se fundamentele probleem is 'n breë opstand teen God en sy gebooie. Solank dit voortduur, het ons geen toekoms nie.

Selfs 'n halfmiljoen matrikulante sal hieraan geen verskil maak nie, indien groter kennis net meer gesofistikeerde opstand teen God beteken. Natuurlik is daar waarskynlik duisende jong gelowiges onder verlede jaar se matrikulante. Maar is hulle deur jare se staatskoling toegerus om konsekwent antiteties, 'n sout en lig te wees, sodat die voltooiing van hul skoolloopbaan rede vir groot verwagting is? Of word hulle eerder die wêreld ingestuur met die tande getrek, die denke gelykvormig aan die wêreld, Christene in die hart maar heidene in die verstand?

Nugter gelowiges sal nie haastig wees om aan die uitbundige oor-een-weer skouerklop oor die land se jeug deel te neem nie. Maar dit beteken nie dat hulle net angs en kommer hoef te hê nie. Daar het ook in die Suid-Afrikaanse samelewing 'n stroompie begin vloei wat al hoe sterker bruis, dieselfde stroom wat in die buiteland al 'n magtige rivier geword het.

Tuisonderwys, skaars 'n dekade gelede nog haas onbekend by ons, wen as onderwysmodel meer en meer aanhangers. Mense verkies toenemend die tuisonderwysmodel om 'n verskeidenheid van prinsipiële, praktiese en akademiese redes. Tuisonderwys het gekom om te bly, en veral om te groei, en die onderwystoneel in Suid-Afrika kan uiteindelik net so min onaangeraak bly as dié in die V. S. A. waar na raming tot soveel as 'n miljoen leerlinge tuis onderrig word. Maar die verskynsel van tuisonderwys het terselfdertyd 'n wyer impak as op die onderwysterrein. Tuisonderwys het 'n sosiale beweging geword. In gelowige gesinne (en die meerderheid tuisskolers is gelowiges) lei tuisonderrig dikwels tot 'n herrangskikking van prioriteite oor staat, gesin en individu in die lig van die Woord.

Dit kan nie anders as om die lewens van individue, gesinne en gemeenskappe te verander nie. Daarom is tuisonderrig veel meer as 'n positiewe ontwikkeling in die onderwyspraktyk. Dit is 'n sosiale stroom van belofte en verfrissing en krag, 'n beweging van hoop!

Ons kyk na drie opsigte waarin tuisonderwys gelowiges aanspoor tot herbesinning oor die plek van die Woord.

## 1. Skrif en staat

Daar is 'n groot aantal stoot- en trekfaktore wat ouers sover bring om hulle kinders met groot moeite self te onderrig eerder as om hulle na staatskole te stuur, 'n Belangrike rede is dat gelowige ouers begin besef dat onderwysminister Kader Asmal inderdaad reg is as hy sê dat daar geen neutraliteit in die onderwys kan wees nie. Die keuse is vir hulle al hoe duideliker tussen twee lewensbeskouings, 'n Bybelse opvoeding in kennis en vrees van die HERE, of 'n mensverheerlikende filosofie waar alle kennis die mens en sy geluk moet dien.

Die waardes wat Suid-Afrikaanse staatsonderwys gaan deurweef en grootliks reeds doen, is dié van die *Values in Education* werkgroep onder leiding van prof. Wilmot James. In hulle verslag aan die minister: gelykheid, verdraagsaamheid, openheid vir almal en alles wat anders

is, respek vir mense wat verskil, versoening, begrip en aanvaarding. Alles is gelyk, niks of niemand is beter of slegter nie, alle oortuigings is relatief.

Daarvoor gaan die vakke geskiedenis en argeologie ingespan word, soos onlangs in hulle verslag deur die Geskiedenis en Argeologie werkgroep onder leiding van prof. Njabulo Ndebele aanbeveel. Beide verslae lê groot klem op die rol wat die onderrig van evolusie in die leerplan moet speel om die regte waardes by leerlinge te vestig. Geskiedenis sal insluit geskiedenis van die evolusie van die mens en Suid-Afrikaanse geskiedenis sal teruggevoer word "back to our earliest ancestral relatives, the early hominids of some three million years ago." Waardes soos openheid in die geskiedenisleerplan sal leerlinge laat besef hoe vloeibaar alle sosiale grense (soos bv. homoseksualiteit) is:

Through the openness encouraged by the study of a comprehensive history, global identity can be seen as not necessarily contradictory with the identity of, for instance, Khoisannes, or Rastafarianness, or gayness. It is historical study above all which enables us to understand the construction over time of social boundaries and at the same time to comprehend their fluidity and permeability.

In die nuwe leerplanne sal daar nie plek wees vir mites soos dié van "white supremacist historiography, in its Afrikaner nationalist form of Christian National Education" dat die slag van Bloedrivier 'n wonderwerk sou wees of die aardse uitwerking van die wil van God nie.

Tuisonderwys impliseer dat ouers die waardes van ons moderne staatsopvoeding geweeg het en te lig bevind het in die lig van die Woord. Belangriker nog, ouers begin die staat se aanspraak dat hy primêr vir die onderwys van kinders verantwoordelik is en mag besluit wat hulle leer, ontken. Ouers begin twyfel of die staat werklik weet wat die beste vir ons kinders is. "Wat is die hoogste standaard vir onderwys?" vra gelowige ouers aan die onderwysdepartement. "Die Grondwet, en die waardes van die Grondwet," antwoord die regering. "Jammer," sê meer en meer ouers, "dis die Skrif," en haal hulle kinders uit die skool uit.

Dit is 'n grondverskuiwing van onmeetbare belang! In die regering se pogings om die Grondwet en die mensverheerlikende waardes wat dit onderlê, as hoogste gesag in ons land te vestig, is dit krities om hierdie waardes by die jeug in te boesem. Maar reeds in die eerste rondte kry hulle bloedneus van gelowige ouers wat sê: Skrif bo verdraagsaamheid, Skrif bo evolusie, Skrif bo die Grondwet!

Die merkwaardige is dat gelowiges wat eenmaal gesien het dat die keiser naak is, hulle nie maklik laat oorreed om in bewondering voor sy kleed te kom kniel nie. Hulle het eenmaal besef dat die aansprake van God en keiser, Skrif en Grondwet, Vredevors en aardse koning kan bots, en hulle het (dikwels met groot opoffering) kant moes kies. Hulle het tot die radikale ontdekking gekom dat ons die keiser moet gee wat hom toekom - maar dat nie alles waarop die keiser aanspraak maak, hom toekom nie. In die vraag na wat die keiser toekom, luister hulle na die Skrif voordat hulle na die keiser luister.

Die twintigste eeu was die eeu van die staat en ongekende staatsmag. Dit was ook die bloedigste in die ganse geskiedenis. Die praktiese gehoorsaamheid van 'n groeiende aantal gelowiges om die Skrif bo alle staatsaansprake te stel, is deel van 'n sosiale beweging wat die hoop bied dat ons land hom in hierdie eeu uit die staatsverafgoding van die vorige sal ontworstel.

## 2. Skrif en gesin

Die dinamiek van tuisonderwys verg besinning oor die rol van man en vrou in die gesin. In die dae toe die kinders bedags op skool was, was daar byvoorbeeld 'n groot versoeking vir die moeder om ook 'n beroep te beoefen. Nou is sy gewoonlik die een wat die meeste van die onderrig moet hanteer, en groot vervulling kan vind om te sien hoe haar kinders rondom haar gevorm word. Die versoeking om die onderrig van sy kinders aan "ander" oor te laat, is ook vir die vader veel kleiner. Eerstens kan geen vrou die moeilike onderrigtaak behartig sonder

die liefdevolle ondersteuning en leiding van haar man nie.

Tweedens maak die buigbaarheid van die ure van tuisonderwys dit vir hom moontlik om in groot mate betrokke te raak deur byvoorbeeld self in die aand vir 'n uur lank onderrig gee. Ook vryetydsbesteding kan nie meer onafhanklik van die onderwysaktiwiteite geskied nie, en vele gesinne raak vinnig ontslae van die televisiestel! Tyd word gemaak vir meer opbouende aktiwiteite wat leer en ontspanning versoen, waarin kinders skeppend, vindingryk en ontdekkend kan besig wees. Hierdeur kry Christelike kultuurskepping nuwe lewenskrag! Gesinne vind dikwels dat deur tuisonderrig die terugtrek van man, vrou en kinders in geïsoleerde leefwêrelde eenvoudig nie meer kan bestaan nie. Gesamentlike betrokkenheid om die wêreld in die lig van Gods Woord te verstaan en verken vra (en lei op sy beurt daartoe) dat man, vrou en kinders hulle Bybelse verantwoordelikhede sal besef en sal uitleef.

Dit is seker ook nie toevallig nie dat daar dan ook by baie tuisonderwys-egpare opnuut 'n besef is van hoe 'n groot seën kinders van die Here is. Gerief, beroepe, vrye tyd en materiële voorspoed kom immers nie meer eerste in die gesinslewe nie. Groot gesinne word dikwels onder die tuisonderrigters aangetref. As dit 'n algemene tendens is, het ons hier met 'n sosiale rewolusie te doen waarvan die resultaat oor 'n dekade of twee die kerk in Suid-Afrika sal verstom!

'n Verdere gevolg van tuisonderwys binne die gesin is die opbloei van Christelike denke en teologie. Dit is natuurlik nie verbasend nie indien in ag geneem word dat alreeds deur die moeilike keuse van tuisonderwys te maak, gelowige ouers die waarheid van die verbondsteologie en die doopbelofte met die daad bely het. Hulle gee daardeur uitdrukking aan hulle geloof dat hulle kinders ook in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is, dat ook aan hulle kinders die bloed van Christus, die verlossing van Christus en die Heilige Gees beloof is, en dat hulle nie maar net hulle kinders saam met die kinders van ongelowiges kan laat opgaan in 'n heidense onderwysbedeling nie. Hul kinders behoort in 'n besondere sin aan God moet in die vrese van die HERE grootgemaak moet word. Dit is teologiese waarhede wat diep betekenis in die lewe van tuisonderrig-ouers kry. Maar betrokkenheid by hulle kinders se studies gryp ook die denke van die ouers aan. Meeste ouers is self op staatskole onderrig, maar word nou aan 'n allesomvattende Bybelse wêreldbeskouing blootgestel. Ook die ouers moet die uitgesproke Christelike studiemateriaal bemeester, hulle gesels met ander tuisonderrig-ouers oor Bybelse vakinhoude en aanbieding, hulle word gepeper met vrae van hulle kinders oor God se lewende en nie-lewende skepping(wetenskap), oor God se soewereine handelinge in die lewe van mense en volke (geskiedenis), oor God se presiese orde (wiskunde) en die kommunikasie van inligting oor God en sy skepping (tale). Elke terrein van die lewe en denke moet opnuut in Christelike perspektief verstaan word. Daar is dus 'n verandering van Christelike denke en lewe binne die gesin wat tegelyk die oorsaak en gevolg is van tuisonderwys. En as honderde gesinne nuut begin doen en dink, kan mens maar weet hier kom 'n ding!

### 3. Skrif en individu

Hoekom lyk leerlinge wat tuisonderrig ontvang het, soveel anders as staatsskoolleerlinge? In tuisonderrig is die hoogste doel nie die aanleer van feite in 'n moreel neutrale omgewing nie. Dit is eerder die vorming van 'n sterk Bybelse karakter. Ouers besef dat deur 'n liefde vir God en sy Woord die hele leerproses te laat bepaal, hulle kind geslyp word vir 'n lewe van dankbare Godsvrug. Kennis is dan toerusting om God te verheerlik. Omdat die Bybel leer dat iemand wat nie vir sy eie mense sorg nie, slegter is as 'n ongelowige, en dat elkeen sowel sy eie laste as die van sy naaste moet dra, sal gelowige kinders wat geleer het om die hele werklikheid in Bybelse lig te probeer verstaan, daarna streef om vaardighede te bekom wat hom in staat stel om ekonomies produktief te wees. Dit is dan 'n bevel van die Here! Sulke kinders is dan ook mense wat 'n leerkultuur aangeleer het, wat leer omdat hulle *wil* leer ten einde meer diensbaar vir God te wees. 'n Sterk Bybelse karakter omvat al die deugde soos hardwerkendheid, pligsgetrouheid, eerlikheid en selfbeheersing... en dit is die vrugbaarste grond waarin kennis en bekwaamheid kan wortel skiet en vrug dra. Voorts word die tuisleerling se bemeestering

van 'n vakgebied bepaal deur die standaard deur sy ouers gestel. Onderrig vind plaas aan die voete van 'n ouer byna soos in die geval van 'n dissipel of 'n vakleerling wat langs 'n meester van die vakgebied die tegniek moet baasraak. Hier word nie maklik met onverskilligheid, oppervlakkige begrip of 'n terloopse poging weggekom nie! Ouers word nie tevrede gestel solank 'n kind maar goed doen in vergelyking met ander nie. Hulle ken hulle kinders goed genoeg om van elke kind sy persoonlike beste te verwag, 'n toegewyde en heelharige poging, omdat die kind dit vir die Here doen en nie vir mense nie. Elkeen is in die eerste plek verantwoordelik teenoor God. Uitnemendheid is die resultaat. Hoe anders is die staatskole nie! Leerlinge word geëvalueer op grond van hulle ten opsigte van ander leerlinge presteer. Punte-aanpassings word selfs gedoen indien die groepsgemiddeld beduidend laer as vorige jare is. Die evaluasie, soos die onderrig, geskied deurgaans in groepsverband - van persoonlike betrokkenheid soos dié van vakleerling en meester kan daar geen sprake wees nie. Gelowige kinders wat nie deur die skoolonderwys tot 'n lewe van intellektuele skisofrenie, tot onversoenbare spanning tussen geloof en denke, tot ewige stryd tussen die standaarde van die outonome menslike rede en die Skrif verdoem word nie, is een uit 'n tienduisendtal. Waarskynlik word meeste deur jare op die skoolbanke vermink tot 'n lewe van middelmatigheid, verwarring en steriliteit. Ons kan gerus wees dat hulle in hulle gedwee verdraagsaamheid darem genoeg vaardighede sal hê om te probeer keer dat ons samelewing heeltemal inmekaar tuimel, want die uitgesproke doel van ons staatsonderwys is: "... ensuring that present and future generations of our citizens have the necessary knowledge and skills to contribute to sustaining an open, equitable and tolerant common society." Iemand van wie die karakter en kennisbemeestering onder die hoë eise van die Skrif gestalte aangeneem het, is persoonlik en intellektueel bekwaam om 'n lewe van heilsame invloed op sy omgewing uit te oefen. Die verskil wat duisende sulke jongmense eendag op die kultuur rondom ons kan hê, is onpeilbaar.

## Die toekoms - daar is hoop!

Wat sal die uiteinde wees van 'n beweging wat toenemende getalle gelowiges aanmoedig om ernstig vra na die betekenis van Skrif vir staat, gesin en ontwikkeling van die individu? As gelowiges hulle begin verset teen die onbybelse aansprake van die staat, as hulle weier om hulle kinders te laat wegvoer as 'n buit deur onbybelse denke, as hulle die die gesinslewe radikaal begin inrig volgens die eise van die Woord, as hulle dankbaar groot gesinne as 'n seën van die Here ontvang, as hulle kultuurskeppers word in kleurvolle Christelike huisgesinne, as hulle van die huisgesinne teologiese en intellektuele skatkamers maak waar die Skrif se lig oor alles skyn, as hulle kinders geduldig gebeitel word tot gelowiges met sterk Bybelse karakters, as die kinders waarlik kennis bemeester en studente van uitnemendheid word, kortom - as gelowiges die skeiding van lewe en denke verwerp en beide deurdrenk met die ryk inhoud van die Woord en onderwerp aan die heerskappy van Christus .... dan is daar hoop!

As die toekoms vir Suid-Afrika meer inhou as die woestyn van ontbering en agteruitgang, is dit nie weens die brak water van staatskole nie, maar die vrolike en groeiende stroom van verbondsgehoorsame tuisonderwys. Mag ons Here Jesus dit bevorder terwille van Sy Kerk en Koninkryk!

# Die Jeugkrisis: Siekte of Sonde? - Opvoeding en Jeugbediening -

*S Le Cornu*

## INLEIDEND

Onlangs het ek 'n klein boekie gelees, wat in 23 bladsye meer sê as wat in baie boeke van 500 bladsy gesê word. Met "gesê," bedoel ek die basiese boodskap van die boekie. Die titel van die boekie is: *Critique of Modern Youth Ministry,* geskryf deur Chris Schlect van die *Logos Schools* in die V. S. A.[3] Die skrywer, 'n eertydse "jeugwerker," wys in hierdie boekie: *"The Church today does not expect what it ought to from children and their parents, and this can be attributed in large part to a ftawed concept of youth ministry. This need not and should not be so. This essay discuss the reasons behind this problem andproposes some biblical solutions"* **[bl.3]**

Volgens die skrywer het kinders 'n groter kapasiteit vir geestelike en sosiale volwassenheid, as wat tans die geval is, en die verkeerde siening van die "jeugbediening," is juis een van die probleme wat geestelike volwassenheid en groei teenwerk.

**Die doel is dan ook om die inhoud en boodskap van hierdie boekie vir u kortliks deur te gee. Daar gaan ook aanvullende opmerking» gemaak word met die oog op die eie situasie hier in S.A.,** want die "jeugkrisis" in S. A. is op dieselfde weg as in die V. SA., buite én binne die kerk. Dit is nie meer vir ons 'n vreemde gesig om koerantopskrifte te sien wat wys op die immorele en intellektuele verval wat onder die jeug plaasvind nie, en wat baiemaal lei tot die uiterste gevalle van moord en selfmoord. Is SA. ook op daardie pad, of reeds? Is dit die politiek of ekonomie se skuld, of lê die skuld nie baiemaal nader aan die huis nie (1 Petr.4:17)?

## 1. Die koms van die 'generasiegaping'

Die afgelope 150 jaar het die evolusieteorie ons siening van tyd drasties verander. Mense het al hoe meer tydsbehep begin raak, en alhoewel dit sy voordele gehad het, het dit op ander terreine slegte gevolge gehad. In die verlede was dit nie vreemd om op die ouderdom van 17 óf 28 te gradueer nie, want studente het elkeen op sy eie pas volwasse geword. Daarom was die een-kamer-vir-al-die-kinders tuisskool die norm en geen vreemde verskynsel (soos nou) nie. Ook in maatskaplike en sosiale kringe het kinders meer met ouer mense gemeng as wat vandag die geval is. Dit was hoofsaaklik **Horace Mann** wat dit begin verander het deur kinders te verbind aan 'n sekere leerpas, in lyn met die evolusionêre siening dat vooruitgang noodwendig gekoppel is aan tyd. Leerlinge is daarom geskei van mekaar en volgens ouderdom ingedeel. Die gevolg is dat kinders nou beoordeel is of hul "voor" of "agter" is, volgens die "standaarde van hul portuurgroep." Die skrywer stel dit dan tereg: *"Normal' was an arbitrary Standard superimposed upon the wealth of data that indicated wide disparity between rates ofmaturation,"* [bl.4] Met die draai van die twintigste eeu het 'n ene **Granville Stanley Hall,** in lyn met die sosiale toepassing van Darwin se werk in die biologie, gekom met die sogenaamde "recapitulation theory" waarin hy beweer het kinders ontwikkel deur dieselfde fases as wat die menslike geskiedenis ontwikkel. Daarvolgens beweeg die kind dan van barbaarse tot beskaafde fases. Hy het veral sy aandag toegespits op die sogenaamde "adolossensiejare," wat hy as die mees kritiese fase beskou het. Omdat dit so 'n belangrike fase is, moet hierdie portuurgroep geskei word van al die ander fases. In lyn met sy evolusiebeskouings het dit verder beteken dat elke volgende fase verhewe is bo die vorige een en daarom moes daar elke keer radikaal gebreek word met die vorige fase(s). In praktiese terme beteken dit dat rebellie en opstand die jeug se voorland is, soos hy moet "wegbreek" van die kindfase en moet rem en keer teen die volwassefase. Ironies genoeg, beskou sosiale sielkundiges (vandag nog), hierdie "rebellie" as 'n positiewe stap.

**John Dewey[4],** een van Hall se bekendste volgelinge het hierdie teorieë toegepas op die

[3] Moscow, Idoho, V.S.A.: Canon Press (1995).

[4] Sien ook: Gordon H. Clark, *William James and John Dewey* (Hobbs, New Mexico: Trinity

staatskoolsisteem. Hy het 'n hele geslag onderwysers daarvolgens opgevoed, en word daarom beskou as die vader van die moderne staatskoolmodel in die VS A. Sy idees was regoor Amerika geïmplementeer. Dit was dan juis om die "krisis" periode van adolessensie te isoleer, dat die hoërskole gestig is om die tieners te skei van jonger kinders en volwassenes. 'n Geslag na Dewey, het vir die eerste keer in die geskiedenis van die Westerse wêreld 'n "adolessente sub-kultuur" gehad. Teen die 1950's het hulle hul eie musiek literatuur, kleredrag, taal en etiket gehad. Hall se filosofie van die jeug het sedertdien die norm geword van die Westerse wêreld. Karakters soos James Dean en Elvis Presley is gesien as die slagoffers van die ouer generasie wat "*nie verstaan hoe die jeug dink nie."* Die musiek en films van die jare vyftig en daarna, is 'n getuienis van hierdie "invented adolescence" van G. Stanley Hall, soos dit deur Dewey deurgevoer is in die skoolpraktyk.

**Vandag** is die jeug-subkultuur die dominante kultuur in ons samelewing. Die kultuur in al sy vorms -kuns, musiek, etiket en ontspanning- is alles in terme van die jeug se behoeftes en eise. Advertensies word veral gemik op die jeug en as dit op ouer mense gerig word, dan is dit om hul jonger te laat voel of lyk Die lewe sentreer om die jeug, en hul hoërskool loopbaan word gesien as die toppunt van die lewe. As 'n mens ouer as dertig is, dan word hy/sy beskou as "amper oor die muur," en dan begin die jaagtog na fiksheidsprogramme, weeklikse ontspanning, nuwe verhoudings, veloorplantings, ens., alles sodat ons jonger kan "voel." Die hartseer agter dit alles, is dat die res van die wereld hiervoor buig via die invloed van die amerikaanse media.[5] Schlect skryf daarom tereg: "Late *twentieth century America is not allowing itselfto grow up."* [bl.7] En dit is ook waar van die Suid-Afrikaanse samelewing. Maar nog belangriker, is om te besef watter groot impak hierdie ewolusionistiese filosofieë, ook op die kerk van Christus het. Soos 'n baie goeie vriend dit eenmaal treffend gestel het "As dit reën in die wêreld, dan drup dit in die kerk."

## 2. Die generasiegaping in die kerk

Die moderne kerk het, hartseer genoeg, die teorieë van Mann, Hall, Dewey (direk of indirek) nagevolg. In baie kerke kry 'n mens die geval dat sekere bybelse "leringe" nie aan die kinders verduidelik word nie, juis omdat hulle nog nie 'n sekere "fase" bereik het nie. Dieskeidingvandiejeug, ook in die kerk, het veral vanaf die 1930's begin, met die ontploffing van "parachurch ministries," soos bv. Youth for Christ, Young Life (vandag: Campus Crusade), ens. Kerke het later elkeen sy eie jeugprogramme begin, sodat ons self vandag "kinderdienste" het. Die klem het hier geval op die lewendige gospel musiek, persoonlike getuienisse van atlete, burgerlike leiers, militêre helde, afgerond met 'n kort 'preek' en 'n "uitnodiging" om Christus as jou persoonlike Verlosser aan te neem. Daar het 'n passie ontstaan vir "entertainment rallies," waar op allerlei alternatiewe maniere die "evangelie" verkondig moes word. Die klem op die jeug het nie net in die samelewing nie maar ook in die kerk gelei tot onvolwassenheid en kinderagtigheid.

Schlecht wys op een geval waar hy in 'n kopie van *Campus Life,* 'n tydskrif vir jongmense oor die jeugbediening, die volgende advertensie gelees het: "Have the time of your life! Sure you'll study... College should be fun! And while you're at it,you'll get an education." [bl. 10] Schlect wys dan tereg dat hierdie die sonde van die jeug uitwys, naamlik: *fun before duty.* Die jeug word geleer om 'n lewe van luilekker pret te hê, en dan die "bysake" te doen, nl.: werk en leer. Die jeug word dus geleer en "opgevoed" om al hoe meer onvolwasse en onverantwoordelik te wees. In my dae as verkoopsman in 'n boekwinkel, kan ek ook getuig van die jeugwerkers

Foundation [ 1960], 1995), p.51 -131.

[5] Sien Niel Postman se kritiese ontleding van die moderne media: *Amusing oursehes to Death.* Vir 'n gebalanseerde behandeling van die rol van TV in die gelowige gesin se lewe, sien Steve Schlissel se boekie: *Television or Dominion?* Vir die beste ontleding van die verhouding geloof, kuituur en die media, vanuit 'n gereformeerde perspektief, sien dr. CP Polderman se *Kerk en Wereld,* waarin hy prinsipieël, konfessioneel en histories kyk hoe gereformeerdes standpunt ingeneem het t.o.v. hul kuituur in Nederland, spesifieke verwysing na die moderne media, veral die televisie.

wat boeke kom soek met "speletjies" en boodskappies wat die "jeug goed sal laat voel." En dit mag ook nie baie bladsye bevat nie en dit moet niks "swaars" of "dogmaties" wees nie! Die ironie van alles? ... hulle kry gewoonlik na wat hulle soek (1 Tim.4:3,4)?

### 3. Waar lê die probleem?

Die filosofie van "gedwonge" ouderdomsegrasie is ten minste wat die praktyk betref, ook in die kerke ingevoer. Vir elke ouderdomsgroep, wat elkeen sy eie "behoefte" het, word daar 'n bybelstudiegroep gereël. Dit is dan veral die jeugbediening wat die meeste aandag geniet. Schlect stel dit soos volg: *"Evangelical churches have honored divisions that have existed in our culture for less than a centuty - divisions which have no basis in either Scripture or common sense. These divisions breed immaturity because they hinder younger peoplefrom associating with and learning front their elders. Rather than admonishing our young people with Paul 's mandate, 'flee youthful lusts' (2 Tim.2:22), we provide a forum for youthful lusts to be pursued."* [bl. 11, beklemtoning bygevoeg]

Onvolwassenheid is dan die gevolg van 'n gemeente wat nie meer volgens die Skrif toelaat dat ou en jongmense soveel as moontlik in kontak bly nie. Die kinders leer nie meer van die wysheid van die oueres nie (Lev.l9:32; Tit.2:3-6). Die sogenaamde "generasiegaping', wat 'n 19de en 20ste-eeuse skepping is, word vandag gebruik as 'n verskoning vir ouderdom segregasie. Wanneer die jeug toegelaat word om hul eie standaarde te stel, dan ontwikkel daar 'n "groepsmentahteit," en is hul geneig om die voorbeelde en voetspore van mekaar (of een of ander popster of sportster) te volg en nie van hul ouers nie. Schlect kom dan tot wat hy as die fundamentele probleem sien: **dit** is **nie dat** daar wel jeug interaksie is en **kan** wees nie, **maar** die probleem **is die onverantwoordelike** volwasse **leierskap en** toesig, veral **die** afwesigheid van **ouerlike leierskap.** Dit is nalatige en onbelangstellende ouers wat veroorsaak dat die jeug 'n groepsmentaliteit ontwikkel, 'n kudde met hul "eie" manier van doen. Dink maar aan die gereelde klag: "... maar ma of pa verstaan my nie ...!" Die jeug moet egter opgelei word tot volwassenheid, as mense wat eendag in 'n volwasse wêreld moet diens doen. Wie kan die beste opleiding daartoe gee, as die reeds volwassenes? Die jeug moenie geleer word dat om jong te wees die finale doel van die lewe is nie. Waaroor gaan 'op'voeding dan?

Vandag word baie jeug weggeneem van volwasse of ouerlike geselskap, in die naam van "kerklike jeug aktiwiteite," of omdat hul ander "behoeftes" het. Dit lei daartoe dat sekere kinders 'n hele paar dae in die week nie by die huis is nie. Dit werk ook negatief in op huisgodsdiens en die onderlinge gemeenskap van die huisgesin. <u>Hier wil ek 'n eie vraag stel</u>: As elke lid van die huisgesin op 'n ander aand 'n bybelstudie of verpligting by die kerk het, wanneer is die gesin dan ooit bymekaar? Gesin en kerk sal moet saam waak en werk teen hierdie probleem. Schlect raak 'n verdere fundamentele probleem aan: basiese opvoeding in die leringe en belydenis van die kerk word gesien as " te moeilik" vir die jeug, hierdie "ernstige" dinge geld vir "adults only." (Maar hierdie laaste twee woorde pla baie van die jeug nie, as dit by filmkeuse kom nie... en ook nie vir baie ouers wat die voorbeeld moet stel nie?). So word daar af gewyk van die goddelike voorbeeld wat Timotheus se ma vir ons gestel hetin2Tim.3:14,15.

'n Verdere kommerwekkende aspek van die moderne jeugbediening, is baie van die "volwassenes" self, wat hierdie bewegings lei. Hul probeer "people pleasers" wees. Hulle wil die kinders se "tjommies" wees en "in" wees by die jeug (i.p.v. om 'n volwasse vriend en vertroueling vir die kinders te wees: Joh. 15:12-15). Jeugleiers se maniere, kleredrag, taal, ens moet dan ook aangepas word by die jeug se modegiere, ongeag of dit "behoorlike kleredrag" is al dan nie. Hierdie jeugleiers probeer deur allerhande stories, grappies,opvoerings, "tricks", ervarings, ens., die kinders tot 'n "keuse vir 'n moderne 'cool' jesus" te lei. Daar is geen (of baie min!) plek vir die "leringe" van die Skrif nie, en die "leringe" wat daar is, is meestal die verderflike arminiaanse dwalinge, wat die fondament van "jou enigste troos in lewe en dood," naamlik Jesus Christus, verander of verskuif na jou "eie geloofskeuse/datum"! Ten einde, hoe minder kennis en insig die kinders in die leringe van die Skrif het, hoe makliker is dit vir enige dwaalleraar om hulle, die toekomstige leiers van die

kerk, met onbybelse leringe te verlei en te mislei.

Hier wil ek ook graag verwys na 'n artikel van Steve Schlissel,[6] waar hy skryf dat ons probleem is, dat ons opvoeding pragmaties benader (gaan dit help om vir Johnny 'n "job" te kry?), in plaas van verbondsmatig (gaan dit bydra tot Johnny se vermoë om sy plek vol te staan as 'n Godvresende man in die verbondsgemeenskap van God?). Aangesien gereformeerde opvoeding as 'n blote opsie gesien word en nie as 'n verbondsplig nie, verseker dit dat die teologiese suiwerheid van ons kinders (in sy geheel gesien), baie laag sal wees. Die resultaat is 'n onkundige gemeente, oppervlakkige predikante en onbekwame ouderlinge. 'n Onkundige en onvolwasse gemeente produseer dan ook onkundige onverantwoordelike toekomstige predikante wat met hul "church growth sküls" probeer om 'n gemeente te bedien. Die probleem begin egter nie by die teologiese opleiding nie, maar soos Schlissel dit tereg stel, by die gesinne self:

*The bottom line: the solution to the seminary problemfor the clergy begins at the door ofthefirstgradefor all the covenant members. So long as we wink at people sending their covenant offspring to pagan schools, our seminaries cannot be expected to do anything except turn out pragmatists -career boys instead of ministers - for that is what the people will demand, and deserve. ... If you want qualified ministers, the best thing you can do is to have zero-tolerance for public school education.*[7]

## 4. Hoe om die verlore grond te herwin

Die kerk moet let op die gevaar van onbybelse kompromie, met die doel om sogenaamd 'relevant' en op 'standaard' te bly. Daarom is dit nodig dat die kerk haar sal bekeer van alle vorme van onbybelse denke oor die jeug en hoe hul opgevoed moet word. Maar wat kan ons doen?

1) Die heel **eerste** vraag wat ons moet vra as ouers, is: Watter doelwit het ons in oog vir ons kinders. Die hoop moet daar wees dat ons kinders nog meer van die Skrif sal weet as ons, hul Christelike lewensbeskouing nog meer gevorm sal wees, en hul vrees vir God grootliks sal vermeerder. Die doel is niks minder as 'n "geslag van God" (Mal.2:15), skerp pyle wat sal opstaan in die stryd teen ons vyande (Ps. 127:5).[8]

2) **Tweedens,** moet die hele idee van 'n jeugbediening opnuut gekwalifiseer of herbesin word, ook oor die bestaansreg daarvan. Volgens die Skrif moet die ouers/ouderlinge/oudstes die kinders opvoed en moet die ouer vroue die jonger vroue leer (Tit.2:3). Die idee van die jeugleier as rolmodel moet verwerp word. Die kinders moet opkyk en volg in die goeie en godvresende voorbeeld en voetspore van die volwasse mense.

3) **Derdens,** en die belangrikste, is dit fundamenteel dat ouers opnuut moet besef dat hulle volle verantwoordelikheid dra vir hul kinders. Wanneer onvolwassenheid heers, is die hoofskuldige nie die kerk of die staat nie, maar ons as ouers! Die Skrif is baie duidelik: die opvoeding van die kinders vir alle terreine van die lewe, is die ouers se verantwoordelikheid en taak (Deut.6:7; Ef.6:4). **Verantwoordelike jeugbedienings behels:** dat ouers opgeroep en opgelei word om hul kinders Christelik op te voed. Schlect gebruik die geval van Eli en sy seuns om die verhouding tussen die jeugbediening en ouerlike verantwoordelikheid te verduidelik:

Maar Eli was baie oud, en as hy hoor alles wat sy seuns aan die hele Israel doen, en dat hulle gemeenskap hou met die vroue wat dien by die ingang van die tent van samekoms, dan sê hy vir hulle: Waarom doen julle sulke dinge, dat ek van hierdie hele volk julle slegte dinge moet hoor? Dit moenie wees nie, my seuns, want dit is geen goeie gerug wat ek hoor nie; julle

[6] *Covenant Education: Grade School Through Seminary,* in *The Chalcedon Report,* No.390, Januarie 1998, p.39.

[7] Beklemtoning bygevoeg.

[8] Sien: Douglas Wilson, *Standing on the Promises: A Handbook ofBiblical Childrearing* (Moscow, Idaho: Canon Press, 1997).

maak dat die volk van die HERE oortree.... Maar hulle het nie na hul vader geluister nie.[9]

Alhoewel dit wil voorkom asof Eli sy seuns in "kerklike omstandighede" groot gemaak het, dui vers 22 aan dat Eli, eers toe hy 'n ou man was, bewus geword het van sy seuns se oortredinge, en dit van iemand anders. Eli, het daarin gefaal om opsig en dissipline oor sy seuns te handhaaf. Eli moes die gevolge dra: God se oordeel (1 Sam.2:27 e.v.), en dit was boonop 'n slegte voorbeeld vir Samuel, wie se seuns ook opstandig (moderne term: adolessensie 'fase') uitgedraai het (1 Sam.8:l-3).

Vandag volg baie ouers in die voetspore van Eli, deur hul verbonds-verantwoordelikhede (weg) te delegeer. Onder die (let wel: misbruikte en verkeerdelik geïnterpreteerde) dekmantel van:... laat onderrig," is baie ouers vandag besig om te volhard in Eli se weg, soos die moderne kleuterskool, naskoolsentrums en publieke skole se getalle van getuig. Hierdie woorde, "na vermoë te onderrig en laat onderrig," wat in teorie baie mooi bely en bevestig word met die dag van die doop, is dan baiemaal, wat die praktyk betref, die rede waarom ons dit regverdig dat ons kinders ten einde deur almal opgevoed word, behalwe die ouers self. Die dominee, onderwysers, jeugleiers, sielkundiges, bediendes, parooloffisier(!), ens., spring almal in om vir junior op te voed, terwyl 'Ma' net daar is om kos te voorsien by die "huishotel" waar die kind basies net kom slaap, eet en lekker ontspan voor die TV, die nuwe slawedrywer in ons huise.

'Pa' is dan niks anders as die raas en slaanmasjien nie. Pa en Ma sal die kind hier en daar 'n mooi maniertjie en 'n oulike gewoontetjie aanleer, maar verder is dit die "experts" se taak om die kinders waarlik op te voed. Maar wat beperk Pa en Ma se "vermoë" om self te onderrig? Wel, Ma se prioriteite is gewoonlik soos volg: die "noodsaaklike' voltydse werk, gepaard met "aerobics, dansklasse, naelversorging, grimeerlesse, swemlesse, TV-programme, teedrink geleenthede, ens.," Dit maak dit vir haar natuurlik 'onmoontlik' om haar kind voltyds op te voed, of betrokke te wees by die skool wat haar daarmee help. En Pa se "skietklub, duiweklub, drafklub, veerpyltjieklub, rugbyklub, kaartspeelklub, golfklub, nagklub(!), ens." wys mos duidelik dat daar nie tyd is om die kinders self op te voed nie! Ons is te besig met al die "belangrike" dinge in die lewe. En dan het die gemiddelde ouerpaar nog die "massiewe las" en verantwoordelikheid van die hedendaagse "groot" gesinne: een en 'n halwe kind per gesin! Dink net aan al die geld wat aan daardie kind bestee moet word! Al die 'noodsaaklikhede' soos die derde kar, die derde vakansie, die televisies, videomasjiene, rugbytoere, ens, moet eers betaal word, voordat die uitgawes van nog 'n kind in aanmerking geneem kan word. Dit alles wys verder duidelik dat 'n tuisskool of privaatskool ook "onbekostigbaar" is vir ons gesin, al 'wil ons so graag' meer doen! So, dit is duidelik: daar is geen tyd en geld is om ons kind(ers) self op te voed nie. Iemand anders moet dit vir ons doen. En as daar iets fout gaan: nou ja, dan is dit mos natuurlik die onderwyser, kerk of staat se skuld!

Tot hiertoe 'n eie interpretasie van hoe dit gaan baie huisgesiNNe in S. A. Dit is wat geword het van ons "onderrig en laat onderrig" **DIE VERVAL VAN DIE WAARDES VAN ONS LAND, IS DAAROM NU PRIMER AS GEVOLG VAN POLITIEKE OF KERKLIKE REDES NIE, MAAR DIT IS AS GEVOLG VAN ONS OUERS - EN VERAL ONS AS VADERS – SE ONVERANTWOORDELIKEID EN ONVOLWASSENHEID IN DIE HANDHAWING EN TOEPASSING VAN CHRISTELIKE WAARDES IN ONS EIE LEWENS EN IN ONS HUISGESINNE.**

Die Skrif leer duidelik dat die vader (in samewerking met die moeder) die primêre verantwoordelikheid dra vir die opvoeding van sy kinders (Ef.6:1 -4). Baie ouers dink hulle het hul "job" gedoen deur hul kinders Sondagskool toe te vat, by die kerk af te laai, of hulle net gou by die jeugvereniging te "drop," voordat Pa lekker gaan krieket kyk en Ma haar "soapies" kan gaan opvang.

Ten einde is die effektiewe jeugbediening die vader se taak. Hy moet 'n godvresende atmosfeer skep (stap 1 sal seker wees om die moderne *Egiptenaar* [die oorspronklike Hebreeuse woord vir: T.V.] af te sit, of selfs beter: by die venster uit te skop indien dit nie

[9] 1 Sam.2:22-25.

verantwoordelik en oordeelkundig gebruik kan word nie; Die vader -en nie die jeugleier nie- moet die leier wees in aanbidding, gebed, huisgodsdiens en in die gemeenskap met ander heiliges. Die vaders moet sorg dat God se heerlikheid en eer in alles gesoek en gevind sal word, soos Moses in Deut.4:6:6-9, beveel. Schlecht sê tereg: *"Ifchildren do not comeface toface with the Almighty God in every aspect of their lives, their fathers, through abdication, are bringing them up in practical atheism."* [bl.17].. Is dit nie wat vandag gebeur nie: 'n geslag van kinders wat nog opgevoed word in die tradisies en gewoontes van kerk en volk, maar die godsaligheid en krag daarvan verloên het, niks anders as gedoopte praktiese ateïste nie?

Die gevolgtrekking: daar is geen plek vir die moderne jeugbeweging in die kerk nie. Vaders moet weer hul verantwoordelikhede begin nakom. En as die vaders nie opstaan tot die diens en stryd nie, dan moet daar nie net gefokus word op die verwaarloosde kinders nie, maar dan moet daar ook -eerstens- op die afvallige vaders gefokus word wat hul verbondspligte versaak:

1) **Eerstens,** moet die ouderlinge vir die ander vaders 'n voorbeeld stel in die opvoedingvan godsvresende kinders in hul huishoudings (sien: 1 Tim.3:4,5; Tit. 1:6). Soos wat die ouderlinge groei in bybelse vaderskap, so sal hul groei om beter toegerus te wees om ander vaders daarin te begelei (Heb.5:14). Die voorbeeld van godsvresende gesinne, is 'n inspirasie vir ander vaders en gesinne om na te volg.

2) **Tweedens,** moet bybelse standaarde vir vaderskap gestel en gehandhaaf word. Die kerk is geneig om te komprimeer met die standaarde van die wêreld om ons, en is dus tevrede om net-net "beter te vaar" as die wêreld daarbuite. Maar God se standaarde is nie die wêreldse standaarde nie. Ons moet na God se Woord kyk en nie na die wêreld nie. God eis verbondsgehoorsaamheid van die vaders, en enigiets minder is sonde. Die heiliges, veral die ouderlinge, sal met durf en daad, en in liefde die gesinne moet bemoedig, vermaan en aanspreek wanneer bybelse standaarde van vaderskap nie gehandhaaf word nie.

## 5. Praktiese voorstelle

Die groot vraag wat nou volg, is wat as daar reeds 'n gevestigde "energieke" jeugbediening aan die gang is? Schlect wys weer daarop dat dit verhinder dat vaders weer hul verantwoordelikhede sal opneem, en sonder dat die prinsipiële rol van die vader nie weer opnuut erken word nie, sal enige reformasie nie slaag nie, Hy noem egter die volgende strategieë:

1) Ontmoedig onnodige jeuggroeperinge, veral wanneer die gesinsverband beklemtoon moet word. In die kerk sal dit goed wees as gesinne bymekaar sit, in plaas van wat vandag gebeur, dat elke lid van die gesin in sy eie rigting spat as hul by die kerk opdaag. Belangrike familiedatums, soos bv. verjaarsdae, huisgodsdiens, saam eet, ens., moet voorgang geniet bo enige jeugaktiwiteite, hetsy kerk- of skoolaktiwiteite.

2) Die jeug kan "volwasse" Bybelstudies bywoon, veral daardie wat die ouers bywoon. Kinders kan baie meer volg in 'n gesprek as wat vandag van hul verwag word. **Daar** is **een Bybel** en **een boodskap vir beide ouer en kind, albei is deel van die** verbond! Natuurlik sal dit in die begin 'n vreemde aanpassing wees maar die kind sal geleidelik groei, wat betref sy betrokkenheid by die Bybelstudie.

Vandag is daar so baie Bybelstudies dat daar nie meer genoeg plek en tyd is om almal te akkommodeer nie. Daar is manne-, vroue-, jeug-, getroudes-, ongetroudes-, amper-getroudes, moontlike-getroudes, geskeides-, amper geskeides, wil-nog-geskeides, middeljarige-, meerderjarige-, slagoffer-, oupas en oumas-, kleuter-, ens. ens, tipe bybelstudies, en wie weet wat volgende gaan wees? Goed, goed, ek oordryf so "bietjie," maar ten einde staan dit vas: die baie soorte bybelstudies word geregverdig, want "elkeen het sy eie behoeftes en interpretasies," Dit is egter vals, wat ons het een God, een doop en een Woord wat vir almal geld (die verskeidenheid lê in **verkillende** toepassings, nie die boodskap nie). As moontlike voorstel kan dit goed wees dat gemeentes terugkeer na twee soorte tybelstudies: een manne bybelstudie (jongmans en seuns ingesluit) en een vrouebybelstudie (jongdames en meisies ingesluit). Gesins bybelstudies en wyksbybelstudies kan ook goed

wees. Verder kan die ouers (en veral die vader), deur verdere seminare en vergaderings opgelei en toegerus word om sy kinders op te voed in die vrees van die HERE.

3) Organiseer sekere gebeure om gesinne en moet nie net kinders of net ouers nooi vir sekere geleenthede nie. Die program moet ook nie verander word om net die kinders se behoeftes te dien nie, maar moet ook in lyn wees met die volwassenes se program en leiding.

4) Vermy die alledaagse foefies van die moderne jeugbediening, soos die afgewaterde anabaptistiese boodskappies, speletjies, literatuur, musiek, ens. Goeie kinderlektuur is gewoonlik lektuur wat volwassenes ook kan geniet en waardeer. Al die verskillende vertalings en soorte Bybels (Manne-, Vroue-,, Jeug-, Kleuter-, ens. tipe Bybels) dui ook op die totale "segregering" van die verbondsgemeenskap van die heiliges. Die skrywer stel dit dan ook tereg, dat: *"nobody is too young for Psalms and good hymns."* [bl.20] Die Psalm gedeelte is veral belangrik![10] Behalwe vir die kennis van die Skrif, is kennis van die belydenisskrifte verder ook baie belangrik. Daarom is onderrig in die Skrif en belydenis baie belangrik.[11]

5) Dit is baie belangrik dat die kinders se afhanklikheid van die jeugbedienaar, terug sal skuif na die ouers. 'n Goeie oorgangsfase sal wees om 'n ouer-kind Bybelstudie te begin, wat die jeugleier self kan begin en later heeltemal kan oorhandig aan die ouers self. Kinders moet dus opvoeding direk assosieer met ouerlike gesag. Die jeugleier moet ook die ouers betrokke kry deur die onderwerpe met hul te deel wat bespreek word, hul te betrek by die Bybelstudies self, en kinders terug te verwys na die ouers vir verdere raadgewing (Spr. 1:7,8). Die langtermyn doelwit is dat ouers opnuut die opvoeding van hul kinders sal terugneem.

Wat nou van die kinders van ongelowiges wat betrokke is in jeugbedienings? 'n Mens is baie dankbaar vir die goeie werk wat op hierdie vlak deur baie jeugwerkers gedoen word, maar die uitsonderings moet nooit 'n verskoning word om nie die reël na te kom nie. Die verbondseën word eerstens bevestig aan die ouers, nie jeugbedienaars nie (Spr. 22:6; Hand 2:39). Daar moet verder gestrewe word om hierdie kinders by Christelike gesinne te betrek in plaas van jeugbedienings. Hul moet uitgenooi word na etes saam met die gesin, vir huisgodsdiens asook na eredienste toe, terwyl daar altyd gestrewe moet word om ook die Evangelie te bedien aan die ouers van hierdie kinders. Die kinders moet geleer word om nog steeds respek te hê vir sy ongelowige ouers en ook by hul aan te klop oor enige vrae, selfs oor die geloof. Die kind moet dus nie in vyandskap teenoor sy ouers opgevoed word nie, maar moet hul nog altyd respekteer en eer (Ef.6:1-3).

## 6. Slot

Ten slotte som die skrywer dit op deur te bevestig dat die 'jeugbediening' nie afgeskaf moet word nie, maar na sy regmatige plek moet terugkeer: die huisgesin, met die vader die primêre verbondsleier. Ten einde moet ons altyd onthou dat godvresende gesinne 'n geskenk van God is, en dat sonder die werk van die Heilige Gees, geen jeugprogram of strategie vir vaderskap kan slaag nie.

Die basiese boodskap van hierdie boekie, is dat ons as ouers opnuut sal moet gaan en besin oor ons primêre rol in die opvoeding van ons nageslag, veral wat die praktykmaking daarvan betref. Ons weet om waarlik Christen te wees vereis opoffering en stryd (1 Tim.3:12) en dat ons hedendaagse omstandighede nie maklik is nie. Ons word egter geroep om te doen wat reg en goed is vir die Here en nie wat maklik en goedkoop is nie. Hoeveel is God se verbondskinders (wat Hy vir jou tydelik leen en belowe om jou alles te gee wat nodig is om hom op te voed) vir u as verbondsouers werd? Onthou, ons moet almal eendag verantwoording gaan doen voor die Groot Raad.

Ek hoop dat dit vir u duidelik is, dat die probleem nie is dat daar verskillende ouderdomsgroepe is nie, want die Bybel praat wel van ouers, kinders, oues van dae, jong kindertjies, ens. Die

[10] John Mc Naughter (red.), The Psalms in Worship (V.S.A.: Still Waters Revival Books, [1907] 1992).
[11] Sien *Rediscovering Catechism: The Art ofEquipping Covenant Chüdren,* Donald van Dyken (Philipsburg, New Jersey: P&R Publ.. Co., 2000).

probleem begin as ons mure begin bou tussen die verkillende groepe en sonde tussen ouer en kind sielkundig en opvoedkundig probeer weg definieer, bv. "hy gaan nou net deur daardie fase" of "sy is nou maar net eenmaal jonk," of "sy ouderdomsgroep doen dit almal," ens., ens. Groepe moet onderskei word maar nie geskei word nie, veral nie wat die gesin betref nie. Ten einde moet kerk en gesin hulself bewaar van die demokratiese individualisme en terugkeer na die Bybelse verbondsmodelle wat vir ons in die Skrif gegee word. Mag ons Here Jesus ons opnuut versterk om Sy kinders in Sy hele verbondswoord op te voed, in leer en lewe, want:

As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.... Kyk, seuns is 'n erfdeel van die HERE; die vrug van die moederskoot is 'n beloning. ... Gelukkig is die man wat sy pylkoker daarmee gevul het! (Ps. 127).

**Elke kind In Amerika, wat op vyfjarige ouderdom na die skool gaan, Is geestelik siek, omdat hy sekere verbintenisse het aan ons voorouers, verkose amptenare, ouers, en 'n bonatuurlike wese... Dit hang van julle onderwysers af om al hierdie siek kinders gesond te maak - deur 'n Internasionale kind van die toekoms van hulle te maak."** - Uit Chester Pierce, 'n psigiater se toespraak by die *Childhood International Education Seminar,* soos aangehaal in die *Chalcedon Report,* Mei 1998, p.36.

# ESRA BOEKE

**In hierdie afdeling vind u inligting oor tuisonderwys, boekresensies, en ander inligting aangaande opvoeding en onderwys. Dit is dus nie net gemik op die tuisonderwys situasie nie, en hiermee hoop die ICKS om ook gereformeerdes wat ander onderwysmodelle gebruik, van diens te wees. Baie van die boeke is tans nie in voorraad, of meer in druk nie. U is egter welkom om navraag te doen, aangesien dit ons poging is om boeke nuut of tweedehands op te spoor. Gebruik egter gerus die bygaande vorm om enige bestellings te plaas.**

## 1. TUISONDERWYS BRONNE

*a.* *Boeke om te lees*

- *The Whole Hearted Child Education Handbook,* Clay & Sally Clarkson
- *The Right Choice: Homeschooling,* CJ Klicka
- *The Christian Homeschool,* Gregg Harris
- *The Why and How of Homechooling,* Ray E. Ballmann
- *Successful Homeschooling: Essential Issues for Beginners & Veterans,* JR Fugate
- *Homeschooling: A Parents Guide to Teaching Children,* Samuel L. Blumenfeld
- *The Well-Trained Mind: A Guide to Classical Education at Home,* Jessie Wise & Susan Wise Bauer

*b.* *Kurrikulumverskaffers*[1]

- **ACE (Accelerated Christian Education), 031-5635483 -Breinlyn, 012-5460701**
- **Covenant Home Curriculum, www.covenanthome.com**
- **CLB (Christian Liberty Books), 021-6897478**
- **KenWeb, 053-2070045**
- **Moria Tuisskoolmateriaal, 018-2946504**

**# Dynamis, 0825741433 (Martie Du Plessis, verskaf hulp en advies aangaande kurrikulumkeuses)**

**c.** *Vereniging **vir** Tuisonderwys** **012-3311018; e-pos: curamusl@lantic.ent (Inligtingspakkette, opleidingswerkwinkels, seminare, opedae, ondersteuningstrukture, ens.)**

d. *Pestalozzi Trust: die regsfonds vir tuisonderwys,* 012-3301337, e-pos: **defensor@lantic.net**

e. ICKS (Die *Instituut vir Christus en Kultuurstudies),* 012-3315483, e-pos: **slecornu@netlab.co.za**

## 2. BOEKBESPREKINGS

*1. Fruit of Her Hands, Nancy Wilson,* deur Debbie van der Eems

*2. The Way Home: Beyond Feminism and Back tot Reality, Mary Pride,* deur Tina van Deventer

*3. Het Christelijke Huisgezin,* Herman Bavinck, deur Lou Erasmus

[1] Dit is die hoop van gereformeerde Afrikaanse tuisskool ouers, dat daar in die toekoms goeie samewerking mag wees met instansies soos ARSO, BCVO, VCHO, ens., aangaande die ontwikkeling en beskikbaarheid van gereformeerde kurrikulums.

4. *The Philosophy of the Christian Curriculum & The Messianic Character o) American Education,* deur Slabbert Le Cornu

**1. Titel: The Fruit of her hands Skryfster: Nancy Wilson Uitgewer: Canon Press, Idoho, VSA, 1997.** *deur Debbie van der Eems*[2]

Die christenvrou word gereeld gekonfronteer met opmerkings oor haar taak wat haar ongemaklik laat voel, omdat dit in stryd is met haar christelike waardes. In haar boek "The fruits of her hands" ontmasker Nancy Wilson die onderliggende humanistiese strominge rondom die taak van die vrou. Sy gee ook 'n Bybelse perspektief en praktiese riglyne vir die invulling van die vrou se taak Die boek bied vertroosting en bewapen die christen vrou binne die humanistiese tydsgees waarin haar waardes voortdurend aangeval word Hierdie artikel gee 'n samevatting van die hoofpunte wat in haar boek aangeraak word.

**'n Vrou se oriëntasie teenoor die huwelik**

Die moderne vrou is verlei en vasgevang deur die leuens wat deur die moderne humanistiese wêreld verkondig word. Sy is mislei deur die liefhebbers van hulself, geld en plesier. Weggelei deur haar eie begeertes. Weg van haar Godgegewe domein, haar huis, om haar verantwoordelikhede naamlik haar man en kinders te ontduik.

Die wêreld verkondig dat tuisteskepping vir diegene is wat dit nie in die besigheidswêreld kan maak nie. Die huwelik is 'n vennootskap en net imbisiele is onderderdanig. Vrouens is nie geskape met 'n unieke opdrag nie, maar behoort op elke gebied met mans te kompeteer. Die mees belangrike in die lewe is 'n gesonde selfbeeld en die bevrediging van haar eie behoeftes. Indien hierdie behoeftes nie deur haar man bevredig word nie, kan sy iemand anders vind wie dit wel bevredig. Kinders ruïneer die begroting en die figuur. Die ou siening van vrou wees is uit. Die nuwe feminisme dikteer dat vrouens vaardig en vol selfvertroue moet wees, en ten alle koste jonk en "sexy" moet lyk.

Hierdie denke het ook die christen huise binnegesluip. Deur middel van die media word die Bybelse siening van die vrou belaglik gemaak. Die moderne vrou word verhef en opgeroep tot oorlog teen die man. Maar hierdie vrou het in haar fanatieke soeke na sukses en erkenning nie dit waarna sy eintlik verlang, gevind nie. Nieteenstaande haar beroep, klerekas en lidmaatskap by 'n gesondheidsklub ervaar sy steeds 'n leemte. Hierdie leemte skep weer 'n geleentheid tot verdere verleiding naamlik die "voel goed oor jouself' sielkunde seminare, boeke en terapeutiese sessies. Hier kry sy die geleentheid om oor haar behoeftes en frustrasies te praat. Sy leer hoe sy veronderstel is om met haar man en kinders te kommunikeer. Sy leer die hele tyd maar kom nooit tot kennis van die waarheid nie.

Hoe kan die Christen vrou wie God wil dien haarself bewapen teen hierdie leuens? Die antwoord is eenvoudig maar nie maklik nie. Eerstens, moet die wêreldse agenda vir vrouens verwerp word en 'n Bybelse agenda gesoek word. Vrouens moet gehoorsaam wees aan God se Woord sonder om kompromieë aan te gaan. Hulle moet uitvind wat die Bybelse siening is oor die huwelik, ouerskap en die rolle van mans en vrouens en dit dan navolg sonder om verskonings uit te dink. Is hierdie sienings nie te radikaal vir vandag nie? Nee, want dit is waaroor basiese christenskap gaan.

Hoe sien die vrou haar huis? Haar man as sy aan hom dink, oor hom praat of vir hom bid? Is dit 'n Bybelse of humanistiese siening? Is hy haar hoof? Is sy in alles onderdanig aan haar eie man of gaan sy na ander mans vir raad sonder om haar man se toestemming te vra? 'n Vrou moet haar man hoog ag as gevolg van die posisie wat deur God aan hom gegee is. Want so wil God die vrou beskerm. Sy moet haar man in alles onder andere die huis, finansies en kinders onderdanig wees. Die vrou sal haar man se taak hoog en belangrik ag soos wat sy God toelaat om al hoe meer in haar lewe te werk. Haar onderdanigheid sal haar man vry maak om dit te doen wat God van hom vra.

2 Debbie van der Eems is 'n tuisteskepper en voltyds betrokke met tuisonderwys. Sy is getroud met Bouwe en hulle het vyf kinders.

Gelowige vrouens wie onderdanig is aan die Skrif en hul mans, kan ook ander vrouens onderrig. Hulle kan ander leer hoe om hul mans en kinders as prioriteit te stel. Dit is ook die kriteria waaraan 'n vrou wat ander leer, beoordeel behoort te word. Wie is haar man? Is hy haar eerste prioriteit of verwaarloos sy haar roeping teenoor haar gesin ten koste van die bevrediging om ander te leer. Want so 'n vrou is volgens die Spreuke boek die kroon van haar man!

**Lewe met God**

Die christen vrou moet saam met die Here lewe en 'n vrou van die Woord wees. Om 'n teksvers of twee op 'n dag te lees is nie genoeg nie. Bybelstudie moet vir haar prioriteit wees, want bybelstudie laat vrouens hul roeping ten opsigte van hul man en kinders met vreugde uitleef. Gereelde bybelstudie vra dissipline, hulp en ondersteuning. Begin eenvoudig. Vrouens moet dissipels word, saam met hulle mans. Dissipels is nie breindood volgelinge nie. Hulle is kundig, en vermy slegte leringe wat in stryd is met wat hulle glo. Daarom lees hulle selektief en laat hulle mans voorstelle van goeie leesstof maak. Hulle kry preekbandjies as hulle nie 'n erediens kan bywoon nie. Hulle vra vrae, bestudeer die Skrif, want hoe meer hulle lees, hoe meer sal dit hul gesprekke rig en hoe meer wil hulle lees.

Vrouens word maklik mislei. Hulle maak ook meer gebruik van een van die groot verleiers van ons tyd naamlik die sielkunde. In die sielkunde word die oorsaak van probleme dikwels gesien as die ouers se skuld. Vergifnis, die strewe na heiligmaking en om ouers te eer is nie hier ter sprake nie. In die sielkunde word die verlede geëksploreer om die seer te herstel. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat dit wat die persoon onthou, noodwendig waar is. Die verdorwenheid van die menslike hart word buite rekening gelaat. Alle sielkundige metodes en advies moet daarom vanuit die Bybel beoordeel word.

Die christen vrou moet in die eerste plek na haar man gaan vir advies. As hy haar nie kan help nie, behoort sy sy toestemming te vra vir christelike berading. As hy 'n rebel is, kan sy hulp vra maar moet hom nog steeds bly respekteer. Sy moenie haar probleme met al haar vriende bespreek nie. Vrouens deel dikwels probleme met diegene wie nie kan help nie, en die wat kan help (soos ouderlinge) is dikwels die laastes om te hoor. Sy moet onthou dat daar geen unieke of nuwe probleem is nie. Die Bybel gee antwoord op al die probleme. God laat ons nie sonder hoop nie. Daarom moet sy net gehoorsaam wees aan die Skrif en alle voorligting, ook die van haar man en ouderling aan die Skrif toets. Sy moenie in die strik val om haar probleem 'n mooi naam te gee nie, want sonde bly sonde. Sy moet haar sonde bely en vergifnis vra. Sy moet wegbly van boeke waar daar na haarself gekeer word en haar op Christus rig.

**Respek**

Die vraag kan gevra word waar die kerk vandag sou wees as mans gerespekteer word deur hul vrouens, soos hulle veronderstel is om gerespekteer te word. Respek is 'n gevoel, maar ook 'n aksie. Iets wat mens kies om te doen. Toon respek. Die vrouens wie nie hul mans respekteer nie, kla baie keer oor gebrekkige leierskap van hul mans. Hierdie vrouens moet ophou fokus op hul man se tekortkoming en dit nie met ander bespreek nie, want dit veroorsaak dat sy haar man nog minder respekteer en dat ander ook minder van hom dink as wat hulle veronderstel is om te dink. Sy moet haar man respekteer en eer. Dankbaarheid verdryf onvergenoegsaamheid. Om die heeltyd op haar man se tekortkominge te fokus, sal veroorsaak dat hy minder tyd by die huis wil spandeer. As sy hom afbreek moet sy dit voor God bely. Sy moet haar man vra om haar te vergewe, en haar verkeerde optrede teenoor haar vriende erken en dan kommunikeer dat sy haar man van nou af respekteer en hoekom. Indien hy nie respek waardig is nie, behoort sy hom steeds te respekteer as hoof van die huis.

Respek vra aksie Sy moet kyk na voorbeelde uit die Bybel soos Sarah, Rut en Maria. God het Josef en sy gesin gelei deur middel van Josef se gehoorsaamheid en Maria se onderdanigheid aan hom. God hou die vader verantwoordelik vir sy gesin. Die man is

verantwoordelik vir die besluitneming, daarom moet die vrou 'n houding van respek en onderdanigheid kommunikeer. As die vrou die man se verantwooordelikheid ernstig opneem, sal hy ook. 'n Vrou moet haar nie aan haar man onderwerp omdat hy rtie foute maak nie, maar omdat God nooit 'n fout maak nie. Die vrou moet in plaas daarvan om jammer te voel vir haarself, haar man oorgee aan die Here en Hy sal die verandering bewerk. Sy moet God dank dat sy 'n man het en Hy besig is om met hom te werk. Sy moet God dank dat sy haar christenskap en dit waarin sy glo op 'n praktiese manier kan uitleef. Sy moenie kitsoplossings soek nie. Die Here is die een wie geduld, krag, troos en stilte bied.

**Beginsels en metodes**

Die christen vrou moet leer om bybels te dink. Sy moet onderskei tussen beginsel en metode. Die goeie versorging van haar baba is 'n beginsel wat uit die Skrif afgelei kan word, maar of sy borsvoed of bottelvoed is die metode waarvolgens sy die beginsel uitleef. Sy moenie toelaat dat die metode van die uitvoering van die beginsel 'n wig tussen haar en medegelowiges indryf nie. Sy mag gerus die metode wat sy volg met ander bespreek maar haar goeie maniere behou in die bespreking daarvan. Sy moet in vrede leef met ander. Dit is maklik om met diegene wat met haar saamstem in vrede te leef, maar daar is baie genade nodig om diegene te verdra wat nie met haar saamstem nie.

Christen vrouens hou van lysies met reëls vir elke aspek van hul lewe. Dit bevredig hul behoefte om goed te doen. Hul dink hul doen goed in die oë van die Here as hulle hul kinders gesonde kos gee, hulle borsvoed en tuis beval. Hierdie denke kan 'n bron van valse vertroue skep. Dit is om haarself en haar werk as regverdigmakend te sien. Dit is sonde, want haar verlossing is alleen gebaseer op Christus se volmaakte werk, en nie haar eie nie. Christus se werk is haar enigste bron van sekuriteit. Regverdigmaking is nie geleë in die dra van lang rokke, lang hare en die gebruik van kruiemedisyne nie. Dit is slegs debatteerbare kwessies. As sy daarna kyk in plaas van na Christus en superieur voel teenoor haar christen susters wat ander metodes gebruik, dan gaan sy verkeerd om met haar christenskap.

God gee ouer en wyse vroue om jong vrouens te leer. Die ouer vrouens kan 'n voorbeeld gee van hoe 'n christelike huishouding behoort te lyk. Onder die ouer vrouens is daar 'n verskeidenheid talente wat hulle met die jonger vrouens kan deel. Jonger vrouens moet deur ouer vrouens geleer word, want jong vrouens kan onderling baie ernstig voel oor die filosofie van die dag. Die gevaar bestaan ook dat hulle hulself voortdurend met mekaar vergelyk. God gee aan elke vrou, jonk en oud, gawes om in te leer en te groei. Elke vrou moet haar eie werk evalueer en daarin vreugde put.

**Voldoening**

Talie vrouens wil na 11 uur in die aand hul ma en vrouwees evalueer. Maar dan is hulle moeg na 'n lang dag. Morbiede introspeksie lei tot angs en depressie en is selfgesentreerd. Die vrou moet eerder haarself in die oggend beoordeel. Haar enigste maatstaf is God se Woord, en nie haar eie gevoelens nie. As sy gesondig het, moet sy dit bely en God voortdurend dank vir Sy liefde en vergifms.

Gesondheidjeug en skoonheid word vandag veridealiseer. Slegs die wie fiks is, het pret. Die skepsel word vereer eerder as die Skepper. Oral word die vrees vir siektes en ouderdom aktief gepropageer. Die christen vrou moet nie vasgevang word in die wurggreep van hierdie vrese nie. Elke mens sal een of ander tyd sterf. Die christen hoef nie die dood te vrees nie. Deur siektes leer die Here sy kinders geduld, vertroue en genoegsaamheid. God werk alles ten goede vir sy kinders. Christene moet nie onverskillig met hul gesondheid omgaan nie, maar hulle ook nie verdiep in stories wat vrees skep nie. Hulle moet alles beoordeel wat hulle hoor. Hulle moet nie bang wees nie, maar God vrees.

**Seksueel**

Christen vrouens het 'n hele aantal wêreldse idees rondom die seksuele. Die seksuele kant van die mens is deur God geskep en was nie Adam en Eva se idee nie. Daarom behoort die

vrou ook riglyne rondom haar seksuele omgang met haar man uit die Bybel te kry. Omdat seksualiteit geskape is, is daar ook pligte en verantwoordelikheid daaromtrent. Die huwelik is ingestel om man en vrou te weerhou van seksuele losbandigheid.[3] Man en vrou mag van mekaar geniet om die man te weerhou van die verleiding daarbuite. Voorhuwelikse seks lei tot skuldgevoelens, gebrek aan selfbeheersing in ander areas, en gebrek aan respek vir mekaar. Vrouens wonder dan altyd oor hul mans se trouheid. Die ongetroude paar moet daarom langtermyn dink en nie toegee aan hul korttermyn behoeftes nie.

In die boek Hooglied word die seksuele sy van die vrou beskryf as 'n geslote tuin. 'n Privaat piek wat deur die huwelik beskerm word. Vrouens moet hierdie tuin versorg met liefde, warmte en toegeneentheid. Promiskue vrouens laat toe dat ander mans hul tuine vertrap en plunder en dit laat hul onbeskermd. Vrouens wie se mans hulle nie waardeer nie, moenie jaloers raak op diegene wie 'n goeie verhouding met hul mans het nie of haar man voortdurend verwyt nie. Sy moet toelaat dat God haar tuin versorg sodat as haar man se oë oopgaan, en hy 'n goed versorgde tuin vind.

**Huishoudelike take**

Die gelowige vrou doen haar werk tot eer van die Here, want enige werk is in diens van God Indien sy huiswerk sien as 'n sleur, dan word dit 'n sleur. Maar as sy dit sien as diens aan die God dan word dit 'n plesier. As die vrou se huis chaoties is, eer sy nie God in die werk wat Hy aan haar as vrou gegee het nie. Werk altyd hard, want dit is goed vir 'n mens. Dit maak jou sterk en bou die karakter. Hierdie werk dra vragte. Dit beteken nie dat 'n mens nie mag rus nie. Soos haar werk vir die Here is, so moet haar rus ook wees. Doen alles van harte vir die Here en nie vir mense nie. Sy moenie in die versoeking val om haar met ander se sake te bemoei en so haar huislike pligte versaak nie. 'n Vrou wat haar met ander se sake bemoei, is ledig. Sy doen nie haar huiswerk nie, sodat sy meer tyd het vir kuier. Diegene wie vrugbaar leef voor God, staan die kans om bekritiseer en bespot te word. Daarom moet gelowige vrouens mekaar bemoedig. Hulle moet nie deur 'n onchristelike optrede ander die kans gee om met hulle te spot nie. As haar huwelik in orde is, haar kinders gehoorsaam is, en haar huis netjies is, mag sy haar verheug in die kritiek op haar christelike lewe. Kritiek kan spottenderwys gelewer word of ernstig wees. Die vrou moenie emosioneel en verbitterd reageer op kritiek nie. Sy moet glo dat God dit tot haar beswil laat bewerk en tot eer van Sy naam. Sy moet goed doen aan die wat haar haat en God vra vir geleentheid om goed te doen aan ander. Dit is 'n christelike liefde wat die wêreld nie ken nie.

**Oorblyfsels**

Christus is die hoof van die kerk. Ongetroudes, getroudes en weduwees het almal 'n hoof. Hulle is almal deel van Christus se bruid. Christen vrouens moet hulle in die eerste plek onderwerp aan Christus. Getroude vrouens moet respek en onderdanigheid toon aan hul mans, maar eerstens aan Christus, Hul aardse mans kan hulle verlaat, maar Christus sal hul nooit verlaat nie. Hulle moet hul verhouding met die Here verstaan. Hulle moet die regte dinge glo, ook wat die Bybel leer oor God se beheer oor heel die skepping. In tye van nood kan sy daaraan vashou, en op grond van die kennis sal haar geloof nie wankel nie. Die vrou wat haar man verloor het, kan tevredenheid ervaar dat sy vir ewig met God getroud is. 'n Geseënde huwelik is slegs 'n afskaduwing van die hemelse huwelik met Christus. In die ewige huwelik is daar geen weduwees nie.

Vrouens moet leer om ouer mense lief te hê en te respekteer. Dit is nie altyd maklik nie, maar God het nooit belowe dat gehoorsaamheid maklik sal wees nie. Hy belowe wel seën, genade

[3] Met die instelling van die huwelik, was dit nie primêr gemik op die voorkoming van 'seksuele losbandigheid' nie, maar is die vrou in die huwelik aan die man as 'hulp' gegee in die gehoorsame uitvoering van die skeppingsmandaat (Gen. 1:26-28), sodat hul so saam in diens van God sou staan. Die seksuele self is dus deel van die uitvoering van hierdie skeppingsmandaat, maar die 'negatiewe' aspek van die huwelik, nl. 'die voorkoming van seksuele losbandigheid,' kom eers later na die sondeval, en is dus nie deel van die oorspronklike bedoeling van die huwelik nie. - red.

en krag. Die toon van liefde teenoor ouer ouers leer gehoorsaamheid aan die jong ouerpaar en hul kinders. Die kinders sien en leer hoe daar omgegaan word met ou mense.

Oor die huwelikseremonie. Die wêreld het baie te sê oor die huweliksviering, maar min oor die huwelik self. Christene moet weet waaroor 'n huwelik regtig gaan. Dit moet 'n ware huweliksviering wees. Elke aspek van die viering behoort vanuit die Bybel beoordeel te word. Die huwelikseremonie is die ingang tot die huwelik, en nie die einddoel nie. Die huwelik is ingestel om God te dien. Die huwelikseremonie is die versierde deurkosyn wat ingang bied tot die huis. Christus het die fees te Kana bygewoon en Hy moet ook by die huwelikseremonie vereer word.

By die huweliksviering moet God en die ouers geëer word. Die bruidspaar kan getuds aan diegene wie vir die seremonie betaal, toelaat om 'n inset te gee. Die fokus moet nie wees om ander te beïndruk nie, maar om God te eer en die viering te geniet met familie en vriende. Die huwelik is immers 'n afbeelding van Christus en sy kerk.

**Opsommend**

Die samevatting van hierdie boek is heelwat langer as die gebruiklike boekresensies. Nancy Wilson het in haar boek soveel relevante punte aangeroer dat dit onmoontlik was om verder te verkort. Steeds kon al die praktiese voorbeelde en wyshede nie hier bespreek word nie. Juis haar aanslag om Bybelse beginsels so prakties toe te pas, maak dit 'n boek wat maklik lees en vra om weer gelees te word. Die boek het verskeie male goeie gesprek tussen vrouens onderling en mans en vrouens aangemoedig. Dit is beslis 'n boek wat op elke man en vrou se boekrak tuishoort. Die bespreking van die boek maak nie net weer die kommunikasiekanale oop nie, maar man en vrou word weer bewus van hul take en kan mekaar bemoedig in die uitoefening daarvan.

Nancy Wilson is die vrou van die predikant en skrywer Douglas Wilson. Sy is 'n tuisteskepper en ma van drie. Sy is reeds etlike jare betrokke met die onderwerp huwelik en gesin, deur onder andere berading onder leiding van haar man, en om daaroor te skryf. Haar man skryf in die voorwoord dat hulle reeds 21 jaar gelukkig getroud is. In die tyd het Nancy heelwat praktiese wysheid opgedoen. Voorts skryf hy dat sy voortdurend besig is om vanuit die Skrif te leer wat God van die vrou en ma vra en dat sy dan ook implementeer wat sy leer. Sy gee dus nie advies aan ander wat sy nie self in glo en beoefen nie.

Nancy Wilson skryf oor die huwelik as uitbeelding van die verbondsverhouding tussen Christus en Sy kerk. Man en vrou moet in liefde en gehoorsaamheid saam met mekaar leef. Die christen vrou moet opnuut besin oor haar belangrike roeping as christen helper vir haar man.

**Ander boeke deur die Wilson's**

- *Standing on the Promises: A Handbook of Biblical Childrearing,* Douglas Wilson. Die volgende onderwerpe word in die onderskeie hoofstukke aangeraak: 'n Oorsig van verbondsmatige kinderopvoeding; beloftes van God aan die ouers; die pligte van die ouers voor God; verbondskontinuïteit; die natuur van die kind; die gesag van die ouers; die noodsaaklikheid van christelike onderwys; liefde en sekuriteit deur godvresende dissipline; toepassing van godvresende dissipline; wanneer die kinders ouer word, ens.[170bl.; R69-00]

-*Her Hand in Marriage: Biblical Courtship in the Modern World,* Douglas Wilson.
"Troubled marriages don't just happen, they are made. In virtually every case, the seed of eventual irreconcilable difference is planted well before vows are exchanged. In *Her Hand in Marriage,* Douglas Wilson points to the modem dating system as the mother of most broken marriages. Dating encourages emotional attachments without covenantal fences and makes a joke of the father's authority. Wilson unearth the almost forgotten pattern of biblical courtship and outlines how it should be applied in our society today. Biblical courtship is grounded upon the involved authority of the father and rooted in the public lives of families. Parents and their preteen sons and daughters need to read *Her Hand in Marriage* and

discover the wonderful freedom of biblical courtship." [95bl.; R55-O0]

- *Reforming Marriage, Douglas and Nancy Wilson,* Inhoud: Practical Theology of Marriage; Headship and Authority; Duties of Husbands and Wives; Efficacious Love; Keeping short Accounts; Miscellaneous Temptations; Marriage Bed is Honorable; Multiplying Fruitfully; Divorce and Marriage [144bl., R60-00]

- *Fruit of Her Hands: Respect and the Christian Women,* Nancy Wilson. Inhoud: A Woman's Orientation to Marriage; Walking with God; Respect; Principles and Methods; Contentment; Duties of Homemaking; Lovemaking; Leftovers [109bl., R55]

**2. Titel: The Way Home: Beyond Feminism Back to Reality Skryfster: Mary Pride Uitgewer: Crossway Books, 1985.**

*deur Tina van Deventer*[4]

Ons as getroude vroue, is vandag die slagoffer van onderdrukking. Werkgewers voorsien ons mans nie meer van 'n groot genoeg salaris om ons gesinne mee te onderhou nie. Ons as vroue kan mos maar ook inspring en werk kry om die pot aan die kook te hou. Verder het die howe nog ons wettige beskerming weggeneem deur egskeidings sodanig te laat plaasvind dat die vrou die swaarste daaronder lei, en moet gaan werk. Dit vind plaas onder die naam van 'gelyke regte vir almal'. Wat hierdie onderdrukking so uniek maak is dat die vrou selfs daarvoor veg! Vroue veg vir liberale egskeidingswette. Vroue werk hard daarvoor om kinders onder hul ouers se sorg weg te neem en onder staat- of ander sorg te plaas. Vroue veg vir die afbreek van die gesinne, vir die wettiging van homoseksualiteit, ens. Die vrou het reeds daarin geslaag om aborsie te wettig. Deur dit alles word die unieke rol van die vrou vertrap. Christenvroue het verval in die leefwyse van die sogenaamde vroue-beweging (die 'gelyke regte beweging').

Die algemene gevoel in die kerke vandag is dat die vrou nie 'n spesiale Godgegewe rol het nie, en dat 'n beroep vir 'n vrou skadeloos is, of selfs winsgewend kan wees. Is 'n beroep vir 'n vrou skadeloos? 'n Ander manier om dit te vra is: "Is feminisme skadeloos?" Feministe het tog die beweging vir die werkende vrou begin.

Gelowige Christene het dit nie begin nie. Goed, feminisme is meer as die werkende vrou, maar kan dit geskei word van sy feministiese wortels? Of is beroepe vir vroue die gevolg van 'n feministiese filosofie wat begin om ons kerke te besmet?

Baie mense besef nie dat feminisme 'n geloof is nie. Vir humaniste is die mens die maatstaf van alle dinge. Vir feministe is die vrou die maatstaf van alle dinge. Kom ons kyk na 'n paar dinge wat daarop dui dat feminisme 'n geloof is.

Naomi Goldenberg het die volgende verslag gelewer op die eerste nasionale alle-vroue konferensie oor vroue geestelikheid, wat gehou is te Boston, 23 April 1976. *"Nadat ons aandagtig na twee sprekers geluister het... het die gehoor baie aktief geraak... hulle het geroep "Die godin lewe ..."Die vroue het die godin opgeroep deur te dans, te stamp, te klap en te gil... Eintlik was die vroue kwaad vir al die gelowe van die vaders en hulle het hierdie geleentheid gebruik om die gelowe te straf en te verwerp, deur dit te doen in 'n kerkgebou wat hulle gehuur het vir die funksie... Deur te verklaar dat die 'godin lewe' in 'n tradisionele kerk, is so goed as om te verklaar dat... om vrou te wees, heilig is..."*

Sy sê verder: *"Elke vrou word aangemoedig om 'n klein altaar in haar huis te hou om te gebruik vir meditasie en om op haarself te fokus. By die Boston konferensie, is elke vrou aanbeveel om spieëls op hul altare te plaas om die godin voor te stel. Hierdeur kan hulle daaraan herinner word dat hulleself die godin is en dat hulle heilige skoonheid, krag en respek het."*

Sy sê ook: *"Die feministiese beweging in die Westerse kultuur is besig met die stadige uitwerping van Christus en Jahweh. Tog besef weinig van die mans en vroue wat huidiglik*

[4] Tina van Deventer is 'n tuisteskepper. Sy is getroud met Francois en hulle het twee kinders.

*hulle beywer vir seksuele gelykheid, die gevaar van hulle leer."*

Die kerke is besig om 'n 'nie-seksistiese kultuur' aan te neem. Is dit moontlik om 'n Christendom sonder Christus te hê? Is dit waarnatoe hierdie 'nie-seksitiese kultuur' ons lei?

*Alice Hageman verbind die beroep van die vrou met wat sy sien as die nodige verwerping van die Christene se God: "Bied die Christelike geloof die geestelike en intellektuele bronne aan die vrou dat sy onbeskaamd satisfaksie kan put uit die werk wat sy buite haar huis doen?... Is ons binne die kerke bevoeg om die figure waarvan die Skrif en die liturgie vol is te verwyder - beginnende by God die Vader, en Sy aardse gelyke, die priester-vader?"*

Feministe is gretig om ons 'tradisionele' Christendom te vernietig. Sommiges het reeds begin om dit te doen. Dink maar aan die evangeliste wat skryf en verkondig oor die rol van die vrou, wie se artikels in Christelike tydskrifte gepubliseer word en wie se boeke gebruik word in vroue-Bybelstudies. Hulle noem hulleself "bybelse feministe'.

*"Die belangrikste vraag wat bybelse feministe na vore bring is hoe om die Bybel te interpreteer... Hulle dink dat aangesien die Bybel geskryf is in 'n patriargale kultuur, die Bybel se skrywers bevooroordeeld was deur die kultuur teen vroue regte... Hiervolgens is die Bybel onbetroubaar en kan dit homself weerspreek. In werklikheid betrek hierdie standpunt die menslike verstand, waarvolgens die mens bepaal wat God se Woord is en wat nie... Om op te som, bybelse feministe sien onoplosbare teenstrydighede in die Bybel se onderwysing oor die vrou. Hierdie teenstrydighede kan opgelos word deur te erken dat die Bybel menslike beperkings reflekteer... Bybelse feministe glo nie dat God ons Sy onfeilbare Woordgegee het, wat waar en betroubaar is en die standaard vir geloof en praktyk is nie. Ons het inteendeel 'n poel van inligting (waarvan sommige God se suiwer Woord is, en sommige menslike advies is wat gedomineer is deur die manlike kultuur), en God het ons op ons eie gelos om uit te vind watter gedeeltes om te gehoorsaam en te glo. Menslike beredenering het die finale seggenskap en is die regter van die Skrif "*

Nou kan julle weer vra: "Waaroor die groot opgewondenheid? Sekerlik, feministe het die vrouebeweging begin, maar Christene gaan mos nie saam met die radikale sake nie. Ons gebruik slegs die feministe se goeie insigte, soos byvoorbeeld werkende vroue, en ons laat die res alleen." Dit is nie so eenvoudig nie. Feminisme is 'n geloof... Feminisme se groot aanname is dat die vrou die maatstaf is van alle dinge is. Dan word die vraag: "Wat sal my as 'n vrou vervul? Alles wat daarmee inmeng moet vernietig word."

Kom ons kyk wat is feministe bereid om te vernietig.

***Aborsie***

Vir feministe, bybels- of nie, is die biologiese rol van moederskap, soos ontwerp deur God, 'n vernedering en waardeloos. Babas is 'n keuse vir diegene wat hulleself die ondervinding van ouerskap nie wil ontneem nie, en babas is weggooibaar, indien dit inmeng met ons emosies of finansies. Daar mag geen onderskei ding wees tussen die rolle vir man en vrou nie. *"Die fiksie dat daar nie noemenswaardige verskille tussen mans en vroue is nie, kan slegs volgehou word deur aborsie op aanvraag, om die duidelikste bewys dat daar wel verskille is, te verbloem"* soos Dr. Francis Schaeffer uitwys in sy boek *"The Great Evangelical Disaster".*

***Homoseksualiteit***

Hy wys ook: *"As daar geen noemenswaardige verskil is tussen mans en vroue nie, dan kan ons sekerlik ook nie homoseksuele verhoudings veroordeel nie."* Gevolglik aanvaar bybelse feministe homoseksualiteit. In hulle boek "Is the Homosexual my Neighbour" skryf die bybelse feministe Virginia Mollenkott en Letha Scanzoni, die volgende:

*Aangesien die aanvaarding van lewenslange homoseksuele verhoudings baie probleme sal oplos... moet hierdie alternatiefvir tradisionele verhoudings in groter dieptes bestudeer word.*

***Die Huwelik***

Letha Scanzoni se standpunt oor enkel lopende heteroseksuele word in haar boek *"All We're meant to be"* as volg beskryf: " *'n Steunlose man kan 'n meulsteen wees, wat 'n vrou aftrek en haar terug hou van wat sy andersins kan wees. 'n Vrou moet voor 'n huwelik bepaal watter soort man met haar saamwerk, eerder as teen haar. As so 'n man nie gevind kan word nie, is lewenslange enkelskap beter as 'n huwelik waar 'n vrou se gawes sal verstar en waar die man en vrou nie hulleself ten volle kan deel nie."*

***Die vrou en die beroep***

Virginia Mollenkott skryf: *"As 'n vrou deur God geroep en toegerus is om 'n dominee of priester te wees, is dit nie sonde van die kerk om haar te verhoed om haar roeping uit te leef nie? En as 'n vrou geroepe en toegerus is vir 'n beroep buite haar huis en haar man verhoed haar deurdat hy haar nie bystaan in die versorging van hul gesamentlike kinders nie, is hy nie besig om die werk van die Heilige Gees te frustreer nie?"*

***Egskeiding***

V. Mollenkott maak dit verder duidelik dat as 'n man weier om Mamma se helper te wees, het die vrou die reg om die 'moeilike besluit' te neem om die verhouding te beëindig en om 'n beter lewenstyl te gaan soek.

Kom ons dink bietjie hieroor na. Ons word gevra om ons babas dood te maak, homoseksualiteit te bevorder (en moontlik lesbies te word) ons mans te smeek om ons werk te doen, sodat ons hulle werk kan doen - onder die dreiging van 'n egskeiding -en dit alles in die Naam van Christus! Maar die woorde 'Christus' en 'God' is net voorgee. Die evangeliese feministe is baie meer angstig om ons tot feminisme te bekeer as om ons tot Christus te bring.

Die Bybel het baie te sê oor die rol van die vrou, en niks daarvan stem ooreen met die feministiese dogma nie. Wat die Bybel sê is belangrik. Dit sal ons help verstaan hoekom ons gesinne en ons samelewing so vinnig agteruitgaan. Titus 2:3-5 is uiters belangrik:

*Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is, sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê, ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie.*

**"sodat hulle die jong vroue kan leer om... hulle mans lief te hê"**

God vereis van ons as vroue om ons mans lief te hê en hierdie liefde wat Hy eis, is broederlike liefde. Dit is gebaseer op ons verhouding, nie op ons emosies nie. In plaas daarvan om na 'gelykheid' te streef, eer die vrou haar man bo haarself (Rom. 12:10). Sy is toegewyd aan hom (Rom. 12:10). Sy bemoedig hom (Heb. 3:13; 10:24-25). Sy simpatiseer met sy probleme (1 Pet. 3:8) en gaan hom nie teen nie (Jak 5:9). As hy 'n Christen is, sal sy hom bestraf waar nodig en hom dan spoedig vergewe (Luk 17:3). Sy doen moeite om tyd saam met hom te spandeer (Heb. 10:25). Haar doel is dat hulle in harmonie saamleef (Rom. 12:16; Ps. 133:1). Om 'n getroude vrou te wees, behels twee komponente: lang termyn toegewydheid en daaglikse selfopoffering.

**"sodat hulle die jong vroue kan leer om... hulle kinders lief te** hê"

God vereis van ons om ons kinders lief te hê en dan sê die Bybel boonop dat kinders 'n seëning is (Ps. 127, Ps. 128). Die liefde wat God van ons verwag om aan ons kinders te betoon is broederlike liefde, vriendskap, natuurlike aanraking, ens. Dit beteken om ons kinders te geniet en nie te kla oor die tyd en energie wat dit neem om hulle groot te maak nie. Kinders is pret vir die wat hulle wil opvoed volgens God se waardes. Druk hulle. Soen hulle. Speel met hulle. Leer hulle. Die moeder wat van haar kinders hou, sal vind dat hulle 'n seëning is. Dit beteken ook dat ons dan graag kinders sal wil hê. Verder gee God aan ouers

die opdrag om die kinders te vorm volgens God se waardes (Duet. 6:4-7; Duet. 11:19). En hierdie opvoeding, maak Duet. 6 en 11 duidelik, moet by die huis geskied. Aangesien ons kinders aan God behoort, het God aan ouers die verantwoordelikheid gegee om seker te maak dat hulle tot Sy eer opgevoed word. (Spr. 22:6).

**"sodat hulle die jong vroue kan leer om... huislik te** wees."

Die woord 'huislik' beteken 'huiswerkend'. Ons is nie veronderstel om die broodwinner te wees nie, maar ons moet 'n ekonomiese bydrae maak. Deur byvoorbeeld jou eie klere te maak, spaar jy baie op gekoopte uitrustings. Deur jou eie brood te bak en kos te kook spaar jy baie op mediese rekeninge a.g.v. onvoldoende voeding. En vroue wat tuisskool spaar baie skoolgeld! Die vrou moet produktief wees by die huis.

**"sodat hulle die jong vroue kan leer om... goed aan hul eie mans onderdanig te wees."**

"Goed" beteken om vriendelik en vrygewig te wees. Die goeie vrou gaan uit haar pad om ander te dien. Sy lê haar lewe vir ander mense af. Die vrou verdien respek deur goed te wees. 1 Tim 5:10 praat van die vrou wat bekend staan vir haar goeie werke: kinders grootmaak, gasvry is, die voete van die heiliges was, diegene help wat in moeilikheid was en haarself toewy aan allerhande goeie dade. Huiswerkers wat hul mans en kinders liefhet, bou aan 'n kosbare huis waar mense aangetrek word na God. Ons bou ons huise nie op vir onsself nie, maar vir ons gesinne, vir die kerk, en vir die wêreld daar buite.

"sodat **hulle die jong vroue kan leer ... sodat die Woord van God nie belaster word nie"**

Elke vrou wat weier om 'n huiswerker te wees, of om vir haar kinders te sorg, of om haar onder haar man te stel, moedig die wêreld aan om God se Woord te verwerp. Die Christen vrou weet wat die Bybel van haar eis, en deur dit te verwerp, sal sy diegene daar buite laat twyfel aan die suiwerheid van God se Woord. Hulle daarbuite ken God se Woord en sien ons lewens raak. Is ons as vroue bereid om ons aan God se wil oor te gee? Spreuke 14:1 sê: *Die wysheid van die vroue bou die huis, maar die sotheid breek dit met eie hande af.* Baie vroue het gehelp om baie huise af te breek. Vroue kan dit weer opbou. Ons het genoeg afgebreekte huise gesien: gebroke huwelike, rebelse kinders, leë kerke. Nou is die tyd om wys te wees en op te bou. Dit is tyd vir "huiswerk". Dit is tyd om te sien wat die ware God aan ons huise kan doen.

Slot

God het vroue geroep om hul hele lewe lank onder mense te dien. Jong vroue dien hul kinders, hulle moeders, hulle mans, en die groter gemeenskap. Ouer vroue onderrig en staan die jonger vroue by en in somme gevalle help hulle met kerkaktiwiteite. Vroue is nie geroep om moederskap vir 'n paar jaar te beoefen en daarna te gaan werk in 'n voltydse beroep nie, en daarna te lewe vir hulleself nie. Vroue is verantwoordelik om die gemeenskap gesond en menslik te hou. En daarvoor verdien die vrou respek. Liefdadigheid by die huis? Wat 'n uitdaging! Wat 'n roeping!

**<u>Ander boeke deur Marv Pride</u>:**

-*All the Way Home: Powerfor your Family tobe its Best,* Mary Pride. "It is the long-awaited sequel to Mary Pride's revohitionary book, *The Way Home,* Building on the theme of the home as the center of life, this book will change your ideas on what is possible for families today. More than a problem-solving manual, this text helps families do it right from the start. The author deals with home education, family worship, time management, and family work and play. She also offers ideas on how women can use their executive talents and other skills by operating businesses out of their homes." [285W.; R120-00]

- *Schoolproof: How to love learning the easy, natural way.* <u>Inhoud</u>: Something beautiful from God; Simple is beautiful; Personality is beautiful; Making school beautiful..[204bl, R75-00]

- *TheBigBookofHomelearning: 4volumes.* Vol. 1: Getting Started; Vol.2: Preschool and Elementry; Vol.3: Teen and Adult; Vol.4: Afterschooling and Enrichment.

### 3. Titel: Het Christelijk Huisgesin

**Skrywer: Dr. H. Bavinck. Uitgewer: J. H. Kok, Kampen. 1908**

*deur Lou Erasmus*[5]

### Inleidend

'n Nuwe boek wat wye opspraak verwek is dit beslis nie. Tog is dit 'n boek wat die nood en vraagstukke van ons samelewing aanspreek met 'n dringende oproep vir ons tyd : *"Als inderdaad het gezinsleven in den tegenwoordigen tijd van alle kanten bedreigt wordt, dan valt er voor ieder mertsch niets beter te doen, dan om in eigen kring terstond aan het hervormen te gaan en met de feiten zelve de scherpe aanklachten te weerleggen, die heden ten dage tegen huwelijk en huisgezin worden ingebracht."*

Jan Publiek sal nie die boek wil lees nie, daarvoor is die inhoud te skerp kontrasterend, te afwysend van ons troetel-, en erfsondes, te suiwer in die soeke na God se Wil vir die huwelik en die huisgesin. En beslis te eenvoudig in die aanvaarding van dit wat die Woord leer. Ons samelewing verkies die weg van kultuurhistoriese interpretasie van die Bybel, asook my vrye keuse om slegs dit op te neem wat ek aanneemlik vind, wat in my eie verwysingsraamwerk inpas. Sulke mense gaan beslis die boek nie lees nie. Maar vir die mens (Man, Vrou of Kind van God) wat soek na duidelike, eenvoudige Skrifwaarhede vir die praktyk, is hierdie boek 'n fontein van inspirasie. 'n Bron van herinnering om hul geloofsbelydenis opnuut af te stof en te versterk, hul huweliksbelofte voor God gestand te doen en 'n opskerping om hul doopbeloftes nougeset te volvoer. Die postmodernisme waarmee ons daagliks te doene kry noodsaak beginselbesluite van Christenouers oor die opvoeding van hul kinders. Dit vra verantwoording deur jonggetroudes oor hul huwelik en die onderlinge verhouding met mekaar. Dit vereis voorligting aan ons kinders oor die oorsprong, doel, betekenis van die huweliksband en die gesin. Ons leef in 'n wêreld wat alle ou norme bevraagteken en as oorbodig beskou. Bavinck gee hierteenoor helder antwoorde en perspektief.

### Bespreking

Die boek is opgedeel in tien hoofstukke wat die huisgesin deur die eeue beskou.

1. Die eerste handel oor die **Oorsprong van het Huisgezin:**

*"De Geschiedenis van het menschelijk geslag begint met eene bruiloft."* Hierdie stelling word gestaaf deur die skeppingsverhaal noukeurig te bekyk: (Verkort aangehaal en vertaal) Die aarde word uit niks geskape, maar volgens Jesaja 48:18 wel sodat mense daarin sou woon. Die mens word ook volgens 'n besondere raadsplan geskep.

(a) Die eerste mens (Adam) word meteens as man geskape, nie onsydig en nie as manvrou nie, maar met 'n bepaalde geslag. Daarom voel hy eensaam al is hy in die tuin geplaas met oorvloed om hom. God self plant in die mens die begeerte om liefde van 'n siel soos syne, 'n gelyke.

(b) Die skepping van die vrou word dus voorafgegaan deur die besef van die eerste mens dat al die rykdom aan hom gegee nie bevredig nie. Die vrou (Eva) is die antwoord op die vraag wat oor die man se hart en lippe vloei. God skenk uit Sy ryke liefde die antwoord en verhoring op Adam se gebed. Want alhoewel sy deur die mens begeer is, word sy deur God geskape, en is dus net soos die man 'n besondere skepping van God, wat Sy beeld en gelykenis dra.

(c) Dit word bevestig in Genesis 1:27, dat beide na Gods beeld geskape genoem word.

(d) Omdat God die vrou *uit* die man geskape het, en *vir* die man (1 Kor. 11:8 & 9), maar ook

[5] Lou Erasmus was 'n Landbounavorser in Veekunde en is tans 'n teologiese student aan die Teologiese Skool te Potchefstroom.

werklik *tot* die man, soos die man *tot* die vrou geskape is, kan die res volg. God maak uit één twee, omdat Hy die twee weereens één sou maak, tot één siel en één vlees. Hierdie gemeenskap is slegs tussen twee moontlik. Die huwelik was dus van die begin af, en is dus kragtens sy natuur monogamies van aard, 'n egverbinding tussen één man en één vrou, en daarom ook 'n verbond vir hul lewe. Onskeibaar deur menslike mag, wat God saamgevoeg het mag die mens nie skei nie volgens (Matt 19:6,8).

(e) Die mens skei van sy ouers maar verlaat nooit sy vrou nie. Die liefde vir die vrou oortref die liefde vir sy ouers, dit is sterker as die dood. Geen liefde kom nader aan God se Liefde of is naastenby so groot soos die liefde tussen man en vrou nie. Op hierdie gemeenskap van liefde rus God se besondere seën. Hy is die Skepper van man en vrou, die Insteller van die huwelik, en ook die Seënaar van die eg. Elke kind wat gebore word is vrug van die gemeenskap en vrug van Goddelike seën. Op hierdie vaste begronding van die huwelik en die gesin staan die hele boek.

2. De Verstoring **van het** Huisgezin wys daarop dat die sonde waaraan die mens hom so kort na die Skepping skuldig maak, ook nie die huisgesin as Goddelike instelling verbygegaan het nie. Eva word eerste verlei maar Adam direk daarna ook. Eva val, uit begeerlikheid om soos God te wees, Adam val, omdat sy liefde vir sy vrou sy liefde vir God oorheers. Die eerste sonde spruit dus ook uit 'n omkeer in die gesin se rolverdeling, Adam volg vir Eva omdat sy voorloop en die leiding neem. Saam sondig hul dus ook as gesin en beïnvloed die lot van die hele menslike geslag. Die vrou ontvang haar straf in dit wat haar hoogste roeping moes wees, as moeder wat in smart sal baar. Die man se straf is nie minder nie, sy arbeid en sy harmonie met die wêreld word verander, na sy vrou sal sy begeerte bly. Beide moet nog hul Skeppingsdoel uitvoer, maar nou in ander omstandighede. Tog omskep God ook hul straf in Genadegeleenthede, hul bly besig met Godgegewe take en moet steeds die aarde vervul en bewerk. Die wonderlike is dat God ook sy instelling van die gesin in die moederbelofte beskerm en voortsit - uit hul nageslag kom dan ook die gesin van Josef en Maria waarin die Christuskind opgevoed moet word.

3. In **Het Huisgezin bij de Volken** skets die skrywer kortliks die verdere verloop van groei, een huisgesin wat oorsprong gee aan 'n paar ander en so meer en so meer. Die sonde bly egter ook nie uit hierdie nuwe huisgesinnne uit nie, Kain staan in haat teen Abel op en pleeg broedermoord, Lameg word deur sonde verlei tot veelwywery en in eiewaan sweer hy om homself sewentig maal sewe te wreek. So bereik die sonde sy wasdom tot en met die sondvloed, wanneer God die goddeloosheid en sedeloosheid straf. Die wêreldse verval wat geskets word klink baie soos dit wat ons tans in ons land beleef, promiskuïteit en goddeloosheid kry ander gedaantes en name maar bly in wese dieselfde oortredings van God se Wet. Weereens kies God 'n gesin uit om Sy Wil verder te voer. Noag en sy gesin begin weer met die taak om die aarde te bevolk. Spoedig was dit egter weer dieselfde storie en erger. Matriargale stelsels waar die vrou heerskappy voer kom en gaan, menseroof was algemeen, selfs poliandrie was aan die orde van die dag. Geleidelik sit dit om in die teenoorgestelde waar manne vroue verdruk en poligamie bedryf. Tog bly die Goddelike instelling van die gesin deur dit alles behoue.

4. In **Het Huisgesin onder Israel** word die onderskeid tussen Israel en die ander volke duidelik geskets. Die openbaring aan die aartsvaders en die volk word beskryf, asook die verbondsluiting van God met Sy volk. Die twee tafels van die wet word verkry met al God se voorskrifte van hoe Hy gedien wil wees. *"Israël moest in al zijn handel en wandel <u>een heilis volk zijn,</u> een koninkrijk van priesters, die allen vrij tot hunnen God mogen naderen en van alle volken afgezonderd zijn, Ex. 19:6. <u>Dit beginsel liet ook aan de wetgeving voor het huwelijk en het eezin ten erondslae</u>."* Oor gesag sê hy : *"...want God was de eigenlijke wetgever, rechter en koning van Israël, Deut. 17:19; Jes. 33:22. Bij den vader berustte daarom het gezag en de macht van het huisgezin. Wel werd aan de bloedverwantskap door de moeder groote beteekenis gehecht."* Vergelyk Gen. 20:12; 29:14; 43:29 en Rigters 9:1. *"Maar dit alles deed aan het patriarchaat hoegenaamd geen afbreuk; de vader was de koning, de heer in zijn gezin, Gen. 18:12."* Maar ook met 'n verantwoordelikheid. *"Het meest*

*kom de heiligheid van het huwelijk daarin uit, dat het dient als een beeld van het trouwverbond tusschen God en zijn volk."* Bavinck beskuldig die heidendom daarvan dat dié verantwoordelik is om die beeld van 'n vroulike godin by mense te vestig en wys verder daarop : *"Maar al die onzedelijke voorstellingen zijn ten eene male vreemd aan de H. Schrift; het Hebreeuwsch heeft zelfs geen naam voor hetvroulijke woord godin."* God is Heilig en staan in verhouding tot Sy volk soos 'n Bruidegom wat uit louter genade Israël tot Sy bruid gekies het.

5. Het **Huisgezin in het Nieuwe Testament** begin met die wonderlike verhaal van Jesus se geboorte uit die maagd Maria. *"De heilige familie is het voorbeeld van het Christelijk huisgezin. En dit voorbeeld wordt versterkt door de woorden en de daden van Jezus."* Christus het ook ongedwonge en gemaklik met vroue omgegaan, van hulle is dan ook Sy getrouste volgelinge. *"De overspelige vrouw laat Hij onveroordeeldvan zich gaan, met de woorden; ga heen, en zondig niet meer. En van die hoeren en de tollenaars zegt Hij, dat zij anderen zullen voorgaan in het koninkrijk der hemelen. Zoo heeft Christus de vrouw geëerd en uit haar val weer opgebeurd. En evenzoo eert en herstelt Hij het huwelijk. Wel gaat het koninkrijk der hemelen in waarde alles te boven; om des Evangelies wille moet alles verlaten worden. Matt 10:37. Maar behoudens deze grondwet des koninkrijk?, legt Jezus den band tusschen man en vrouw en evenzoo dien tusschen ouders en kinderen weer onverbrekelijk vast."* Christus stel die huwelik en die gesin weer in die verhouding waar dit dien tot Sy Eer. *"Als het huwelijk een beeld is van de gemeenschap tusschen Christus en zijne gemeente, dan behoort dit allereerst daarin te komen, dat beiden, man en vrouw, hun ectverbond aangaan in den Heere, 1 Cor 7:39.* Oor die gesin: *"Want een Christelijk gezin, dat is een gezin in den Heere, een gezin in de gemeenschap met Christus, overeenkomstig zijn voorbeeld en bevel, in de eenigheid zijns Geestes. ...De belijdenis van Christus doet de natuurlijke ordening niet te niet; de man blijft man, de vrouw blijft vrouw en de kinderen blijft kinderen. Maar de verhouding van man en vrouw, van ouders en kinderen, word toch, dewijl zij door de zonde ontaarden verwoest was, door Christus hersteld en vernieuwd."* Dan volg ook die belangrike riglyn wat ons samelewing so maklik omver wil werp of moedswillig verkeerd wil verstaan! *"Al blijft het natuurlijk onderscheid en de oorspronklijke verhouding tusschen man en vrouw ook bestaan, het krijgt toch alles een ander karakter; de man moet de vrouw liefhebben, voor haar leven en voor haar zich overgeven, gelijk Christus de gemeente liefgehad en zich voor haar overgegeven heeft, en de vrouw moet aan den man onderdanig zijn in den Heere en als aan den Heere, Ef 5:22-33; Col.3:18&19 en 1 Petr.3:l-7."*

Bavinck se perspektief hierop is: *"Door al deze voorschriften en onderwijzingen is het Christendom voor het gezinsleven ten rijken zegen geweest."* En ook : *"Het Christendom heeft het huwelijk geheiligd, van allerlei ongerechtigheid bevrijd en weer bevestigd op den grondslag van het Goddelijk gebod."*

6. **In Gevaren voor het Huisgezin** waarsku die skrywer dat *"Het is daarom niet genoeg, goede beginselen te kennen en te belijden, zij moeten ook voortdurend, van dag tot dag en van oogenblik tot oogenblik in het leven worden uitgewerkt en toegepast."* Asketisme en kluisenaarsbestaan word afgewys as ongehoorsaamheid aan die Woord, om te trou is beter as om van begeerte te brand. Ander dwalings soos dat die vrou meer vatbaar is vir demoniese invloede as die man, wat daartoe gelei het dat sommige as hekse verbrand word, word afgewys. Maar na die Reformasie neem die gees van vryheid weer so oor dat kerklike tradisie en wettte van sedelikheid, van die maatskappy en staat vertrap word in die verkondiging van hierdie evangelie van die vrymaking van die vlees. Reeds het gewettigde prostitusie hieruit voortgevloei soos deur Bavinck voorspel, en is dit algemeen aanvaarbaar. Die emansipasie van die vrou word ook hier bespreek, maatskaplike armoede en die opheffing daarvan word 'n nuwe ideologie, maar alles tesame dien slegs om die huwelik en die huisgesin aan groter stremming en skadelike invloede bloot te stel. In 1908 sê Bavinck reeds: *"Er is geen tijd bekend, waarin het huisgezin in zulk eene ernstige crisis verkeerde, als de eeuw waarin wij leven. Vele zijn met geen verbouwing tevreden; zij willen ajbraak tot*

*op de fundamenten toe."*

7. **Huwelijk en Huisgezin.** Van die vergelyking van man teenoor vrou en die stryd tussen die geslagte sê die skrywer: *"Zij hebben elk van beiden zeer heerlijke deugden en beiden ook zeer ernstige gebreken. Voor verachting en vergoding is er aan geen van beide plaats. ...De man vind in de vrouw zijne aanvulling en zijn correctief, en omgekeerd de vrouw in den man. ... Zooals zij zijne selfstandigheid en kracht niet ontberen kan, kan hij haar afhankelijkheid en teederheid niet missen. Het huwelijk is dus in de natuur van beiden gegrond."* Die oorsprong van die huwelik word weer beklemtoon: *"Het is door den mensch niet uitgevonden, door den staat niet ingevoerd, door de kerk niet opgelegd, maar het is met de natuur van den mensch gegeven, en door God zelven bij de schepping ingesteld."* Dan stel hy die regte norm vir die huweliksverhouding tussen man en vrou: *Het heeft zijn voorbeeld en gelijkenis alleen in het verbond van God met zijn volk, in de gemeenschap van Christus met zijne gemeente. Zulk een volle en volkomene gemeenschap is het huwelijk reeds in den aanvang; maar als het van den echten stempel is, neemt het daarin dagelijks toe. Men beseft het nog niet ten halve in den aanvang; maar als in den voortgang des tijds, bij het klimmen der jaren, onder de wederwaardigheden en de teleurstellingen van het leven, de zielen steeds inniger samengroeien, dan wordt het huwelijk hoe langer zoo meer als de rijkste en kostelijkste gave Gods op deze zondige en doorenrijke aarde erkend, en de echtelijke staat wordt eene oorzaak van aanbidding en dank."*

8. Een van die belangrikste afdelings is **Huisgezin en Opvoeding.** *"Het huwelijk heeft in de tweede plaats ook de bedoeling, om het menschelijk geslacht voort te planten en het koninkrijk Gods uit te breiden."* Ook : *"Want dit gebod leert ons, dat alle onkuischheid van God vervloekt is en dat wij daarom, haar van harte vijand zijnde, kuisch en ingetogen leven moeten, hetzij in den heiligen huwelijken staat oj daarbuiten."* Van die eenheid in die gesin ten opsigte van taal, godsdiens en sede, tradisies, verhoudings en alle ander ervarings en gedeelde belange, sê Bavinck: *"Al deze kostelijke eigenschappen maken het huisgezin tot de eerste en de beste school van opvoeding, welke er op aarde bestaat." ... "Nergens wordt die eenheid en gemeenschap, die verscheidenheid en afwisseling, dat vormende element en die opvoedende kracht aangetroffen als in den kring des gezins."* 'n Opmerking wat die aandag vasgryp is : *"In zekeren zin kan men zeggen, dat de toekomst van het kind van de opvoeding afhangt."* Hiervandaan gaan hy voort om te waarsku teen die neiging om ons kinders se opvoeding op die kerk en die staat af te skuif - volgens Bavinck lei dit daartoe dat alle kinders staatskinders sal wees. (Klink dit bekend in ons huidige bestel met die oormatige klem op menseregte?) Daarteenoor stel Bavinck ondubbelsinnig : *Het huisgezin is toch en blijft het opvoedingsinstituut bij uitnemendheid."* En ook: *"Het huisgezin is de school des levens, omdat het er de bron en de haard van is. En die opvoeding omvat den ganschen mensch."* Van die leerproses het hy die volgende te sè: *"Ondeugden worden er tegengegaan, eigenzin, zelfzucht, jaloerschheid; deugden worden er aangekweekt, reinheid, orde, gehoorzaamheid, mededeelzaamheid, barmhartigheid, zooalsingeen andere school. In het huisgezin heeft de menschwording van den mensch plaats; hier wordt de grondslag gelegd voor de vorming van den toekomstigen man en vrouw, van den vader en de moeder, van het lid der maatschappij, van den staatsburger, van den onderdaan in het koninkrijk Gods."* Duidelik is die huisgesin die deur-God-ingestelde kern van die samelewing wat Hom gehoorsaam wil dien.

9. In **Huisgezin en Maatschappij** verduidelik Bavinck die verhouding van die Christelike huisgesin tot die staat. Eerstens: *"Onderwerping der aarde in den ruimsten zin is de inhoud en het doel der cultuur, maar deze onderwerping is niet mogelijk dan door het kennen en kunnen van den mensch; en deze bewegen zich dan alleen in de juiste richting, wanneer zij door godsdienstige en zedelijke beginselen geleidworden; de heerschappij over de aarde is eene ontvouing van het beeld Gods in den mensch."* Hierby stel hy ook: *"Wel is waar ligt de maatschappij principieel en organisch reeds besloten in het huisgezin, waaruit het menschelijk geslacht zijn oorsprong nam. ...En van daar dragen wij die zedelijke vehoudingen dan over in de maatskappij. Het huisgezin is de kweekplaats der liefde en ent*

*deze op de maatschappelijke verhoudingen in. Het Christendom is niet de architect, maar het is de ziel der maatshappij. Wie het huisgezin verwoest, graaft de zedelijke grondslagen weg, waarop de maatskappij als zedelijk instituut gevestigd is."*

**10. De Toekomst van het Huisgezin.** *"Als de zedelijke welstand der maatschappij van de gesondheidvan het familieleven afhangt, is de vraag van belang, of de poging, om het huisgezin te behouden en te herstellen, eenige kans van slagen belooft."* Dan noem hy die bedreigings wat hy waarneem: *"De ernstigste gevaren bedreigen het huisgezin echter van den kant der nieuwere theorieën over huwelijk en familieleven. Beide worden thans door velen als een verouderde vorm van sameleving beschouwd."*

En: *"Want het ideaal, dat verwezenlijkt moet worden, is de gelijkheid; de vrouw moet zoveel mogelijk van de lasten van het moederschap en van de knechtschap van het huisgezin ontslagen worden. Zij behoort dezelfde rechten en plichten te hebben als de man en in dezelfde voorrechten van het staatsburgerschap te deelen. De staat is het eene ware huisgezin, en alle burgers zijn daar gelijkgeregtigde leden van."*

Hierteenoor spel Bavinck die Christen se pad duidelikuit: *"...Christenen mogen hun gedrag niet laten bepalen door den geest der eeuw, maar hebben zich te richten naar den eisch van Gods gebod."* Die motivering hiervoor is duidelik: God se plan met die mens is nog nie voltooi nie. Dit gee hoop, dit gee toekomsvisie want:

*"De Christen weet van andere en betere dingen. ... In de Godsstad bereikt de schepping haar einddoel. ...De geschiedenis van het menschelijk geslacht begon met eene bruiloft; zij eindigt ook met eene bruiloft, met de bruiloft van Christus en zijne gemeente, van den Heer uit den hemel en de Bruid van de aarde."*

### Gevolgtrekking

Myns insiens is hierdie boek 'n treffende voorbeeld van die Woord wat gesaai is en nooit leeg sal terugkeer nie. Hier is koringkorrels met die krag om u lewe, u huwelik en u geloof te omvorm tot God se eer. Hierdie is waarhede wat in eenvoud aanvaar en uitgeleef moet word téén die bestaande norm in. Dit spruit voort uit 'n begaafde en geïnspireerde dienskneg se pen wat met groot Skrifinsig die pad vir God se kerk en Sy volk wil aandui. Dit is nie altyd maklike leesstof nie, en tog is die inhoudelike soos ou goud vir dié hart wat Christus se eer soek. Die boek wek by die leser die wonderlike oortuiging dat die beginsels uit die Woord tydloos is. Lesers kan en móét in Goddelike gehoorsaamheid hierdie waarhede veral in vandag se lewe toepas. Beslis 'n boek wat op elke Christenouer se rak moet staan - *reeds gelees!*

**Titel: *The Philosophy of the Christian Curriculum* Skrywer: dr. RJ Rushdoony**

**Uitgewer: Ross House Books, Vallecito, California, VSA.** *deur Slabbert Le Cornu*

Dr. Rushdoony skryf: "As die owerheidstandaarde so goed is, waarom is die staatskole so sleg? As owerheidstandaarde so voordelig is, hoekom vra ons dan nie vir die staat om ook standaarde daar vir die kerk te stel nie? ... Daardie "Christelike" skole wat hulle onderwerp het aan die staatsopgelegde standaarde, het spoediglik opvoedkundig en godsdienstig agteruit gegaan Die geveg teen staatsbeheer is dus beide 'n teologiese stryd (Aan God alleen behoort die heerskappy), *en* 'n stryd vir kwaliteit onderwys."

Daar is by gelowiges, ook gereformeerde gelowiges baiemaal die houding dat dit wat die staat wil hê, die elfde gebod in die Bybel is. Dit wat die Bybel en belydenis van ons eis, moet dan maar by die humanistiese staats-kurrikulum aanpas... natuurlik so ver dit moontlik is. Dit beteken dat ons nie die heel beste, naamlik 'n konsekwente bybels-gefundeerde vakkundige opvoeding vir ons nageslag kan laat nie. Ons moet egter ons hele kurrikulum opnuut herdink en begrond, en nie net tevrede te wees met die spreekwoordelike "krummels" van 'n moontlike Christelike kurrikulum nie. Ons weet almal dat vraagstukke soos finansies,

toekomstige beroepe, gemeenskapsvorming, vakkundigheid, hoë akademiese standaarde, ens., belangrike kwessies is wat aangespreek moet word, maar dit is nie die belangrikste nie en ook nie waarmee ons as verbondsouers moet begin nie. Die "genoemde leer" volgens die gereformeerde doopsformulier, moet sentraal staan sodat die beginsels van daardie leer verder op elke vakgebied van toepassing gemaak kan word, met die Bybel as die belangrikste "handboek" van elke vakgebied (Kol.2:3; 2 Tim.3:15-17; 2 Kor. 10:4-6). Ons en ons kinders se finansies en vakkeuses staan nie sentraal maar dit wat God wil in Sy Woord. Dr. Rushdoony skryf [nr.1, p.142]:

Thus, our lives and our schooling cannot be for our pleasure or profit but for the glory of God. What does this mean practically? *First,* it means that the focus of education is not on the child, nor on the parents, nor on society. It is on God. Education is thus primarly theological, God centered, not vocation-centered nor knowledge-centered. Because of the Biblical doctrine of calling or vocation, the Christian School will strive to excell all others in preparing its pupils, but the focus will be on our necessary service to God. Because God's revelations give knowledge, and because knowledge is an aspect of God's image in us, we will seek to surpass all other schools in this respect also. Our focus, however will be on the competent and faithful service of God. *Second,* worship and prayer will be a basic aspect of the school, because the students must never forget that all their schooling must serve not only themselves but primarly the Lord. In Psalm 119, we see the psalmist drawn ever closer to the praise of God by his study and his meditations thereon. Prayer and chapel in the Christian School should stress the absolute property rights of our Lord over us and our learning. *Third,* the school must seek to develop increasingly its freedom from and independence of state controls, state standards, and state accreditation. The root word in accreditation is *credo,* I believe. If the state is our Lord, it is the state's approval and imprimatur we seek. If Christ is our Lord, it is the accreditation of His word we seek. Increasingly, states are seeking controls over Christian Schools and churches. They are demanding the right of lordship, accreditation and licensure. This we must resist.

Die vrees vir die HERE (en nie vir die staat nie), is die beginsel van die kennis (Spr. 1:7). Dit wil vir my voorkom of ons meer bekommerd en bevrees is wat die staat met ons gaan doen as ons hul eise en dreigemente nie navolg nie, as wat ons is dat enige deel van ons opvoeding 'n struikelblok in enige kind se pad is. Ons neem Christus se waarskuwing in Matt. 18:6 dalk te ligtelik op?

Wat ons kinders en nageslag se toekoms betref, moet ons drie vrae beantwoord:

1) Wie het die hoogste gesag in ons kinders se opvoeding: God of die Staat?

2) Aan wie het God daardie gesag op aarde gedelegeer: Ouers of die Staat?

3) Volgens watter standaard moet die beginsels, metodes en doelstellings van opvoeding bepaal word: Die Bybel of die humanisties-demokratiese Menseregte?

Ons antwoorde op bogenoemde vrae, deur woord en daad, deur teorie en praktyk, sal bepaal wie se seëninge/vloeke ons gaan erf: God of die Mens s'n! Ook ons land se toekoms, ons nageslag se toekoms sal daardeur bepaal word. Wee ons as ons ons kinders as proefkonyne gee aan humanistiese opvoedingsdoelstellings, metodes en instansies omdat ons te bang is om self die proefkonyne te wees deur ons eie metodes en instansies op te wil rig en daardeur dalk vervolg kan word deur staatsweg en hulle wat voorgee dat hulle die saak van die HERE dien. Juis daarom is hierdie boeke van Dr. Rushdoony so belangrik omdat hy tot die basiese fondamente deurdring van die stryd tussen die Christendom en die Humanisme, en dit ook op opvoedkundige gebied

*As die leringe van die Bybelse ge loof nie toegepas word in elke vak van 'n Christelike skool nie, dan sal die Bybelklas ook 'n mislukking wees.* ... *Die Bybel is die fondament van alle opvoeding, want dit bepaal die doel van opvoeding en gee betekenis aan alle feite waarmee die opvoeding en onderwys betrokke is.* So skryf dr. R.J. Rushdoony is sy boek The Philosophy of the Christian Curriculum. Christelike skole breek met humanistiese onderwys

maar baiemaal word daar nie met die humanistiese staatskurrikulum gebreek nie. 'n Kurrikulum kan nooit neutraal wees nie, want dit wys die weg na 'n lewe in diens van die mens of 'n lewe in diens van God. In vandag se omstandighede -aan die einde van die 20ste eeu en die begin van 'n volgende millennium- het ouers, onderwysers en opvoedkundiges opnuut die taak om die wese, doel en inhoud van 'n konsekwent bybels gefundeerde kurrikulum te herdink en te ontwikkel.

'n Goeie plek om te begin, met hierdie belangrike taak, is dr. Rushdoony se twee boeke. Dr. Rushdoony is die stigter en president van die *Chalcedon Foundation* in California, V. S. A. Hy is veral bekend vir sy magistrale werk *The Institutes ofBiblical Law,* maar het ook veral op die opvoedkundige terrein heelwat gepubliseer. Hy word beskou as die 'vader' van die hedendaagse ChristeÜke tuisskole en privaatskole beweging in die V. S. A. *Chalcedon Foundation* is 'n Christelike navorsings- en studie instituut wat daarop uit is om die hele Woord van God op die hele terrein van die mens se lewe en denke toe te pas [Teken gerus in op hul gratis nuusblad: *Chalcedon Report,* P.O. Box 158, Vallecito, California, 95251, USA]. Die hoofstukke en onderwerpe wat gedek word in eersgenoemde boek, is soos volg:

PART 1: Religion, Culture and Curriculum; Changing a Curriculum; Education and the Autonomy of Critical Thought; Curriculum and the Resurrection. PART 2: History versus Social Science; Teaching Bible; Grammar; Teaching Composition; Mathematics; Teaching Civics, Government and Constitution; Science; Science and Freedom; Teaching Science; The Experimental Method; Music; Foreign Languages. PART 3: Education and the Fall: Up or Down?; The Covenant: With God or Man?; Education and the Death of Man; Conflict and Ressistance; Sovereignty of God in Education; Christian Education and the University. PART 4: The Philosophy of Discipline; Student Problems; Humanism in the Classroom; The Teacher as Student; Sexual Differences in the Christian School; Whose Child?; Biblical Motivation for Teachers and Students; Purpose of Learning; Education for Freedom; Education and Power; Theology and Pedagogy; Impossibility of Neutrality. PART 5: Christianity versus Humanism; Humanism: The Established Religion of State Schools; The Religious Goals of Humanism.

*TheMessianic Character of American Education,* Rushdoony se ander opvoedkundige boek, wys op grond van die geskiedenis, hoe die staatskole misluk het, en hoekom privaatskole en tuisskole die oplossing is.

## 3. ANDER OPVOEDKUNDIGE EN ONDERWYSBOEKE OM TE LEES

-*How to Tutor: Reading, Writing andArithmetic* (lessons), Samuel Blumenfeld.

-*Classical Education and the Home School,* D. Wilson, W. Callihan en D. Jones. <u>Inhoud</u>: Classical Bias Toward Language; Necessity of Hard Work; Brief Definition of Classical and Christian Education; Component Part of a Classical and Christian Education; Basics of Latin; Basics of Logic; Basics of Rhetoric; Basics of Christian Worldview Thinking; What General Curriculum to Use.

- *Education, Christianity and the State,* J. Gresham Machen. <u>Inhoud</u>: Faith and Knowledge; Importance of Christian Scholarship; Christianity and Culture; Reforming the Goverment Schools; Necessity of the Christian School; Shall we Have a Federal Department of Education?; Proposed Department of Education; The Christian School: The Hope of America; Westminster Theological Seminary: Its Purpose and Plan.

- *Recovering the Lost Tools of Learning: An Approach to Distinctively Christian Education,* Douglas Wilson <u>Inhoud</u>: Education Crisis; Suggested Secular and Christian Reforms; True Ministry of Education; Nature of Knowledge; Student in Adam; Classical Mind; Trivium and the Christian School; Obstacles of Modernity; Problem of 'Pious' Ignorance; Home School Alternative; Limits of the State; Need for Classical and Christian Education; Appendix: Lost Tools of Learning; Logos School Curriculum Material; Brief Historical Sketch (baie belangrike hoofstuk!)..

- *Repairing the Ruins: Classical and Christian Challenge to Modem Education,* D. Wilson (red.). Inhoud: Introducton to Antithesis in Education; Importance of Personal Holiness; Morale and Godly Discipline in the Christian School; Scriptural Worldview Thinking; Worldview Test Case: Christianity in Math Class; Egalitarianism - The Great Enemy; The Trivium Applied in the Elementary; The Classical Model: Trivium 101; Seven Laws of Teaching; Why andHow of Logic; Why and How of Latin; Why and How of History; Why and How of Literature; Why and How Rhetoric; Why and How of Apologetics; Bylaws, Policies,and Guidelines; Selecting and Overseeing Curriculum; *In Loco Parentis;* Practical Steps in Starting a School; Rise and Fall of Government Education; Suggested Reading List.

- *William James and John Dewey,* Gordon H. Clark. Inhoud: In hierdie boek wys Clark op die groot invloed wat hierdie twee persone gehad het op die opvoeders en filosowe van die 20ste eeu. Hul filosofie van pragmatisme en instrumentalisme -en hul onderlinge behaviourisme- het die beide filosowe en nie-filosowe weggelei van die waarheid, en die Christelike idees en instellings, wat as basis van die Westerse beskawing was, ge-ondermyn.

- *A Christian Philosophy of Education,* Gordon Clark. Inhoud: Need for a Worldview; Christian Worldview; Alternative to Christian Theism; Neutrality; Ethics; Christian Philosophy of Education; Academie Matters; From Kindergarten to University; Relationship of Public Education to Christianity.

- *Christian Perspectives on Home Education,* Michael J. McHugh. "Important topics such as socialization, legal issues, child discipline, burnout, and family restoration are presented in this book. Therefore, these writings should be relevant to experienced and 'rookie' homeschooiers alike."

- *The Wholehearted Child Home Education Handbook,* Clay & Sally Clarkson. "How to use whole books and real life to teach and train your 4-14 hear-old children at home. Naturally integrates discipleship and education in a Home Centered Learning approach to home education. Contains hundreds of fresh and useful ideas, whether you are a beginner or a veteran."

- *The Christian School: An Introduction,* Noel Weeks. "Analyses the role of education and the task of teaching from a biblical perspective, and discusses in detail the Standard elements in the school curriculum."

- *The Christian Philosophy of Education Explained,* Stephen C. Perks Inhoud: 1. The Epistemological Basis of the Christian Faith 2. Education and Idolatry 3. Education as an Aspect of the Covenant 4. Education and Dominion 5. Naming the Animals: A Case Study in Godly Learning 6. Education and Civilisation 7. Some Observations on the Role of the Church in the Provision of Education. Appendix A: Scripture and the Covenants. Appendix B: Worship and Dominion.

- *Education, Christianity and the State,* J.Gresham Machen Inhoud: 1. Faith and Knowledge 2, The Importance of Christian Scholarship 3. Christianity and Culture 4. Reforming the Government Schools 5. The Necessity of the Christian School 6. Shall We Have a Federal Department of Education? 7. Proposed Department of Education 8. The Christian School: The Hope of America 9. Westminster Theological Seminary: Its Purpose and Plan.

-*A Christian Philosophy of Education,* GordonH. Clark, Inhoud: 1. The Need fora World-View 2. The Christian World-View 3. The Alternative to Christian Theism 4. Neutrality 5. Ethics 6. The Christian Philosophy of Education 7. Academie Marters 8. From Kindergarten to University. Appendix A: The Relationship of Public Education to Christianity Appendix B: A Protestant World-View Appendix C: Art and the Gospel.

-*IsPublic Education Necessary?,* SamuelL. Blumenfield. Inhoud: 1. What is Public Education? 2. Beginnings 3. The Emergence of a Liberal Elite 4. Toward the Conquest of Evil 5. The Roadto Utopia 6. The Socialist Purpose in Public Education 7. The Educators Organize 8. The Prussian Model 9. Enter Horace Mann 10. Toward the Creation of a New

Secular Religion 11. The Transition to Educational Statism 12. The Conservatives Last Stand Postscript.

- *William James and John Dewey,* Gordon H. Clark. Inhoud: WILLIAM JAMES: 1. Introduction 2. The Philosophic Background 3. a Pluralistic Universe 4. Pragmatism. JOHN DEWEY: 1. Introduction 2. Science 3. Ethics 4. Logic.

- *Lord God ofTruth,* Gordon G.H. Clark and *Concerning the Teacher,* Augustine Inhoud: 1. Introduction 2. JohnLocke 3. Thomas Aquinas 4. Augustinianism 5. Sensation 6. Causality and Causation 7. Imagination 8. Induction 9. Lord God of Truth.

- *Onderwys in Suid-Afrika,* J.Chr. Coetzee (red.). Inhoud: A. Onderwys in Kaapland B. Onderwys in die Oranje-Vrystaat C. Onderwys in Natal D. Onderwys in Transvaal E. Hoer Onderwys F. Vakonderwys (1873-1954) G. Onderwys vir Nie-Blankes.

- *Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde,* J.Chr. Coetzee. Inhoud: Inleiding: Die Historiese Opvoedkunde as Wetenskap A. Die Ou Kultuurvolke B. Van Christus tot dieEndvanMiddeleeue B. Van Renaissance tot omstreeks 1750 D. Van omstreeks 1750 tot omstreeks 1900.

- *Het Christelijk Huizgezin,* H. Bavinck

- *Opvoeden doen we samen,* J. Veenstra

- *De Betekenis van Verbond en Kerk voor Huwelik, Gezin en Jeugd,* B. Holwerda

- *Training Children in Godliness,* Jacob Abbot

-*Ek en my Kind: Godsdiensonderwys in die Huisgesin,* Dr. E. Greyling [sien ook: *Godsdiensonderwys in die Kerk; Godsdiensonderwys in die Skool]*

- *De Kerk in het Sociale Vraagstuk...* onder het aspect van de catechisatie [in de huis, in de kerk] en de school, ds. Joh. Francke

- *The Family: In its Civil and Churchly Aspects &Thoughts on Family Worship,* B.M Palmer and J. W. Alexander

- *Theorie der Opvoeding,* J. Waterink

- *Onderwys in S.A.: 1652-1960,* J.C. Coetzee

- *Weighed in the Balance and found Wanting: Failure of Public Schools,* Paul Lindstrom

- *Opvoedingsfilosofieë,* C.F.G. Gunter

- *Handleiding bij het Onderwijs in den Godsdienst,* H. Bavinck

- *Pedagogische Beginselen,* H. Bavinck ,

-*Safety Net Plan, Developing a Christian Worldview through Family Devotions,* Tom Parent

- *Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys tot 1963,* W.G. Van der Schyf

- *Het Kindbeeld Gewogen,* GF Pels

- *Een kostbaar bezit: over de waarde enhet belang van meer dan 50 jaar gereformeerd onderwijs,* H van Leeuwen, D. Vogelaar

- *Verband tussen kerk en skool in S.A.,* E.L.J. Venter

- *Vryheid en Gesag in die Opvoeding,* J. J. Du Toit

- *Historiese Opvoedkunde,* ISJ Venter

- *Geschiedenis der Pedagogiek,* J. Waterink

- *De Wet van Godin de Opvoeding,* J. Waterink

- *Education in S.A [2* vol.], E.G. Malherbe
- *Opvoeding en Onderwijs,* A. Janse
- *Het eigen Christelijke karakter van het School,* A. Janse
- *Protestantse belydenisse en kategismusse*
- *Letters To Lisa: Conversations with a Christian Teacher,* J. van Dyk.
- *Education, Christianity and the State,* J. Gresham Machen.
- *Recovering the Lost Tools of Learning: An Approach to Distinctively Christian Education,* D. Wilson
- *Repairing the Ruins: Classical and Christian Challenge to Modern Education,* D. Wilson (red.).
- *A Passion for Learning: The History of Christian Thought on Education,* DB Lockerbie
- *Leven met Christus in het Gezin,* W. Meijer
- *Watter Skool,* JG Meijer
- *What the Bible says about Chiltraining,* JR Fugate
- *Boustene in die Metapedagogiek,* TC Bisschof & EG Kruger
- *Seven Laws of Teaching,* J.M. Gregory.
- *How to Study: A Practical Guide from a Christian Perspective,* E.J. Shewan
- *ReformedCatechism: The Art of Equipping Covenant Children,*Donald van Dyken